The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

University of Cape Town

DIE KAAPKOLONIE 1899-1902. SKADEVERGOEDING

EN

DIE REBELLE IN ERE HERSTEL.

C.J.S.Strydom M.A.,Ph.D.

The above is virtually a ~~thesis accepted by the University of Cape Town for the Ph.D.degree and is a~~ history of old Cape Colony during the South African war.

In the first chapter the writer gives a description of ~~the social, economic~~ and political conditions immediately before the outbreak of hostilities, showing at the same time the difference between the Dutch and the English, the rural and the urban populations. He dwells largely on the Dutch character, Dutch traditions and aspirations and tries to explain the attitude of the Colonial farmers when their districts were invaded by the republican forces.

Chapter II deals with the Transvaal question. A short review is given of the treaty relations between Great Britain and the South African Republic, the coming of Lord Milner and the subsequent negotiations, with emphasis on the part played by Colonial politicians. It is shown that Lord Milner was appointed to uphold British supremacy in South Africa and that he was determined to prove the existence of that supremacy, but hoped at first that his object could be attained without recourse to war. His hope was based on the belief that the Liberal party in the Transvaal would seek the assistance of the Uitlanders whereby the latter would win full political rights, and consequently the door would be open for British influence in the republic. However, after Kruger's re-election in 1898, the High Commissioner concluded that no satisfactory solution of the problem was possible without force and he was prepared to work up a crisis. Neither the British government nor the British public was inclined in that direction. After his visit to England in November 1898, Lord Milner tried to interest the British public in Transvaal matters and with the support he ultimately won as the champion of the Uitlander, he and his supporters in the cabinet were able to force the

hand of Lord Salisbury, the Prime Minister.

On the other hand, the writer points out the weak points in the Transvaal constitution and government and the mistakes made by the Transvaal during the negotiations.

In the third chapter a description is given of the first invasion of the Colony, its treatment of its inhabitants and the nature of the rebellion in the occupied districts. The facts reveal that the republican proclamations made no mention of annexation of British territory. Nevertheless, the military leaders of the invading commandos acted in every respect as if the northern districts had been annexed to the republics and as if the Colonial farmers were burghers of the republics. The Dutch sympathies were very strongly on the republican side; the Colonial Dutch regarded the struggle as an unholy war forced on their kinsmen and calculated to crush Africanderdom throughout South Africa. The invaders made full use of this feeling, and, to make it easy for the law-abiding Dutch farmer to join the federal forces, proclaimed all the invaded districts with great formality, hoisting the flag and singing the Volkslied. By the general retreat of the republicans their Colonial allies were left in the lurch and suffered immensely at the hands of the British army, their districts being naturally regarded as hostile territory.

The question of martial law is dealt with in two chapters. There were two distinct stages of martial law and the two chapters are therefore not consecutive, the intervening chapter intervene.

It is stated that martial law was not a law in the ordinary sense of the term and that English jurisprudence did not recognise its existence. There was consequently no person in the British army trained for the delicate task of administering martial law, and a practical set of regulations had to be built up in South Africa during the course of the war. The writer admits that these regulations were on the whole fair and might not be as drastic as

those enforced by military powers in Europe in the nineteenth century, but he argues that it is totally misleading to compare two sets of martial law regulations with one another, because after all, martial law, as one army order puts it, is limited in its operation only by what is known as the custom of war and the discretion of those who administer it. This is given as the reason why there was no uniformity in spite of the regulations and that a district was peaceful under one ~~administrator and rebellious~~ under another.

Chapter V. describes the political situation in 1900, the fall of the Schreiner-Merriman government, as well as the various meetings and deputations engineered by the two rival political camps in the Colony.

After that comes a general survey of the military operations in the Colony during the second invasion, December 1900 to May 1902; then the ~~suspension~~ movement for the suspension of the Cape Constitution and the split in the Progressive Party in 1902, as a result of which the Sprigg government had to fall back on the support of the Bond.

The ninth chapter deals with economic consequences of the war and compensation for war losses. The War Losses Compensation Commission did not complete its enquiry till years after the war and hence this subject had to be given as a secondary title to the manuscript. This also applies to reinstatement of rebels which is dealt with in the tenth and last chapter.

UNIVERSITY OF CAPE TOWN
LIBRARY

Opmerkings

(1) ~~Kaarte~~ is van hierdie kopie oorgelaat na die duplikant vir publikasie.

(2) Vir taal & eenvormigheid in spelling, is slegs die pers-kopie finaal afgewerk.

(3) ~~Deur~~ Later verskuiwing van bladsye & ander veranderinge, kon die bladwyser hiervan nie meer deurgaans gevolg nie. Dit het die bladsye ~~dit~~ die index aangegee, betrekking op die syfers in swart & nie op die woorde waarmee dit aangebring is nie.

Signed by candidate

Mc.Gregor,

via Robertson.

20th.Jan.1933.

The Registrar,
University,Cape Town,
P.O.Box 594,
Cape Town.

Dear Sir,

I have been asked by Prof.Walker to send you a summary of my thesis for publication by the University.Unfortunately his letter reached me on holiday when it was impossible to do anything of the kind and hence the delay.I hope however that it will still be of use to you.

Yours faithfully,

Signed by candidate

The copyright of this thesis is held by the University of Cape Town.
Reproduction of the whole or any part may be made for study purposes only, and not for publication.

INHOUD

HOOFSTUK 1.

DIE LAND EN SY BEVOLKING.

HOOFSTUK 11

DIE TRANSVAALSE KRISIS.

HOOFSTUK 111.

DIE EERSTE INVAL IN DIE KOLONIE.

HOOFSTUK 1V.

KRYGSWET.

HOOFSTUK V.

DIE POLITIEKE TOESTAND IN 1900.-

VERGADERINGE, PETIESIES, KONGRESSE EN DEPUTASIES.

HOOFSTUK V1.

DIE TWEDE INVAL IN DIE KOLONIE.

HOOFSTUK V11.

KRYGSWET (vervolg).

HOOFSTUK V111.

OPHEFFING VAN DIE GRONDWET EN VERDERE POLITIEKE GEBEURTENISSE.

HOOFSTUK 1X.

SKADEVERGOEDING EN ANDER EKONOMIESE GESIGSPUNTE.

HOOFSTUK X.

DIE REBELLE IN ERE HERSTEL EN NABETRAGTING.

Verwysings
Bylae
Index

VOORWOORD. (Provisional)

In die argief van 'n magistraatskantoor is vier jaar gelede die dokument teëgekom, wat by die skrywer die lus opgewek het om die lotgevalle van die Kolonialers, tydens die oorlog van 1899-1902, na te spoor en nie 'n wonder nie want die magistraatsverslae omtrent die inval van die Republikeine in Koloniale grondgebied, is besonder interessant,. Dog die werk is nie slegs aangepak weens sy aanloklikheid nie; daardie nederige ontdekking het die skrywer laat besef hoe bloedweinig hy geweet het omtrent een van die grootste gebeurtenisse in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Waarlik, te oordeel na my eie kennis van die onderwerp drie jaar gelede, sal hierdie werk in 'n baie groot behoefte voorsien.

Waar tot hiertoe die geskiedenis van die Kaapkolonie in die oorlogsjare, slegs onregstreeks behandel gewees het saam met die lewe van een of ander historiese figuur, of slegs kon aangeraak word in 'n omvattende werk, wat die hele Suid-Afrikaanse geskiedenis insluit, daar word ou Kaapland nou vooropgestel. As sulks is die werk die eerste van sy soort en binne die raamwerk daarvan kan nog baie uitgebrei word. So bv. sal dit moontlik wees om 'n aparte werk te maak van "Krygswet" of van die militêre aangeleenthede, wanneer genoegsame bronne beskikbaar is.

Omtrent die behandeling van die stof wil ek slegs dit sê: ek het PROBEER om onbevooroordeeld en billik te wees.

Baie dank is ek in die eerste plek verskuldig aan my promotor, prof. Eric Walker van die Kaapse Uniwersiteit. Sy uitgebreide kennis van Suid-Afrikaanse geskiedenis en meer bepaald die tweede helfte van die 19de eeu, het my besonder goed te staan gekom. Trouens, prof. Walker het nie alleen die lewe van lord de Villiers beskrywe nie, maar hy is inderdaad vandag besig met die lewe van W.P. Schreiner.

Ek wil nie probeer om die verantwoordelikheid vir detail op andere te skuif nie; daarvoor is die skrywer alleen verantwoordelik; selfs op ondergeskikte puntjies van metode, kan daar nog verskil bestaan, dog die wyse waarop die Engelssprekende Professor en die Afrikaanssprekende student so 'n aanvegbare onderwerp kon behandel, laat my hoop dat die werk 'n taamlike wetenskaplike peil bereik het, waar alles moet wyk uit die moeilike paadjie wat na die waarheid lei.

Verder is ek ook dank verskuldig aan dr. J.S. Marais en mnr. Mandelbrote, M.A. (U.S.A.), van die Uniwersiteit Kaapstad en ook aan prof. dr. Blommaert van Stellenbosch, vir waardevolle wenke in verband met die werk.

Dan dien nog vermeld te word dat mnr. Graham Botha, M.A. die Hoofargivaris van die Unie, die eerste persoon was om my op die spoor van die vernaamste bronne te bring en onberekenbaar veel is ek ook verskuldig aan die personeel van die Parlementsbiblioteek (Mendelssohn-afdeling, veral) en van die S. Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad, behalwe nog aan die persone (~~verskeie~~), wat my inligting verskaf het omtrent gebeurtenisse ~~waarvan~~ x deur hulle meegemaak, nl. mnr. J.A. Smith, toe van die "Burger"-redaksie, kapt. Jolbert van Uppington en kol. D. Meyer van Potchefstroom.

Mc. Gregor.

Oktober, 1932.

Signed by candidate

HOOFSTUK 1.

DIE LAND EN SY BEVOLKING.

"Of course, the bulk of all nations are ignorant....."[1]
(Olive Schreiner 30 Sept. 1899)

Slegs dertig jaar het verloop sedert die Vrede van Vereeniging, maar dis dertig jaar wat verbasende veranderinge meegebring het vir Suid-Afrika in die algemeen en ook vir die ou Kaapkolonie in die besonder. Op politieke gebied is die verandering groot. Behalwe in 1899 'n tolverbond was daar geen politieke band tussen die Kolonie en sy bure nie ! Dit was 'n Britse Kolonie onder selfbestuur, die helfte van sy blanke bevolking Hollandse boere en met twee florerende Hollandse Republieke ten noorde van die Oranje!

Maar daar is veranderinge van miskien nog groter betekenis en hiermee sal moet rekening gehou word of dit sal onmoontlik wees om die gebeurtenisse van genoemde drie jare deeglik te verstaan. Ons kan onmoontlik maar goedskiks aanneem dat slegs die politieke toestand verander het en dat die onstuimige tonele afgespeel is in dieselfde samelewing van vandag en onder dieselfde maatskaplike en kulturele omstandighede wat vandag in Suid-Afrika heers. Die leser sal moet probeer inlewe in die gedagtewêreld van die verskillende klasse van die bevolking van dertig jaar gelede.

In watter opsigte is die Kaapland van vandag dan so anders as die destydse Kaapkolonie ? Hierdie vraag kan nie in 'n enkele paragraaf beantwoord word nie maar , wat 'n verandering as ons dink aan Suid-Afrika dertig jaar gelede met slegs die kiem van 'n Afrikaanse skryftaal en geheel sonder 'n Afrikaanse letterkunde[2] ! En om te toon hoe verrassend die wending is wat sake geneem het, verwys ons na die volgende: iets meer

1. Cronwright : Letters of Olive Schreiner bl. 228.
2. Sien Lydia van Niekerk - De Eerste Afrikaanse Taalbeweging.
   Pienaar - Taal en Poësie van die Twede Afrik. Taalbeweging
   Schoonees - Prosa van die Twede Afrik. Taalbeweging.
   Boshoff - Volk en Taal van Suid-Afrika.

as dertig jaar gelede skryf Olive Schreiner, daardie bewonderaar van die Hollandse Boer : " In fifty years, fight and struggle against it as we wish, there will be no Boer in South Africa speaking the Taal, save as a curiosity : only the great English-speaking South African people ." [1]

Wat 'n verandering in die uitkyk op sake dus ! Wie het kan droom dat die Dietse letterkunde vandag net so, en miskien meer sou verryk word deur skrywers van "The Taal" as wat Engelse Suid-Afrikaners die Engelse letterkunde verryk ?

Die onstuimigste jare wat die suidpunt van Afrika nog ooit gesien het is die van 1899 tot 1902. Gedurende hierdie periode is die hoof-aspek waaruit Suid-Afrikaanse Geskiedenis behoort genader te word, nl. die verhouding tussen ~~die twee~~ blanke en nie -blanke, totaal oorskadu deur die botsing tussen die twee Europese rasse. En alhoewel die twee kampe, wat die Kaapkolonie betref, nie absoluut op rasselyne verdeel het nie, is ons ver-plig om die twee rasse afsonderlik en van nader by te beskou.

~~In [illegible] op die gebied van 'n volkskarakter bevredig nooit, aanvoeding omdat die getal [illegible] van die norm [illegible] is groot met [illegible], en die oningewyde leser [illegible]~~ As gevolg veral van die rassebotsing is al 'n menigte pogings aangewend om die Afrikaanse boer op papier te ontleed en om vas te stel op watter peil van beskawing hy op een of ander tydstip gestaan het teen die end van die 19de eeu. Hierdie sketse verskil hemelsbreed en die gunstigste daarvan is uit die pen van Olive Schreiner. ~~van die beste sowel [illegible] Olive Schreiner en [illegible] van mekaar.~~ Dit is moontlik dat hierdie stryfster ~~aangenoemde~~ deur die onbeperkte liefde van haar groot hart 'n te vleiende portret van die Afrikaner-boer geskilder het. Sy was 'n persoon met 'n ~~[illegible]~~ uitsluitend Engelse opvoeding en was in haar kinderjare besonder vol vooroordeel teen die Boere, maar jare van intieme omgang het haar 'n bewonderaar van die Boer gemaak.

1. Olive Schreiner - Thoughts on South Africa bl. 323.

R [illegible] St Mary's [illegible]

"I learnt that in the African Boer we have one of the most intellectually virile and dominant races the world has seen, a people who beneath a calm and almost stolid surface hide the intensest passions and the most indomitable resolution"[1]. Sy vind die Boer meer of min soos die Sweed of die Tiroler van afgelee Alpe-dorpies. "But there is a certain quiet but high spirited indomitableness and an unlimited power of self-control which is characteristic of the average Boer man and above all the average Boer woman, which I have not met with in an equal degree in any other race though individuals in all races may be found possessing it, and certain Boers of course have it not"[2]. Olive Schreiner het altyd voorspel dat ontsaglike troepemagte sou nodig wees vir die oorlog in Suid-Afrika en gevra waarop sy haar berekening baseer, was haar antwoord dat sy dit baseer op haar kennis van die karakter van die Boereman, maar bo alles die karakter van die Boerevrou en op die beskuldiging dat sy blind is vir die swakhede van die Boere het sy geantwoord: "The Boer has to the full the defects of his qualities; that scintillating intellectual brilliance and versatility, so common and so charming in the Frenchman and the Irishman, the Boer, even when highly cultured, seldom has: he is deep and strong rather than broad and brilliant: indomitable when he does act, it takes much to rouse him into action; he is slow and often heavy. And the Boer race has its Judases, as all other races have[3]."

So skoon het die Boer nie altyd daarvan afgekom nie. Menigmaal is hy geteken as vuil, dom, haatdraend, ondankbaar, wreed en wat ookal, en die polemiese geskrifte in verband met die oorlog is vol van spekulasies hieromtrent, ~~oor en weer~~



1. Olive Schreiner - Thoughts on S.A. bl. 19
2. Ibid
3. Ibid bl. 20.

Dis nie die doel van die skrywer om 'n finale uitspraak hieroor te gee nie. Om te generaliseer op die gebied van 'n volkskarakter bevredig nooit, eenvoudig omdat die getal wat afwyk van die norm noodwendig ~~km~~ baie groot moet wees en die oningewyde leser kan so maklik mislei word. So 'n samevatting is dan ook gewoonlik feitlik waardeloos. Die Suid-Afrikaanse volk het natuurlik sy tipes net soos enig ander volk. Net soos oral in die wêreld sou ons wel kretjies kon gevind het waarin ~~woonin~~ verslegting en vuilheid gebroei het; daar sou ken vertel word van belaglike bygelofies en wonderlike middels vir siekte. Treuens daar sou 'n aantal kon gevind word om elkeen van bestaande karaktertrekke te staaf. Maar dit sou sekerlik makliker gewees het om die bestaan van die teenoorgestelde karaktertrekke te bewys. Wat met reg kan gesê word, is, dat die Suid-Afrikaanse platteland nie noemenswaardig beïnvloed geword is deur die groot veranderinge wat die Industriële omwenteling in Europa, tydens die 19de eeu teweeggebring het nie. Of die Boer daardeur minder beskaafd kon heet, is 'n vraag.

In plaas van tipes uit die Afrikaanse samelewing te beskrywe, sal ons veeleer 'n aardrykskundige verdeling maak en 'n haastige kykie neem in verskillende dele van die Kaapkolonie.

Vir hierdie doel is dit nodig om die Kaapkolonie te verdeel in die volgende afdelings: (a) die graan- en wyndistrikte van die Westelike Provinsie; (b) die suid-westelike en oostelike distrikte; (c) die Groot Karo en (d) die Noordweste.

Vandag bestaan daar weinig of geen verskil tussen die mentaliteit en gewoontes van die algemene boer in die Westelike Provinsie en die in ander dele van Naapland, behalwe wat die ve verskil in die soort boerdery meebring. Maar onderseek toon onteenseglik dat daar dertig jaar gelede wel 'n groot verskil bestaan het en dat die boere van die Westelike Provinsie die ander ver voor was..

In die pragtige valleie langs die Drakensteinberge en die Hottentots-Holland, net die koloniste van die 18de eeu, meestal

Hollanders en Franse, hulle dertige plaaswonings opgerig en en teen die end van die 19de eeu, soos vandag, was dit 'n lus om die kontras tussen die donker rietdak en die witgekalkte mure te aanskou, omring deur die rustige groen van die akkerbome, die vrugtebome, die wingerde en daaragter, hoog teen die blou van die hemel, die majestueuse berge. Die grond vrugbaar en waterryk, die landbouers energiek en hardwerkend, geen wonder dat skilderagtige en florerende dorpe, Stellenbosch, Paarl, Wellington, die besoeker verras het nie.

Te oordeel na die wynopbrengs en die heersende pryse daarvan, moes die boere van die Westelike Provinsie in 1899 oor die algemeen vermoënd gewees het. Ook toon die politieke bedrywigheid dat hulle 'n lewendige belang gestel het in landsake.

Effens na die noordweste en na die suidooste van die wynstreek, ie die graandistrikte - Swartland, Groenkloof en dan Caledon en Bredasdorp - in ietwat minder skilderagtige omgewing en die plase slegs in geringe mate met bome beplant. Hier is die groen of rypende graan op die uitgestrekte landerye die aantreklikheid, veral wanneer 'n ligte windbeweging die halme roer en die indruk skep van golwedeining.

Die koringboere het nie verskil van die wynbouers nie, ~~xxxxxxxxxx~~ maar was miskien nog meer gehard deur die veelsoortige boerdery. Plaasmasjinerie soos snymasjine het wel al hul verskyning gemaak maar daar was nog ontsaglik veel wat met die hand moes verrig word.

Verlaat ons die Westelike Provinsie, kom ons in die suid-westelike distrikte ten ooste van Swellendam. Nog altyd is die toneel skilderagtig met die kusreeks en die Swartberge parallel vir myle en myle. Ladismith, Calitzdorp en Oudtshoorn is oorgang tot die Karo en het by die einde van die 19de eeu alreeds heelwat geld gemaak uit volstruisvere.[1] Verder af, ten ooste van Uniondale, is nog altyd die parallelle reekse,

1. In 1898 is 369,778 pond volstruisvere uitgevoer wat £748,565 die land ingebring het.

maar nou genoem van noord na suid, die Baviaanskloof-, Keuga-, Langkloof of Sitsakamaberge, eersgenoemde twee byna ontoegankelik.

Oor die algemeen was die suid-westelike distrikte agter die Westelike Provinsie, alhoewel in die reël 'n goeie bestaan gevoer is en sommige van die boere hie nodig gehad het om agter te staan vir hulle landgenote in die Boland nie. Wat egter dikwels aangetref is, is die hartbeeshuisie met lae mure, nie hoër as vier voet nie, maar met 'n staandak.

Die boerdery was gemengd: graan, vee, lemoene en die boer het baie trekdiere gehad waarmee hy lang togte onderneem het om sy produkte van die hand te sit; ooswaarts na Port Elizabeth of weswaarts na Mosselbaai. Of soms het hy lang afstande met die wa afgery om te gaan kuier.

En met nagmaal ry 'n lang ry waens agtermekaar na die dorp of 'n sentraal-gelee plaas in die groot gemeente, en die een probeer die ander verbyja uit louter plesier. Dan is so 'n dorpie of kerkplaas vir 'n twee of drie dae oorbevolk. Sommige van die kerkgangers slaap in die wa-tent, andere onder die wa, terwyl selfs die eetkamer van mense met baie vriende vir die nag as slaapkamer ingerig word deur matrasse op die vloer te sprei.

'n Geselliger gemeenskap as in hierdie betreklik digbevolkte streke sou dit moeilik gewees het om êrens in die wêreld te vind. Die plase lyk soos klein dorpies omdat die huise almal bymekaar gebou is, waar die rivier uit die berge kom. Saans kom die jongman moeg van die dag se arbeid na huis, maar as daar 'n mieliebol ("ball") aan die gang is, makeer hy nie. Hierdie mieliebol-stelsel was gerieflik vir die boer om sy mielies skoon te kry. Hy ry maar die heeldag met die wa aan en indien hy oor geen pakhuis of waenhuis beskik nie, laai hy dood-eenvoudig in sy kombuis of selfs ook in die eetkamer af. En vanaand na die jongkêrels van die omtrek hulleself netjies gewas en gekam het, gaan hulle die noointjies uitnooi na die mielibbel of dit 'n teater is; in bonte ry neem hulle plaas langs die mieliehoop en dit lag en skerts onderwyl die mielies

skoongemaak word. As dit vroeg klaarkom, gebeur dit nog wel dat se 'n bietjie gedans word by konsertins-musiek of op die maat van 'n mondfluitjie. Môre-aand is daar weer by 'n ander huis mieliebol.

Die dunner bevolkte streke het nie soveel geselligheid geken nie, maar dat dit 'n vredige en gelukkige Kaapkolonie was wat deur die twis tussen Groot Brittanje en die Suid-Afrikaanse Republiek so eensklaps die toneel van 'n vernietigende oorlog geword het, is 'n tragiese feit.

→

11.

Verlaat ons die suidwestelike kusstreek, ooswaarts dan bring dit ons in die Suurveld wat meer uitsluitlik veeweˆreld was, en noordwaarts al langs die karrergebiede op, leˆ die distrikte met 'n groot aantal Engelse boere, afstammelinge van die Engelse Setlaars van 1820. Hoër op egter na Barkly-Oos, en Aliwal-Noord domineer die Hollandse boere weer by ver. En dit is seker 'n feit dat hierdie noordelike distrikte, Barkly, Wodehouse, Aliwal, Colesberg ens. asook Grikwaland-Wes en Betjsjoenaland hulle verwantskap met die Republieke kort by hulle, baie meer beset het as die res van die Kaapkolonie. Nie alleen vloei dieselfde bloed in hulle are nie, maar familie-konneksies het geen Oranjerivier geken nie. Familie-konneksies het geëet: strek van Mosselbaai na die Soutpansberge, maar hier in die grensdistrikte spreek dit vanself, was daar soveel meer gevalle. Daar is oor en weer gekuier, besigheid gedoen en getrou. Hierdie oostelike streek, na die noorde sowel as na die suide, het baie vermoënde boere gehad.

Die Groot Karo strek van die Swartberge in die suide tot die Oranje in die noorde. Die reënval is laag en die bevolking dun.[1]

Dog hier in die wyd-ope ruimtes was 'n aantal betreklik florerende dorpe en kleinere stil dorpies, verlore tussen die koppies en die uitgestrekte vlaktes daaromheen:

"Rustige Karodorp, dromend in selftevredenheid en wyd omwoon deur slapende koprande wat in donkerbruin pantser en yˆvaal groei uitgebeiteld rus teen die ewige-blou hemel aan! Vreedsame Steenburg,[2] ~~(verdigte naam)~~ langsaam opgegroei in jou klein kring van sukkel-werksaamheid, waar Februarie vir hom net so eentonig en traag uitrek soos Januarie, waar dieselfde elke dag langs die met populier en peperboom skraal beplante strate

1. Die volgende Karo-distrikte het in blanke bevolking gehad in 1904 van minder as 1 per vkte. myl: Sutherland, Fraserburg, Beaufort-Wes, Victoria-Wes, Murraysburg, Richmond, Hanovers.
Die volgende tussen 1 en 2 per vkt.-myl: Prins Albert, Willowmore, Aberdeen, Britstown, Philipstown. (Sien G.19, 1905 Kaart No.3)
Die reënval van b.v. Prins Albert, gemeen oor die sewe jaar wat 1900 voorafgaan, was byna 7 duim per jaar gemiddeld (Vir reënval en temperature sien Stat. Reg. 1899. Deel III)

2 Verdigte naam.

heendrentel sonder die haastige tred en verwarde blik van die stadbewoner,waar die son kan skroei in sy Afrikaanse wreedheid en die stofstorms oor kan heendreun,dag,weke aaneen, veragtend in hul woeste triomftog die handewerk van klein menstes wat daar baasspeel in die koffietjie van beskeie beskawing.....dorp,wat met al jou gebou,bome en mense soos 'n nouliks sigbare stippie wegsink in die omsluiting van eindlose velde en blou lug....."[1]

Die Noordweste is dit alles,net in 'n groter mate;die afstande tussen plaas en plaas,tussen dorp en dorp is groter,die reënval skraler en die son skroeiender .En die grootste moeilikheid in hierdie streke van skroeiende hitte en oneindige afstande,[2] is die feit dat die boer weens die droogte genoodsaak word om te trek met sy vee,trek op hoop dat uitkoms sal volg,en nog lank na sy trek,is sy spoor duidelik sigbaar in die vorm van karkasse en geraamtes van vee wat langs die pad beswyk het.

Maar die Suid-Afrikaanse boer is taai soos die skrale bossies van sy veld.So nou en dan vind die sombere gedagtes, waarmee hy die lang ure voor op die wa trotseer het,uiting in 'n klaagtoon wat die vreemdeling sal laat dink die man gaan tou opgooi en elders op 'n ander manier 'n uitkoms soek of anders sterf van wanhoop.Maar taaie volharding sal jy nêrens teëkom nie;weldra help hy alweer 'n skapie op wat neergeval het en te swak is om self weer op die been te kom.En wanneer stapels donkere wolke die Noordwester-hemel bedek en die reën kom in strome neer,weet hy dat sy geduld nie tevergeefs was nie,want in 'n paar dae bloei die woestyn soos 'n roos.

Is dit 'n wonder dat hierdie mense vir maande en maande aaneen die volle sterkte van Groot Brittanje trotseer het; hulle wat gewoon was om die wreedheid van die elemente te weerstaan en van geen ingee geweet het nie!Is dit 'n wonder dat hulle ede leiers moeite gehad het om hulle tot oorgawe te beweeg en dat meer as een ysterharde ou stryder dit eiendelik

1. Malherbe – Vergeet-My-Nie, bl. 5
2. Minder as 1 blanke per vkm: Namakwaland, Vanrhynsdorp, Kenhardt, Calvinia, Ceres, Carnarvon, Prieska, Hopetown, Hay, Gordonia, Vryburg, Mafeking.

(~~dit eintlik onder~~ onder) trane van berou en onmag gedoen het !

Met hierdie beskrywing van die plattelandse lewe, het die skrywer probeer om so na as moontlik by die gemiddelde te bly. Daar sou kon vertel word van krotjies waar verslegting en vuilheid broei, net soos onder enige nasie ter wêreld gevind word; daar sou kon vertel word van ~~sxxkxx~~, ~~belaglike~~ belaglike bygelofies en wonderlike middels vir sekere soorte siektes, soos byvoorbeeld bokuis op water getrek vir masels, ~~en wormsiekte tot 'n siekte in die gemeenskap die oorsaak~~. Maar daar sou ook kon vertel word van meer stoflike vermoë in sekere streke en van 'n aansienlike klas met deeglike ontwikkeling.

Onderwys is uit die aard van die saak moeilik waar 'n dun bevolking oor 'n baie groot oppervlakte versprei is en as hierdie omstandighede in aanmerking geneem word kan ons werklik nie sê dat die toestande ~~xxx~~ baiex sleg was op hierdie gebied ~~xx~~ nie. Die getal wat geheel ongeletterd gebly het was nie groot nie. Sowat 80% van die blanke landelike bevolking bo vyf jaar was in 1904 instaat om te lees en te skrywe, en 89% van die stede. Vyf jaar is ~~xx~~ egter 'n baie lae ouderdom om so 'n berekening te begin, aangesien boerekinders gewoonlik betreklik groot geword het voordat hulle skool-onderwys ontvang het. Aan die anderkant moet onthou word dat 'n aansienlike persentasie enkel en alleen instaat was om te lees en te skryf en geen verdere skool-onderrig geniet het nie, behalwe wat noodsaaklik was vir die aanneeming tot lid van die kerk.[1]

Daar was geen dwang-onderwys in hierdie dae nie. Die beleid van dr. Langham Dale, wat aan die hoof van onderwys gestaan het van 1859 tot 1892, was dat die inisiatief moet uitgaan van die ouers self. →

1. Vir onderwys statistieke, sien G 19, 1905, LXXXV-XCV.

Hy was van oordeel dat die kind eerder sou skade ly as dwang-onderwys ingestel word want die boere laat hulle nie dwing nie en sal dan moedswillig verset toon. Hy sê in 1891: "Among the noticeable points, strong and weak, of the colonial character, as evidenced among the older Dutch-speaking communities, there is one over-riding element, call it what you will, which has been the stirring force in every trek movement from our earliest history, the natural aversion to any infringement of personal freedom ." [1]

Elke gemeenskap of afgelee plaas kan skoolgeriewe kry sodra daarvan gevra word en gewaarborg word dat helfte van die onderwys-salaris plaaslik sou betaal word. In betreklik digbevolkte streke het hierdie stelsel goed gewerk maar in 'n arme buurt moes dit noodwendig moeilik gaan om 'n skool te kry. Die Hollandse Kerk het egter groot dienste bewys in sulke gevalle deur die inisiatief op hom te neem.[2]

Die onderwys in publieke skole, ook op die boereplase was byna uitsluitlik Engels. Om net te sê dat Hollands verwaarloos geword het, is nie eintlik juis nie want Hollands is in die meeste skole hoegenaamd nie as vak geneem nie. In 1899 net slegs 11·2% van al die skole in die Kaapkolonie onderrig in Hollands gegee en dit slegs vir vier uur per week.[3]

Uit die hele Kolonie asook uit die Republieke het seuns en dogters na die opvoedingsentra—Wellington, Stellenbosch—gegaan. Die opvoeding was uitsluitend Engels, selfs in inrigtings deur die Hollandse Kerk opgerig en hierdie opvoeding het die jongmeisies byna sonder uitsondering tot 'n baie groot mate verengels. Dit skyn egter of dit nie dieselfde uitwerking gehad het op die seuns nie, want daar is gekla dat die kolleges en skole, broeineste veral Stellenbosch en Burgersdorp, broeineste was van Republikanisme.

1. Malherbe - Ed. in S.A. bl 112.

2. Vir die dienste van die Ned Ger, Kerk op onderwys gebied, sien Malherbe Ed. in S.A. bl. 109 - 110.

3. Ons Land 10/11/00; Mevr A.S. de Villiers op die vroue-Kongres Paarl.

Theo. Schreiner, die broer van Olive wat met sy hele ~~imperialistiese~~ hart die Milner-politiek gesteun het, beweer dat 'n studente-vereniging op Stellenbosch werklik die leuse gehad het: "Idem sentire de republica ".[1]

Plaaslike liggame moet in die eerste plek verantwoordelik gehou word vir die stiefmoederlike behandeling van Hollands op skool. Hulle het baie magte gehad omdat hulle ook baie van die onkoste mees vind en derhalwe kon hulle aandring op meer Hollands, selfs tenspyte van dr. Muir wat net die teenoorgetselde was van sy voorganger, Dale.[2]

Om die stelsel van publieke onderwys in die Kolonie af te rond, is die behoefte gevoel om nie slegs 'n eksaminerende Uniwersiteit te hê soos wat destyds bestaan het nie, maar 'n doserende sowel as 'n eksaminerende inrigting. Dit skyn egter of die Hollandssprekende deel van die volk nie geesdriftig was hieromtrent nie, omdat hulle dit as nog 'n angliserende invloed beskou het .[3]

Gebrek aan leestof op die platteland het die ontwikkeling van die Hollandse boer oneindig gestrem. Die algemene boer het Engels nie gelees nie en kon die nie lees nie; die Hollandse van 'n Amsterdamse koerant van daardie dae, sou hom net so min interesseer. Een boek het hy gelees, dag vir dag, oor en oor, en dit was die Hollandse Bybel. Sy hele lewenswandel was ingerig volgens die etiese begrippe wat hy aan die Bybel ontleen het en hy was geneig om elke nuwigheid to toets aan die skrif, ~~en as hy bemerk dat die aarde~~ om die son draai en nie laasgenoemde om die aarde nie, is hy dadelik gereed met die vraag waarvan Josua dan gebid het dat die son moet stilstaan en as hy in die stad kom en die nuwighede daar sien of dit word aan hom vertel, dan vra hy homself af,

" Is dit nie wat ek lees van Babylon en van die Bees ? "[4]

1. T.L.Schreiner - The Afr. Bond and other causes of the war bl.9
2. Sien Hofmeyer. - Hofmeyer bl.67 wat Onse Jan daaromtrent se
3. Bryce - Impressions of S.A. bl. 387
4. ~~Matuis - Trekkersvee~~.

Oorsese invloede het op hom nie ingewerk nie. Olive Schreiner sê weer: "The superstitions, the virtues, the ideals of the seventeenth century you will find faithfully mirrored in him; the growths, the upheavels, the dissolutions, the decays which have marked the nineteenth century have passed by without touching him in his Rip van Winkle sleep behind his little Taal."[1]

Hierdie is ongetwyfeld nie 'n skewe portret nie, maar dis nogtans nodig om te wys op 'n aansienlike klas wat reeds flukse lesers van die dagblaaie moes gewees het want in die Kaapkolonie was reeds 25 koerante[2] waarin die boer Nederlands kon lees - een daarvan eintlik Afrikaans.

---

1. Olive Schreiner - Thoughts on South Africa - bl.97.
2. "The General Directory of South Africa, 1898-1899" bl.640-643 gee die volgende statistieke omtrent die nuusblaaie van die Kaapkolonie: ~~twee~~;
   Uitsluitend Nederlands: 8;
   Uitsluitend Afrikaans ; 1;
   Uitsluitend Engels : 44
   Uitsluitend Kaffertaal: 1
   Engels en Kaffertaal ::1
   Engels en Nederlands : 16
   Die Castle Line - Guide to South Africa, 1899-1902 - bl.19 gee die volgende: Hollands : 9; Engels 33: Hollands en Engels: 17. Die groot verskil wat betref die Engelse blaaie is vermoedelik die gevolg van twyfel in sommige gevalle of 'n blad wel 'n nuusblad kan genoem word of nie.
   Hier volg 'n lys van die Engels-Nederlandse blaaie:
   The Beaufort Courier and Courant (Beaufort-Wes)
   The George and Knysna Herald (George)
   The Mossel Bay Advertiser (Mosselbaai)
   Oudtshoorn Courant & Farmers' Friend (Oudtshoorn)
   Het Dagblad (Kaapstad)
   Victoria West Messenger (Victoria-Wes)
   Worcester Advertiser (Worcester)
   Colesberg Advertiser (Colesberg)
   Cradock Register (Cradock)
   Graaff Reinet Advertiser (Graaff Reinet)
   Re-Echo en Humansdorp Boerenvriend (Humansdorp)
   Era (Richmond)
   De Burgersdorp Gazette en Bond Orgaan (Burgersdorp)
   Frontier Guardian and Dordrecht Advocate (Dordrecht)
   Fort Beaufort Advocate (Fort Beaufort)
   Tarka Herald (Tarka)
   Directory: bl.640-643.
   ~~Hierbenewens word verwys na die volgende werk: Bouman - Hollandse Joernalistiek in Suid-Afrika in die 19de eeu~~

NB. Voetnoot word vervolg op volgende bladsy.

Sommige dorpe het ook aansienlike boekerye gehad, bv. Paarl 4000, Wellington 2500 [1] ens. maar dit was feitlik uitsluitend Engelse leesstof.

Nog net een eienaardigheid van die boerebevolking van die kolonie uit die tydperk onder behandeling: dit is dat hulle so uiters versigtig was met hulle geld. Aan groot beleggings het die meeste hulle nie gewaag nie; baiekeer het die boer die nodige geld vir belangrike verbeterings op die plaas, in sy sak gehad maar hy sou nie maklik daartoe oorgaan om groot sommete spandeer nie met die gevolg dat die meeste plase nie goed bewerk was nie en dat die plaaswonigs die vreemdeling nouliks sou laat vermoed dat hy met 'n vermoënde boer te doen het. As daar miskien 'n Engelse boer in die buurte kom woon, word daar gewoonlik met kwalik bedwonge sarkasme gepraat van die enorme onkostes wat so iemand maak om die plaas te verbeter. "'n Engelsman se boerdery is 'n duistere saak," het 'n spreekwoordelik geword, en dis wonderlik hoe baie voorspellings van gewisse bankrotskap bewaarheid geword is.

Voorheen, en tot 'n mate ook nog teen die end van die 19de eeu, het baie boere die ekonomies ongesonde gewoonte gehad om hulle geld in kissies weg te bêre en dit selfs nie aan die bank toe te vertrou nie. Miskien was dit 'n gevolg van al die waarskuwings, wat na die instroming na die diamantvelde die

---

1. Castle Line - Guide to South Africa, 1899-1902. - bl. 282, 283.
Voetnoot op vorige bladsy vervolg:
Die volgende is 'n lys van die suiwer Nederlandse blaaie van 1899. (Miskien nou en dan iets in Afrikaans geplaas).
Ons Land (Kaapstad)
Jong Zuid-Afrika (Kaapstad) ; Maandblad vir Onderwysers.
Het Maandblad (Kaapstad)
Cradock Afrikaaner (Cradock)
Graaff Reinetter (Graaff Reinet)
Onze Courant (Graaff Reinet)
Nieuw Middelburger (Middelburg)
Het Oosten (Somerset Oos)
Directory bl. 640-643.

Die leser word verder verwys na die volgende werkie:
Bosman: Hollandse Joernalistiek in die 19de Eeu.
Die "Directory" het nog uitgelaat: De Bondsman 1899, Die Patriot 1881-1900, De Stellalander 1898, De Britstown Bode 1898-1901, De Kolonist 1897-1901, De Middellandsche Afrikaander 1889-

~~die~~ land spoedig deurgegaan het, dat 'n vreemdeling nie te vertrou is nie. Teen 1899 kon die gebruik egter nie meer algemeen in swang gewees het nie want groot somme geld van die Hollandse Koloniale boere was in die banke gedeponeer gewees. Daar word geskat dat hulle in die eerste ses weke van 1901 sowat £200,000 uit die banke teruggetrek het omdat die gerug versprei het dat die geld nie sou kon getrek word as krygswet geproklameer word nie.[1]

Die beskrywing van die platteland se lewe soos hier geteken moet ongetwyfeld een groot vraag~~stuk~~ by die leser opwek. Hoe is die optrede van hierdie mense in die oorlog tussen Groot Brittanje en die Republieke verklaarbaar? Hoe is dit moontlik dat hierdie vreedsame volk, wat nog nooit oorlog van naby gesien het nie en wat skynbaar so in selfgenoegsaamheid gelewe het, soos met 'n towerslag kon verander, sodat hulle in duisende die wapen opgeneem het? Die volle antwoord kan nie op hierdie stadium gegee word nie; daar is soveel verskillende aspekte van die saak en ons kan nie die verhaal vooruitloop nie.

Daar dien egter gelet te word op die feit dat hierdie mense volkstrots in 'n baie groot mate besit het. En hoe kon dit anders? Op hul velde het hulle vry en onafhanklik gevoel en het meeste in aanraking gekom met persone van 'n laer

Daar dien gelet te word op die feit dat ons met 'n godsdienstige volk te doen het. ~~en alhoewel Kalvinistes~~ wel het die Nagmaalsformulier verbied dat ~~iemand~~ mense sou aansit wat "muitery in Kerken en wereldlijke regeringen begeeren aan te rigten".[2] Dog die volk het gehandel volgens die tradisie van die Kalvinis deur op te staan teen wat hulle as vreemde geweld beskou het

Hierdie mense het volkstrots in 'n baie groot mate besit. En hoe kon dit anders? Op hul velde het hulle vry en onafhanklik gevoel en het meeste in aanraking gekom met persone van 'n laer

1. Amphlett - Hist. of the Standard Bank of S.A. - bl. 170.
2. Die skrywer is nie seker of dit in 1899 ook die geval was nie maar in die rebellie van 1914 was dit 'n argument wat vry algemeen gebruik is teen diegene wat die opstand goedgekeur het. Ook is dit in 1837 gebruik teen die Voortrekkers.

beskawingspeil - die kleurling - wat die boer moet dien. En skielik na die oorlog uitgebreek het, het baie van die bedienades astrant en aanmatigend geword, want weer het op die voorgrond gekom die aloue kanker wat die twee blanke rasse in Suid-Afrika uitmekaar geja en uitmekaar gehou het: die verskillende hoeke waaruit die twee rasse op die verhouding tussen blanke en gekleurde sien. Die doodskoot wat in 1815 in die Baviaansrivier vallei geknal en Frederick Bezuidenhout deurboor het; hierdie skot het weerklank gevind in die hart van die Koloniale boer, meer as tagtig jaar daarna.

Dog die volkstrots was ook in 'n ander rigting gekwets. Die idee van onderhorigheid aan vreemde gesag moes byna geheel verdwyn gewees het. Wel het die Hollandse Kolonialer hom voor 1880 nie veel bemoei met die landsbestuur nie en hierdie sake beskou as die voorreg van die Engelssprekende en die dorpenaar. Maar sedert die stigting van die Afrikaner Bond en die snelle uitbreiding van hierdie organisasie tot in die verre Noordweste, as gevolg van die Afrikaner-ontwaking wat gevolg het op die Eerste Transvaalse Vryheidsoorlog, het hy sy stem wel deeglik laat geld. Oom Piet is gekies as lid van die parlement en oom Piet is 'n Boer. Dus word die Kolonie nie meer van buite regeer nie. Temeer was dit die gevoel toe die Afrikaner Bond by die eleksies van 1898 die Regering uit die kussings gelig het, alhoewel die nuwe bewind hoegenaamd nie 'n bondsregering was nie, soos ons aanstonds sal aantoon. En toe moes die oorlog kom. Die indruk wat dit op die Afrikaner gemaak het, was seker en gewis dit: hulle het ons 'n vrye konstitusie gegee maar ons mag nie tenvolle daarvan gebruikmaak nie, dan swaai die teenstanders die vlag en word gepraat van Britse supremasie.

Onteenseglik was die algemene gevoel onder die Afrikaners in die Kolonie dat die oorlog nie net gemunt was teen die Republieke nie, maar ook teen die vryhede van die nasionale gees in die Kolonie.[1]

1. Dit was bv. die kern van dr. Kolbe se toespraak op die Worcesterse volkskongres. Sien bl. 188 (infra).

Daarby moet weer herinner word aan die feit dat, waar die Boer die skaduwee van dwang bespeur, dit hom aanspoor tot verset.

En hy het sy veld lief gehad; hoe moes dit hom martel om die voetstap van die vreemde soldaat daar te hoor klink! (Hierdie laaste verklaar miskien die geval van die Geldenhuyse in die Noordweste, 'n agteraf klompie mense wat hulle eie oorlogie teen die Britte gevoer het; met die Boerekommando's wou hulle niks te doen hê nie).[1]

Die Koloniale Boer was in 1898 sekerlik lojaal; maar net so seker is dit ook dat 'n eeu te kort was vir hom om die "Union Jack" lief te kry. Eerbied kon hy voel maar nie liefde nie en die feit dat 'n portret van die Britse Koningin in soveel voorkamers gehang het, is stellig toe te skrywe aan die eerbied wat die bevolking gehad het vir die Koningin as 'n goeie vrou en nie aan hulle geneentheid tot die Britse kroon nie.[2]

Omtrent die meriete van die twis tussen die Transvaal en Brittanje, het die algemene Koloniale Boer nie veel geweet nie. Dit is waar wat sir Alfred Milner in Maart 1898 op Graaff Reinet gesê het in sy gewraakte antwoord op die adres van die Bondstak aldaar.[3] Hy het beweer dat by elke twis tussen sy Goewerment en die Transvaal, 'n deel van die Kolonialers dadelik gereed was om die kant van die Republiek te kies. Die Goewerneur het dit ~~blykbaar net~~ toegeskryf aan bloedverwantskap, en aan die vrees dat Engeland verkeerde bedoelings het met Transvaal. Dit is juis, dog hy het nie sy toehoorders se siel verstaan nie, en het bly nadruk lê op die voorregte wat die bevolking van die Kolonie geniet, natuurlik sonder om die gewenste indruk te maak op sy gehoor. Die beskerming wat die Britse vloot bied, het die Boer koud gelaat, terwyl hy vryheid in die

1. Persoonlik mededeling - Smith.
2. T.L. Schreiner - The Afr. Bond and other causes of the War - bl. 35
3. Sien bl. 39 infra.

benartiging van sy eie landsake beskou het as 'n natuurlike reg, want die Boer heg 'n groot waarde aan die reg van die eerste blanke inwoner. Aan die anderkant het hy diep in sy hart omgedra, herinneringe aan diamantvelde en ander annekasies en toe dit gesê word dat Engeland 'n oog het op die Transvaalse goudvelde, wat was natuurliker dan dat hy dit sou glo?

Van die platteland moet ons na die stede om net terug te keer waar dit moontlik is om kontras aan te dui.

Wat dadelik die oog vang is die groot gaping wat destyds bestaan het tussen stad en platteland, veral na 1885. In die stede het drukkerye, boekbinderye, elektriese en gas-werke, vuurhoutjie- en ammuniesiefabrieke, wolwasserye en saagmeule reeds aangetoon dat 'n jong land die eerste skrede geneem het op die weg tot industrialisme.

Die veranderinge wat die ontginning van die goudvelde in Suid-Afrika teweeggebring het, word helder beskryf deur sir James Molteno.[1] Hy was uit die land gewees van 1885 tot 1889 en toe hy in laasgenoemde jaar terugkeer, het hy byna nie sy ou vriende geken nie. "The whole of South Africa (eintlik net die stede) was pulsating with activities of every description. The centre of gravity had shifted in that short period from the coast a thousand miles into the interior. It was all excitement..... All fixed ideas were forgotten in the rush for gold".

Na die verteller 'n paar dae in hierdie vreemde omgewing deurgebring het, waar sy ou vriende nie meer in sielings en ponde gepraat het nie maar in honderde, duisende en miljoene ponde, moes hy met die Hondagaande hof mee na die Suidwestelike distrikte en die Groot Karo. Dadelik was die dwarrelwind verby en alles rustig: "The country people and the villages and towns recalled happy days."[2].

Molteno - The Dominion of Afrikanderdom - bl.12.
[1] Ibid. bl.13.

Die platteland was gewoond aan baie stadige verandering en die nuwighede wat ~~dikk gaan nk dikmxxxxxxxxSuidxxAfrikaxgax kxkxkxkx~~ as gevolg van die ontdekking van goud en diamante Suid-Afrika ingestroom het, kon nie die sobere Boer meesleur nie met die gevolg dat 'n alte groot breuk ontstaan het tussen stad en plattelend.[1]

Dog hierdie breuk het vantevore reeds bestaan en is deur die genoemde gebeurtenisse slegs vergroot. Die feit is dat die twee blanke rasse uit die staanspoor vanself segregeer het. Die stedelike bevolking was byna uitsluitend Engelssprekend net ~~xxx~~ soos die platteland, behalwe die oostelike deel, Hollandssprekend was.

Statistieke maak geen onderskeid tussen die rasse nie, maar dis veilig om aan te neem dat sowat 54% van die blanke bevolking Hollandssprekend was, want dis die persentasie wat aan die Hollandse kerke behoort het.

Wat betref die Koloniale Engelsman teen die end van die 19de eeu, is dit feitlik onmoontlik om te generaliseer." To sum him up, to say what he is and is not, would be as futile as to sum up the Jew: 'We are anything, so please your worship; but we are a deal of that.'"[2] Die Engelssprekende was in alle moontlike betrekkings gevind behalwe in die boerdery (Oostelike Provinsie uitgesluit). Hy was die groothandelaar in die stede, die kleinhandelaar in die dorpe, tot in die mees afgelee dorpie van die agterveld en hy is ook die smous wat met sy ware op 'n kar rondgaan van plaas tot plaas of selfs te voet stap. met die pakkie silwer- en goudware agter sy rug. Of hy stap met 'n bietjie gereedskap rond om die boere se potte te lap en hulle koffiemeule skerp te maak. Maar hy was tewens ook die bankklerk en die siviele amptenaar.

Olive Schreiner bevestig dat die Engelssprekende van dertig jaar gelede aan 'n superioriteitskompleks gely het. Toe syself omtrent vier jaar oud was, het 'n boerefamielie by hulle uitgespan en dadelik het die dogtertjie van die boer haar 'n

1. de Kock - Economic Hist. Of South Africa - bl.238.
2. Olive Schreiner - Thoughts on S.A. bl.321.

handvol geelsuiker aangepresenteer. Klein Olive het dit beleefdheidshalwe geneem maar het dit stilletjies weggegooi omdat sy onmoontlik kon eet wat in die hand van 'n boerekind gewees het. "Often in later years, I have seen those two small figures standing there in the African afternoon sunshine in their great white kapjes, as in a way allegoric of the whole relation between the Anglo-Saxon and the Boer in South Africa."[1]

Op politieke gebied was die Engelssprekendes nooit in een party verenig nie. Skerpomlynde partye het voor die end van die 19de eeu ook nie bestaan nie, tenminste nie onder die Engelse seksie van die bevolking nie. Daar was die ou verskil tussen die Westelike en die Oostelike Provinsie; daar was die verskil tussen vryhandelaars en die wat beskerming bepleit het en daar plaaslike naywer, soos bv. tussen Oos-Londen en Port Elizabeth. Dit was almal ekonomiese geskille, maar in 1881 het 'n politieke gaping begin, wat die Engelssprekende Suid-Afrikaners in twee definitiewe kampe geja het. Dit was as gevolg van die Engelse nederlae in die Transvaalse oorlog van 1881 en die toegewendheid van die Engelse Eerste Minister, Gladstone, tot 'n Deel van die Britte in Suid-Afrika het as gevolg hiervan en ook in antwoord op die Bondsorganisasie onder die Hollandsprekendes, ultra-Imperialiste geword, terwyl 'n klein getal 'n sterk Koloniale patriotisme openbaar het. Dit was meer of min die verskil tussen die Liberaal en die Konserwatief, die Whig en die Tory in Engeland. Namate die oorlogswolke saamgepak het, het hierdie gaping groter en groter geword, totdat in sommige gevalle die een Engelsman die ander nie meer wou groet nie en die kloof byna onoorbrugbaar gelyk het.

So het die Progressiewe Party tot stand gekom. In hierdie party het die Ultras hulle kragte verenig maar dit was net die alles oorhersende politieke stryd wat die ekonomiese geskille op die agtergrond gedryf het.

Die Bond was 'n baie meer soliede organisasie want die aanhangers daarvan het meer gemeenskaplike belange gehad. Hierdie organisasie is eintlik eers in 1883 formeel op vaste grondslag geplaas, want in genoemde jaar is die konstitusie eers

[1] Olive Schreiner: Thoughts on S.A. bl.16.

finaal goedgekeur. Deur die opgewondenheid wat die Eerste Vryheidsoorlog teweeggebring het, is egter reeds in 1881 nie minder as 31 takke gestig nie en die volgende jaar 52.[1] Uyttenhove het bestaan tot die end van 1880.

So sterk het die Bond geword dat 'n Ministerie nouliks kon staan sonder die steun van Hofmeyr en sedert 1881 het die Scanlen-, die Upington- en die Sprigg-Ministeries hulle bestaan aan die Bond-stem te danke gehad.[2] So het sake gestaan toe die Sprigg-Kabinet in 1890 tot 'n val gekom het en Rhodes gevra is om 'n Ministerie te vorm. Hofmeyr, wat alhoewel nie die stigter van die Bond nie, tog spoedig die erkende leier van die organisasie geword het, was onwillig om die verantwoordelikheid van 'n regering te vorm op hom te neem, maar soos voorheen het die bestaan van 'n Ministerie van hom afgehang. Derhalwe het Rhodes Hofmeyr genader om sy steun te verkry en die steun is hom toegesê.

Die twee man het wedersyds 'n persoonlike vriendskap vir mekaar ontwikkel en omstandighede in hierdie tyd in aanmerking geneem, was dit nie 'n wonder nie. Rhodes was nie meer die Ultra-Imperialis van 1881 nie en die twee kon goed oor die weg kom," The one...with his British point of view, which he looked at from the Colonial angle, the other with his Colonial point of view, which he tried to broaden from the standpoint of Britain and the Empire as a whole."[3] Verder was Hofmeyr se groot oogmerk die ontwikkeling van die Hollandse Afrikaner en bevordering van sy taal; (by hom was dit nog Nederlands). En selfs hier kon hy Rhodes nie aanstoot gee nie want laasgenoemde het hom nie met taal-aangeleenthede veel moeg gemaak nie omdat hy geglo het dat hierdie kwessie vanself sal opgelos word.

Rhodes kon dus gemaklik regeer en ook 'n twede Ministerie vorm waarin Sprigg ook opgeneem is, so vloeibaar was die partye destyds nog.

Maar die Eerste Minister het van sy mag misbruik gemaak deur sy groot aandeel in die Jameson-Inval, en hier het Hofmeyr vergoed van hom geskei met die gevolg dat hy tot

1. Hofmeyr - Hofmeyr bl.222
2. Basil Williams - Cecil Rhodes bl.185.
3. Ibid. bl.63.

'n val gekom het en Sprigg moes weer die bresse vul deurdat Hofmeyr nog altyd onwillig was om te regeer as hy nie 'n volslae meerderheid het nie.

Die Jameson-Inval het ontnugtering gebring en die partye het nou eindelik eers regtig skerpomlynd geraak. Rhodes het teruggeval in die arms van die ultras, alhoewel hy in die begin daar ontuis gevoel het en eers in 1898 as 'n ware Progressief voor die dag te kom.[1] Aan die anderkant het die "Colonial minded" Engelse hulle by die Bond geskaar en het ook die ondersteuning van die Bond gekry sonder dat hulle lede van die organisasie geword het. Daar was W.P.Schreiner, "The brilliant young advocate, incorruptible and conscienteous, ready to split a hair or prolong an argument to any hour of the night"[2] - hy het nou die leier van die Parlementêre Afrikaner Party geword, want Hofmeyr was nie meer lid van die Wetgewende Vergadering nie en was tevrede om in die stilte aan die teuels te hou. Daar was Merriman, dieselfde John X.Merriman - zoon des Donders - wat vir Hofmeyr die bynaam van "Die Mol" gegee het omdat hy altyd in die stilte gewerk het; "Merriman, sparkling with wit, and ever ready with the pungent phrase that clung to his victims for life; full of strange lore, culled from every source ancient or modern; caustic without malace to his opponents but generous to a fault with friends, ...and always bubbling over with enthusiasm for some great cause or principle."[3] En daar was Sauer, die Duitse Afrikaner op wie Merriman kon staatmaak.

Toe dan Sprigg, "The Apostle of Vigour"[4], dit eindelik nie meer kon volhou teen hierdie opposiesie nie en hom op die volk beroep het, is die Progressiewe, tenspyte van Rhodes se leierskap, by die elekdies van 1898 verslaan en moes Schreiner 'n Ministerie vorm. Hy het die portefeuljes aan Merriman, Sauer, dr.Te Water, Richard Solomon en Herholdt toevertrou. Hierdie Kabinet was 'n bontspan en nie 'n Bondspan nie. Slegs Te Water en Her-

1. Vir Rhodes se verskillende swaaie, sien Hofmeyr - South Africa bl.101, 108, 109.
2. Basil Williams - Cecil Rhodes bl.59
3. Ibid. bl.60
4. Kibbin - Old Cape House bl.70

holdt was lede van die Afrikaner Bond - laasgenoemde 'n baie gematigde.Merriman en Sauer was anti-Rhodes en anti-Imperialisties in soverre hulle nie die minste inmenging van oorsee in die binnelandse aangeleenthede van die Kolonie wou duld nie. Schreiner was eintlik 'n baie gematigde Imperialis wat bang was dat Rhodes na oorlog gesoek het.Solomon was ook anti-Rhodes maar daarby 'n teenstander van pres.Kryger,wat sy kollegas beslis nie gewees het nie,alhoewel hulle 'n meer liberale regering in die Transvaal sou wou sien.Dit was dus net die vrees vir die bedoelings van Rhodes wat hierdie Ministerie bymekaar gebring het.

Dit was 'n stormagtige tyd wat hierdie Kabinet tegemoet gegaan het;'n tyd toe die Kaapse huislike "Huis", waar die Speaker soms uitnodigings na maaltye en uitstappies afgelees het;waar die lede soms aansteeklik hartlik kon lag vir geringe voorvalletjies;waar dit selfs voorgekom het dat 'n snik gehoor word wanneer die afsterwe van 'n ou veteraan uit hulle geledere aangekondig word - 'n tyd toe die huiselike"Huis "nouliks herkenbaar was;[1] 'n tyd toe enkel verbittering geheers het.

So dan was die toestand in die Kaapkolonie in 1899,die jaar waar die onderwerp wat sal behandel word,begin.

Dis nog net nodig om die gebied wat onder behandeling sal kom,te bepaal.Behalwe die eintlike Kaapkolonie sluit dit ook in,Grikwaland Wes en Brits Betsjoeanaland;beide was integrerende dele van die Kaapkolonie in 1899 en verder ook nog die kaffergebiede in die ooste tot teen die Natalse grens.

Uit die tweemiljoen inwoners in 1898 was 59% naturelle, 17% kleurlinge en 24% blankes,wat laasgenoemde klas op sowat 'n half-miljoen te staan gebring het.In die ooste asook in Vryburg,Mafeking en Barkly-Wes,was die Bantoe in die meerderheid;die kleurling weer in Clanwilliam,Namakwaland en Gordonia,

1. Sien Kilpin - The Old Cape House.

sowel as in sommige distrikte van die Westelike Provinsie. Vir die res het die Europeane ook wat getalle betref, domineer. Maar die blankes suid van die Sambesi het nie 18% van die totale bevolking in hierdie gebied bedra nie; dog die blankes het kans gesien om mekaar uit te roei - dwaasheid gaan uit van die wyse en verwoesting van die wat moes voorlig.

HOOFSTUK II.

DIE TRANSVAALSE KRISIS.

"How clear, convincing, eloquent and bold
The bare-faced lie with manly vigour told,
Which spoken in public, falls with greater force
And heard by hundreds is believed of course"[1]

Oor die oorsake van die Suid-Afrikaanse oorlog is massas geskrywe. Die grootste hoeveelheid hiervan is egter geskrywe in die hitte van die stryd en is derhalwe meestal polemies; dus was dit haas onmoontlik om die gebeurtenisse in die regte perspektief te sien. Uit die massa van feite word die aandag hier gevestig slegs op wat myns insiens essensieel is om die gebeurtenisse in die Kaapkolonie te verstaan en verder op die bepaalde aandeel wat die Kolonie geneem het in verband met die krisis.

In 1877 is die Transvaal onverwags deur Engeland Britsgebied verklaar. Na enige jare van lydelik verset, gevolg deur wapengeweld wat sy klimaks by Majuba bereik het, is vrede gesluit, dank sy nie alleen die Transvaalse skerpskutters nie, maar ook die besliste optrede van Gladstone, die Engelse Eerste Minister. 'n Gekwalifiseerde onafhanklikheid is aan die Transvaal toegestaan deur die verdrag van Pretoria 1881. Die Transvaal sou onafhanklik wees, maar onder die susereiniteit van Engeland. Die Volksraad was onwillig om die verdrag te bekragtig en die Britse Regering het belowe dat veranderinge kon oorweeg word na die werking van die verdrag getoets is.[2] Daarop het die bekragtiging geskied deur die Volksraad, maar onder protes ~~van die Volksraad~~.

In 1884 was lord Derby so vriendelik om toe te stem dat die verdrag van Pretoria sou vervang word deur 'n ander - die van Londen. Met eie hand het hy bo-aan die verdrag geskrywe: "Passages enclosed with a black line are to be omitted", en toe 'n lyn getrek rondom die hele aanhef en rondom die ~~xxxx~~ enigste ander ~~gedeeltes~~ gedeeltes wat melding maak van die susereiniteit.[3]

---

1 Kwoteer deur Merriman - Hansard 1902 bl.63 - "The campaign lie"
2 C.3098 1882, bl 91, 93, 102; Leyds - First annexation of the Tvl. bl. 316
Vir teks van Konvensie sien C.3098 1882 bl.66.
3 Botha - Staatkundige ontwikkeling bl.701 gee 'n getroue afdruk van die verdrag soos dit daar uitsien na die dele omlyn is.
Sien ook G.P.Gooch - The War and its Causes (pamflet) bl.10.

Op dieselfde dag telegrafeer lord Derby na Suid-Afrika: "I have today granted to the S.A.Republic the same complete independence as is possessed by the Orange Free State."[1]

'n Soewereine internasionale staat soos die Vrystaat, was die S.A.Republiek egter nie. Artiekel IV van die Londense verdrag het bepaal dat verdrae wat die Republiek met ander state mongaan van geen krag sal wees alvorens dit nie deur die Koningin van Engeland goedgekeur is nie, en by 'n ander geleentheid het lord Derby die posiesie as volg verduidelik: "Your government will be left free to govern the country without interference and to conduct its diplomatic intercourse and shape its foreign policy subject only to the requirements embodied in the Article IV that any treaty with a foreign state shall not have effect without the approval of the queen"[2]

Wel het dieselfde persoon in die Britse Hoër Huis die volgende woorde gebesig in verband met die nuwe verdrag: "We have abstained from using the word suzerainty because it was not capable of legal definition and because it seemed a word which was likely to lead to misconception and misunderstanding;"[3] maar daarby het hy verduidelik dat die woord susereiniteit wel weggelaat is, dog die inhoud(substance)daarvan bestaan nog en dis hierop wat Milner en ahdere later soveel klem gelê het.

Oënskynlik was die posiesie egter eenvoudig. Voor I884 was die Transvaal algemeen onder die susereiniteit van Engeland, volgens die verdrag van I88I. Onder laasgenoemde verdrag was die Transvaal eintlik 'n afhanklike staat maarmaar selfregering toegestaan is, maar die magte van die voog(Brittanje)was onbeskrewe en dus onbeperk. In Londen egter is bepaald neergelê IN.WATTER OPSIG die Transvaal voortaan van Engeland sou afhanklik wees, nl. in buitelandse aangeleenthede, gedeeltelik. Artikel IV mag wel die "substance"van susereiniteit insluit, maar nou is dit in 'n bepaalde vorm sodat elkeen weet presies tot hoever dit strek.[4] Ongetwyfeld was dit ook wat lord Derby eerlik bedoel het; indien nie, dan was die verdrag van Londen eenvoudig 'n stuk bedrog van die kant van Engeland en versterk dit die argument van die Transvaal dat Engeland nooit eerlik teenoor genoemde staat opgetree het nie. In elk geval, vandat die ooreenkoms gesluit is in I884 tot Okt. van I897 is die woord susereiniteit nooit eenmaal gebruik in onderhandelinge tussen die twee regerings nie,

In I885 was daar 'n moeilikheid gewees tussen Engeland en die S.A.Republiek oor die Stellaland-Gosen kwessie, maar verder

I So was die bevoording soos publiseer in die Groenboek ~~xxk~~ van die S.A.Republiek;in die Engelse Blouboek,C.4035 I884 bl. I0 kom egter die woord "internal"voor "Independence".Lord Derby het blykbaar probeer om die Republiek sowel as die kiesers in Brittanje tevrede te stel,maar ~~kx~~ k die fout kon ook per abuis ontstaan het.

2 C.3947 I884 bl.44;Leyds - Tw.Verz I bl.45

3 Imp.Hansard Band286 bl.8

4 Sien c.39I4 I884(gehele Blouboek)vir teks van Londense Konv. Vir korrespondensie daaromtrent;sien C.3947 I884 en C.384I I884.

der as die ekspedisie van Sir Charles Warren het dit nie gekom nie. Betreklik kort daarna was die ontginning van die Witwatersrand se goudriwwe in volle swang en 'n geheel nuwe faktor het in die spel gekom deur die toestroming van vreemdelinge uit alle oorde van die wêreld.

In 1876 kon naturalisasie met volle burgerregte verkry word na 'n verblyftyd van een jaar in die Republiek; in 1883 is die tydperk verleng tot 5 jaar en in 1890 is die wet as volg gewysig: 'n Tweede kamer is ingestel en uitlanders kon stem vir lede van die Tweede Kamer na verblyf van 2 jaar en was self verkiesbaar na 4 jaar. Vir die Eerste Volksraad was hulle egter eers stemgeregtig na 10 jaar en verkiesbaar na veertien.

Groot was die probleem waarmee die S.A. Republiek te kampe gehad het want spoedig was die getal Uitlanders meer as die burgers van die Republiek en dit het uit die aard van die saak groot moeilikhede opgelewer. Die pogings van die Pretoriase Regering om uit die moeilikheid te geraak deur die stemreg-kwalifikasies vir Uitlanders te verhoog, abnormaal te verhoog, het die vyande van die Regering 'n handige wapen in die hande gegee. Die wetgewing was retrogressief, het die vyande gesê en menige vriend het dieselfde beweer.

'n Moeilikheidjie het weer met Groot Brittanje ontstaan, in verband met die kommandering van Britse onderdane vir oorlogsdiens in 1890 oor Swaziland en in 1894 maar die jaar daarop het 'n krisis ontstaan, wat so byna op oorlog uitgeloop het en dit nl. in verband met die Drifkwessie.

Die Transvaal was in 'n tarief-oorlog met die Kaapkolonie gewikkel en het die driwwe van die Vaalrivier gesluit vir transport-verkeer. 'n Tydjie van tevore het 'n nuwe Regering in Engeland aan die hoof gekom en Chamberlain het sy stoel ingeneem as Minister van Staat vir Kolonies. Die nuwe Regering was

het met teësin besluit om oorlog te verklaar teen Transvaal. Hoë ~~dadelik gereed vir 'n oorlog met Transvaal maar~~ was ongeneig om al die onkoste in verband met ~~so~~ 'n ekspediesie te betaal. Die Hoë Kommissaris moes die Kaapse ministers pols of hulle gewillig sou wees om helfte van die koste te dra, 'n aansienlike aantal soldate te lewer en die gebruik van spoorweë en rollende materiaal gratis beskikbaar te stel.[1] Die Rhodes-ministerie het hierdie steun in die geheim toegesê en die ultimatum is aan Transvaal oorhandig. Paul Kruger het egter ingegee en die driwwe oopgesit vir verkeer.

Hierdie voorval is gevolg deur die Jameson-inval op Oujaarsdag van 1895. 'n Sameswering is gesmee waarin invloedryke persone in Johannesburg met 'n groot gevolg, sowel as Rhodes,[2] Eerste Minister van die Kolonie en Direkteur van die gecharterde Kompanjie, en tesame met hooggeplaaste Britse amptenare, betrokke gewees het. Die plan was dat Jameson op die Transvaal-Rhodesiese grens sou gereed wees met die Rhodesiese polisie om Transvaal in te val sodra die opstand in Johannesburg uitbreek onder die voorwendsel dat hy gaan om eiendom van Britse onderdane te beskerm. Vooraf is gewere en ammunisie in Johannesburg ingesmokkel en versteek. Ter elfder ure ontstaan daar egter geskille tussen die samesweerders binne en die buite die Republiek, en wel oor 'n vlagkwessie. Dit blyk dat die oproermakers nie van plan was om 'n end te maak aan die Republiek nie maar slegs 'n liberale regering aan die roer wou plaas. Die ander was egter van plan om die Britse vlag dadelik te hys. Die gevolg was dat Jameson die Transvaal inval sonder dat die opstand in Johannesburg uitbreek. By Doringkop word hy deur die burgerkommando's tot oorgawe gedwing en word aan die Britse regering oorhandig om gestraf te word, terwyl sommige van die Johannesburgers sware geldboetes moes betaal.

Die Jameson-inval het 'n ontsaglike uitwerking gehad.

I C.8474.1897 No.13

2. BSA magtig i die De Beers-maatskappy.

Die Transvaal was heilig, oormate dat dit maar 'n voorloper was vanwat sou volg en die Vrystaat het die inval beskou as ook teen die suidelike Republiek gerig. Wat eersgenoemde betref was die onmiddellike gevolg: bewapening op groot skaal. Reeds die drifvoorval het getoon dat die S.A.Republiek feitlik 'n weerlose prooi ~~kan-wees-van-sy-bure~~ was en stappe is dan ook geneem om die Republiek enigsins beter te beskerm teen aanvalle maar die Jameson-inval het die staat nog in 'n hopelose verdedigingstoestand gevind. Van-af daardie gebeurtenis het bewapening met rasse skrede toegeneem.[I]

Britse staatsmanne was in 'n moeilike posisie na die inval. Dit was onmoontlik om te protesteer teen die snelle bewapening van die S.A.Republiek met die feite van die strooptog voor oë. Maar die anti-Transvaalse gees in Suid-Afrika het aangegroei in plaas van afgeneem. Die Argus-groep van koerante hier en in Engeland wou nie aanneem dat die bewapening vir defensiewe doeleindes was nie; dit was die Pan-Afrikaanse sameswering wat deur die inval ~~'n~~ "an excuse for arming " gevind het. Dog die hande van Britse staatsliede was gebonde deur die inval.

Ook in die Transvaal was 'n onverantwoordelike seksie wat te veel staatgemaak het op die oorwinninge van 1881 en dus ligtelik van oorlog gepraat het. Daar was selfs sprake dat die Republiek nie meer deur die Konvensie van 1884 gebonde was nie aangesien die Konvensie van Engelse sy geskend is deur die inval. Dit sou dan net nodig wees vir die Volksraad om sodanige besluit te neem, dog hiervan het natuurlik niks gekom nie.[2]

In die Kaapkolonie, soos reeds aangestip is in die vorige hoofstuk, het die inval 'n einde gemaak aan die samewerking tussen Rhodes en Hofmeyr en rasselyne het weer skerp afgesteek. Weer soos in 1881 het 'n vloedgolf van nasionalisme oor die land gegaan. Die Afrikaner wat vinnig op pad was om te ver-

I Leyds-Tw.Verz.II bl.190 -"Boer Armaments and the Rhodes-Jameson Raid. Post, Propter, or Ante?
2 Ibid bl 13-14 ; Duggdale-German Diplomatic Documents II bl.390.

Voetnote:

I In 1890 was die militêre uitgawes van die S.A.R. £42,999. In die selfde jaar het die Johannesburgers geweier om Kruger te hoor en het die Republikeinse vlag van die Goewermentsgeboue geskeur. Die volgende jaar was genoemde uitgawes £117,937. In die volgende drie jaar was die bedrae £39,759, £19,540 en £28,132 resp. In laasgenoemde jaar was daar gerugtes dat Pretoria sou bestorm word om vyf Uitlanders wat in die tronk was omdat hulle geweier het om op kommando te gaan, te ontset. Die volgende jaar was die militêre uitgawes £87,508. Teen die end van 1895 vind die Jameson-Inval plaas en in 1896 is die bedrag £495,318 (Leyds - Tw. Verz. II bl. 190, 191.) Die drif-episode het ook bygedra om bewapening te bespoedig.

2 Dugdale - German Diplomatic Documents II bl. 390; Leyds - Tw. Verz II bl. 10-14.

engels het teruggeskrik;die geskille met die Suid-Afrikaanse Republiek oor ekonomiese aangeleenthede was vergeet en tot Transvaal is opgesien as die hooffaktor in die stryd vir nasionale selfbehoud.Die Hollandssprekendes in Suid-Afrika het as gevolg van die aanslag op die onafhanklikheid van die noordelike Republiek nader aan mekaar gekom,sodat die voorstanders van nasionale konsplidasie kon moed skep.Die eerste daadwerklike uitwerking was 'n nouer vereniging tussen die twee Republieke wat in 1897 tot stand gekom het.[1]

Die Republieke het natuurlik gesteun op die nasionale ontwaking in die Kaapkolonie en op die konstitusionele regte van 'n selfbesturende kolonie,maar dat daar in die Republieke of in die Kolonie 'n algemene gedagte bestaan het nog voor die Transvaalse krisis om met wapengeweld die Britse gesag uit Suid-Afrika te verban,is nog nooit bewys nie.[2] Op daadwerklike steun uit die Kolonie,as die Republieke genoodsaak word om hulle onafhanklikheid te verdedig,is ongetwyfeld gereken,maar die kwessie van 'n Verenigde Suid-Afrika van die Kaap tot Sambesie was suiwer akademies.[3]

Van Imperiale en Koloniale kant is vroegtydig gesorg dat Transvaal feitlik onskadelik gemaak word deur insluiting van alle kante,sodat uitbreiding onmoontlik gemaak is.[4] In die weste is die nek van die bottel na die land van Rhodes se drome verseker deur handhawing van Britse gesag in Stellaland en Gosen in 1885; in die noorde was dié gebied van die Geoktarterde Kompanjie en die weg daarheen is feitlik gesluit in 1888; na die oostekant is die enigste uitgang tot die see onmoontlik gemaak.[4] Selfs wat betsef amalgamasie met die Vrystaat,het die Britse Regering die hef in hande gehou want solank as Artikel IV van die Londense verdrag van krag was,sou die Vrystaat ongeneig wees om te amalgameer aangesien genoemde artikel dan ook op die Vrystaat kon betrekking hê .

Onder sulke omstandighede is dit moeilik om te verstaan

I vdMerwe-M.T.Steyn I bl.II2
2 Leyds — Die Vrystaat was in 1899 nog onbewapend
3 Sien Leyds — Het insluiten van de Boeren Republieken. The Transvaal Surrounded.
4. Die Konvensie van 1884 het sodanige uitbreiding belet; Engeland het Amatongaland met Kosibaai annekseer in 1895. St. Luciabaai is reeds in 1884 deur Engeland annekseer.

hoe die S.A.Republiek dit nou wel sou regkry.om die Imperiale faktor in Suid-Afrika uit te sluit.

Prof.Theodore Mommsen sê: "In one point we must agree with him(Max Muller),that the two republics are de facto dependent on the English right of protection.An effective independence cannot exist for those relatively small territories,cut off from the sea by English pressure".[1]

Maar Groot Brittanje het gevrees vir sy gesag in Suid-Afrika. Hierdie vrees moet waarskynlik grootendeels gesoek word in hoë politieke verwikkelinge.Die Duitse Keiser het na die Jameson-Inval 'n telegram van gelukwensing gestuur aan pres.Kruger en het sover gegaan om Duits-Oos-Afrika te beveel om hulp te stuur indien nodig.[2] Hierdie was sake om mee rekening te hou, en 'n oog moes gehou word op die bewapening van Transvaal.Die Republiek is beskuldig van die Inval te gebruik as 'n verskoning om te bewapen,en Brittanje is beskuldig dat sy die bewapening van Transvaal voorhou as 'n verskoning om die Republiek ten onder te bring

Reeds op II Junie I896 het majoor Altham van die Britse geheime Inligtingsdiens hom in 'n verslag as volg uitgelaat: "The increase in the military strength of the Boers - their political aspirations - and especially their desire to possess Natal and a seaport at Durban,renders it not impossible that the Boer States may make a dash at Natal."[3] ~~Ook sir John Ardagh direkteur van militere~~ Hierdie is duidelik die taal van 'n militêre speurder wat vir elke moontlikheid op sy hoede moet wees en moet waarsku om aan die veilige kant te bly.Ook sir John Ardagh,direkteur van Militêre Inligtingrapporteer in Oktober I896: "The extreme bitterness of the Boer hostility has some-

I.Mommsen - England and the Transvaal bl.I3 (pamflet)
2.Dugdale - German Diplomatic Documents II.bl.39I.Vir die betrekkinge tussen Brittanje,Duitsland en Portugal I898-99,sien Gooch and Temperley - British Documents on the origin of the War I898-I9I4 - hoofstuk II. ook het England nog nie die losspraak vergeet wat Kruger in Januarie 1895 afgestuur het by geleentheid van die Kolaar se verjaardag nie.
~~3.Cd.I789 bl.I0~~
Sien ook: Wiid, dr.J.A: "Die Rolle der Buren Republikken
3. Cd 1789 bl. 10.

1. Mommsen - England and the Transvaal bl.13
2. Dugdale - German Diplomatic Documents II.bl.391
   Vir die betrekkinge tussen Brittanje, Duitsland en Portugal, 1898-99, sien Gooch and Temperley - British Documents on the origin of the War - Hoofstuk 11.
   Sien ook, Wiid: Die Rolle der Buren Republiken in der Auswärtigen und Kolonialen Politik des Deutschen Reiches.
3. Cd.1789 bl.10

what abated but it is beyond all doubt that they are still more disposed and better prepared for a rupture with England than before and in no way inclined to redress the grievances of the Uitlanders.....

The government has already spent £1500000 this year upon military preparations and £850,000 has been further voted for the provision of artillery, ammunition, and fortification As the Transvaal is almost entirely surrounded by British territory, this large expenditure can have no other explanation than an anticipation of war, or an intention of aggression against this country and its supremacy in South Africa."[1]

Gedurende die 18 maande wat September 1898 voorafgaan, het die Koloniale Kantoor in talle van briewe aan die Oorlogskantoor gewys op die politieke toestand in Suid-Afrika en die noodsaaklikheid dat die Imperiale troepe gereed moet wees vir gebeurlikhede. Chamberlain sê in so 'n brief gedateer 5 Mei 1898

".....it may be taken as probable that the government of the republic would seize any favourable opportunity offered by reason of the Imperial Government being involved in difficulti elsewhere, to assume suddenly a hostile attitude."[2]

Die Suid-Afrikaanse politieke atmosfeer was dus besonder troebel toe in Febr. ~~1898~~ 1897, Sir Alfred Milner aangestel word as Goewerneur van die Kaapkolonie en Hoë Kommissaris ~~xxx~~ in Suid-Afrika, in opvolging van lord Rosmead. Groot was die vertrou wat alle politieke partye in Engeland van Sir Alfred gekoester het in verband met sy sending na Suid-Afrika. Ook die Liberale was tevrede met die aanstelling. Die nuwe Goewerneur het reeds vir hom naam gemaak in Egipte en hy het die reputasie gehad van 'n bekwame administrateur.

Dit is nodig om baie objektief te wees omtrent die belei van die man wat deur sy teenstanders beskou geword is as die grootste vyand van die Afrikanerdom, naas sy hoof, die Sekretaris van Kolonies. Deur die veskyning van die "Milner Papers" 1897-1899, verkeer ons nie meer in die duister omtrent die doel en strewe van lord Milner in Suid-Afrika nie. ~~In 'n neut-~~ ~~doende~~ 2 kort ~~gegiet~~ kom dit op die volgende feite neer:

(1) Milner is aangestel om die opperheerskappy in Suid-Afrika, wat die Britte hulle vanaf die ontstaan van die Republieke toegeëien het, te handhaaf. Die algemene opvatting in 1897 was dat die Britse supremasie bedreig word deur die vinnige opkoms van die S.A. Republiek en die nasionale invloede wat van-

1. Cd. 1789. 1903 bl. 10.
2. Ibid. bl. 12.

daar uitgestraal het na die Oranje-Vrystaat en die Kaapkolonie. (2) Sir Alfred het na Suid-Afrika gekom, vasbeslote om afdoende te toon dat Britse supremasie wel deeglik bestaan en nimmer sou verdwyn nie. (3) Hy het stellig gehoop om die doel te bereik sonder oorlog, maar indien dit onmoontlik geblyk het, dan met oorlog. (4) Gedurende 1897 was die nuwe Hoë Kommissaris nog baie hoopvol dat die moeilikhede met die S.A. Republiek vanself sou opgelos raak. Sy hoop was gevestig op 'n liberale party[1a] in die Republiek wat die steun van die Uitlanders sou soek; daardeur sou die Uitlanders politieke regte verkry en dan was die deur wyd oop vir Engelse invloede in die Republiek. (5) Vroeg in 1898 het Milner van siens-wyse verander en was hy oortuig dat die gewenste veranderinge slegs met geweld sou verkry word; hy was derhalwe gereed om sake tot 'n punt te bring dog was genoodsaak om daarvan af te sien om twee redes: (a) die internasionale atmosfeer was te troebel en (b) die publieke opinie in Engeland was hoegenaamd nie in die rigting van oorlog gekeer nie.

(6) Vanaf November 1898 tydens sy besoek aan Engeland, het Sir Alfred stelselmatig die publieke opinie in Engeland begin versorg, wel wetende dat die Britse Regering nie kon waag om die Transvaalse kwessie met geweld aan te pak tensy hulle byna algemene steun in die kiesafdelings geniet nie. Met die Argus-groep van nuusblaaie voor hom uit, en eindelik ook met byna die hele Britse publiek agter sy rug, het die Hoë Kommissaris dit vir die Britse Regering haas onmoontlik gemaak om terug te val.

Om dan terug te kom tot die aanstelling van Milner: teen die einde van Maart 1897 is van hom afskeid geneem in Engeland. Die afskeidstoesprake van die ministers Goschen en Chamberlain was tekenend van die nuwe tydperk wat Milner in Suid-Afrika sou inlui. Goschen het die nuwe Goewerneur aangeraai, "if ever he longed for a breath of British air," om af te gaan na Simonsbaai waar die Britse eskader gelê het wat hom sou herinner aan "British power in the neighbourhood of South Africa, and they will be a guarantee to him and ~~our colonists~~ - the loyal men who support British rule in that country - that this country is determined to maintain its

1. Die toespraak is egter nie deur Goschen in sy offisiële hoedanigheid as minister gehou nie.

1a. Hy het ook gerekken op die hulp van Koloniale Afrikaners en andere wat Britse oorheersing in Suid-Afrika wou hê

supremacy in those quarters and to back His Excellency, the High Commissioner with the power of the British Empire."[1]

Aan die Kaap egter was nie die eenstemmigheid oor die aanstelling van Sir Alfred Milner wat in Engeland geheers het nie: "The Progressives, who had just tumultuously welcomed Rhodes, hailed him as their champion. Gone were the days when English colonials spoke with ill-concealed irritation of 'Downing Street' or asked querulously why Great Britain always gave way.....

On the other hand, though the Bond congress had decided not to co-operate with the federated republics, it and its English allies looked askance at a man who, with his Egyptian past and the present support of 'Bushful Joe' reminded them too much of Frere and Carnarvon".[2]

Milner het natuurlik besef dat sy taak soveel gemakliker sou wees as hy die vertroue van die Bond in die Kaapkolonie kon win en hy het gladnie die uitbundige welkom van die Progressiewe met veel geesdrif begroet nie. Hy het hom vir omtrent 'n jaar lank baie stil gehou en het probeer om soveel Hollands aan te leer dat hy die Hollandse koerante kon lees. Ook skyn dit aan 'n paar briewe wat hy aan vriende oorsee gerig het in hierdie tyd, of hy aanvanklik die leiers van die Hollandssprekendes heeltemal inskiklik gevind het.

Maar hoe die nuwe Hoë Kommissaris hom ook aanvanklik uit die party-politiek gehou het, die atmosfeer was besonder troebel by sy aankoms in Suid-Afrika, Chamberlain het protesteer teen die immigrasiewet[a] wat die S.A. Republiek op die wetboek geplaas het. ~~van plan was om toe te pas~~ en die verhouding tussen die twee regerings was uiters gespanne. Milner het met krag argumenteer nog voor hy voet aan wal gesit het, dat pressie wat op die Transvaal uitgeoefen word, moet vergesel wees van magsvertoon teneinde die gewenste uitwerking te hê, en om te voorkom dat die anderkant hom onverhoeds vang. Lord Selborne het hy tydens die seereis in 'n brief gesmeek "to hang on like grim death to the decision to send reinforcements and not to let the Government slip out of it on any account".[3]

Die Britse Regering het klaar besluit gehad om oorlogskepe na Delagoabaai te stuur en wilde gerugte het rondgegaan hieromtrent en omtrent die oprigting van 'n nuwe kamp by Ladysmith, Natal.[4] ~~Die Britse garnisoen in Suid-Afrika moet uitgebrei word~~.

En tog het die storm bedaar in dieselfde jaar. Die Trans-

a. Die wet was roofsuiklik bedoel om bekwaamheidsgetuigskrifte van persone wat aan aansteekbare siektes lyd uit te sluit maar Engeland het dit beskou as 'n verkapping van die Londense konvensie wat vrye inkoms vir Britse onderdane verseker het.

1. Headlam - Milner Papers 1897-1899. bl. 34
2. Walker - A Hist. of S.A. bl. 469.
3. Headlam - Milner Papers 1897-1899 bl. 41.
4. Die Britse garnisoen in Suid-Afrika moet uitgebrei word.

Die oorlogskepe was eintlik om Duitsland, of enig ander land te toon dat Engeland vasbeslote was om toe te sien, dat Delagoabaai nie uit die hande van die Portugese sou geraak om onder beheer te kom van van enig ander as Engeland self nie. Portugal was 'n eu bondgenoot van Groot Brittanje, maar dit was nie al nie. Portugal was swak; swak, nie alleen op militêre gebied nie, maar ook finansieel, en Engeland het kans gesien om hom te domineer. Die "status quo" in Transvaal het in baie groot mate afgehang van Delagoabaai. Dit het nie alleen Groot Brittanje besef nie; ook Duitsland het dit goed geweet. Laasgenoemde het heelwat handelsbelange in die Transvaal gehad en was begerig om perke te stel aan die uitbreiding van Engelse invloed in Afrika. Duitsland van haar kant, was ook vasbeslote om Delagoabaai nie in Engelse hande te laat val nie. "As Lourenco Marquis van baas moet verwissel, moet dit slegs na Duitsland of na die Boere oorgaan," was die woorde van die Keiser in Januarie 1896.[1]

Die Britse skepe in Delagoabaai kon dus maklik 'n Europese oorlog veroorsaak het, maar onder omstandighede het die nog 17 jaar lank uitgebly. Trans-

1. Dugdale: German Decuments II bl. 391. Vir verdere uitlatings omtrent Duitse belange in Transvaal, sien ook bl. 367, 377-379, 386, 390, 393.

vaal het ingegee wat betref die immigrasiewet en het die aftog probeer dek deur te verklaar dat dit nie die dreiement van Brittanje was wat hulle van besluit laat verander het nie. Milner was egter oortuig dat dit wel die geval was. In alle geval, die Delagoabaaise slagskepe[a] het vertrek, Kruger het die Koningin gelukgewens met die jubileum, terwyl hy die tronkdeure vir die orige twee slagoffers van die Inval oopgesit het en Johannesburg het 'n munisipaleraad met beperkte magte gekry. Milner was "for a better understanding with the Transvaal, even if the devil makes it".[1] Hy het saamgestem met die Goewerneur van Natal dat die Transvaalse binnelandse woelinge self die nodige veranderinge in die Republiek sou teweegbring en het bygevoeg: "The difficulty is the extreme impatience of some of the English, who, instead of trying to help themselves by alliance with a certain section of the Boers, are always trying to force the hand of the British Government and drive it into injudicious interference".[2]

Aan Chamberlain het hy geskrywe: "If they (Tvl) will only make an honest beginning I think we can afford to be very patient and to give them plenty of time to carry out reforms themselves. But they really must begin..... The Franchise can wait, though there will be no ultimate peace without extension of the franchise".[3]

Ook nog in die begin van Augustus sê hy: "We should be very patient with them, very conciliatory, remembering how much excuse they have for regarding us with suspicion. But we cannot afford to appear, or to be, weak."[4]

Dog die vriendskapsgebare het die lug net vir 'n tydjie gesuiwer. In Julie het die verslag van die Britse kommissie wat moes ondersoek instel na die Jameson-Inval, verskyn en die dag na die publikasie daarvan het Chamberlain vir Rhodes, wat reeds deur die parlementêre ondersoek aan die Kaap ook skuldig bevind is, probeer skoon was. 'n Storm van verontwaardiging het in die Transvaal losgebars en die agterdog teen die bedoelings van die Britse Regering is opnuut versterk. Chamberlain se medepligtigheid aan die Inval is tot nou nog nie bewys nie, maar die omstandighede was sodanig dat Transvaal vas geglo het dat ook hy 'n hand in die saak gehad het.

Toe Chamberlain dan in Oktober van 1897 te voorskyn kom met die bewering dat Transvaal tenspyte van die Londense Konvensie nog onder die suisereiniteit van Brittanje gestaan het,[5] was die poppe weer aan dans. Baie wat nog getwyfel het aan die bedoelings

1. Headlam - Milner Papers 1897-99 bl.69; 2. Ibid. bl.61
3. Ibid. bl.65. 4. Ibid. bl.73. 5. C.8721, 1898 bl.21.

a. Die vrees dat Delagoabaai die prooi sou word van Frankryk, Duitsland of die Transvaal het die Britse Regering laat besluit om die slagskepe daarheen te stuur.

van die Britse Regering het hulle nou agter Kruger geskaar; die Transvaal was in die harnas en 'n mentaliteit is geskep wat by die latere onderhandelings uiters nadelig gewerk het.

Dr.Leyds het in sy beroemde antwoord[1] op die bewering van Chamberlain aangetoon dat slegs artikel IV van die Londense Konvensie Engeland enige gesag oor die Republiek toeken en die gesag is beperk tot buitelandse verdrae.

Daar was dus twee teenoorgestelde eise in die veld: die S A.Republiek het beweer dat die Republiek sedert die Londense Konvensie geheel onafhanklik was, behalwe ten opsigte van ~~artikel~~ verdrae met die buiteland wat eers van krag sou wees nadat Brittanje dit goedgekeur het; met die inwendige sake van Transvaal het die Britse Regering niks hoegenaamd te maak nie. Die Imperiale Regering aan die anderkant het voorgegee dat die S.A.Republiek 'n staat was waaraan selfbestuur toegestaan is, maar wat nog indirek onder Brittanje as die ~~oppergesag~~ oppergesag in Suid-Afrika gestaan het. Brittanje sou dus die reg hê om in te gryp in die binnelandse aangeleenthede van die Republiek, as dit nodig geag word in belang van die vrede in Suid-Afrika.[2]

Geen outoriteit van naam op internasionale reg het Chamberlain ooit gelyk gegee ~~in~~ in sake die susereiniteitsgeskil nie.[3] Hy is opponeer deur manne soos die volgende: Arthur Desjardins van die Instituut van Frankryk; prof. Westlake, Cambridge; prof. van der Vlugt, Leiden; M. Despagnet, Uniwersiteit van Bordeaux; prof. de Louter, Utrecht; dr. Whitely, Amerika en dr. Farelley, Kaap.[4]

In Febr.1898 het die Transvaalse eleksies plaasgevind en is Kruger weer met 'n groot meerderheid tot President gekies. Milner en sy vriende was bitter teleurgestel daar hulle 'n flou hoop gehad het dat een van die "Liberales", Joubert of Schalk Burger sou gekies word. Maar wat meer was, Milner het geheel sy vertroue in die Transvaalse sogenaamde Progressiewe party verloor en het tot die slotsom gekom dat die hervorminge waarna hy so uitgesien het, nog gladnie in die nabye toekoms sou aangebring

1. C.9507, 1899 bl.7
2. Report of Royal Commission on the war bl.7
3. Die regering van die V.S. Amerika, wel.
4. Kuyper - Crisis in S.A. (Eng. Vert.) bl.51.

word indien dit aan die Transvaal alleen oorgelaat word nie. Van nou af het hy sy insigte omtrent die Transvaalse kwessie gewysig; hy het begin wanhoop aan ""Vader Tyd" as redmiddel. En toe was dit dat Kruger in die hand van Milner gespeel het deur die Hoofregter, Kotze af te sit as gevolg van 'n botsing tussen die regbank en die uitvoerende gesag.[1a]

"We shall have a shot in our locker, whenever we want it, for we shall never be bound to accept any decision of a Transvaal court that is inconvenient to us on the ground that a Court which is at the mercy of the Executive, is not really a judicial authority at all", het Sir Alfred aan die Britse Agent in Pretoria geskrywe.[1]

Kotze het verder in die handxaan van Milner gespeel deur sy voornemens te kenne te gee dat hy na die "Suzerain Power" gaan appelleer. Die Hoë Kommissaris het van die geleentheid gebruikgemaak deur die kabinet te pols omtrent die moontlikheid om die Transvaalse kwessie tot 'n punt te drywe. Hy verklaar uitdruklik dat hy van sienswyse verander het en "There is no way out of the political troubles of South Africa except reform in the Transvaal or war."[2] Lede van die Britse kabinet moes net haastig die remme aanslaan. Chamberlain[3] het uitdruklik neergelê dat die beleid nog net dieselfde moes wees as by die vertrek van die Hoë Kommissaris na Suid-Afrika. Die vier punte wat destyds goedgehou het, hou nog goed nl. (I) dat 'n oorlog met die Transvaal in die Kaapkolonie kwaaie bloed sou wek wat werklike vereniging in die weg sou staan Indien vyandelikhede uitbreek, moes die Republiek beslis die aanvaller wees teneinde die steun van tenminste 'n aansienlike deel van die Hollandssprekendes in die Kolonie vir Engeland te win. (2) Die Jameson-Inval het die Imperiale Goewerment in 'n valse posisie geplaas en het die Afrikaner Party in die Kolonie vervreem. (3) "The Waiting game" is die beste vir Brittanje. (4) Oorlog met die S.A. Republiek sal baie onpopulêr in Engeland wees.

Chamberlain het nadruk gelê op die houding van die Afrikaner Party en van 'n aansienlike deel van die Engelse in die Kaapkolonie wat geen

1a die volksraad het wetgewing passeer deur wet" of deur „Besluit". Laasgenoemde het laastige wetgewing moontlik gemaak en Kotze het, in teenstelling met sy vorige beslissings, die volksraad sekere "artikels van bestaande wette deur besluit" te verander.

I. Headlam - "Milner Papers" 1897-99 bl. 216
2. Ibid. bl. 221.

3. Salisbury en Hicks Beach, die twee Britse Ministers was teen oorlog met Transvaal tot die laaste. Dit was Engeland se hande nog te vol in Soedan in die Britsland

Milner

interwensie ~~sal~~ sou verwelkom nie. Verder het die Sekretaris van Kolonies verduidelik dat Brittanje moeilikhede van 'n ernstige aard het met Frankryk, Duitsland en Rusland; dat sy nog in die Soedan in 'n oorlog gewikkel is en dat dit twyfelagtig is of die oorlog op die Noordwestelike grens van Indië finaal afgehandel is.[1]

Ook lord Selborne het by Milner aangedring om die beleid van verdraagsaamheid verder te volg.

"Such being my orders, I shall loyally carry it out" was Milner se antwoord, maar hy kon nie meer glo dat Tyd aan die kant van Brittanje gestaan het nie.

In Maart 1898 het die afgetrokke Goewerneur van die Kaap-Kolonie skielik sy hand opgelig. Dit was by geleentheid van 'n besoek aan Graaff Reinet, alwaar die plaaslike Bondstak hom 'n adres aangebied het; in die adres word gewag gemaak van die lojaliteit van die Bond en in antwoord daarop het Sir Alfred ←

1. Headlam: Milner Papers 1897-99 - bl. 229.

Milner sy bekende " Of Course You Are Loyal "-toespraak afgesteek.

"What reason could there be for any disloyalty ?Of course you are loyal.Under that Government you have,at least as regards the white races,perfect equality of citizenship and these things have not been won from a reluctant sovereign.They have been freely and gladly bestowed upon you because freedom and self-government,justice and equality,are the first principles of British policy,and they are secured to you by the strength of the power that gave them,and whose navy protects your shores from attacks without your being asked to contribute one pound to that protection,unless you yourselves desire it.Well, gentlemen,of course you are loyal.It would be monstrous if you were not." [1]

Dan gaan die Goewerneur voort om die klagtes van dislojaliteit te ondersoek.Hy het gemeen dat geen sodanige twyfel sou bestaan het as daar net binnelandse kwessies was om op te los.Hy wys op die moeilikhede met Transvaal en beweer dat 'n deel van die Koloniale bevolking,in elke geskil met Transvaal,dadelik gereed was om die kant van die Republiek te kies,sonder om die minste onpartydige oordeel te toon.Maar sir Alfred erken dat dit op sigself nog geen bewys is van dislojaliteit nie.Hy skryf die haastige oordeel toe aan bande van bloedverwantskap en 'n wantroue in die bedoelings van die Britse Regering met betrekking tot Transvaal.Hy ontken egter ten enemale dat Brittanje verkeerde bedoelings in daardie opsig gehad het en verklaar dat sy regering graag in Suid-Afrika twis wou vermy en ook selfs die skyn van inlating in die Transvaalse binnelandse sake.Dog daarby verseker die Goewerneur dat Brittanje sou vashou aan daardie minimum van eksterne beheer,wat sy altyd as haar reg in Suid-Afrika geresserveer het en wat volgens hom noodsaaklik was vir die rus en vrede in die land. En uit daardie posisie sou Brittanje hom nie laat afskrik nie.

Terwyl die Hoë Kommissaris die Transvalers beskuldig dat hulle net oë het vir denkbeeldige gevare van buite,in plaas van te let op die dreigende gevare binne die Republiek,dring hy by sy gehoor aan om druk uit te oefen op die S.A.Republiek om sy instellings en die gees van sy administrasie te hervorm,as die enigste motief by die Kolonialers is om die Republiek te bewaar en om 'n goeie verstandhouding te bevorder. Verder word hulle gewaarsku om nie Transvaal nog meer agterdogtig te maak en die Republiek te sterk in sy houding om alle hervorminge teen te staan nie.

1.Cook - Rights and Wrongs,105.

Die toespraak het sake tot 'n punt gedrywe."Men began to choose sides rapidly .... ..The Bond,the group in which Sauer formed the link between Merriman and de Villiers,and the watchful Republicans beyond the border,read it as a declaration that the Imperial policy was now one with that of Rhodes."[1]

In Nov.1898 het Milner op vakansie na Engeland gegaan en tot Febr,van die volgende jaar het Sir William Butler in sy plek opgetree as waarnemende Goewerneur en Hoë Kommissaris.

Reeds in die begin van 1898 het die verkiesings in die Kolonie plaasgevind vir die Wetgewende Raad. ~~Dit was veral 'n geveg tussen Hofmeyr en Rhodes, die twee boesemvriende van voor die~~ Schreiner ~~trivaal~~ en Die Progressiewe het 'n klein meerderheid behaal.

In Oktober het die algemene verkiesing vir die Wetgewende Vergadering plaasgevind.Sprigg het 'n redistribusie van setels probeer wat die Progressiewe meerderheid sou versterk het,maar 'n mosie van wantroue het deurgegaan en Sprigg wat die teuels geneem het by die val van Rhodes,het hom genoodsaak gevoel om die beslissing v n die kiesers in te roep.Rhodes het eindelik as 'n regte Progressief te voorskyn gekom en het die leierskap vir die oomblik op hom geneem.Geen geld is ontsien nie en die vernaamste plenk in die platform van die Progressiewe was:die Union Jack of die Vierkleur.Toe die nuwe parlement vroeg in Okt.ontmoet,was die Afrikaner Party in 'n meerderheid[2] van een en Schreiner het die ~~eerste Afrikaner Party~~ Ministerie gevorm met Merriman,Sauer, dr.Te Water,Richard Solomon en Herholdt as sy kollegas.[3]

Die oorwinning van die Bond het oorlog in Suid-Afrika nog waarskynliker gemaak as wat dit reeds was,alhoewel dit juis die vredesparty was,wat gepleit het vir vreedsame oplossing van die geskille met Transvaal.Hulle oorwinning het egter van die Progressiewe 'n louter oorlogsparty gemaak.Die Vierkleur of die Union Jack was ~~hulle~~ laasgenoemde se verkiesingskreet,en daar die Union Jack dan volgens hulle by die stembus die neerlaag gely het,moes die swaard verder beslis.

1 Walker - De Villiers bl.322

2. Rhodes se tak was te groot, want hy Schreiner en Hofmeyr as teenstanders gehad het. Schreiner was in staat om al die gematigde Britte a Afrikaners in een kamp te bring

3. Sien ~~blanders~~ einde van eerste hoofstuk omtrent die kleur van die ministerie, bl 25

Wat die houding van die nuwe regering teenoor die Transvaalse kwessie sou wees, was nie moeilik om te raai nie. Die ministerie is op die kussings gebring deur die Bond wat inlating in die binnelandse sake van die S.A. Republiek as 'n misdaad beskou het en alhoewel die ministerie soos saamgestel, nouliks kx'n Bond-ministerie kon genoem word, sou dit vir hulle tog nie moontlik wees om in lewenskwessies die houding van die Bond te verontagsaam nie.

Aan die anderkant sou 'n man soos Schreiner nouliks deur sy teenstanders vir 'n rebel kon uitgeskel word xxx en wat meer is, Solomon was wel anti-Rhodes maar ook anti-Kruger.

Die oorwinning van die Afrikaner Party het Milner gladnie laat wanhoop nie. Die opposisie was so sterk dat die ministerie in elk geval baie gematigd sou moes wees en Milner het verkies om die Afrikaner Party nou vir 'n verandering te sien optree as eierdansers. Vir die laaste 15 jaar het die krag van die Bond elke ministerie die rol voorgeskrywe. Noudat die Progressiewe in die opposisie was, was Milner eindelik van hulle volle steun verseker ten opsigte van die Imperiale beleid; voorheen was hulle kleurloos uit vrees vir 'n nederlaag. Hoe die Progressiewe dan ook gepleit het om langer aan die bewind te bly en selfs gedreig het dat Rhodes hom van Imperiale sake sou onttrek, die Goewerneur wou hom nie laat oorhaal om 'n ministerie op die kussings te hou wat deur die volk verwerp is nie. Trouens Milner was nou van mening dat die Imperiale beleid moes voortgesit word sonder om te veel ag te slaan op die skommelinge van die Kaapse politiek; daardeur het hy gemeen, sou hy nog die meeste steun vir die Imperiale beleid vind. Sowat 'n jaar vroeër het hy nog verklaar, "These (Cape Politics) are still the key of the situation".

In sy dagboek meld Milner onder datum 5 Sept 1898: "Three great pieces of news were received this morning". Die eerste was dat Kitchener Omdurman geneem het; dan dat Brittanje en Duitsland tot 'n verstandhouding gekom het met betrekking tot buitelandse sake en veral met betrekking tot Delagoabaai; en dan, die Progressiewe het tot verbasing van elkeen, Uitenhage met 'n aansienlike meerderheid geneem.[I]

I. Headlam - Milner Papers 1899-99 bl. 271.

Wat die eerste twee punte so belangrik maak is dat die buitelandse moeilikhede wat Engeland nog so besig gehou het, aan verdwyn was. Die oorlog in die Soedan het sy einde genader; Duitsland was klaar gebonde om hom stroopsoet te hou in geval van oorlog met die Transvaal en Delagoabaai, die enigste hawe waardeur die S.A. Republiek die see kon bereik sonder om van Britse gebied gebruik te maak, ~~sou dan ook in Engelse hande gewees het, dog laasgenoemde berig was voorbarig tot die geluk van Transvaal. Duitsland was egter werklik uitgeskakel uit die Transvaalse politiek.~~ was by die transaksie ingesluit*

Teen die middel van November het Milner in Engeland aangekom op verlof. Dog dit was vir hom nouliks 'n tyd van ontspanning; hy was onvermoeid besig om die aandag op die Transvaalse moeilikhede te ~~xxxx~~ trek. Daarvoor het hy nie alleen onderhoude met politici gehad nie maar ook met die redakteurs van die vernaamste blaaie. Die rooskleurige kyk wat ~~xxxxxx~~ Britse politici[1a] op Transvaalse sake gehad het, die idee dat Tyd aan die Britse sy was, het Milner probeer verwyder. Sy doel was om die publieke aandag nou in die rigting van Transvaal te keer. "On the whole, I am well pleased with the result of my visit. Chamberlain has been very kind, and everybody I have seen - and I have seen practically ~~x~~ everybody (including pressmen)) - has listened, with more understanding often than I expected, to my boring creed."[2]

1a Milner het gevind dat in Britanje se nie veel belangstelling was in Transvaalse sake nie.

1. Duitsland en Engeland sou Portugal gold leen. As Portugal, soos toegelaat was, nie die rente kon betaal uit die inkomste va die Portugese Kolonie in Oos-Afrika nie, sou Delagoabaai na Engeland gaan, terwyl Duitsland nog gratis voorgestel sou verkry op voorwaarde dat sy die Transvaal aan haar laat oorlaat.

2. Headlam - Milner Papers 1897-99 bl. 301

Gedurende die afwesigheid van Milner het die pers die land in beroering gebring deur 'n geweldige lawaai op te skop oor beweerde mishandeling van kleurlinge en beweerde onreg teenoor Indiërs in die Transvaal[1] en oor die welbekende Edgar-saak.[2] Sir William Butler, die agerende Hoë Kommissaris, was weinig geneig om 'n oor te leen aan die Uitlander-agitasie en hy het die moed gehad om die petisie wat hulle opgetrek en onderteken het te weier, terwyl hy sy mening aan die Britse Goewerment bekend gemaak het dat Suid-Afrika 'n ruskuur en geen operasie nodig gehad het nie. Ook het hy gewaarsku teen die South African League.[3]

Toe Sir Alfred Milner weer op 14 Febr. 1899 aan die Kaap land, was die toestand gans anders as by sy vertrek. Hy was ontevrede oor die manier waarop sy plaasvervanger die Transvaalse sake behandel het[4] en het warme depêches na die Koloniale Kantoor gestuur oor die behandeling van die "Cape Boys" in die S.A. Republiek en die opbreek van 'n vergadering in die amfiteater in Johannesburg. In Maart is 'n nuwe petisie deur die Uitlanders opgetrek en die het 21,000 handtekeninge ontvang. Die agitasie is ook in die Kolonie en elders in Suid-Afrika met krag voortgesit en hierdie keer het hulle 'n simpatieke Hoë Kommissaris gevind.

In die tussentyd het die vriende van die Transvaal in die Kolonie ook nie stilgesit nie. De Villiers het sedert 'n besoek wat hy Transvaal gebring het vroeg in 1897, die Republiek steeds aangespoor om vrywillig hervorming in te voer. In Januarie 1899 het Merriman Bloemfontein, Pretoria en Pietermaritzburg besoek, in verband met die Transvaalse kwessie.

1 Nov.1899
2. Des.1899. 'n Polisieman, Jones wou Edgar arrestreer weens manslag; laasgenoemde sit hom teë en Jones skiet hom dood; die hof spreek Jones vry.
3. Die "National Union" is vervang, na die Jameson-inval deur die "Reform Committee"; die is weer vervang deur die South African League" met takke ook in die Kolonie. Kort voor die oorlog is die "Uitlander Council" in die lewe geroep.
4. Butler- Autobiography bl.454. Daar was 'n gespanne verhouding tussen Milner en Butler; Die Britse Regering was egter bang om Butler dadelik terug te roep omdat hulle 'n demonstrasie van die Hollandssprekendes gevrees het.

Teur verdere druk vanuit die Kolonie en die Vrystaat, het die Transvaalse Regering onderhandelinge aangeknoop met die mynmagnate en met die Uitlanders. Milner x was van oordeel dat die Transvaal gladnie ernstig was om werklik hervorming in te bring nie en dat die voorstelle vol vanggate was; hy was bang dat die Uitlanders in die val sou loop en het hulle gewaarsku soveel maal as hy geleentheid gekry het. Toe die onderhandeling misluk, het die Transvaal die skuld daarvan op Milner en ~~Chamberlain~~ Chamberlain gewerp en 'n mentaliteit is geskep wat by die verdere onderhandelinge oneindig gestrem het.

~~De Villiers en Schreiber was nie tevrede met Merriman se~~ ~~se konferensie~~ ~~waarby die Imperiale faktor sou uitgesluit wees~~ Hoftans was die Hofmeyr, de Villiers en die Ministerie was maar gedurig besig om planne te beraam wat die dreigende oorlog sou afweer en nou is besluit dat de Villiers in April na Pretoria sou gaan om te probeer 'n konferensie te reël tussen die twee presidente en die Hoë Kommissaris, ~~insake Merriman se konferensie~~. De Villiers het probeer om die ernns van die posisie aan Reitz, Smuts en Burger voor te hou en het aangedring op hervorminge wat die grond onder die vyande van die Republiek totaal sou uitslaan, soos bv. vyf jaar stemreg in plaas van na nege jaar. Toe hy meen dat hulle oortuig was van die ernns van die saak, het hy na Kaapstad teruggekeer waar sy koms deur die ander vriende met spanning afgewag is[1].

Op 4 Mei, dieselfde dag wat de Villiers in Kaapstad aankom, het Milner sy veelbesproke "helote-depêche"[2] gepen; daarin word aangedring op interwensie. "Die skouspel van duisende Britse onderdane wat vergoed in die posiesie van helote gehou word, 'constantly chafing under undoubted grievances, and calling vainly to her Majesty's Government for redress, does steadily undermine the influence and reputation of Great Britain!" Die Hoë Kommissaris pleit vir "Some striking proof of the intention of H.M. Government not to be ousted from its position in South Africa" en die bewys hiervan sal wees om vir die Uitlanders politieke regte te verkry. Dit kan duidelik gemaak word dat die doel nie is om die bestaan van die Republiek te ondermyn nie.

In hierdie trant het Milner geskrywe maar Chamberlain het die publikasie van die depêche vertraag met die oog op die voorgestelde konferensie.[3]

Op 6 Mei skrywe Schreiner aan pres. Steyn dat hy van vertroude vriende uit Engeland verneem het dat die toestand kritiek is,[4]

~~1 Walker - de Villiers bl. 334~~
2 C.9345 1899 bl. 209
3 Kabel van sir James Sivewright; sien Hofmeyr - Hofmeyr bl. 585
4 vd. Merwe - Steyn bl. 164(I)

~~vereg maar hy het die noodsaaklikheid van samewerking met die~~

~~De Villiers en Schreiber was nie tevrede met Merriman se konferensie waarby die Imperiale faktor sou uitgesluit wees~~ Hofmeyr, de Villiers en die Ministerie ~~was~~ maar gedurig besig om planne te beraam wat die dreigende oorlog sou afweer en nou is besluit dat de Villiers in April na Pretoria sou gaan om te probeer 'n konferensie te reël tussen die twee presidente en die Hoë Kommissaris, ~~in plaas van Merriman se konferensie~~. De Villiers het probeer om die erns van die posisie aan Reitz, Smuts en Burger voor te hou en het aangedring op hervorminge wat die grond onder die vyande van die Republiek totaal sou uitslaan, soos bv. vyf jaar stemreg in plaas van na nege jaar. Toe hy meen dat hulle oortuig was van die erns van die saak, het hy na Kaapstad teruggekeer waar sy koms deur die ander vriende met spanning afgewag is.[1]

Op 4 Mei, dieselfde dag wat de Villiers in Kaapstad aankom, het Milner sy veelbesproke "helote-depêche"[2] gepen; daarin word aangedring op interwensie. "Die skouspel van duisende Britse onderdane wat vergoed in die posiesie van helote gehou word, 'constantly chafing under undoubted grievances, and calling vainly to her Majesty's Government for redress, does steadily undermine the influence and reputation of Great Britain!" Die Hoë Kommissaris pleit vir "Some striking proof of the intention of H.M. Government not to be ousted from its position in South Africa" en die bewys hiervan sal wees om vir die Uitlanders politieke regte te verkry. Dit kan duidelik gemaak word dat die doel nie is om die bestaan van die Republiek te ondermyn nie.

In hierdie trant het Milner geskrywe maar Chamberlain het die publikasie van die depêche vertraag met die oog op die voorgestelde konferensie.

Op 6 Mei skrywe Schreiner aan pres. Steyn dat hy van vertroude vriende uit Engeland verneem het dat die toestand kritiek is,[3] en hy raai die President aan om 'n uitnodiging te stuur aan Sir Alfred Milner en aan pres. Kruger teneinde die twee in Bloemfontein te laat ontmoet om die posisie te bespreek.[4] Steyn was bang dat die onbevredigende afloop van so 'n konferensie sake sou vererg maar hy het die noodsaaklikheid van samewerking met die

die Kaapse vriende besef en daarom
word die nouste voeling met Hofmeyr, Schreiner en sy kollegas bewaar en word alle moontlike voorstelle selfs in verband met die bewoording van die uitnodiging, gedoen. Op 9 Mei het Hofmeyr 'n onderhoud met Milner gehad toe eersgenoemde aan die hand gegee het dat die Goewerneur Pres. Kruger op neutrale grond moet ontmoet. Geen definitiewe antwoord is gegee nie. Die volgende dag toon Schreiner aan die Goewerneur 'n voorlopige telegram van Steyn waarin Schreiner gevra word of hy dink die Hoë Kommissaris sal aanneem indien 'n uitnodiging gestuur word. In sy eie naam en namens sy kollegas het Schreiner daarop aangedring dat die uitnodiging aanvaar word. Hy het verklaar dat dit die uitkoms is van sy invloed wat hy geduriglik laat geld het by die Transvaalse Goewerment, sedert hy deur Milner gewaarsku is van die erns van die situasie. Ook het Schreiner die voorstel beskou as 'n groot stap van Kruger vorentoe, blykbaar omdat laasgenoemde daardeur toon dat hy gewillig is om verder te onderhandel. Die Hoë Kommissaris wou egter weet wat die basis van die bespreking gaan wees en raai Schreiner aan om uitstel te vra.[1] Nog dieselfde dag is pres. Steyn telegrafies ingelig omtrent die onderhoud.

Op 15 Mei kon Schreiner die President in Bloemfontein laat weet dat Milner uit Engeland gemagtig is om 'n onderhoud met pres. Kruger te reël as bewys van die begeerte van H.M. se Goewerment om vriendskaplike betrekkinge met die S.A. Republiek te bewaar, en die hoop word gekoester dat die President redelike konsessies sal maak.

Pres. Steyn het sy spyt aan Schreiner uitgedruk dat die doel van die samekoms nou so anders interpreteer word as wat oorspronklik sy bedoeling was. Hy het besef dat die woorde in Milner se meedeling vervat omtrent redelike konsessies, pres. Kruger in 'n moeilike posisie stel aangesien daar feitlik

C.9404, 1899 bevat Milner se verslag van Bloemfontein Konferensie.

1. Milner was in 'n slegter stemming as die vorige aand toe hy Hofmeyr gesprek het, omdat hy net van te vore die Transvaalse depêche ontvang het waarin bewear word dat die Republiek in soewereine internasionale aangeleenthede staat is. (Sien C.9507. bl. 32, ook Hofmeyr — Hofmeyr bl. 586.

insinueer word dat hy tot nog-toe redelike konsessies geweier het en indien die konferensie misluk sou dit lyk of hy volhard het in sodanige weiering.(Die S.A.Republiek het by hierdie tyd al voorstelle gemaak om die Uitlanders tegemoet te kom,maar in die eerste plek kan dit nie gesê word dat die Transvaal die saak op handige wyse aangepak het nie,en ten tweede was die Uitlanders nie van plan om redelike voorstelle aan te neem nie.)

Pres.Steyn het gemeen om sy uitnodiging so in te klee dat die diskussies nie 'n loop sou kon neem wat die regte van die S.A.Republiek onder die Konvensie aantas nie,terwyl die strekking van die boodskap van die Hoë Kommissaris juis skyn te wees dat Kruger sekere sake van inwendige bestuur aan die Britse Regering ter goedkeuring moes lê.Hieroor is met Hofmeyr onderhandel in naam van Fisher.[1](Dit was juis hierdie punt wat Transvaal se hele houding gedurende die onderhandelinge verklaar; uit eie beweging moes hulle die ~~Uitlanders-platform onder hulle~~ grond onder die Uitlanders uitgeslaan het deur die stemregwet radikaal te wysig;dit kon tog tog gedoen word sonder om die bestaan van die Republiek in gevaar te bring?[2]die Uitlanders sou nie tevrede gewees het nie en die Argus-groep ook nie,maar die Republiek sou aan prestige gewen het.Hulle het egter versuim totdat 'n stadium bereik is, toe die grootste toegewings van Transvaal na onwillige togewing onder dwang gelyk het en dus die status van die Republiek verlaag het.)

Die Transvaal het die Bloemfontein-Konferensie tegemoet gegaan,gewillig om toe te gee alles wat nie die Republiek sou in gevaar stel nie,MITS hulle dit kon doen sonder om daardeur indirek te erken dat Engeland die reg het om ho m in te laat in die binnelandse aangeleenthede van die Republiek. Kruger was gewillig om "elk onderwerp op vriendschappelike wyze te bespreken dat strekken kan tot 'n goede verstandhouding

I vd.Merwe -Steyn bl.170.
2 Vriende het hulle dit aangeraai:de Villiers Cd.369 1900 bl.1
Walker - de villiers bl. 344.

tussen de Z.A.Republiek en Engeland en ter bewaring van de vrede in Zuid-Afrika mits de onafhanklikheid van de Republiek niet word aangetast"[1]

Eindelik dan is die datum van die komferensie bepaal en sou die op 31 Mei plaasvind.

Daar Milner nie vir Steyn op die konferensie gewens hê het nie,kon hy slegs in die privaat raadgee.Kruger wou graag vir Schreiner ook op Bloemfontein hê, maar laasgenoemde het nie sy weg opgesien nie. Ook Hofmeyr het geweier om onoffisieel op Bloemfontein teenwoordig te wees,alhoewel die voorstel om so 'n samespreking te hou oorspronklik van hom uitgegaan het. Steyn was enigsins vererg.Soos sake gestaan het "waren onze vrienden in de Kaap-Kolonie schynbaar van beschouwing dat al wat nodig was,was omop die Vrystaat te drukken,die dan weer pressie op de Transvaal moest uitoefenen"[2]

Miskien het die Transvaalse vriende aan die Kaap die gevaar duideliker gesien;miskien nie.In alle geval het hulle groter vrees openbaar as die Transvalers en wou die vrede bewaar teen byna enige prys;waarskynlik het hulle nie die gemoedstoestand van die Transvaler op die tydstip ten volle verstaan nie;daarom het hulle gedurig op toegewings aangedring: Transvaal moet toegee.....die teenwoordige regering in Engeland sal nie altyd staan nie en die Republiek het sy vriende aan die hoof in die Kaapkolonie om advies te gee;aldus D dr.TE Water aan pres.Steyn op 8 Mei.[3]

Die Bloemfonteinse Konferensie het dan plaasgevind en het misluk.Kruger het voorgestel dat hy die stemreg sal verleen na 7 jaar in plaas van na 14 ,maar Milner wou 5 jaar en 'n kwart verteenwoordiging vir myn-sentra in die Eerste Volksraad; ook het hy objekteer teen al die beskermende klousules in die

I vdMErwe - Steyn I bl.171
2 Ibid bl.176
3 Cd.369,1900 bl.10

Voorstelle van die President.Milner wou geen ander saak as die stemreg aanpak nie em die partye het uitmekaar gegaan op 5 Junie

Steym was nou feitlik seker van die oorlog en het dadelik Mausersx en ammunisie bestel.

Vanx die Kaap af het die telegramme die bekende boodskap na Bloemfontein oorgebring van verdere toegewings.Reeds die vol-gende dag telegrafeer Hofmeyr:"Adviseer onmiddellik opheffing dynamiet gevolgd door ~~xxxxxxx~~ andere hervormingen en koncilië-rende toon in depeche"[1]"Maar die Vrystaat was ongenee om na Kruger se toegewings ommiddellik aan te dring op meer en meer,en Fischer antwoord dat dit Milner se eie skuld is dat die dinamiet-kwessie nie bespreek is nie.

Die Vrystaat het inderdaad begin moeilik word vir die ewige aandring op toegewings van die Afrikaner-politici aan die Kaap. Fischer kla by Te Water dat die vriende aan die Kaap nie 'n woord van instemming of tevredenheid rep omtrent wat die Vrystaat al-reeds verkry het nie."Al wat gy zegt en herhaalt,is,doet nog meer,krygt nog meer."Fischer vra dan dat die Kaapse Ministerie dadelik sou ~~publiekmaak~~ Oorbaarmaak dat hulle die Republikeinse voorstelle redelik vind.[2]

Ook pres.Steyn was ongeduldig:".....zy(Kaapse vriende) lieten ons alleen(by Bloemfontein)om aan de ene kant president Kruger te helpen zyn halsstarrige Volksraad en volk voort te duwen en aan de andere kant lord Milner,met zyn wenken,die niets anders dan eisen waren,tegen te houden.Mdat de konferentie 'n mislukking was,begonnen onze vrienden al dadelik weer 'n druk op ons uit te oefenen.Dat wat zy van ons verlangden,hadden wy al-reeds gedaan;en wy waren gewillig -ja meer dan gewillig - om meer te doen en selfs verder te gaan.Wy gevoelden echter dat er op hen ook 'n andere plicht rustte.....De heer Hofmeyr was de er-kende leider van de Hollandssprekende Afrikaners in de Kaap-Kolonie.Het Ministerie-Schreiner was aan het roer.Zy vertegenwoor-digden de grootste ~~de grootste~~ en oudste Kolonie in Zuid-Afrika. Zy waren de regering van 'n kolonie met volkomen verantwoordelik bestuur.Zy hadden derhalve 'n macht veel groter dan die van de Regering van de Vrystaat.In plaats van dus hun macht en gezag by de Hoge Kommissaris te laten gelden,die hen met minachten schynt te behandelen en geheel opzyde liet liggen in de onder-handelingen die voor hun kolonie even zo gewichtig waren als voor enig deel van Zuid-Afrika,stelden zy zich tevreden met tele-grammen aan ons en andere vrienden in de Transvaal te zenden. Die telegrammen hadden slechts een strekking - en dit was om de Transvaal over te halen om toe te geven en maar weer toex te ge-ven.....Wy meenden dat het ook tyd werd voor hen om 'n meer ge-

I Van der Merwe - Steyn I bl.I95
2X Ibid. bl.204

determineerde houding tegen Sir Alfred Milner en zyn kliek in te nemen."[1]

In 'n poging om die volle steun van die Kaapse Afrikaners te verkry, het Steyn vir Fischer na Kaapstad gestuur teen die middel van Junie. Fischer het met die Ministerie en Hofmeyr 'n lang onderhoud gehad en 'n skema is opgetrek wat die Kaapse politici sou tevrede stel en wat gebaseer was op die voorstelle van pres. Kruger in Bloemfontein. Die skema kom daarop neer dat die voorstelle van Kruger sou vereenvoudig word om onnodige wryving te voorkom en daarby dadelik aan die Uitlanders verteenwoordiging sou gee op die basis deur die President in Bloemfontein voorgestel.[2] Hierdie skema sou die volle steun van die Kaapse Afrikaners verseker indien die Kruger-Regering dit wou aanvaar en Hofmeyr het 'n Bondsvergadering wat hy belê het, uitgestel om te sien wat van die voorstelle word, terwyl Fischer na Pretoria is om die skema voor die Transvaalse politici te lê.

Nog voor die bogenoemde onderhoud met Fischer, het Schreiner die Goewerneur gespreek. Dit was op II Junie. Schreiner het die Goewerneur gevra om aan Chamberlain bekend te maak dat hy en sy kollegas dit eens is omtrent die uitvoerbaarheid en redelikheid van pres. Kruger se Bloemfontein-voorstelle en hulle beskou genoemde voorstelle as 'n stap in die regte rigting. Verder het die Eerste Minister beweer dat die Kaapse sienswyse van sy regering 'n faktor in die saak behoort te wees. Hy erken dat die voorstelle van Kruger in besonderhede kan verbeter word, maar in hoofsaak is dit redelik. Milner het egter as hoofpunte beskou wat Schreiner besonderhede noem en hy het die Eerste Minister aangeraai om liewers sy advies aan Kruger te rig.[3] Die Hoë Kommissaris was gedurig op sy hoede vir 'n lokval.

Op die 15de was Schreiner weer by Milner; hierdie keer met die definitiewe voorstelle wat in medewerking met Fischer opgestel is. Die Eerste Minister verduidelik aan die Goewerneur dat, alhoewel dit streng geneem geen Koloniale saak is nie, sy regering meen dat dit indirek vir die Kolonie van soveel gewig is, dat hulle geregverdig voel om die Hoë Kommissaris daaroor te nader en die Ministerie wou terselfdertyd laat verstaan dat

I. Van der Merwe - Steyn I bl. 200. 2. Ibid bl. 209 en Hofmeyr - Hofmeyr bl. 592 3. C. 9415. 1899 bl. 7, 8.

die toestand in hulle opinie nog nie sodanig was dat dit aktiewe inmenging in Transvaalse sake regverdig nie.[I]

Die oorlogsparty was tydens al hierdie onderhandelinge bevrees vir een ding nl.dat 'n skikking sou bereik word en die Argus-groep het voorgegee dat in Engeland bevel gegee is tot mobilisasie van troepe. Die „Argus" het 'n telegram gepubliseer met die opskrif, "Gereed vir Oorlog" en daarin is aangekondig dat sterk troepemagte aan kom was. Schreiner het die Goewerneur daarvoor gaan sien en het 'n gerusstellende telegram na Bloemfontein gestuur, om te sê dat die Goewerneur niks van die sterk troepemagte weet nie.

Dit het gewoonte geword by die oorlogspers om die koms van groot getalle troepe aan te kondig, blykbaar met die bedoeling om die onderhandelinge te laat skipbreuk ly, want die Republikeine sou ongeneë wees om met die onderhandelinge voort te gaan indien die Britse Regering in die tussentyd sy posisie versterk deur die aanvoer van troepe.

Die voorstelle van die Kaapse leiers is in Pretoria nie letterlik aangeneem nie, maar daar is tog weer heelwat vordering gemaak. Kruger self was gematigd, doch 'n paar lede van die Uitvoerende Raad het onie gerem; derhalwe het Hofmeyr, vergesel van Herholdt, die Sekretaris van Landbou, op 1 Julie na Pretoria vertrek, om regstreeks op die Transvaal druk uit te oefen.

Op 5 Julie moes Schreiner by Milner kla oor 'n antwoord van Chamberlain in die Huis van Gemeentes, waar

I I.C.94I5.I899 bl.IO

laasgenoemde gesê het volgens 'n Reuterverslag ontken het dat hy enige representasies oor die Transvaalse kwessie van die Kaapse Ministerie ontvang het. Schreiner wys daarop dat hulle wel nie 'n formele minute voor H.M .se regering gelê het nie, maar in plaas daarvan het hy die sienswyse van die kabinet deur die Goewerneur aan die Minister van Kolonies verduidelik het. Schreiner wil nie graag die Minister van Kolonies teëspreek nie, maar hy laat Milner verstaan dat hy verplig is om hom en sy kollegas uit die valse posisie te red. Die enigste wat sy party weerhou van vredesvergaderinge byeen te roep, is die vertroue dat hy en sy kollegas die Hoë Kommissaris sal oortuig dat daar niks in die situasie is wat oorlog sou regverdig nie. Terselfdertyd, gaan hy voort, strewe hulle met behulp van Hofmeyr om die S.A.Republiek te beweeg om groter vooruitgang te maak in sake die stemreg. Chamberlain se verklaring stel sake voor asof die Kaapse Ministerie passief is en dis onregverdig en skadelik vir hulle, aangesien hulle hul bes doen om 'n beter verstandhouding tussen die S. A. Republiek en H.M. se regering te verkry sedert die voorstelle om 'n konferensie in Bloemfontein te hou.[1]

Chamberlain het die saak daarna verduidelik en Schreiner het verklaar dat hy tevrede is; nogtans het hy hom genoodsaak gevoel om nou die houding van die Kaapse Ministerie openbaar te maak. So het daar dan in die "South African News"[2] 'n artikel verskyn waarin hy wys op die druk wat hulle uitoefen op Transvaal om konstitusionele hervorminge aan te bring, maar dat hy en sy kollegas van oordeel is dat daar geen regverdiging bestaan vir gebruik van geweld nie.

In die tussentyd het Hofmeyr met Herhold op 2 Julie in Bloemfontein aangekom, alwaar hulle deur Smuts en Grobler kneinde die Krisis te bespreek. van die Transvaal ontmoet is. Fischer vertrek saam met hulle na

---

1 C.O. 9415-1899-bl. 29 ; S.A. News 6/7/99
2 South African News 8/7/99.

die Transvaal om hulle by te staan en om die weg vir Hofmeyr te baan.

Hofmeyr was nie populêr in die Transvaal nie. Sy sterk nasionale gevoel het nie verhoed dat die Transvalers hom vir 'n Imperialis aangesien het nie. Kruger kon hom moeilik sy optrede in verband met die Swasieland-kwessie vergewe en sy verbroedering met Rhodes voor die Jameson-Inval was nog vars in die geheue. Hofmeyr het van die gevoel van die Transvalers teenoor homself geweet, maar plig het by hom meer getel as persoonlike konsiderasies.

Dog Hofmeyr is in die Transvaal ontvang met die grootste hoflikheid. Hy is toegelaat om die Volksraad in sy geheime sittings toe te spreek en deur sy toedoen is nog verdere hervorminge in die voorgestelde stemregwetsontwerp aangebring. Alhoewel hy nie alles kon verkry wat hy voorgestel het nie, was Hofmeyr tevrede met sy sending.

Die oorlogsparty aan die anderkant het 'n angs uitgestaan dat 'n oplossing sou bereik word. Om Kruger as halsstarrig en ontoegewend te laat voorkom, het hulle die saak voorgestel asof Hofmeyr se sending 'n hopelose mislukking was; asof hy geen belangrike toegewing van die Transvaal kon verkry nie.

Die Kaapse Regering was egter tevrede met die voorstelle soos nou geformuleer, in hoofsaak teminste, en het dit weer tot die ore van die Hoë Kommissaris gebring. En wat meer is, Schreiner het hulle beskouing ~~publiek~~ openbaar gemaak.

"We are at liberty to say that the Government regards these Proposals as adequate, satisfactory and such as should secure a peaceful settlement.[1]

Hieroor was die oorlogsparty eenvoudig boos en dit was ongetwyfeld ook nie na die sin van Milner nie. Die "Times History of the War"[2] se daarvan:

"It put both himself (Schreiner) and the envoys in an awkward posi-

1 South African News 8/7/99
2 Times History - I bl, 296

tion with regard to Sir Alfred, who could not but feel that he had been trifled with...while at the same time it ruined all hope of extracting any concessions from Kruger in future."

Ook die Vrystaatse Volksraad het na die Bloemfontein-konferensie reeds 'n besluit geneem wat die beskouing dat die Kruger-voorstelle redelik is, konstateer.

Op 19 Julie het die Transvaalse wetgewende mag die nuwe wet in verband met naturalisasie en stemreg passeer. Nou kon naturalisasie na 2 jaar en stemreg na 'n verdere 5 jaar verkry word. Ook is besluit om meer verteenwoordiging aan die Witwatersrand toe te staan. Die nuwe wet was egter nog onduidelik en ingewikkeld op sommige punte. Dit was die groot fout van die Transvaalse Regering dat hulle voorstelle te veel praktiese moeilikhede opgelewer het.

Die Britse Regering wou geraadpleeg gewees het. Milner vra deur Schreiner en Fischer dat die nuwe wet eers aan die Imperiale Goewerment moes voorgelê word, alvorens dit deur die Volksraad aangeneem word, maar dit is geweier omdat die S.A. Republiek daardeur in 'n ondergeskikte posisie sou geplaas word ten opsigte van sy binnelandse beleid. Die wet is sonder versuim aangeneem.

Chamberlain het slegs die haastigheid betreur, maar sê aan die lobby-korrespondent van die "Times": "The crisis might be regarded as at an end", en dat hy die doel bereik het waarna hy gestrewe het.

In Engeland het 'n sug van verligting in die meeste kringe opgegaan. Weliswaar het Milner se idee van spoedige interwensie in die tussentyd baie veld gewin in Brittanje. Na die Bloemfonteinse konferensie het die Britse Regering selfs 'n ultimatum onder bespreking gehad en het Milner se pleidooi vir interwensie publiseer om die publieke opinie op die oorlogspad te sit. Die uitwerking was wel in die gewenste rigting maar nie in so 'n mate as wat die verwagting gewees het nie en gevolglik moes hulle weer die pas vertraag. Dit was duidelik dat die Britse publiek nog nie genoegsame steun aan die oorlogspolitiek gegee het nie en vandaar die sug van verligting wat Chamberlain se uitlating omtrent die krisis teweeggebring het.

In Suid-Afrika aan die anderkant, het Chamberlain se

I. Schreiner het sterk by Steyn daarop aangedring.

se uitlating 'n paniek veroorsaak onder die oorlogsaanblasers. Die algemene gevoele was dat die Imperiale Goewerment die kans waargeneem het om terug te trek en sodoende Milner en Green met die Uitlanders in die steek gelaat het.

Milner het blykbaar dieselfde vrees gekoester. Die nagmerrie wat hom altyd gepla het was dat die Britse Goewerment sou tevrede wees met 'n skikking wat nie 'n finale oplossing sou wees nie en nie Britse supremasie onomwonde sou insluit nie. Na die konferensie was hy aanvanklik nie tenguinste van 'n onmiddellike ultimatum nie, maar toe hy sien dat die Britse Regering weer effens skietgegee het, het hy die skroef weer aangedraai.[1] So erg was sy vrees dat die Regering die saak sou laat verbyglip, dat hy ietwat later die neerlê van sy betrekking oorweeg het om dit aan die Goewerment oor te laat "to appoint a Governor who would tell them that all was right, when all was really very much all wrong."[2]

Milner het die "Reform Bill" van die S.A. Republiek onvoldoende gevind en het na lord Selborne getelegrafeer dat die aanname daarvan onder die omstandighede sou beskou word as 'n oorwinning vir die Afrikaner kombinasie. Hy het lank reeds 'n breuk met die Kaapse ministerie voorsien en het die wenslikheid oorweeg om die ministers af te dank. Hy het gemeen dat dit noodsaaklik sou wees teneinde absolute beheer oor administratiewe sake te hê, "and ministers would, I know, hamper us", maar hierdie uiterste maatreël moes solank as moontlik uitgestel word, het hy aan Chamberlain op 'n direkte vraag van laasgenoemde geantwoord, twee dae voor die 1899-sessie van die Kaapse parlement 'n aanvang geneem het.[3]

Die Hoë Kommissaris het erken dat die Afrikaner-leiers in die Kaapkolonie hulle uiterste bes doen om 'n vreedsame skikking te verkry, maar hy waarsku dat daar nie te veel waarde aan moet geheg word nie daar hulle grootste doel nie was om die Imperiale

1. Headlam - Milner Papers 1897-99 bl. 446
2. Ibid. bl. 454
3. Ibid. bl. 461.

Goewerment te hulp te kom nie maar wel om die S.A.Republiek uit 'n groot moeilikheid te help.Hy het dus nie die nodigheid gesien om te veel aan die Kaapse ministers toe te gee nie en het ~~xxxxx~~ ~~xxxxx~~ spesiaal per telegram gevra dat Schreiner nie in die Britse parlement moes geprys word vir sy optrede nie.Chamberlain het die telegram aan Bannerman,leier van die opposisie getoon maar laasgenoemde het hom skynbaar nie veel daaraan gesteur nie,want hy het wel deeglik tot lof van Schreiner gepraat.

Milner het teen hierdie tyd 'n baie swak opinie van die leiers van die Afrikaner Party gehad.Hy het hulle in sy briewe aan vriende oorsee van ~~xxxxxxxx~~ weergalose politieke oneerlikheid beskuldig.Aan Sir Edward Grey,'n lid van die Britse parlement, gee hy toe dat die strewe moet wees om die Hollandse koloniste aan die Britse kant te hou,maar dit behoort nie verder as 'n sekere grens te gaan nie."It is the old policy of keeping on good terms with the Colonial Dutch - the bulk of them - at ALL COSTS which has got us into this mess."Hierdie beleid stoot die lojale deel van die bevolking opsy.En volgens Milner was die uiterste linkervleuel van die Afrikaner Party in die Kolonie,"Republicans and rebels out and out".Hierdie klas,meen hy,word egter ~~xxxxx~~ op die oomblik op die agtergrond gehou;dog hulle kom af en toe tot 'n uitbarsting,tot groot ergernis van hulle leiers.Die grootste deel van die bevolking was egter lojaal tot op 'n sekere hoogte. Solank hulle hulleself en hulle mede-koloniste kan regeer volgens Afrikaner-ideale,sal hulle "God save the Queen"gewilliglik aanhoor en selfs 'n klein kontribusie aan die Britse vloot gee.[I]

Die Uitlanders het dadelik na Chamberlain gekabel na sy uitlating dat die krisis kan beskou word as verby.Die volgende dag het laasgenoemde in die Huis van

---

Headlam - Milner Papers 1897-99 bl.477

Gemeentes reeds weer 'n ander klank laat hoor.Hy hoop wel dat die nuwe wet 'n basis van ooreenkoms sal wees,dog hy beklemtoon die noodsaaklikheid om van die obstruktiewe voorwaardes van die wet los te kom,want die neem weg met die een hand wat die ander hand gee.

Solank die stryd net gewoed het onder-die in offisiële kringe,op die Rand en in die pers,het sake nog nie so haglik gelyk nie.Wat die Kaapkolonie betref,was die ondersteuners van die uitlanders lankal luidrugtig,maar die anderkant was betreklik stil in die vertroue dat die Regering sal sorg vir die nodige.Toe die oorlogsparty egter eers publieke vergaderinge begin hou,kon daar ook gou aan die anderkant roering verwag word.

Op 28 Junie is 'n groot vergadering in Kaapstad gehou waar die volgende besluit geneem is:

"This meeting of the inhabitants of Cape Town and suburbs endorses the declaration of the recent meeting of 5000 held in Johannesburg on the 10th June, and the petition of 25000 Uitlanders that the securing of equal rights for old and new, Dutch, English and other nationalities alike in the Transvaal as in other parts of South Africa, is the true and only solution of the embittering race question; declares that the responsibility for the present danger to peace rests with those who would resist or delay this solution and believe that the loyal and fair-minded opinipn of British South Africa, will unitedly support the policy of H.M. Government as represented by the High Commissioner in any measure recommended by him towards securing the much needed reforms".

Hierdie resolusie is ook passeer in verskillende ander plekke: Oos Londen, Queenstown, Indwe, Simonstown, Fort Jackson, Beaconsfield, Port Alfred, Kimberley, Cambridge, Stutterheim, Mafeking, Peddie, Knysna, Mosselbaai, Komgha, Tarkastad, Cathcart en Barkly-Oos en nog enige ander plekke.

Op 30 Junie het die Moderatuur van die Ned. Ger. Kerk die Koningin genader deur die Hoë Kommissaris. Die stuk wat onderteken is deur J.H. Hofmeyr(Moderator Synodi), A. Moorrees (Assessor), J.J. Kotze D.D. (Actuarius) en C.M.J.F. Muller(Scriba)

het verklaar dat die spanning die Moderatuur met onrus vervul weens die oorlogsugtige houding wat 'n invloedryke deel van die plaaslike pers en van die Britse pers aanneem. Die Moderatuur is nie van oordeel dat die geskil met die Transvaal 'n oorlog regverdig nie.

Milner het 'n beleefde antwoord gegee: die petisie komende van die verteenwoordigers van so 'n groot godsdienstige gemeenskap, geniet sy ernstige aandag. Hy stuur dit deur na die Sekretaris van Kolonies vir voorlegging voor die Koningin. Verder sal hyself sy bes doen om 'n vreedsame oplossing te verkry.

'n Vergadering van die Afrikaner Bond is op 12 Julie in Kaapstad gehou[1a] en daar is 'n resolusie aangeneem wat 'n wat kompromie voorstaan gebaseer op die jongste voorstelle van die S.A. Republiek. Soortgelyke vergaderinge is gehou deur verskillende takke van die Bond op ander plekke.

Gedurende dieselfde maand het 'n petisie in Natal sirkuleer, waarin aangedring word op verwydering van Uitlandergriewe. Byna drie-kwart van die volwasse manlike bevolking van Natal het die petisie onderteken en afskrifte daarvan is ook deur Rhodesia en die Kaapkolonie gestuur totdat dit 'ngroot totaal van 49241 naamtekeninge bevat het.

Twee dae na die Bondsvergadering in Kaapstad, het die sitting van die Kaapse parlement geopen. Die houding van die Bond en die ministerie was vroeër reeds bekend by die vriende in die Republieke. Toe Hofmeyr in Bloemfontein was tydens sy sending na Pretoria in die begin van die maand, het Steyn aan hom gesê dat die Afrikaners in die Kolonie nou hulle stem sterk moes laat hoor teen die oorlogsgeskreeu maar eersgenoemde het geantwoord: "Op ons simpatie kan julle reken, maar verwag geen hulp van die Afrikaners in die Kolonie nie in geval van oorlog nie. Hulle sal nie opstaan nie."[1] Toe Steyn hom by 'n vorige ge-

1a Twee dae na Hofmeyr uit die Transvaal in Kaapstad aangekom het.

1 vd. Merwe - Steyn bl. 228 I.

leentheid gesê het dat die Kaapkolonie die tande moes wys en die Goewerneur moet laat verstaan dat hulle geen oorlog in Suid-Afrika wil en sal toelaat nie, het Hofmeyr sy oortuiging uitgespreek dat die Ministerie-Schreiner eenvoudig sal ontslaan word en dan kom Rhodes en Sprigg op die kussings, vanwie hulle die ergste moet verwag.[1]

Nou by die opening van die parlement telegrafeer Hofmeyr in dieselfde gees aan Smuts om die houding van die Kaapse Regering bo alle twyfel te stel; die meeste wat die Kolonie kan gee is morele steun.[2]

'n Paar dae later het die Natalse Wetgewende Raad en Wetgewende Vergadering eenparige resolusies van steun aan die Britse Goewerment, passeer.

Op 31 Julie het daar skielik 'n groot wending gekom in die gang van sake. Op daardie dag word die Hoë Kommissaris uit Engeland gelas om 'n gesamentlike kommissie, bestaande uit verteenwoordigers van beide partye, voor te stel ten einde te ondersoek of die nuwe stemregwet van die Transvaal onmiddellike en voldoende verteenwoordiging aan Uitlanders verskaf, en indien nie, watter byvoegsels en veranderinge sodanige uitwerking sal hê.

Buitekant Transvaal is die nuwe voorstel beskou as 'n olyftak en die vriende van die Republieke het gemeen dat die S.A.Republiek die kans nie moet laat verbygaan nie.[3] Die vriende in Engeland wat die Transvaal so kragtig gesteun het vanuit die opposisiebanke en selfs ook buite die mure van die raadsaal het ook sterk aangeraai dat die S.A.Republiek die voorstel moes aanvaar. Campbell-Bannerman en die ander liberale was oortuig dat Chamberlain se kollegas hom sover gebring het om af te klim van sy hoë stoel.[4] As die President die Kommissie aanneem sou dit maande en maande neem voordat die kommissie

---

I vd.Merwe - Steyn I bl.222
2 Ibid bl.297 Times Hist. I bl.299; Merriman was lenigste van in duidelike resolusie van die Wetgewende Vergadering in sake die Transvaalse Kwessie, maar Schreiner, Hofmeyr en de Villiers was bang sir in teen-resolusie in die Wetgewende Raad — Lawrence - Life of Merriman bl. 172
3 Walker - Lord de Villiers bl.344, 345, 346
4 Cd.369 1900, bl.16 Sien ook bl.64 - aanhaling uit Lord Salisbury se brief (Bufa)

kan rapport uitbring en by die tyd sal die gemoedere bedaar wees.

Die Transvaalse vriende aan die Kaap het hulle uiterste gedoen om die Republiek te beweeg om die Gesamentlike Kommissie aan te neem. Hofmeyr het dadelik op 31 Julie in sy naam laat telegrafeer om daarop aan te dring. Hoofregter de Villiers kon weens sy posisie nie openlik optree in die saak nie, maar het ook dadelik die pen opgeneem en aan sy broer, die Vrystaatse Hoofregter daaroor geskrywe, wetende dat sy advies ook voor ander oë sou gelê word en in dieselfde trant het hy op dieselfde dag aan Fischer geskrywe.[1] de Villiers was wel van oordeel dat die Kommissie enigsins sou afbreuk doen aan die onafhanklikheid van die Republiek, maar het gemeen dat dit beter is as algehele onderwerping. In sy angs dat die Republiek die kans sou laat verbygaan, het hy op 5 Aug. direk aan die President in Pretoria geskrywe; ook het hy via Melius, sy broer, by Reitz aanbeveel dat die Regskommissie van die Geheime Raad die ondersoek kon instel na die werking van die sewejaar wet; met homself en die Liberale Hobhouse en Davey op die Kommissie, sou die belange van Transvaal veilig wees.[2]

De Villiers het ook 'n kans gekry om sy sienswyse aan Milner te verduidelik, maar die onderhoud was blykbaar 'n pynlike vir beide persone. Milner was egter van oordeel dat die Regskommissie van die Geheime Raad aanneembaar sou wees vir die Britse Regering.[3]

Hofmeyr en sy maats kon deur telegramme oor en weer te stuur ook nie bra verder nie, selfs nie meer met die Vrystaters nie. Hulle het egter Fischer sover gekry om weer na Pretoria te vertrek. "Laat Transvaal niet zo veel happen aan kers geven. Laat hen uitnodiging zonder afbreuk van hum onafhank-likheid aannemen",[4] het Hofmeyr nog weer na die Republikeine getelegrafeer; ook is 'n memorie deur 'n vyftigtal lede

1. Hierdie briewe verskyn in Cd. 369 1900; sien ook Walker - de Villiers bl. 343-345.
2. Ibid. bl. 346
3. Ibid. bl. 349
4. Hofmeyr - Hofmeyr bl. 602.

van die Kaapse Parlement en behorende tot die Afrikaner Party, opgetrek xx teneinde die Kruger-Regering te beweeg om die Gesamentlike Kommissie aan te neem.

Dog alles was tevergeefs.Om xxxx die onafhanklikheid sover prys te gee dat Engeland sal toegelaat word om 'n ondersoek in te stel na die werking van wet oor binnelandse sake,was op die tydstip vir die Transvalers 'n te sware pil om te sluk.Die presedent is te gevaarlik,het hulle redeneer,en buitendien hou die eise nooit op nie.So bv.skrywe Kruger aan lord de Villiers in antwoord op die genoemde skrywe van die Hoofregter:"Stel u vir 'n oomblik in my plek;ek is ingesweer om my land se onafhanklikheid te handhaaf,en ek het baie goeie rede om te glo dat Chamberlain en Milner gedetermineerd is om my daarvan te beroof.Kan u my die versekering gee dat indien ek op al die teenwoordige eise xxxxx toegee,hulle my nie sal toeval met ander wat geen President met selfrespek vir 'n oomblik aan kan dink nie?As ons ons onafhaklikheid moet verloor,laat dit van ons met geweld geneem word..."[1]

Die Londense vriende het ook xxx xxxxxxxxx raakgesien dat die presedent 'n gevaarlike vir Transvaal was maar het geen meen dat die moeilikheid kon uit die weg geruim word deur; 1.Schreiner op die Kommissie te kry en dit deardeur 'n Suid-Afrikaanse kleur te gee en 2.deur arbitrasie vir alle verdere geskille omtrent die Londense Konvensie te stel as 'n voorwaarde.[2] Schreiner weer was van oordeel dat 'n blote verklaring dat Transvaal die voorstelle aanneem op voorwaarde dat dit nie as presedent sal dien nie,genoegsaam sou wees.

Maar die raad van pres.Steyn xxx het in hierdie geval meer byval gevind.Steyn was van oordeel dat die Transvaal

1 Walker - Lord de Villiers bl.347
2 Cd.369 1900 bl.17.

dan liewers ~~dat~~ Milner se vyfjaar-voorstelle van die Bloemfontein-Konferensie moes aanvaar en nog verdere konsessies aan die Uitlanders toestaan.

Maar die Transvaal het iets meer gehad as die raad van Steyn om hulle in die rigting te laat beweeg. Daar was samesprekings tussen Jan Smuts, die Staatsprokureur, en Greene, die Britse Agent in Pretoria. Uit hierdie samesprekings het die Transvaal te verstaan gekry dat die Britse regering miskien sou inwillig om die susereiniteitskwessie te laat rus, teneinde die gevoelens van die Transvalers nie seer te maak nie; dat hulle, indien die Uitlanders op 'n redelike manier tegemoetgekom word, hulle nie weer met die binnelandse sake van die Republiek sou bemoei nie en arbitrasie, met uitsluiting van vreemdelinge, sou aanvaar in verdere geskille. Aan die ander kant het Greene 'n nele lys van toegewings van die kant van die Republiek neergeskrywe en in twee telegramme aan Milner bekendgemaak. Die eerste telegram het Smuts gesien voor versending, maar die tweede nie.

Die Britse regering het ongetwyfeld die punte in die telegramme genoem as belangrike toegewings beskou, maar dit moes nog in 'n formele nota van die Republikeinse regering saamgevat word.

Die Hoë Kommissaris het die telegramme op 15 Aug. ontvang en het dit dadelik aan Chamberlain oorgekabel. Op die 17de kon hy Greene laat weet, dat as die regering van die S.A. Republiek sodanige nuwe voorstelle wou maak, dit nie sou beskou word as 'n weiering om op die voorstelle van 'n gesamentlike kommissie in te gaan nie.

Onder die omstandighede dan het die Transvaalse regering op 19 Aug. voorgestel, 'n stemreg na vyf jaar en 'n kwart verteenwoordiging van die nuwe bevolking in die Eerste Volksraad, soos sir Alfred Milner in Bloemfontein voorgestel het. In die 5de paragraaf het die Transvaal laat verstaan, dat hulle die nuwe voorstelle gedoen het onder die ~~verstandhouding~~ bogenoemde verstandhouding omtrent susereiniteit, verdere bemoeiing met

binnelandse sake en arbitrasie,maar op die 21ste het hulle dit ongelukkig nodig gevind om 'n naskrif by die voorstelle te voeg,net om nadruk daarop te lê dat die voorstelle absoluut voorwaardelik was;neem die Britse regering nie die geneemde voorwaardes aan nie,dan moes die voorstelle verval.

'n Mens voel geneig om saam te stem met die Kaapse Hoofregter,sir Henry deVilliers,dat die naskrif van 21 Aug. geheel oorbodig lyk.Ook het die formele nota minder aangebied as wat die Britse regering volgens Greene se tweede telegram verwag het.Chamberlain het blykbaar die telegramme van Greene, wat maar net die uitslag van 'n informele bespreking bevat het, as deel van die formele nota beskou,terwyl die Transvaal juis deur die weerhouding van die punte in Greene se tweede telegram vermeld,probeer het om nog die Republiek te red.[1]

1: Vir die Smuts-Greene-samesprekings,sien C.9521,1899 bl.44, 46xxxx ens. Ook Cook; Rights and Wrongs of the Tvl.War. bl.178-183.

Dat die stemregkwessie betref,het seke nou beide hoogvol gelyk,nie die Transvaal Milner verras het deur in te gaan op sy Bloemfontein-voorstelle,maar Milner het laat verstaan dat daar nog ander lelike kwessies oorbly.[1]

Die Britse Goewerment het gretig gebruikgemaak van die stemreg-aanbod,maar was onwillig om die voorwaardes daaraan verbonde te aanvaar.Dit was presies wat Hofmeyr aangemerk het op die Transvaalse voorstelle van 19 Aug.met die volgende nota van die 23ste:"De indruk die het voorstel op my maakte,was dat gy te veel gaaft en tevens te veel vroegt."[2]Dit was 'n ontsaglike fout van die Transvaalse Regering om weer die susereiniteits-vraagstuk op die voorgrond te stoot.

Die antwoord van Chamberlain op die vyfjaar-voorstelle is gedateer 28Aug.[3]en staan bekend as sy "qualified - acceptance" - aanneme van die toegewings en afwysing van die voor-waardes.

Die Uitlanders was met die stemreg en verteenwoordiging wat die S.A.Republiek op 19 Aug.aangebied het,ook nog nie tevre-de nie en het verdere eise gestel wat o.a.insluit,ontwapening van die Republiek.

Die Transvaal was nou meer as ooit oortuig dat die oorlog teen alle koste aan hulle opgedring word en 'n deel van die volk was al net ongeduldig wat seke so lank talm.Die Regering het ook 'n antwoord opgetrek in trotserende bewoording,maar die Kaapse en Vrystaatse vriende het weer die posisie gered[4].Fisher is nie Pretoria,ook al wanhopig en nouliks geneig om verder by die Transvaal aan te dring op toegewings,maar die Kaapse vriende het by hom aangedring om maar weer die ou weg in te slaan en te pleit dat die Transvaal moet toegee.Nou is besluit om terug te gaan tot Chamberlain se voorstel van 'n gesamentlike

I Dit was altyd Milner se standpunt,maar hyself het tog laat ver-staan dat die stemregkwessie die wortel van die kwaad was en die ander seke nie alleen gering hierteenoor was nie,maar van-self sou regkom sodra die verongelykte party homself kan laat gelde in die volksraad."What is the dynamite question after all?Het hy aan Steyn gevra tydens die Bloemfontein-Konferensie vd.Merwe - Steyn I bl.190.

2.Hofmeyr -Hofm.bl.603. 3.G.952I.1899 bl.49

4 Hofmeyr -Hofm.bl.604.

ondersoek na die werking van die sewejaar wet.[1] Hulle het gereken op die belofte dat die voorstelle van 19 Aug. nie sou beskou word as 'n weiering om op die voorstelle van 'n gesamentlike ondersoek in te gaan nie en dat die weg nog oop bly tenspyte van die alternatiewe voorstelle.[2] Dog daar was misverstand of wat ookal - die Transvaal beweer dit was troubreuk[3] - en die Britse Regering het geweier om terug te gaan tot hulle vorige voorstelle. Die Transvaal was dus na hierdie antwoord van Chamberlain op 8 Sept.[4] slegter af as teen die end van Julie, want nou kon hulle nie verkry wat die te party destyds voorgestel het nie.

Die onrus het in die Kaapkolonie en elders in Suid-Afrika dus grootliks uitgebrei. Nog voor hierdie ernstige wending het Steyn by Schreiner navraag gedoen omtrent die beweging van sekere Britse troepe; dog Schreiner het geen beheer gehad oor die Imperiale troepe nie en hy het geantwoord dat hulle by die Hoë Kommissaris moes verneem wat hulle daaromtrent wou weet.

Schreiner self was skynbaar nog onder die indruk dat hy die Kaapkolonie kon neutraal hou in geval van oorlog tussen die Republieke en die Brittanje. Op 28 Aug. het hy sy veelbesproke neutraliteitstoespraak in die Kaapse raadsaal afgesteek. Die spanning was geweldig en met die grootste aandag het die lede na die Eerste Minister se ernstige woorde geluister:

"If it be a day of storm - it is the duty of everyone on either side to endeavour to maintain this Colony at any rate as a little place of peace - a little port perhaps in South Africa, that is not to be riddled and rent by storm and thunder. That is the aim and the object I have - to preserve the peace of Africa. If it is not to be given to me; if I am still to see despite my best hopes and my deep convictions, that South Africa is to be the scene of war between whites, that one race is to be set against another race in any part of Africa, I shall still say and I say this today, not merely to the Colony but to South Africa and the world - that I shall do my best to maintain for the Colony the position of standing apart and aloof from the struggle, both with regard to its forces and with regard to its people. I tell hon. members that I shall not believe there will be war until I hear the first shot fire. If that unexpected and unhoped for event is going to happen, it will become all of us to stand firmly together against that plague extending to our house. We shall endeavour then to do all in our power to preserve that peace which we have sought loyally and honestly to secure since the day when we put our hands to the plough of the Government of this country.[5]

1. C.9521 1899, No. 49. Dit was 2 Sept. toe Transvaal teruggeval het op die gesamentlike ondersoek. 2. Ibid. bl. 46 - Milner se instruksies aan Greene, die Britse Agent in Pretoria.
3. Lord de Villiers was nie oortuig dat Greene troubreuk gepleeg het nie; sien verder C.9521. bl. 44. 4. Ibid bl. 64. 5. Hansard 99, 333

Milner behandel hierdie toespraak in 'n mededeling aan Chamberlain van 15 September. Hy sê dit skyn of die Premier en sy Kabinet van mening is, dat in geval Brittanje in oorlog geraak met een van die naburige state, die Kolonie geen deel hoef te neem nie en dat sy soldate, wat elkeen ingeskrywe is in die naam van die Koningin en die eed van getrouheid aan die Koningin afgelê het, opsy kan staan in die stryd. Hierdie verklaring kom weinig kort by 'n onafhanklikheidsdeklarasie, sê die Hoë Kommissaris. Die posisie sal 'n nuwe wees in die koloniale geskiedenis van Brittanje. Oorlog het wel al plaasgevind waaraan die kolonies nie deelgeneem het nie, maar dan was dit ver van hul grense; die posisie waarna Schreiner refereer het, sal so sonder presedent wees as wat dit onhoubaar is, beide in die lig van internasionale reg en in die lig van die verhouding van die kolonies tot die moederland.[I]

Schreiner het egter by hierdie tyd alreeds sy woorde gekwalifiseer in 'n onderhoud met die Goewerneur op 6 Sept. Hier het hy aan Milner verseker dat die Koloniale magte wel sal gebruik word om die Koloniale grense te verdedig, maar die twee groot vraagstukke vir hom was om burgeroorlog en 'n naturelle-opstand te voorkom.

Milner het die Eerste Minister goed laat verstaan dat die Imperiale Regering as dit nodig mag blyk, die Koloniale troepe ook buite die grense van die Kolonie kon gebruik en dat die Kaapkolonie as basis kan gebruik word vir die krygsoperasies. In so 'n geval verwag hy dat die Kaapse Ministerie hom lojaal sal bystaan.

Die onsekerheid van die toestand in verband met die aandeel wat die Kolonie in die oorlog sou moes neem, die grootste angs en spanning veroorsaak; ook bestaan die bitterste tweedrag onder die volk. Om die toestand enigsins te verbeter, beveel Milner by Chamberlain aan dat die Kaapkoloniale magte vereers

I. Cd. 43 1900 bl. II

Milner het reeds hard geveg met die Kaapse ministerie oor die verdediging van Kimberley. Op verdere verdediging van die grens het hy vêreers nie aangedring nie. Sy mening was dat behalwe Kimberley, ook nog teminste De Aar, Naauwpoort en Stormberg sou moes okkupeer word. Dit sou die "lojales" gerusstel en sou verhoed dat die Hollandse boere van Noord-Kaapkolonie in opstand kom. Omdat dit egter 'n saak was wat ongetwyfeld 'n breuk met die ministerie sou veroorsaak, en Milner hierdie breuk, soos reeds vermeld, so lank as moontlik wou uitstel, het hy nie daarop aangedring nie.

Die onsekerheid van die toestand in verband met die aandeel wat die Kaapkolonie in die oorlog sou moes speel, het die grootste angs en spanning veroorsaak; om die toestand enigsins te verbeter, beveel Milner by Chamberlain aan dat die Koloniale magte vêreers net sou gebruik word om die Kolonie te verdedig, maar dat geen versekering gegee word dat hulle ook nie buite die grense sou gebruik word nie. Verder wys hy daarop, dat dit goeie politiek sou wees om die gevoelens van Hollandssprekendes in ag te neem.

In die Kaapse parlement was daar 'n hewige storm oor wapens en ammunisie wat deur die Kolonie na die Vrystaat deurgevoer is in die laaste dae van vrede. Onder die "Gunpowder and Arms" [40/2] was dit neergelê dat in so 'n geval 'n lisensie moet uitgereik word deur die Koloniale Sekretaris of die Sekretaris vir Naturellesake of deur 'n persoon deur een van genoemde sekretaris daartoe gelas.

Die tolooreenkoms waarvan die Kaapkolonie en die Vrystaat lede was, het sodanige artikels as wapens en ammunisie vry van belasting toegelaat, as dit deur die Kolonie na die Vrystaat vervoer word.

Nou kom die moeilike posisie vir Schreiner: nominaal is die Vrystaat op vriendskaplike voet met die Kaapkolonie en Schreiner wil nie die geringste oorsaak van wrywing laat ontstaan as dit moontlik kan verhelp word nie. Sal hy nou in Augustus - September en met die oog op die gespanne verhouding tussen Brittanje en die bondgenoot van die Vrystaat, deurvoer van ammunisie belet of nie? In die Wetgewende Vergadering is hy hard

I. No. 13 van 1877, Seksie 4.

aangeval oor die saak en op 27 Augustus het Milner gevra om geraadpleeg te word in verband daarmee.Die vraag vir Schreiner was egter of die Kolonie met die oog op die tolooreenkoms die reg het om soiets te weier.Milner was van mening dat dit wel kon gedoen word en dat dit slegs 'n saak was van die verhouding tussen naburige state.Volgens hom sou dit ongewoon en onvriendelik wees van die Kolonie om soiets te belet,en die Vrystaat kan daaroor kla as hulle meen dat daar geen grond vir so 'n handelwyse bestaan nie.Hy voel egter baie vir Rose-Innes se sienswyse dat dit nie 'n saak vir die Koloniale Goewerment is nie,maar wel vir die Imperiale Regering omdat dit een is van buitelandse betrekkinge.[1]

Op hierdie wenk is dan ook gehandel.Die Imperiale Goewerment het die Kaapse Regering gevra om nie meer wapens en ammunisie na die Republieke deur te laat nie.Deur hierdie versoek is Schreiner uit sy moeilike posisie gered.Om sy houding te verstaan is dit nodig om die oog te hou op die feit dat hy tot op die laaste nie kon glo dat die oorlog werklik sou uitbreek nie en dat hy uiters bevrees was om 'n stap te neem wat aan die Vrystaat kon suggereer om die Kolonie as 'n vyandige buur te beskou.Dit was 'n soortgelyke vrees wat hom genoop het om alles in sy mag te doen om die sending van troepe en artillerie na Kimberley voor die uitbreek van die oorlog,te vertraag.

1. Cd.43, 1900 bl. 11.

net sou gebruik word om die Kolonie te verdedig, maar dat geen versekering gegee word dat hulle ook nie buite die grense sou gebruik word nie. Verder wys hy daarop dat dit goeie politiek sou wees om die gevoelens van Hollandssprekendes inag te neem.

Sedert 8 Sept. was oorlog so te sê 'n voldonge feit, want om alles te kroon het Chamberlain die genoemde depeche van daardie datum feitlik met 'n ultimatum gesluit en die vraag is dikwels geopper of dit beskou moes word as 'n algehele afbreking ~~breek~~ van onderhandelinge, dan of dit nog 'n "locus paenitentiae" vir die Suid-Afrikaanse Republiek bewaar het.[1] "If however as they most anxiously hope will not be the case, the reply of the S.A.R. Government is negative or inconclusive, ~~xx~~ H.M. Government must reserve to themselves the right to consider the situation de novo, and to formulate their own proposals for a final settlement."

Onder hierdie omstandighede was dit nodeloos om nog by ~~xxx~~ die Transvalers aan te dring op verdere toegewings, want 'n deel van die Republikeine het al ongeduldig genoeg geword oor die aanhoudende toegewings en het verlang na die stryd. Dog Hofmeyr en sy vriende aan die Kaap het nog nie moed opgegee nie. Hofmeyr het alweer konferensie-planne gehad en het op 2 Sept. aan die hand gegee dat ~~xx~~ 'n konferensie, indien nie in Kaapstad nie, dan in Norvalspont sou gehou word; terselfdertyd het hy sy mening ~~xxxx~~ uitgespreek dat die Hoë Kommissaris graag die saak sou ~~wil~~ (sou) beslag sonder oorlog, maar as hy sy doel nie kan bereik nie, sal hy nie terugdeins vir oorlog nie.[2] Selfs na Chamberlain se depeche van 8 Sept. hou die Kaapse vriende nog vol om vir vrede te werk, maar die Vrystaat het hulle nou beslis by die Transvaal geskaar. Van Kaapstad af is gebid en gesmeek: "Vrienden en ik (Hofmeyr aan Fischer, deur Herholdt), na ernstige overweging van ontzaglike gevolgen, die op het spel zyn, bidden u Transvaal te smeken om antwoord in volgende bewoording te zenden." En dan volg ~~xx~~ in versoenende gees, 'n ~~xxxxxxx~~ depeche waarin Transvaal geheel sou toegee aan Chamberlain se eis van 'n vyfjarige stemreg, met die gesamentlike ondersoek.[3] Maar die Vrystaat kon Hofmeyr hierin nie steun nie en Fischer het in skerpe bewoor-

I Reports of Royal Commission bl. 8. 2. Times Hist. VI. bl. 338-339.
3. Hofmeyr - Hofmeyr bl, 605. Transvaal het groot beswaar gehad om die Kommissie van ondersoek aan te neem in geval van die sewejaar wet; in geval van die vyfjaar-voorstelle, was dus 'n 'n dubbele toegewing van hulle verwag, maar Milner het ook ondersoekgeskrap.

ding geantwoord:"....Ik weiger om ~~medepligtig~~ medeplichtig te zyn in het helpen van tegenstanders, die alle besef van eer en eerlikheid schynen verloren te hebben, om Transvaal te vernederen. En verder meen Fischer dat daar waarskynlik ook nog in die laas eise van Chamberlain 'n valluik verborge was. Verdere telegramme word nog dieselfde dag (13 Sept.) gewissel en Hofmeyr herinner a die vernederende depeches wat pres. Brand van Wodehouse en Barkl ontveng het; toe het die vyande gehoop Brand sou weier net soos hulle ook nou hoop dat Kruger sal weier, maar Brand het ingegee en niemand blameer hom vandag daaroor nie,

So het die drade warm gebly van telegramme tussen Kaapstad en Bloemfontein en op die 16de antwoord die Transvaalse Regering direk op hierdie representasies van hulle vriende in Kaapstad. Daar was niks aan te doen nie; die Uitvoerende Raad, Volksraad en volk was eenparig op die punt; verder kan hulle nie toegee nie.

Dieselfde dag het die Transvaal 'n negatiewe antwoord gestu op Chamberlain se depeche van 8 Sept. en die Engelse Koloniale Kantoor het laat weet dat die nuwe voorstelle van die Britse Reg ring later kan verwag word. Dit was 22 September. Die Transvaal het gewag en gewag, maar in plaas van nuwe voorstelle was nuwe troepe aan kom. Selfs Leyds wat uit Europa tot versigtigheid aangemaan het, laat op 27 Sept. weet dat vriende in Europa wonder waarom die Republieke wag tot Engeland klaar is.[2]

Vandag weet ons verseker dat die Britse Regering met opset die finale eise uitgestel het, teneinde 'n geleentheid te kry om verdere troepemagte na Suid-Afrika te stuur.

Die posisie was dan ook teen die end van September as volg: Indien die Republieke wag tot die finale eise van die Brit -se Regering hulle bereik, sou hulle reeds in 'n strik vassit; breek hulleself die pas deur 'n ultimatum te stuur, kan die argument teen hulle gebruik word dat hulle die aanvallers is en sodoende kan die posisie van die Britse Regering versterk word.

Aan die anderkant was daar vir die Britte twee onaange- name moontlikhede: in geval die Republieke die laaste weg ver- kies, lê die twee Britse kolonies feitlik vir hulle oop, veral

1. Hofmeyr - Hofmeyr bl. 605.
2. Leyds- Enige Korrespondensie bl. 174; Tw. Verz. I bl. 24

die Kaapkolonie aangesien die beskikbare Britse troepe sover nog te swak was om die posisie te beheer;en ten tweede kon die S.A. Republiek daarin slaag om weer onderhandelinge aan te knoop en wel op so 'n manier dat die Britse Regering die steun van die Britse publiek verloor.

Kon die S.A.Republiek die inhoud van die Britse eise in hande kry,sou dit hulle posisie oneindig versterk het,in die Kaapkolonie,in die Vrystaat en in Transvaal asook in die Buiteland. Want te oordeel volgens Milner se aanbevelings sou die eise tot die uiterste gegaan het.Hy het aanbeveel (I)absolute gelykheid in status van alle blankes in die Republiek;(2)erkenning van Britse supremasie,insluitende nie alleen beheer oor buitelandse betrekkinge nie,maar ook die reg om in te gryp in die inwendige bestuur van die S.A.Republiek indien dit nodig was in belang van Suid-Afrika;(3)Ontwapening.[I]

Maar die Republikeinse Regerings het nie die finale eise afgewag nie.'n Ultimatum is deur hulle opgetrek wat terugtrekking van die Britse troepe op die grense eis,maar deur die invloed van Steyn is die ultimatum weerhou tot 9 Oktober.Steyn het waarskynlik twee oogmerke gehad:die floue hoop dat die ramp nog ter elfder ure kon afgeweer word en indien nie,dan het hy nog 'n tydjie gehad om voorbereidings te tref, [illegible] Die Vrystaters moes lank reeds die verwyt hoor dat hulle probeer om hulle verpligtinge onder die politieke verdrag met die S.A Republiek,gesluit in I897,te ontduik deur die Transvaal tot onmoontlike toegewings te dwing;nou was hulle heelhartig langs Transvaal,maar hulle staat was nie op oorlog voorberei nie.

In die Kaapse parlement was daar 'n hewige storm oor wapens en ammuniesie wat deur die Kolonie na die Vrystaat deurgevoer is in die laaste dae van vrede.Onder die "Gunpowder and Arms"akte[2] was dit neergelê dat in so 'n geval 'n lisensie moet uitgereik word deur die Koloniale Sekretaris of die Sekretaris vir

I.Headlam - Milner Papers I897-99 bl.525
2.No.I3 van I877,seksie 4.

beskou.Dit was 'n soortgelike vrees wat hom genoop het om alles in sy mag te doen om die sending van troepe en artillerie na Kimberley, voor die uitbreek van die oorlog, te vertraag.

Maar druk is in hierdie kritieke tyd nie alleen op die Transvaal uitgeoefen nie; ook, alhoewel in 'n mindere mate, op die Hoë Kommissaris. Schreiner se gesprekke met die Hoë Kommissaris is reeds aangehaal, maar die oorlogsparty het ook nie stil gesit nie. Reeds op 31 Aug. meld Milner aan Chamberlain: "Ek ontvang representasies uit verskillende oorde om die Imperiale Goewerment aan te spoor om 'n einde te maak aan die gespanne toestand; 'prompt and decided action'" is wat verlang word.

"British South Africa is prepared for extreme measures and is ready to ~~xx~~ suffer much inorder to see vindication of British authority".....

"I fear seriously that there will be a strong reaction of feeling against the policy of H.M. Government if matters drag.[1]

Op 8 Sept. het 'n opelug vergadering in Kaapstad weer sterk aangedring op "Prompt termination by the Imperial Government of the present tension" Britse prestige word ondermyn, en deur die ineenstorting van die handel[1a] word 'n groot deel van die samelewing tot bankrotskap gebring. Die vergadering meen dat verdere onderhandelinge nutteloos is.[2]

Op 21 Sept. het die Kaapse Ministerie 'n Minute aan die Imperiale Regering gerig om te pleit vir 'n kompromis en op die 28ste het twee petisies in die Kaapse parlementêre kringe ontstaan. Die een was ~~dikx~~ geteken deur 57 lede wat gewelddadige inmenging in Transvaalse sake veroordeel en vra dat 'n kommissie van ondersoek die stemregkwessie moes nagaan. 'n Teëpetisie is geteken deur 53 lede, wat die beleid van H.M. Regering ~~x~~ steun en dit wraak dat Transvaal vanuit die Kolonie sal aangemoedig word.

Ook die Hoofregter, ~~kx~~ lord de Villiers, het dit eindelik weer gewaag om 'n skrywe aan die Hoë Kommissaris te rig. By die tyd was sake al hopeloos, want dit was al 4 Oktober. De Villiers het gemeen dat die posisie nog kon gered word indien die Transvaal verseker is dat die Britse Regering geen verdere eisek

1. C.952 1899 ~~xx~~ No. 46 2. Ibid. No. 30

1a. Op die Rand het handel tot stilstand gekom en dit het die hele Suid-Afrika affekteer.

sou stel indien hulle toegee nie. Verder pleit die Hoofregter dat die Koloniale magte sal verskoon word, as die oorlog werklik uitbreek.[1]

Die antwoord van die Hoë Kommissaris was nie bemoedigend nie en de Villiers het nog 'n laaste brief probeer voordat oorlog 'n voldonge feit was. Ook het hy deur sy broer Melius vir Steyn gesmeek om nieêt die Kolonie in te val nie, terwyl hy Schreiner genader het om 'n skema te probeer waardeur 'n inval in die Kolonie sou voorkom word. Steyn was tevrede, as die Kolonie net nie as basis vir die Britse troepe sou gebruik word nie, en Schreiner moes sy onmag te kenne gee, aangesien die beslissing omtrent oorlog of vrede, vir die Kolonie, in hande van die Imperiale Goewerment was.[2]

Oktobermaand het die storm gevind, op die uiterste punt om los te bars. Die gebeurtenisse het mekaar nou snel opgevolg en dit word hier in die volgorde gegee, soos dit aan die publiek van die Kaapkolonie oorge-

I ~~Dr Vikkers~~ Walker — de Villiers bl. 358
2 Ibid bl. 360-362.

bring is deur een van die veelgelese blaaie(Ons Land):

„Ons Land" 3 Okt.:Die spoorweg-verkeer oor die Vaalrivier is gestaak en ' n sterk Boeremag onder komdt.Cronje het op die westelike grens van Transvaal saamgetrek.Mafeking het op 'n publieke vergadering om meer beskerming gevra.Die rykstroepe in Kingwilliamstown,Grahamstown en die Kaapse skiereiland het noordwaarts vertrek.Op die Natalse grense het die Boeremagte ook saamgetrek en die driwwe langs die Krokodilrivvier word ook deur Boerekommando's bewaak terwyl die Natalse Vrywilligers opgeroep is en na die grense vertrek.Afdelings van die Vrystaatse burgermagte het in Harrismith,Boshoff en Bethulie bymekaargekom.

„Ons Land" 5 Okt.:'n Boeremag van I0000 man is op die Natalse grense en die Vrystaters het Bothaspas beset.Britse onderdane in Transvaal is offisieel gewaarsku om die staat te verlaat.Versterkinge uit Indië word vir Brittanje aangestuur.

7 Okt.:Die Transvaalse Goewerment wag nog op die nuwe eise van die Britse Regering.Die Liberale leiers het besluit om die Britse Regering skerp aan te val oor die Transvaalse politiek.Pres.Kruger het verklaar dat Transvaal nie aanvallend sal optree nie,tensy daartoe gedwing.Buller het afskeid geneem van die Koningin;poginge word nog aangewend om die oorlog te verny;daar is sprake dat pres.Mc.Kinley as bemiddelaar sal optree.Op Stellenbosch het die Imperiale outoriteite 'n spesiale kamp.Kimberley en Mafeking sal na gemeen word uitgangspunte in die oorlog dien.In die Kolonie word protesteer teen plasing van troepe ver van die grense nl.by die De Aar,Naauwpoort en Stormberg.Die volk weet nie die rede daarvoor nie en die suspisie bestaan dat die troepe die Kolonialers moet oppas.

I0 Okt.:Die Uitlanders hoop op in Adderleystraat.Die Imperiale Regering stel so lank moontlik uit met die nuwe eise;

Mein Vorschlag Hollands in Afrikaans vorgelesen.

Pres.Steyn verklaar in sy telegram van 6 Oktober dat die Republieke dit as 'n vyandige daad sou beskou as die krygsmagte gedurende die onderhandelinge vermeerder word;in die afgelope week het egter ongeveer 4000 Imperiale troepe aangekom en nog 6000 word elke oomblik verwag.Sir Alfred Milner het daaromtrent geantwoord dat die troepe vir verdediging op die grense geplaas word.

Om 5 uur op II Oktober was dit oorlog en die spanning was gebreek.

~~Tot hierdie is die hele Transvaalse kwessie baie objektief behandel,nou het 'n paar persoonlike beskouinge.~~

Die grootste vriende van die S.A.Republiek erken dat daar heelwat fout kan gewind word met die bewind in Pretorie. Ongetwyfeld was dit geheel ondemokraties om duisende inwoners van die Republiek van stemreg te onthou vir die eerste I4 jaar van hulle verblyf in die staat,alhoewel soortgelyke toestande in sommige Europese state op dieselfde tydstip geheers het,en dit gladnie lank gelede in Engeland net so erg of nog erger was[I]. Ook skyn dit of die Transvaalse volk oor die algemeen nie die werklike ekonomiese waarde van die Uitlander-bevolking tenvolle besef het nie.Daar was 'n deel van die bevolking wat te veel staatgemaak het op die prestasies van I88I en die Volksraad kon soms stappe neem wat hulle vriende buite die Republiek laat wanhoop het.Maar plaas enige regering,in watter land ookal so onder die soeklig as wat die S.A.Republiek gewees het en daar sal babe wees wat nie beter as die Pretoriase bewind sal afkom nie.Die sogenaamde skandale in die Transvaal sou jy een vir een,byna sonder uitsonderinge in Brittanje ook kry;trouens die Liberale in Engeland het dit in hulle pamflette helder aan die kaak gestel.

Skynbaar gaan die saak hier oor die Uitlanders.Dat

I Volgens 'n pamflet van E.B.Rose was daar in ~~Groot-Engeland~~ Verenigde Koninkryk teen die middel van I899 'n manlike bevolking bo 2I jaar van II,985000 en van die getal het slegs 6,I6I487 stemreg gehad; dit laat 5,824413 of byna 50% sonder 'n stem.-The Truth about the Transvaal War - bl.36.
Volgens die statistiek was die toestand as volg: Bevolking 40,559,955; Kiesers 6,600,283
Whitaker's Almanaek 1900 bl. 135.

die Uitlander gemeenskap werklike griewe gehad het, val nie te ontken nie, maar dat die griewe[1] soos dit in die pers verskyn het tot 'n baie groot mate die belaglikheid self was, sal nou ook deur weinige ontken word. Iemand wat aan die Engelse kant deelgeneem het in die oorlog het in 'n boekie wat hy publiseer het, die volgende gesê: "...I have seen English newspapers passed from one to another and roars of laughter roused by the Times' telegrams about these precious grievances. We used to read the London papers to find out what our grievances were; and very frequently they would be due to causes of which we had never even heard."[2]

Ook sir William Butler sê: "We are getting our South African news from London as we get much of our meat and all our drink from it."[3]

Dan ook was dit nie slegs die S.A.Republiek en sy vriende wat absolute gelykheid van alle blankes in die Republiek beskou het as 'n lewenskwessie nie. Milner het daarvan in Junie 1899 Aldus gewag gemaak in 'n brief aan die Goewerneur van Natal:

"I cannot concur in his (Escombe's) view that if Transvaal were given constitution similar to that of other South African States there would not immediately or very soon be an Uitlander majority. The industrial population would increase with enormous rapidity and spread over many districts."[4]

Dit kan nie met reg gesê word dat die Transvaalse staatsliede besondere handigheid op diplomatieke terrein openbaar het nie. Tenminste twee ontsaglike foute is gemaak. Dit was toe in 'n depesche, van die S.A.Republiek gepraat is as 'n "Soewerein internasionale staat";[5] geen kwalifisering vn genoemde woorde het die teenstanders belet om dit op die voorgrond te hou nie. So ook is tot pres. Steyn se teleurstelling die woord "susereiniteit" weer op die lappe gebring in die nota van 21 Augustus. Baie Engelse sou nie vir die verskil tussen 5 en 7 jaar veg nie maar hulle sou wel veg vir die susereiniteit. Deur hierdie flaters kon Chamberlain en Milner twyfelaars tevrede stel dat dit gaan oor Britse of Transvaalse opperheerskappy in Suid-Afrika.

Die plan van Brittanje was duidelik om op een of ander tydstip in die toekoms, die hele Suid-Afrika onder die "Union Jack" te verenig, indien enigsins moontlik, sonder oorlog, maar anders

1. C.9345 1899 bevat die Uitlander-griewe.
2. Kapt. Phillips; sien Aked - Our Cowardly War (pamflet) bl.7; sien ook Mc.Donald - Briton vs. Boer bl.30 (pamflet)
3. Butler - Autobiography bl.424
4. Headlam - Milner Papers 1899-99 bl.463.
5. C.9507 1899 bl.32

teen enige koste:"Our object is the future combination of ~~kkx~~ ~~xxkxxxxkx~~ South Africa under the aegis of the Union Jack..... Our first object is to avoid war if it can be done safely,but if war is to come,what are the conditions under which we must manoevre for it to come?..."[1]

Weliswaar het Kruger en Steyn van hulle kant ook gehoop dat nasionalismein Suid-Afrika so sou deurwerk,dat 'n verenigde Afrikaner nasie sou tot stand kom,met geen gesag van buite om die onafhanklikheid te beperk nie.Maar dit is die manier waarop die Britse Regering die saak tot 'n punt gedrywe het en later selfs nie meer tevrede was met ~~xxxxxxxxxxxxx~~toegewings wat hulleself voorgestel het nie,wat die simpatie van die toeskouer aan die kant van die Republieke gegooi het.En vir hierdie politiek van onmiddellike beslissing,was lord Milner verantwoordelik.

Milner was nie,soos die algemene opvatting in Boerekringe skyn te gewees het,slegs die handlanger van Chamberlain nie. Laasgenoemde,onder die druk van sy kollegas,was met minder tevrede as Milner.Milner het met sy ysere wil en deursettingsvermoë die hele Britse Goewerment forseer en"Joe has stuck to me MAGNIFICENTLY".Die volgende aanhaling is afdoende bewys;dit is uit 'n brief van lord Salisbury,die Britse Eerste Minister 30 Augustus 1899:

"Milner's letter suggests many reflections - but they may wait. His view is too heated,if you consider the intrinsic significance and importance of the things which are in controversy.But it recks little to think of that now.What he has done cannot be effaced.We have to act upon a moral field prepared for us by him and his jingo supporters.And therefore I see before us the necessity for considerable military effort - and all for people whom we despise,and for territory which will bring no profit and no power to England."[2]

Die Britse Regering was genoodsaak om die deur aan die ander kant van die gang waarin Milner hulle gebring het,oop te forseer. Die publiek sou nie ~~xxxxxx~~ al om die ander dag 'n militêre demonstrasie goedkeur,~~xx~~ elke keer as die Transvaalse Regering 'n wet maak wat nie na die smaak vn die Imperiale Regering was nie.Hulle moes dus die saak tot 'n finale oplossing druk.

En Milner het ~~geloop~~ dat die S.A.Republiek tog nog op die laaste minuut alles sou gewonne gee in plaas van om te veg;daarvoor het hy die voorbeelde van die Drifkwessie en die Immigrasiewet gehad;toe het Kruger op die laaste minuut teruggetrek en

~~xxxxxx~~

1. Headlam - Milner Papers 1897-99 bl.229 - Lord Selborne.
2. Lord Newton - Lord Lansdowne bl.157 - Hicks Beach, die Kanselier, het dieselfde sienswyse gehuldig.

en hy sou dit miskien nog weer doen.

Dog Kruger het eervolle ondergang gestel bo voortbestaan met 'n nominale onafhanklikheid.

Die Hollandssprekendes in die Kolonie het hulle voorwaar in 'n netelige posiesie bevind met hulle koningin in oorlog teen hulle broers. Min familielies onder hulle het nie bloedverwante in die Republieke gehad nie. Die gedagte aan die ellende wat voor die deur gestaan het, was oorstelpend.

87.

HOOFSTUK 111

DIE EERSTE INVAL IN DIE KAAPKOLONIE.

Dit het spoedig geblyk dat die Britse troepe in Suid-Afrika by die uitbreek van die oorlog onvoldoende was om die posisie te beheer. 'n gedurige toevoer van troepe het plaasgevind gedurende die onderhandeling maar die Republieke was nie so dom om te wag tot die saak vir hulle hopeloos geword het nie en toe die ultimatum gestuur is, was die Britse troepe nog in die minderheid.

Die Republieke was instaat om dadelik sowat 20,000 op die Natalse grense te plaas en byna dieselfde getal langs die grense van Basoetoeland tot die Limpopo[2] (van die Rhodesiese kant moes die grens ook bewaak word).

Bewus van hulle voordeel wat getalle betref, het die Republiekeine offensief opgetree en die verdedigingslinie vir die Britte so wyd as moontlik uitgestrek, byna oor die gehele breedte van Suid-Afrika. Die Britse aanvoerders was dus genoodsaak om slegs verdedigend op te tree totdat versterkings aangekom het. Van die Kaapkolonie kon hulle op die tydstip nie veel verwag nie. Dit was teen die beleid van die Kaapse Regering net voor die uitbreek van die oorlog om die strydmagte van die Kolonie op die grense te plaas; tussen die Republieke en die Kolonie was niks wat na 'n 'casus belli' gelyk het nie. Inteendeel, die vriende van die Republieke was aan die bewind in die Kolonie. →

---

1 Report of Royal Comm. bl.21. - Die volgende tabel toon aan hoe die Britse staande mag in Suid-Afrika aangegroei het gedurende 1899.

Datum	In K/Kol.	In Natal	Totaal	Veld-kanonne
1 Des. '98	3785	4671	8456	24
1 Junie '99	4462	5827	10289	24
1 Okt. '99	7400	14704	22104	60

Die 20,000 man en die 60 stukke grofgeskut was egter nog nie geheel beskikbaar op 1 Okt nie; 'n deel het nog nie geland nie. Die Natalse grens was dus nog maar skraal bewaak en die Kaapkolonie byna glad nie.

2. Walker - A History of South Africa bl. 489 - 490.

↑ 1. Op 11 Okt was hulle nog die Natalse troepe nog steeds van die Kaapse grense as feitelik onbeskerm.

Kaapse troepe op die grense sou nie alleen die oorlog verhaas het en die Republieke uitgenooi het om die Kolonie binne te val nie,maar dit was ook gevaarlik aangesien die grootste gedeelte van die Kolonialers met die Republieke simpatiseer het. Schreiner het gehoop dat die Koloniale grondgebied deur die Republieke keine sou verskoon word.Op die dag toe die oorlog uitgebreek het,telegrafeer hy aan pres.Steyn dat hy hoop die Vrystaat sal nie oor die Koloniale grens kom nie.Die antwoord van die President was dat hy gewillig is om so 'n belofte te maak mits hy die versekering kry dat sy staat nie van die vanuit die Kolonie sal aangeval word nie en mits die Kolonie nie as basis in die oorlog sal gebruik word nie.Dog oor die Britse troepe het Schreiner geen beheer gehad nie en die vryheid van 'n selfbesturende Britse Kolonie het nie so ver gestrek dat die Regering Brittanje kon belet om sy gebied as basis te gebruik nie.{Sekere kringe was die mening toegedaan dat die Regering hardnekkig moes geweier het om die Kolonie as basis te laat gebruik;as die Goewerneur hulle daardeur ontslaan het,sou dit die Kolonie as derde party in die oorlog gebring het en sou die Kolonialers wat die wapen teen Brittanje opgeneem het, nie rebelle gewees het nie.Schreiner het egter gevrees dat 'n konstitusionele botsing die Kolonie gou in vuur en vlam sou hê.}

Die eerste dag van die oorlog,12 Okt.,het die Transvaalers reeds die Betsjoeanalandse grens oorskry,onder kdt. Cronje en het hulle die spoorweg tussen Vryburg en Mafeking in die buurte van Maritzani opgebreek.'n Gepantserde trein wat op weg was na Mafeking is deur die burgers by Kraaipan geneem.Ook ten noorde van Mafeking is die spoorlyn opgebreek en Baden-Powell,vindende dat hy afgesny was van die buitewêreld het hom klaargemaak om met alle manskappe wat hy in die buurte

1. de Villiers was ewe besorg daaroor & het met die Vrystaat deur sy broer, Abel, daaroor korrespondeer - Walker - de Villiers 362

~~107.~~ (Verplaas)

Enige stappe is darom gedoen. Die noordelike distrikte is onder krygswet geplaas alhoewel, soos in die volgende hoofstuk sal aangetoon word, die Regering met moeite oor te haal was om die krygswet uit te brei nadat hulle gesien het tot watter bandeloosheid dit lei.[1] Verder is proklamasies uitgevaardig of mede-onderteken deur Schreiner, in verband met die toestand. So het in die ~~offisiële~~ offisiële koerant van die Regering 'n proklamasie verskyn om die onwaarheid van sekere berigte aan te toon as sou die Britse Goewerment begerig wees om die Hollandse Afrikaners as 'n ras te breek[2] en hulle van konstitusionele regte te beroof. Die Britse Regering begeer die grootste vryheid en selfbestuur vir Afrikaners sowel as Engelse. ⟶

1. Proklamasies en kennisgewings van die Kaapse Goewerment Okt. 1899 tot Junie 1900, - G62 - 1900.

2. Vergelyk: Molteno. Dominion of Afrikanderdom bl. 182-185.

Ook is die gerugtes onwaar, so meld 'n ander proklamasie, dat die konstitusie van die Kolonie ~~xxx~~ opgeskort, ~~xxxx~~ en die burgermagte sal opgeroep word om teen die Republieke te stry.[1] Nog andere verklaar die proklamasies van die Republieke van nul en gene waarde, waarsku teen hoogverraad en beloof skadevergoeding.[2]

Natuurlik was die Regering in die meeste van hierdie gevalle slegs tegnies verantwoordelik vir die proklamasies maar onder die omstandighede kon die Ministerie maklik steun verloor daar baie van sy ondersteuners met die Republieke gesimpatiseer het.

By die uitbreek van die oorlog het die staande mag[3] van die Kaapkolonie bestaan uit omtrent 800 Kaapse Polisie en sowat 900 Cape Mounted Rifles. Van eersgenoemde was 226 in die distrik van Kimberley, 103 in Mafeking, terwyl die res versprei was oor ~~xxx~~ die Kolonie. Ongeveer 400 van die Cape Mounted Rifles was met Gatacre op die Oostelike operasie-terrein, maar die origes was ook versprei.

Verder het daar in die groter dorpe en in die stede "Volunteers" bestaan en dan ook skietverenigings in die kafferdistrikte. Hierdie twee eenhede was ongeveer 5000 sterk en is opgeroep op die 16de Okt. om slegs hulle eie distrikte te beskerm. Eers toe die dorpe begin het om vir hulleself te sorg deur Dorpswagte op die been te bring, was die "Volunteers" vry om na die front te gaan en hulle is toe gebruik om die gevaarlike opening in die Middellande, tussen Gatacre en French te dek deur posisie te neem by Rosmead, Cradock, Tarka ens.

Maar die Kolonie het meer gedoen met sy vrywilliger-korpse as met die staande mag. Ongelukkig is dit onmoontlik om die juiste syfers aan te gee omdat hierdie korpse hoegenaamd nie net Kaapkolonialers bevat het nie. Vlugtelinge uit Johannesburg, Engelse, Kanadese, Nu Seelanders, Amerikaners en manne uit alle oorde, het aangesluit.

1. Times
1. No. 6 - 9 Nov. 1899
2. Nos. 299, 313, 319, 19, 277, 325 - almal 1899.
3. Vir die Koloniale magte sien Times Hist. III, bl. 92-95 en ook Stirling - The Colonials in South Africa.

Die South African Light Horse is in die Kaapkolonie op die been gebring in Nov.1899.Vroeg in die volgende maand het die korps uit 8 eskadrons bestaan.Die grootste gedeelte is egter na Natal gestuur;Brabant's Horse is ook vroeg in die oorlog in Queenstown-Dordrecht gerekruteer en kort daarna nog 'n tweede afdeling;dan ook nog Nesbitt's Horse en die Eastern Province Horse, beide in die Oostelike Provinsie,waar 'n groot deel van die bevolking uit Engelssprekendes bestaan.Verder het ook die volgende in die Kolonie tot stand gekom:Kimberley Light Horse,Kimberley Mounted Corps,Scotts Railway Guides,Midland Mounted Rifles,Frontier Light Horse,Colonial Light Horse,Western Province Mounted Rifles,Cape Colony Cyclists,Kitchener's Fighting Scouts,Railway Pionier Regiment,Roberts' Horse,Kitchener's Horse,Border Scouts, Namaqualand Border Scouts,Bushmanland Borderers.

~~Sommige~~ Later is ook 'n dorpswag in elke dorp of stad op die been gebring.

Sommige van bogenoemde korpse is ook gedeeltelik in Natal gerekruteer maar ~~die Kaapkolonie~~ die Kaapkolonie het gedurende die eerste 8 maande van die oorlog omtrent ~~20,000~~ 20,000 man gelewer vir sy verdediging[1].'n Baie groot gedeelte van hierdie magte het egter nie na die front gegaan nie en dis onmoontlik om te sê hoeveel van hierdie manskappe ~~Kaapkolonialers~~ Kaapkolonialers was.Die getal sluit ook in sowat 4000 naturelle.

Schreiner is met moeite oorgehaal om die naturelle in die reserwes onder die wapen te bring.Daar was groot onrus op die grense van die reserwes by die uitbreek van die oorlog.Baie gerugtes was in omloop.Sommige het gemeen die naturelle sal opstaan teen die ~~Regering~~ Regering sodra die oorlog uitbreek.Die Koloniale boere in die nabyheid het ernstig gevrees vir hulle lewes.Diefstalle was volop en die boere het begin praat van vergaderings hou om die toestand te bespreek.Dit skyn of algemeen geglo is dat die naturel sal wag om te sien watter kant die voordeel in die oorlog behaal om hom by die wenkant te voeg.

1. Times Hist.III bl.95.

Daarby kom nog dat die Cape Mounted Rifles wat in die naturelle-distrikte die orde gehandhaaf het, moes vertrek om Gatacre te steun en dus moes die Regering die gevaarlike stap neem om inboorlinge te wapen nie alleen om as spesiale polisie-mag diens te doen nie, maar ook om veldmagte op die been te bring ter beskerming van hulle eie grense. Die gevaar is egter tot 'n minimum beperk deur blanke offisiere oor die naturelle-magte aan te stel en onder die bekwame toesig van Sir Henry Elliot, die hoofmagistraat van die gebiede, was die waagstuk 'n sukses. Die stap het die rus onder die inboorlinge sekerlik herstel en gedurende die hele oorlog het alles stil gebly anderkant die Kei. Net een hoofman in Oostelike Pondoland het moeite gegee, maar by hom was dit die gewoonte.

In die begin is, behalwe die spesiale polisie, net 500 Tembus en dieselfde getal Fingo's in diens geneem, terwyl 'n verdere 500 uit die Xalanga-distrik 'n belangrike posisie okkupeer het by Garry Owen.[1]

Die getalle het egter aangegroei in die loop van die oorlog en twee aparte eenhede het ontstaan: die "Griqualand East" en die "Tembulabd Field Forces". Die eerste het sy hoofkwartiere by Mount Fletcher gehad en het uit 200 blankes en 2000 Fingo's bestaan. Die ander was versprei: 180 blankes, 500 Fingo's en 600 Tembus byEngcobo; 500 was tussen Cala en Indwe en ander afdelings nader na die grense van Wodehouse en Barkly-Oos.

In Januarie 1900 het lord Roberts met die toestemming van die Hoë Kommissaris, aan kol. Brabant die rang van Brigade-Generaal toegeken en hom geplaas aan die hoof van 'n onafhanklike Koloniale Divisie. Daar skyn 'n spontane antipatie te bestaan het onder Kolonialers om onder Imperiale Offisiere te dien en hierdie reëling het rekrutering vergemaklik.

In aanmerking geneem die unieke omstandighede in die Kolonie, waar iets meer as die helfte van die blanke bevolking in simpatie was met die vyand, het die Kaapkolonie dus heelwat gedoen om sy eie grense te beskerm, alhoewel die Regering offisieel nie veel kon doen in die begin nie. Later hoor ons meer daarvan.

1. Sien die volgende vir toestande onder die naturelle:
G.50A -1900; G.52 -1901; G25 -1902; G29 -1903.

Die eerste dag van die oorlog, 12 Okt., het die Transvalers reeds die Betsjoeanalandse grens oorskry, onder kdt. Cronje en het hulle die spoorweg tussen Vryburg en Mafeking in die buurte van Maritzani opgebreek. 'n gepantserde trein wat op weg was na Mafeking is deur die Burgers by Kraaipan geneem. Ook ten noorde van Mafeking is die spoorlyn opgebreek en Baden-Powell, vindende dat hy afgesny was van die buitewêreld, het hom klaargemaak om met alle manskappe wat hy in die buurte

kon bymekaarskraap,blank of gekleurd,die dorp te verdedig tot die uiterste.

In Taungs met sy 2000 kafferhutte het nie veel witmense gewoon nie,maar by die spoorwegstasie 'n klein endjie daarvandaan was 75 Kaapse polisie in 'n fortjie met 'n meksim voorsien. Die kafferepp-hoofde was gewillig om die invallers te beveg, maar hulle is aangeraai om hulle liewers stil te hou;gedurende die oorlog het hulle die Engelse groot dienste bewys as boodskappers.Die magistraat vam Taungs het die oudste seun van die opperhoof Molala met hom saamgeneem na K imberley waar hy gedurende die hele tyd van beleëring gehou is -'n waarborg dat Molala lojaal sou bly.Op I5 Okt.is Taungs afgesny van die buitewêreld wadat die polisie reeds teruggetrek het.Die volgende dag is die plek ingeneem.Die Franse sendingstasie het die Franse vlag gehys as teken van neutraliteit.Volgens die magistraat van Taungs sou dit moeilik wees om al die vrae te beantwoord in verband met die neutraliteit van die stasie.Die Vierkleur is in die dorp gehys en die Hollandse boere van die omtrek het bynd tot die laaste man toe by die Republiekeine aangesluit.[I]

Twee dae voor die Vierkleur in Taungs gehys is,was die verkeer met Kimberley ook afgesny deurdat die spoorlyn by Spytfontein enBelmont in hande van die Republiekeine geval het.

Oorspronklik was die plan dat die Britse troepe dadelik na die noordelike distrikte sou opruk.Gelyktydig met Lord Methuen se mars na Kimberley,sou luit -genl.Clery langs die Middellandse spoorweg deur Naauwpoort na Colesburg opruk,terwyl luit.genl.Gatacre met die oostelike spoorlyn op Stormberg en Burgersdorp sou konsentreer.Maar hierdie plan om die noordelike distrikte te okkupeer moes opgegee word weens die groot aanvraag vir troepe in Natal.[2]Die invallers het dus byna skoonveld voor hulle gehad die eerste tyd.

I Magistraatsverslag,Taungs (Die magistraatsverslae berus nog in die magistraatskantore van elke distrik (duplikate).Gedrukte kopieë is te vinde in die Handelingebundels van die Volksraad.)
2 Cd.457.1901 bl.3. A.5—1900.

~~70~~ Majoor

In Vryburg het, Scott I20 Kaapse poli∮sie en 60 vry-willigers onder hom gehad. Die inwoners het druk uitgeoefen op die magistraat om die poli∮siemag verwyder te kry en die magistraat was eweneens van sienswyse dat die poli∮sie eerder 'n bron van gevaar was omdat hulle teenwoordigheid die burgermagte in die rigting van Vryburg kon lei. Op 'n vergadering in die hofsaal gehou onder voorsitterskap van die magistraat, is 'n resolusie aangeneem vraende die verwydering van die poli∮sie. 'n Brief behelsende hierdie besluit is deur die voorsitter aan Scott oorhandig en laasgenoemde het besluit om terug te trek, aangesien die Transvaalse kommando's reeds op weg was; die pol-poli∮sie het teruggetrek maar Scott, hulle aanvoerder, het sy hand aan sy eie lewe geslaan. Die magistraat het op 20 Okt. die volgende brief ontvang:

Z.A.R. Commando,
Devondale, Oct 20, I899

Den Wel Ed. Heer, Burgemeester
of Resident Magistraat,
Vrybyrg.

Wel Ed. Heer - Hiermede wens ik U Ed. en de inwoners van het dorp Vryburg kennis te geven dat ik voornemens bem hey(t) dorp Vryburg in naam van het volk der Zuid Afrikaanse Republiek in bezit te nemen indien nood met geweld van wapenem. Daar ik echter ongaarne tot dit uiterste wil overgaan en gaarne bloedstorting wil vermyden, dien dit schryven om U Ed. aan te manen namens de inwoners bezit van het dorp op vreedsame ~~wyse~~ wyze aan my te overhandigen.

Indien ik hierop geen antwoord ontvang voor morgen (Zaterdag) om 7 uur voormiddags, zal ik tot myn ~~spyt~~ leedweze moeten beschouwen dat U Ed. weigert aan myn aanmaning gevolg te geven.

Ik heb enz.
J.H. de la Rey,
Vecht Gen der Z.A.R.

Die volgende môre was die kommando van de la Rey in Vryburg. Die Vierkleur is gehys en die Generaal het 'n toespraak gehou waarin hy die gedagte uitgespreek het dat die hele Betsjoeanaland ~~op daardie dag~~ by die Transvaal en die hele Griekwaland-Wes by die Vrystaat ingelyf ~~is~~ sal word. Die Vierkleur wat hy op daardie dag in Vryburg hys, het die Generaal verklaar, I sou nie weer daar afgehaal word nie as net oor hulle lyke heen.

Wat sou die uitwerking van hierdie toespraak op die

I Die laaste woorde uit Schowalter "Im Kampf um Süd-Afrika," Band IV bl. 56. Die res omtrent Vryburg, uit verslag van magistraat. Alhoewel die Republikeinse proklamasie sleg okkupasie & nie formele annekasie behels het nie, het die Boere-offisiere dienooreenkomstig in die praktyk gepraat en gehandel asof die okkupeerde distrikte annekeer was.

gemoedere van die Betsjoeanalanders wees?Sommige was reeds onder die wapen en de la Rey spreek die hoop uit dat meer sal volg.Die volkslied word aangehef;delaRey se kommando groei aan.Die Betsjoeanalander het die sprong in die duister geneem,maar in sy siel waar die tweestryd vir 'n tyd gewoed het,is die newels nog nie opgeklaar nie;daar was twyfel omtrent die gevolge wat sy sy beslissing mag hê vir hom en sy afhanklikes,totdat die vyandelike lood en granate die verlede en die toekoms verban en slegs 'n bewussyn oorlaat vir die onmiddellike.

In die begin is niemand in Vryburg kommandeer nie,maar na 'n tydjie is lyste opgemaak van persone wat miskien sou aansluit en daarmee is rondgegaan.Om ernstige druk uit te oefen is die lys gebruik as kommandeerbrief,maar die wat volhard het in hul voorneme om nie aan te sluit nie,het Kon in die reël rustig bly mits hulle geen moeite gee nie.

Die ganse oorlogstoneel kan in hierdie tyd verdeel word word as volg:die oostelike operasieveld(Natal);die ~~suidelike~~ noordelike, d.i.noordelike Kaapkolonie;en die westelike d.i.Betsjoeanaland en Griekwaland.Hier word egter net die Kaapkolonie behandel en na Natal sal slegs verwys word wanneer die gebeurtenisse aldaar die Kaapkolonie kan affekteer.'n Herverdeling van die toneel is dus nodig om slegs die Kaapkolonie in te sluit.Daar sal dus gelet word op:die oostelike operasie-terrein nl.Stormberg en omtrek;die noordelike nl.Colesberg,Naauwpoort;en die Westelike d.i.Betsjoeanaland en Griekwaland,en die distrikte Gordonia,Kenhardt en Prieska.

Sover het is nog slegs melding gemaak van die noordwestelike operasie-terrein.In Betsjoeanaland en Griekwaland-Wes was eintlik net drie plekke wat noemenswaardige teëstand gebied nl.Mafeking,Kuruman en Kimberley.Die heldhaftige verdediging van Mafeking en Kimberley is wêreld-bekend[1] ~~daar is~~ daar is baie oor

1. Vir Mafeking sien: Aitken - Baden-Powell; Baillie - Siege of Mafeking; Hamilton - Siege of Mafeking. Sykes - A Diary (Siege of Mafeking)

Vir Kimberley sien: Holcroft - How Kimberley was held; Tempelhoff - With the Boers round Kimberley; O'Meara - Defence of Kimberley; Ashe - Besieged by the Boers. A Pottery manis Journal - Siege of Kimberley. Private brieve - Handelsmuseum Bibliotiek (ongedrukt)

geskrywe.Hier sal dus nie besonderhede gegee word daaromtrent nie.

Baden-Powell se gereelde troepe in Mafeking het bestaan uit 470 man van die Protektoraat,90 British South African Police, 100 Kaapse polisie en 70 Bechuanaland Rifles.Tesame met die siviele bevolking het hy sowat 1200 blankes onder wapen gehad en omtrent 500 kleurlinge en naturelle.Baie ander naturelle is deur Baden-Powell gebruik om loopgrawe te maak ens.want die kafferstat het 'n gewone bevolking gehad van 6000,terwyl nog 1000 as vlugtelinge van Johannesburg aangekom het.

Voorbereidings vir die verdediging van Mafeking is gegetref sedert September.Soos reeds gesê was die dorp dadelik afgesny by die uitbreek van vyandelikhede.Op 16 Okt.het die Boere die bombardement begin.Opdie laaste dag van die maand is 'n aanval probeer,maar teen die helfte van die volgende maand het genl.Cronje die beleëring aan genl.Snyman oorgelaat,daar sy teenwoordigheid in die suide nodig was.Snyman het nie veel lus gehad vir stormaanvalle nie en was tevrede met 'n daelikse bombardement.Sake het daar dus baie eentonig geword en ons kan Mafeking hierby laat tot Mei van die volgende jaar toe hierdie plek weer aandag begin trek het.

Kimberley was 'n besondere aantreklike prooi vir die Vrystaters omdat hulle nog nie vergeet het onder watter omstandighede die diamantvelde vir die Vrystaat verlore gegaan het nie. Dan ook was Rhodes ingesluit in die diamantstad,alwaar hy met die laaste treim aangekom het voor die verbinding afgesny was.

Die stad het self enige wapens en ammunisie gehad wat nog tydens die Jameson-inval aangekoop is,maar na die Bloemfontein Konferensie was die inwoners baie begaan oor verdediging. Publieke vergaderings is gehou om die Regering te beweeg om na die verdediging van die stad om te sien maar-van tevergeefs.

Gegewens omtrent Mafeking:Times Hist.IV bl.568-ens.
Gegewens omtrent Kimberley:Ibid.bl.533 ens.

Direkte kommunikasie met ondergeskikte amptenare het die gevolg gehad dat artillerie na Kimberley gesmokkel is.Maar die inwoners het hulle daarna gewend tot die Goewerneur self en is sover tegemoetgekom dat die Lancashire regiment daarheen gestuur is in September.Toe die stad afgesny is,het Kekewich oor 222 offisiere,4500 man,I4 sewe-ponders en II meksims beskik. Krygswet is dadelik deur kol.Kekewich afgekondig en alles in gereedheid gebring vir verdediging.

Komdt.Wessels van die Vrystaatse burgermagte het op 4 Nov.sy ultimatum aan Kekewich gestuur en het aanpresenteer om die vrouens en kinders deur te laat indien hy genoodsaak is om die stad te bombardeer.Vermoedelik deur 'n misverstand ,is die aanbod nie aanvaar nie.Op 6 Nov.het die eintlike beleëring begin.

Na die oorlog vir 'n maand aan was die gang was,was feitlik die hele Betsjoeanaland en Griekwaland-Wes in hande van die Republikeine.Die distrikte van Barkley-Wes,Hay,Herbert ens. het almal teen I5-I7 Nov.sonder slag of stoot oorgegee en sover die Republikeine deurdring word die Vierkleur gehys of die Vrystaatse vlag,'n okkupasie-proklamasie word gelees,'n Landdros word aangestel en die ~~burgers~~ inwoners vind hulleself onder Republikeinse gesag;benodighede word kommandeer en kwitansies daarvoor uitgereik in naam van die Republieke.Waar die eienaar va n 'n besigheid gevlug het,word sy roerende eiendom eenvoudig geneem sonder kwitansie.Duidelikheidshalwe gee ek enige paragrawe uit die lang proklamasie van C.J.Wessels,Hoof-Kommandant van die Vrystaatse burgermagte in Griekwaland-Wes. Die proklamasie van Generaal Olivier was hoordelik dieselfde slegs met verandering van plaasname:

Paragr.6:"Alle commandanten en bevelhebbende officieren van afzonderlyke of zelfstandig handelende afdeelingen hebben recht requisitie te bevelen van het noodige strekkende tot het onder-

houd der burgers en manschappen.De requisitie van ander benoodigheden welke in het belang van het leger onmisbaar worden geoordeeld kunnen slechts bevolen worden door den Hoofdkommandant waarnemende.In elk geval zal van de inwoners niets worden geëischt dan hetgeen noodig is tot onderhoud der manschappen en zal van alle verstrekkingen,zoo niet kontant betaald officieele kwitansies worden afgegeven.

7.

Verder maak ik hiermede bekend dat leven en eigendom gewaarborgd worden aan allen die zich onder bescherming plaatsen van den regeering van den Oranje Vrystaat of van de Zuid Afrikaanse Republiek en hunne wettig aangestelde ambtenaren en officieren wier wetten en orders zy zullen opvolgen en gehoorzamen.

8

Niemand die niet vyandig tegen de reegering van den Oranje Vrystaat of van de Zuid Afrikaanse Republiek of hunne ambtenaren officieren,wetten of orders optreedt zal eenig nadeel ondervinden.

9

Zy die weigeren zich te onderwerpen bekomen hiermede verlof om binnen den tyd van veertien(I4) dagen het door den Krygsmacht ingenomen terrein te verlaten.

I0

Alle personen die van hunne plaatsen of woningen verdreven zyn of gevlucht zyn en die zich nu aan de bepalingen in deze proclamatie vervat onderwerpen,mogen naar hunne woonplaatsen terugkeeren.

Gegeven en bevolen door my te Olifantsfontein den IIden dag van November,I899.[1]

(Get.)C.J.Wessels
Hoofd Commandant.

In 'n proklamasie dieselfde dag(II Nov.)uitgevaardig,word bekendgemaak dat 'n Landdros op Barkley-Wes aangestel is en "dat de wetten der Kaap Kolonie voor zoverre niet uitdrukkelyk herroepen of gewysigd door de proclamatie....II Nov:...zullen zyn en blyven van kracht voor zoverre niet later veranderd door my.

Die proklamsie van pres.Steyn waarop bostaande baseer is,sal die leser in die bylae vind.[2] Die was soos dr.vd.Merwe aantoon 'n byna woordelike vertaling van wat Duitsland in I870 proklameer het toe die Duitse leërs Frankryk binnegedring het.

Om rekrute te trek,het die Republiek eine 'n groot formaliteit daarvan gemaak as 'n dorp en distrik inbesit geneem en proklameer word.In verband met die inname van Vryburg is een en ander daaromtrent reeds gemeld.Om as voorbeeld te dien sal volledige besonderhede met betrekking tot Colesberg aangegee word.

Nou moet ons die noordwestelike operasieveld eers daar

I Proklamasie,gevind onder die verslae van die magistraat van Barkley-Wes; daar dit nie 'n kopie van die oorspronklike is nie mag kleinere foutjies ingesluip het.
2 Bylae bl.337 Ook vd.Merwe - Steyn II bl. 5.

laat en omsien na die noordelike en oostelike. Deur die westelike operasie-terrein sover te voer het die kronologiese volgorde nie heeltemal verlore gegaan nie, want, "mirabile dictu", die Vrystaat het 'n volle maand gewag voordat sy leërs in noordelike Kaapkolonie ingestoot is. Die Republieke het Natal gelyktydig met Betsjoeanaland en Griekwaland-Wes binnegeval, maar nieteenstaande die noordelike grens ook onbeskermd gelaat is, het die Vryatate ters op die noordelike oewer van die rivier gebly tot die middel van November.

Die eerste gevolg van die oorlog vir noordelike Kaapkolonie was dat Colesberg gedurende Oktober en begin November oorstroom is met vlugtelinge uit die Republieke. Die spoorweg was ses myl noord van Norvals Pont reeds opgebreek en vandaar moes selfs vrouens en kinders stap, die Kolonie in. In Colesberg is kollekteer vir die vlugtelinge en reëlings is getref om hulle te ontvang. Aangesien heelwat tronkvoëls in trokke na die suide gestuur is om in Norval's Pont gedump te word, het groot ontsteltenis in die distrik ontstaan, maar ook op regeringskoste is voorsiening gemaak vir lewensbehoeftes en niks ernstigs het gebeur nie. By die nadering van die Republikeinse burgermagte het die vlugtelinge verder die wyk geneem na Naauwpoort.

In die nag van 31 Okt. het 'n aantal Vrystaters die Colesberg wabrug oor die rivier en die Norval's Pont spoorwegbrug inbesit geneem. Die 8 polisie wat daar moes waghou is gevangegeneem maar 'n naturelle-~~polisieman~~ konstabel het ontsnap en die berig in Colesberg gebring. Die instruksies van die polisie was om nie te skiet op die Vrystaters nie maar om terug te trek en te rapporteer as die grens oorskry word. Voor die gevangeneming het hul rapporteer dat die vyand kort-kort die diepte van die drif meet by Allemansdrift in die middel tussen die twee brûe. Dog dit was eers 14 dae na die inbesitname van

vam die brûe dat die dorp Colesberg ingeneem is.

Om 4 uur die môre van I4 Nov.is die magistraat van Colesberg wakker gemaak deur twee gewapende Vrystaaters,Kolbe en adv.Botha,wat hom berig dat Hoofkommandant E.R.Grobber van die Vrystaatse burgermagte besig was om die dorp in te trek,en hy word ontbied om die sleutels van die regeringsgeboue te kom afgee.~~Terwyl die magistraat deur die strate stap,in teenwoordigheid van 'n klein mag,merk hy op dat die rante om die dorp lewe van gewapende burgers.~~ Na 'n tyd daag Hoofkommandant Grobler en genl.Schoeman op en eis oorgawe van die sleutels.Op 'n vraag van die magistraat,belowe Grobler dat lewes en eiendom van die inwoners veilig sal wees solank hulle rustig bly;van geen vreedsame sal iets geneem word sonder betaling nie.Alles wat sy manskappe nodig het sal van die winkeliers gekoop word as hulle gewillig is om te verkoop en indien nodig sal hulle in Transvaalse goud betaal.As mnr.Wrensch die eed van getrouheid aflê kan hy sy kantore behou as Landdros.Die aanbod word natuurlik geweier.'n Skaar van mense(inwoners)het in die tussentyd by die hofgebou vergader en na die magistraat aan hulle meegedeel het wat die Kommandant gesê het omtrent die lewes en eiendom van die inwoners,oorhandig hy die sleutels.

Grobler spreek nou die "Geachte Publiek "toe,proklameer meer die dorp en distrik en herhaal sy belofte aangaande beskerming van die publiek;daarop volg toejuiging deur die Colesbergers.Die Kommandant vra hulle om aan te sluit by sy kommando's.

Mnr.Wrensch kom daarna aan die woord en verklaar dat die proklamasie onwettig is,en dat die inwoners lojaal moes bly aan Haar Majesteit.Hieroor het hy so byna onderdeur geloop want 'n plaaslike boekhouer wat voorheen deur mnr.Wrensch met £2 beboet is vir beledigende taal teenoor Haar Majesteit,het op hom afgestorm,maar die omstanders het tussenbei gekom.Toe

Gegewens omtrent inname van Colesberg,volgens verslag van magistraat.

die Republikeinse vlag omhoog gaan juig die Colesbergers weer.

Op die I5de.(d.i.volgende dag) is 'n gewapende demonstrasie op die Markplein gehou,alwaar 'n verhoog opgerig is vir die geleentheid.Onder die burgers was al baie jong Colesbergers.Toesprake word weer gehou en daarin word verwys na donker bladsye in die geskiedenis van Suid-Afrika.Die proklamasie word nou deur adv.Botha gelees en kopieë onder die skare uitgegee,eers in Hollands en die volgende dag in Engels.

Van die Markplein is 'n deel van die publiek na die hofgebou,waar 'n vergadering gehou is om amptenare te kies, veral Kommandeer-veldkornette(In die reël is Kolonialers vir hierdie werk gekies omdat hulle die distrik goed ken.)

In die tussentyd is perdeens. reeds opgekommandeer en op die I6 de.het die Kommandeer-veldkornette hulle werk begin en omtrent twee-tot driehonderd man het aangesluit.

Die magistraat is toegelaat om sy boeke in orde te bring en te oorhandig aan adv.Stockenstrom die tydelike Landdros.Die kontant-balans van £53 kon hy behou.

Verder ooswaarts het dieselfde gebeur gelyktydig met die inname van Colesberg.Op I en 2 Nov.het die Vrystaaters ook oor die Bethulie-brug gegaan en hulle kamp aan die Koloniale kant van die Oranje opgeslaan. Dog dit was ook eers op I4 Nov. (dieselfde dag is Colesberg geneem) dat Swanepoel en du Plooy in Burgersdorp oorgawe van die sleutels gesis het.

In die begin van die maand het die Britse troepe van Stormberg-jünksie en Naauwpoort teruggeval.Hierdie stap het 'n paniek veroorsaak en die gerug het versprei dat die plan van kapitaliste afkomstig is,en bedoel is om die Hollandsprekendes 'n kams te gee om te rebelleer.

Die veroweringstog het voortgegaan: Venterstad,Aliwal-Noord,Lady Grey en om die woorde van Lord Milner te gebruik[I]

I Review of the Situation I6 Jan. I900, Cd. 2644 1900 bl. 3.

"still proceeding Eastward, the current reached Basutoland and there turned back by the lofty ranges of the Drakensbergen and Mount Fletcher, broke Southwards at last."

Binne 3 weke vandat Colesberg en Burgersdorp geneem is, het 5 groot distrikte ten suide van die Oranjerivier sonder teëstand in hande van die Republikeine geval, nl. Colesberg, Albert, Aliwal-Noord, Barkly-Oos en Wodehouse(Dordrecht).

Maar ons het nou tot aan die end gekom van die eerste periode van die inval. Die inval Engelse het in die tussentyd versterkings gekry. Op 31 Okt. het die Opperbevelhebber, Sir Redvers Buller, geland en op 9 Nov. 'n transportskip met troepe. Die Britte het nou na hulle sin lank genoeg passief gebly en het begin effen met 'n offensiewe beweging. Buller het self na Natal gehaas en het nog meer troepewa wat eintlik vir die Kaapkolonie bedoel was, ook na Natal ontbied. Dog Kimberley moes ontset word en die taak is opgedra aan Lord Methuen. Met ongeveer 10000 man het Methuen dan die opmars begin na Kimberley. Danige natuurlike hindernisse was daar nie op die weg nie want sy weg het gelê deur die groot vlaktes van die Noordweste en Methuen kon nog versterkings kry uit Kaapstad indien nodig. Nogtans kon swaar gevegte verwag word want die Boere sou nie maklik 'n prooi soos Kimberley opgee nie.

Hierdie is geen Militêre Geskiedenis nie en sonder 'n definitiewe rede word nie in fyne besonderhede getree in verband met veldslae nie. Dog die swaar gevegte wat nou volg vorm 'n essensiële deel van die verhaal. Daarvan het die moontlikheid afgehang dat die opstand en inval in die Kolonie tot 'n spoedige einde kon kom, of dat dit- dit nog groter omvang kon aanneem. Maar behalwe hierdie moontlikhede vir die Kaapkolonie in die besonder, was daar die groot moontlikheid vir die wêreld in die algemeen, dat die komende groot gevegte die metodes van oorlogvoer kon rewolusioneer, soos dit trouens ook ge-

gebeur het.

Dit was die eerste oorlog wat sou gevoeg gevoer word met moderne wapens aan beide sye en die oë van die wêreld was op Suid-Afrika gerig. Die ander nasies het met begerige oë die gebeurtenisse gadegeslaan met die doel om voordeel te trek uit die lesse van die vegtende partye. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die wêreld sou die klein kaliber geweer met rooklose patrone op groot skaal gebruik word. So was dit ook met die artillerie wat die wêreld hier in Suid-Afrika vir die eerste maal die kans sou gee om die uitwerking van hoogs ontplofbare bomme en skrapnel te sien.

Die groot vraag wat moes beantwoord word was die volgende: is dit moontlik om onder moderne geweervuur van verskanste skerpskutters in betreklik digte geledere op die vyand af te storm; maw. is die bajonet nog opgewasse teen die koeël?[I] Teen Desember van die eerste oorlogsjaar het die Britse aanvoerders hierdie vraag in die negatief beantwoord. Of hulle daarin reg was en wat dit vir die militêre wêreld beteken het, is hier nie soseer ter sake nie. Wat hier van belang is, is dat hierdie gevolgtrekking 'n magtige invloed gehad het op die loop van die oorlog in Suid-Afrika en dus op die geskiedenis van die Kolonie gedurende die periode wat hier behandel word. Ek kan my nie verbeel dat die oorlog drie jaar kon geduur het as die Britse soldaat na die noodlottige Desembermaand volgehou het om te storm met die doodsveragting wat hy in die eerste gevegte aan die dag gelê het nie. En hoe langer die oorlog geduur het, hoe dieper het dit sy merk afgedruk op die geskiedenis van Suid-Afrika.

Dit was die laaste week van November toe die eerste botsings met Methuen plaasgevind het. Dit het hewiger en hewiger geword tot dit die klimaks bereik het by Magersfontein;

du Cane -
I German Account of the War -Eng. vert. bl. 324

Vroeg in die more van 23 Nov, het Methuen met 7,000 man 'n aanval gedoen op die Vrystaatse Generaal, Prinsloo wat met 1800 man in die koppies ten ooste van die Belmont posisie ingeneem het. Die Britte het in betreklik korte tyd hoogte na hoogte geneem met 'n verlies van 295 man, terwyl die Republikeine al vegtende terug geval het. Prinsloo se telegram na Bloemfontein lui as volg:

"Heden morgen hadden verschrikkelyk gevegt plaats hetgeen tot ons nadeel is afgelopen daar wy het slagveld moesten verlaten. Volgens dr. Voortman die het slagveld doorzocht zyn omtrent 10 gesneuweld en 40 gekwest aan onze zyde. Het gevecht duurde van dagbreek tot omtrent half twaalf. Het vecht terrein was omstreeks 2 uur ver uitgebreidt..... Sommige van de Indische troepen werden op 6 treden afstand van onze burgers doodgeschoten . Om order weder te herstellen was ek verplicht om terug te trekken in de richting van Ramdam....."[1]

Dela Rey het opgeruk van Graspan om die retirerende burgers van Belmont op te neem en daarnaxx tel die Beere 2500.

Die volgende more het 'n nog groter geveg plaasgevind by Graspan, waar die Britte op die regter-vleuel een van die pragtigste storm-aanvalle van die hele oorlog uitdevoer het, onder 'n xxxxxx verwoestende koeëlreën. Ook die Boere praat met bewondering van die doodsveragting wat die Britte hier openbaar het. Dela Rey beskryf die geveg as volg in sy telegram na Bloemfontein.

"Wy hadden hen teruggehouden tot 2 uur 'snamiddag toen het voetvolk by dikken troepen zicht op een punt van myn commando concentreerden. Wy waren geheel omsingeld deur de Engelse troepen zich 1½ uur ver uitstrekten en de enigste plaats waarin wy konden doorkomen was die door de Lanciers beset".[2]

Die Britse verliese was 185 teenoor 35 van die Boere.

Na die Boere hulle stellings by Graspan moes verlaat , het

1.Telegramme van die begin van die oorlog tot die inname van Bloemfontein is versamel deur "De Oranje Vrystaat Informatie Commissie" onder die hoof "De Boeren Zyde".
2.Die beskrywing van hierdie en die volgende en die veldslae is 'n kombinasie van Britse offisiële verslae, Bloemfontein Telegramme, Reuter-en ander verslae, Times History, C. Doyle- The Gr. Boer War, Schowalter-Im Kampf um Afx Süd -Afrika (Boeregetuienis), Klepper- De Zuid-Afr. Oorlog.
De la Warr- The war in South Africa
Bunder- The Boer War dagboek 1899-1900)

Vir Methuen se opmars na Kimberley, sien kaart II en sien ook Walker: Historical Atlas, Kaart 20.

hulle teruggetrek tot by die samevloei van die Modder- en die Rietrivier.Hier het hulle 'n nuwe taktiek probeer.Dela Rey het ingesien dat dit verkeerde strategie is om die hoogste koppe vir verdediging in te rig;die steil rante bied skuiling vir die aanvallers,sodra hulle eers die voet van die kop bereik het en sulke hoë koppe is pragtige mikpunte vir die artillerie.[1] Die kom van die twee riviere by hulle samevloei was vir Dela Rey die ideale grond om die volgende slag te lewer.Hier het hy Sondag en Maandag(26 en 27 Nov.)besig gebly om alles in orde te bring. Cronje het Maandagaand aangekom en het die bevel op hom geneem. Nou het hy oor 4000 man beskik maar het slegs minder as die helft van die getal in die geveg gebring.Die posisies het omtrent 5 myl ver uitgestrek en die digte bosse in die rivierkom het die loopgrawe baie goed gedek.Ook het 'n heuwelrug voor die val van die rivier die vlakte aan die ander sy vir 'n groot gedeelte beheers.Die brug oor die rivier was reeds in die lug gespring terwyl die spoorweg vir 'n afstand opgebreek was,sodat geen hulp vir die Britte langs die weg kon opdaag nie.

Methuen het gemeen dat die ergste verby was en het teminste nie gedink dat aan die Modderrivier ernstige teenstand sou gebie word nie.Sy leër het dus in die hinderlaag gestap wat Dela Rey gestel het.Deur egter die heel dag in die brandende son plat te lê,kon die soldate die koeëlreën enigsins ontduik maar hulle het byna versmag van dors.Die artillerie het onafgebroke gedond en nou en dan probeer die Britte 'n aanval.Die bombardement op die regtervleuel het die Vrystaters se geweervuur so verlam dat 'n klein aantal soldate daarin geslaag het om deur die rivi te kom.Dit was 'n gevaarlike oomblik vir die Boere maar gelukki vir hulle was sake anderkant die rivier in 'n taamlike wanorde.

Toe die duisternis geval het,was Cronje egter vasbeslote om die posisies te verlaat.Volgens hom was die stellings onhoubaar omdat die vyand op een vleuel voet aan die oewer gesit het.Dela Rey kon die noodsaaklikheid om terug

I.Times Hist.II bl.342.

te trek nie insien nie."My seun het daar geval,"het hy aan 'n korrespondent van die Volkstem gesê,"maar die verlies het my nie so baie trane gekos as die ontruiming van die posisies by Tweeriviere(Modder en Riet)nie.As ons daar gebly het,sou die Engelse verplig gewees het om na Oranjerivier terug te trek,want daar was tussen Tweerivieren en daar geen voldoende water vir man ,perde en bees nie.En as hulle eenmaal daar was,sou ons maklik 'n verbinding met ons kommando's onder genls.Grobler en Schoeman by Colesberg tot stand kon gebring het."[I]

Die Boereverliese was so omstreeks 40 aan dooies en 'n paar meer aan gewondes.Die Britse verliese was 70 dood en 413 gewond.

Die Republikeine het teruggetrek tot by Magersfontein en Methuen kon na hy-hom 'n bietjie asemskep sy opmars hervat na Kimberley,vanwaar die heliograaf boodskap na boodskap uitstuur na die leër van Methuen aan die Modderrivier - Methuen, Kimberley se enigste hoop.

Weer was die gedagte dat die groot gevegte nou verby was;dat die Boere hulle poging om die ontset van Kimberley te belet,opgegee het,maar onder die koppies van Magersfontein was die burgers hard besig om voor te berei vir die volgende groot slag.Prinsloo is afgesit en Ferreira volg hom op.Ook het pres. Steyn 'n spesiale woordjie kom rig tot die strydende burgers om hulle weer moed te gee.Hy moes betig ook omdat 'n deel van die Vrystaters by Modderrivier hulle stellinge verlaat het,waardeur die vyand kans gekry het om aan die oewer van die rivier te kom.

Beide kante het versterkings gekry;by Methuen het o.a. aangekom die Hooglander Brigade onder genl.Wauchope.

Die herstelling van die spoorweg en ander voorbereidings het die Britte sowat 10 dae geneem en op 9 Des.word die

[I] Soos onlangs weer deur die korrespondent oorvertel in „Die Burger" en herhaal in „Die Burger" van 21 Okt. 1932.

Die koppies van Magersfontein bombardeer om uit te vind waar die Boere hulle skuilhou;maar die heuwels vertel geen geheim nie. Die bombardement van die Saterdag en Sondag(9 en IO Des.)was vreeslik om te aanskou.Die grond was letterlik omgeploeg en die koppe in 'n vuur gehul.Al die tyd lê die burgers rustig in hulle loopgrawe 'n endjie onderkant voor die koppies en raak solank gewoon aan die gedonder van Liddiet en Skrapnel.Nog nooit was Methuen in hierdie opmars so onkundig omtrent die posisies van sy vyand,nie as op hierdie noodlottige Sondag toe hy die vars troepe laat aanruk om 'n nagtelike aanval te probeer.Hoe op aarde 'n aanvoerder met so 'n mate van onkunde omtrent die posisies van sy vyand,aan 'n nagtelike aanval kan dink gaan 'n mens se verstand te bowe.Die aand van die IOde het die infanterie die kamp by Me verlaat en het 'n noordwaartse rigting ingeslaan.Die Die nag was stikdonker en dit het gereën en daarom moes die Hooglanders wat die gewaande posisies op die koppies sou bestorm,so vas op mekaar marseer as moontlik; hulle het die nag in die reën deurgebring 'n paar myl van hulle vyande af.Teen eenuur die nag is die opmars hervat nog altyd in die allerdigste geledere-"..company behind company,each company in two lines in close order with a third line of 'supernumeraries', the whole forming an almost solid rectangle of men in 96 successive lines".[I] Van die manne op die kant het 'n tou in die hande gehou om te verhoed dat sommige afdwaal.

Dit was nog sterk donker,ofskoon die eerste strepe van 'n gryse môre sigbaar word,toe die Hooglanders die loopgrawe van die Republikeine nader.Voor hulle steek die geheimsinnige koppies donker af teen die gryse lug,maar die velde swyg soos die graf.

Cronje het die nag baie min geslaap en was vroeg,voordag reeds op om seker te maak dat alles in orde is;nou is elke verdediger gereed vir die nagtelike aanval en lê met die vinger

I Times Hist.II bl.398

aan die sneller.

Die Hooglanders dring langsaam vorentoe;hulle sou al ontplooi het,maar deur een of ander rede sou hulle nog 'n endjie verder gaan in geslote geledere. Nog 'n paar treë in die onsekere duister en toe bars daar 'n geweervuur los,so verskriklik dat die hele omtrek in vuur en vlam verkeer.Selfs in die donker was so 'n vuur dodend want die Boere het nie weer nodig gehad om vanaf 'n koppie te skiet nie en die geweer kon slegs horisontaal gelê en afgevuur word na die digte massa.Skrikwekkend was die slagting onder die Hooglanders.In 5 minute was ongeveer 700 man op die grond,dood,sterwend,gewond,soos 'n korrespondent dit uitdruk;dit was omtrent 'n vyfde van die manskappe. Ook genl.Wauchope was onder die sterwendes.

Dis feitlik onmoontlik om te sê wat in die paar minute plaasgevind het na die vuur losgebars het.Die getuienis van die soldate wat in die vreeslike toestand was en darem ontkom het,is so teenstrydig dat 'n mens nie veel daaruit kan wys word nie.Dit blyk dat 'n deel van die soldate werklik vorentoe gestorm het na die onsigbare vyand,om vlak by die loopgrawe neergeskiet te word,terwyl die grootste gedeelte op 'n wilde vlug geslaan het.Die Hooglanders het egter gou weer herstel en het op die slagveld gebly.Versterkings het opgekom en die geveg het die heeldag deur geduur maar alhoewel die Engelse grofgeskut die wêreld weer omgeploeg het en die Boere goed onder vuur gehad het ,was daar nie sprake dat Methuen die posisies kon neem onder die omstandighede nie en teen die aand het die soldate uit die vuurlyn terruggetrek.Die Boere-artillerie het deur een of ander onverklaarbare rede die dagte in Modderrivier nie, vir die eerste maal die namiddag om 5 uur aan die geveg deelgeneem.

Methuen se neerlaag was so gevoelig dat hy genoodsaak was om terug te trek na Modderrivier en sy voorwaartse

beweging na Kimberley was gestuit. Die Britse verliese was byna 'n duisend, 68 offisiere en 903 man.

Volgens die Identifikasie Departement van Transvaal was die Boere-verliese omtrent 250 aan dooies en gewondes. Die Skandinawiërs het die meeste gely; instryd met Cronje se instruksies het hulle posisie ingeneem digby die omtrent 1500 treë van die burger-linies en digby die vyand.

Die vertroue in die Republikeinse kamp was sterk na hierdie oorwinning: "Wy vonden onze burgers stil en zy zyn niet vrolik na de verschrikkelyke slachting die zy onder de Engelsen hebben aangericht maar zy zyn vast besloten hunne posities te behouden.....
Gisteren was het niet alleen eene schitterende overwinning maar een nieuwe geest is in onze manschappen gevaren, en zy hebben eene school doorlopen". Aldus die offisiële berigte in Bloemfontein.

Hier kan ons Cronje en Methuen vir 'n tydjie laat om te sien wat in die noorde vam die Kaapkolonie en in die ooste plaasgevind het. Ons het laaste gesien dat die Republikeine vryspel daar het en een na die ander distrik okkupeer, terwyl die Britse troepe van Stormberg en Naauwpoort teruggeval het. Dit was gedurende die eerste periode van die oorlog toe die Britse troepe in die Kolonie passief moes bly omdat die Republikeine in getalle hulle oortref het. Maar toe die tweede periode intree en Methuen in die weste sowel as Buller in Natal val die Boere-posisies aan, het Gatacre besluit dat hy ook nie langer kan ledig bly nie, terwyl die opstand in die Kaapkolonie gedurig uitbrei. 'n Onverwagte oorwinning, het hy gemeen sou die Kaapkolonialers versigtiger stem. Net soos Methuen wou hy ook die Boere verras met 'n nagtelike aanval en toe die Hooglanders in die weste hulle noodlottige opmars aanvaar, was-het 'n ramp alrede vir Gatacre se manskappe daardie selfde dag getref. Dis presies die storie van Magersfontein en ek tree nie

weer in besonderhede nie. Die nag van 9 Des. het Gatacre ~~besluit~~ uitgekies om sy aanval by Stormberg uit te voer. Hy verlaat die kamp by Putterskraal, stap van die trein by Molteno en begin sy mars na Stormberg om die anderdagmôre so vroeg as moontlik aan te val, maar weer geskied dit sonder verkenning en die twee kleurling-gidse raak daarby nog die pad byster. Tog bereik Gatacre vroeg die môre sy doel. Dog die Boere het net bytyds agtergekom wat gaande was en die Vrystaatters en rebelle het nog kans gehad om die geweer te gryp en die belangrikste koppies en rante te beset. Hulle open 'n onverwagte vuur op die manskappe van Gatacre en die geveg begin. Die einde van die saak was dat die ongelukkige Gatacre die slagveld moes verlaat onder die vuur van die Boere en met agterlating van 634 gevangenes, 28 dood en 61 gewond. Die Boereverliese was weer baie gering.

Nou moet net melding gemaak word van nog 'n groot ramp, die grootste wat die Britte getref het in dieselfde tyd. Vier dae na Magersfontein het Louis Botha, Buller by Colenso in Natal verslaan en behalwe groot verliese aan kanonne, het die Britse aanvoerder II 27 man buite geveg verloor, dood, gewond en vermis. Dit was 'n vreeslike week vir Brittanje en staan bekend as die "Black Week". Maar dit het Brittanje 'n besef gegee van die taak wat die voorlê en uit alle oorde waar Britte woon het hulp opgedaag. Die volle sterkte van die Ryk sou nou die Republieke ten onder bring.

Met die "Black Week "eindig die twede periode van die inval in die Kolonie. Nou volg die derde wat ek graag wil noem die Britse "offensiewe defensief". Weer moes die Britse troepe defensief optree soos in die begin totdat versterkings opgedaag het. Die Kolonie was so te sê oop vir die Republieke. Dit kan as doodseker beskou word dat elke distrik so sou handel soos die wat reeds ingeval was. Vanself sou die Hollandse Afrikaners nie opstaan teen die Britse vlag nie, maar as die stry-

Dis besonder opvallend dat die aantal dooies in elkeen van hierdie gevegte so uiters gering was in verhouding tot die gewondes. In die vier gevegte op weg na Kimberley, Belmont, Graspan, Modderrivier en Magersfontein was Methuen se verliese aan dooies 367 teenoor 1491 gewondes. Die moderne geweer met die staalpunt patroon is dus nie 'n wrede wapen nie. 'n Man kry 'n skoot wat vroeër as absoluut dodelik beskou is; hy is buite geveg gestel en het ongetwyfeld baie te ly maar die end van die saak is dat hy oor 'n tydjie weer 'n geweer hanteer. Op die Vredeskonferensie in 1899 in Den Haag gehou, het die afgevaardigdes van Groot Brittanje beweer dat die soldate nie vertroue in die harde neus patroon kan hê nie; die objeksie van die Britse militêre was dat genoemde patroon nie genoeg "stopping power" het nie en daarom wou Brittanje hom nie onderwerp aan die uitspraak van die konferensie wat die gebruik van die sagte neus verbied het nie.[1] Gelukkig egter is laasgenoemde patroon nie veel gebruik in die Suid-Afrikaanse Oorlog nie.[2]

Met die Black Week eindig die tweede periode van die inval in die Kolonie. Nou volg die derde wat ek graag wil noem die Britse "offensiewe defensief". Weer moes die Britte defensief optree soos in die begin totdat versterkings opgedaag het. Die Kolonie was feitlik oop vir die Republikeine. Dit kan as doodseker beskou word dat elke distrik so sou handel soos die wat reeds ingeval was. Vanself sou die Hollandse Afrikaner nie opstaan teen die Britse vlag nie, maar as die stry-

1. Marks: "Bullets, Expansive, Explosive and Poisoned" bl. 9 (Pamflet) Sien ook Westminster Review Junie 1902, en Schiel: Dum-Dums in the Transvaal.

2. Daar die blaaie van die periode onder behandeling massas leesstof bevat omtrent die gebruik van Dum-Dum, word in die bylae iets daaromtrent gegee.

dende broeders eers die distrik proklameer en aandring op hulp, dan moes hulle lojaliteit aan die Britse Koningin baie sterk wees as hulle nie inwillig nie. Nouwel, daar lê die Kaapkolonie na die "Black Week" feitlik oop vir die Republikeine en duisende manskappe sal aansluit sover hulle gaan. Dog hier is dit waar die Republikeinse aanvoerders baie ver kortgeskiet het. Van die Republikeinse kant beskou is dit 'n treurige geskiedenis van verspeelde kanse wat tewyte was aan swakke leierskap. Hulle taktiek was negatief. Hulle bly op die verdediging sodra soldate teen hulle opruk en wag tot dit die vyand behaag om aan te val. In die geveg is die Boer so dapper as van 'n gewone burger bevolking maar kan verwag word en aan 'n posisie word met vasberadenheid vasgehou. Dog die oumanne wat die bevel op hulle gehad het in die begin van die oorlog was nie instaat om 'n oorwinning op te volg nie. Dan ook moet onthou word dat die burgers nog nie so gehard was in die stryd as op die latere stadium van die oorlog nie. Wat hulle later op 'n doodgewone manier sou gedoen het, sou hulle op hierdie stadium nog voor teruggedeins het.

So het Cronje dan dae aaneen by Magersfontein lê en wag dat Methuen of moes terugtrek of moes aanval. Tevergeefs het die jonger aanvoerders probeer aandring daarop dat 'n poging moet aangewend word om Methuen se kommunikasielyne af te sny en hom deur gebrek aan lewensmiddele te dwing tot oorgawe. Cronje kon nie daaraan dink om die versperring na Kimberley te verswak nie; maw. hy het nie besef dat verdediging onder sulke omstandighede in aanval kan oorgesit word nie, en het die hoop gekoester dat sy negatiewe pogings tot positiewe resultate kon lei.[I] Al die tyd was Methuen besig om net 'n skyn van aanval te gee terwyl hy op versterkings wag.

So ook het genl. Schoeman die hoofaanvoerder in die noordelike Kaapkolonie, byna passief gelê met meer troepe as wat

I Sien du Cane - German Account of the war (Eng. Vert.) bl. 234, 330 en 336 oor die taktiek aan beide kante gevolg

die Britse aanvoerders teen hom in die veld kon bring. Toe Lord Roberts by sy aankoms die noordelike Kaapkolonie feitlik aan sy lot oorlaat om in die weste te konsentreer, het Schoeman nog nie van die geleentheid gebruikgemaak nie. Daarom sê die Duitse offisiële verslag van die oorlog:[1] "Dat die Britse nie nog verder verslaan is nie en dat die rebellie in die Kaapkolonie nie 'n groter omvang aangeneem het nie, was enkel toe te skryf aan die leierskap van die Boere wat beide deurdrywendheid en eenheid kortgekom het."

Hierdie passiewe taktiek van die Republikeine of die stadium, kan hier nouliks te veel beklemtoon word want die lot van die hele Kaapkolonie was op die spel.

Op 10 Jan. land Lord Roberts, die Opperbevelhebber wat Buller moes vervang en Lord Kitchener, die tweede in bevel, en hulle vind die posisie as volg:[2] In die noordweste wag Methuen op versterkings; in die noordelike Kaapkolonie hou luit.-genl. French met drie regimente ruitery en I½ battaljons infanterie die lyn Naauwpoort - Rensburg; in die ooste van die Kaapkolonie het Gatacre met twee batterye artillerie en 4½ battaljons onder hom probeer om die inval deur sy aanwesigheid te stuit. Sy hoofkwartiere was op die oomblik Sterkstroom.

Lord Roberts het 'n samespreking gehad met die Hoë Kommissaris wat aan hom die politieke toestand kon verduidelik. Wat die militêre posisie betref, het die Opperbevelhebber tot die slotsom gekom dat geen verbetering op die oomblik kon probeer word nie, alvorens hy soveel troepe bymekaar het dat hy die oorlog in die vyandelike gebied kon voer nie. Hy het die Luit-Genls. op elke operasie-terrein beveel om op die verdediging te bly. Hulle moes daardeur probeer om die inval binne perke te hou. En ek moet sê, dit kom my voor of die Britse aanvoerders op die drie operasievelde in die Kolonie, nooit soveel bekwaamheid van leierskap aan die dag gelê het as juis in hierdie

I Walters - (German Account Eng. Vert.) - bl. I28
2 Cd. 457, I90I bl. 3

donkere tyd nie. Die Britse magte wat oorspronklik bedoel was vir die opmars na Bloemfontein en Pretoria was nou versprei oor 'n front van 500 myl; nérens was hulle sterk genoeg om te weer aan te val nie want die uitwerking van die Boerevuur het demoraliserend gewerk en die soldate het bepaald aan "Mauserism" gely. En tog het die Britse aanvoerders die skyn gewek dat hulle nog sterk is en enige tyd weer die offensief kan neem. Die "Times History" druk die valle waarheid uit in die volgende woorde:

"The defeated British army was everywhere left in possession of the strategic initiative"[1]

Daar was wel sprake dat Methuen uit vrees van afgesny te word na Magersfontein se ramp, sou terugtrek na Oranjerivier en sodanige besluit was reeds geneem maar dis weer teruggetrek. Methuen self het kans gesien om met sy orige 12000 man en 30 kanonne te bly waar hy was. 'n Terugtog kon demoraliserend gewerk het op die soldate, kon die Kolonie aangemoedig het om op te staan en, soos die "Times History" tereg aandui, sou so 'n stap die Boere feitlik forseer het om die inisiatief te neem. In plaas dus van terugtrek, het Methuen net gedurige demonstrasies met grofgeskut voor die Boere-stellings by Magersfontein uitgevoer. Deur hulle stellings gedurig te bombardeer, het hy die indruk geskep dat hy weer gaan aanval. Op 'n klein skaal is teen die end van Desember 'n poging aangewend om die kommunikasielyne te versteur maar dit het misluk deur slappe disipliene en omdat die burgers nog nie die resolute waaghalse van later was nie. Dis moeilik om te sê wat sou gebeur het as die distrikte van Gordonia, Kenhardt en Prieska in Desember tot opstand gebring is in plaas van in Januarie toe dit te laat was. Die jongeres het vurig daarvoor gepleit maar die jongeres het by die outoriteite geen invloed gehad nie. In plaas van hierdie strategiese punte dadelik aan te pak is gedurende Desember hard gestry oor die besit van Kuruman. Die plek was van geen

[1] Times History
I III bl. 105

strategiese waarde nie,maar die verowering moes miskien geskied net omdat dit eers begin is .In die eerste periode van die inval toe die ander distrikte van Betsjoeanaland en Griekwaland so geredelik oorgegee het,het Kuruman taamlik sterke teëstand gebied.Op 13 Nov. het Visser reeds sy aanmaning tot oorgawe die dorp ingestuur maar daar is besluit dat die 50 Europeane[1] en 30 kleurlinge die forte wat die dorp beheer sou hou so lank as moontlik.Dit was eers op Nuwejaarsdag dat die burgers die forte kon neem na 'n artillerie-bombardement.Die geveg het daardie dag 6 uur geduur.

Net soos die Boere op die westelike operasieveld passief gebly het,netso het hulle in die ooste ook die inisiatief aan Gatacre oorgelaat.Sy mag was welgeplaas en was 6000 sterk.Sterkstroom was sy hoofkwartiere maar hy het sterk poste gehad by Boesmanshoek,Penhoek en 'n polisiemag by Cyfergat.Hy het dus die hele streek tussen Molteno en Sterkstroom onder oë gehad en het klein aanvalle gewaag sonder om hom in gevaar te stel en net om die Boere besig te hou;so het hy selfs Dordrecht weer tydelik okkupeer.Aangesien die naturelle in die reserwes onder die wapen was onder leiding van blanke offisiere was Gatacre gerus dat sy ~~linker~~ regter vleuel nie sou omtrek word nie. Dog daar was 'n gevaarlike gaping tussen Gatacre se linker-vleuel en De Aar.French het die gaping probeer dek maar om dit te doen moes hy sy flanke baie ver uitstrek sodat sy lyn gevaarlik dun was.Toe French in op 20 Nov.Naauwpoort her-okkupeer het,was die burgermagte teen hom heelwat meer in aantal.Maar French is 'n aktiewe aanvoerder en het die burgers laat dink dat hy oor groot getalle beskik.Sy astrantheid het hom egter nie altyd gehelp nie want by tye het die Boere tog inisiatief getoon;veral was dit die geval toe delaRey ook na die noordelike Kaapkolonie gegaan het dog delaRey het nie die ondersteu-

I Die offisiële berig meld dat 120 gevangenes geneem is.Indien so,moes die aantal verdedigers waarskynlik ook meer gewees het as die 80 waarvan die magistraat melding maak.

ning van genl.Schoeman gekry wat nodig was om 'n besliste offensief te neem nie.

By Arundel,Rensburg ens.het botsings voorgekom en die voordeel was nou aan die kant en dan aan die ander.Teen die end van Desember het die Boere Rensburg ontruim en teruggeval na die posisies by Colesberg.Alhoewel die terugval nie juis tewyte was aan onweerstaanbare druk van die kant van die Britte nie,het French daarvan gebruikgemaak om sy troepe vorentoe te skuiwe. Hy het stadigaan meer troepe onder hom gekry en het nou gemeen dat hy Colesberg kan neem,as hy nog versterkings kon kry;daarvoor het hy na Kaapstad telegrafeer[I].Maar French het hom deerlik misgis ;hy kon die burgers uit hulle posisies by Colesberg nie verdryf nie en het selfs determineerde teenaanvalle uitgelok. Sy versterkings het egter aangekom en French het gemeen dat hy tog nog Colesberg kon neem.Bywyse van voorspel moes kol. Watson een van die koppe in die nag neem;die soldate is selfs voorsien met sagte skoene om vir die nagtelike aanval.Dog hierdeur het French presies oorgekom wat Methuen,Gatacre en Buller reeds ondervind het.Die Boere was gereed vir die aanval en dit het op 'n ramp uitgeloop.Die afdeling wat die bestorming gewaag het,het al sy offisiere verloor,terwyl I50 van die manskappe buite geveg gestel is;onder die II offisiere wat French verloor het was ook K kol.Watson wat dodelik getref is.

Nou was dit ook nie meer moontlik om Colesberg te neem nie want die burgers is nog versterk en delaRey en van Dam op die linker-vleuel van Schoeman,het die wereld warm gemaak vir die Britte.Lord Roberts het dit ook onmoontlik gevind om deur Colesberg die Vrystaat aan te val.

Nou kom ons tot die vierde en laaste periode van die inval in die Kolonie.Roberts se geweldige getalle was gereed en hy het sy groot offensief begin.Op 3I Jan. was die sterkte van Roberts in die Kolonie,5I900 man en I50 kanonne en in Natal was

[I] Times Hist.III bl.I05 ens.gee 'n volledige beskrywing van die krygsoperasies gedurende hierdie tyd van die Britse "offensiewe defensief".

34830 man en I20 kanonne.[I]

Meteenstaande hierdie groot getalle was die beroemde frontverandering wat Roberts teen die end van Januarie begin het,'n waagstuk nog groter as een van die ander aanvoerders aangevang het.Die res van die Kaapkolonie is soos reeds genoem, feitlik in die steek gelaat,en French Roberts het op die Noordweste konsentreer.Sy plan was om Kimberley te ontset en om dan dadelik na Bloemfontein aan te ruk.Selfs French het stilletjies die noordelike Kaapkolonie verlaat en is na die weste.Alles het natuurlik afgehang van die geheim.As die Boere agterkom wat gaande is,kon dit die plan van Roberts op 'n fiasko uitloop wat waarskynlik nie die oorlog sou beslis het nie of die Indien nie,sou die maar wat die Ryk se fondamente sou laat skud het.Sir Alfred Milner het die saak nie vertrou nie.Hy was bang om die Kolonie feitlik sonder troepe te laat want hy het die Kaapkolonie as 'n potensiële vyand beskou.Voor Roberts Kaapstad varlaat het,het hy van die Hoë Kommissaris 'n memorandum ontvang waarin sy sienswyse oor die saak uitgedruk word. Die Opperbevelhebber het egter egter by sy plan gebly.Hy het erken dat dit 'n waagstuk was,maar slaag dit sou die burgers uit die Kolonie terugval om Bloemfontein te dek en dan is die drukking op die Kolonie meteens op 'n end.[2]

Tussen 26 Jan.en I2 Feb.I900 het die spoorweë byna 30000 troepe met perde,muile,beeste en ander transport tussen die Oranje-en die Modderrivier afgelaai.Roberts se troepe vir die ontset van Kimberley en inval in die Vrystaat was as volg: Voetvolk:26527;Ruitery:7572 plus 'n eskadron Husaars;Kolonialers:I979 wat 'n totaal uitmaak van 36078 man met I00 kanonne.[3] Hierdie geweldige mag was nou net afhanklik van die enkele spoorweg."Yet to the East of that railway,barely 60 miles from De Aar,lay over 7000 Boers,with only Clements's skeleton force

I Cd.457 I90i bl.7
2 Ibid bl.8
3 Ibid bl.II

and their own ignorance between them and the complete destruction of Roberts's plans"[1]

Om die gevaar nie allen van uit die noordelike Kaapkolonie aan te toon nie maar ook vanuit die weste van die spoorweg is dit nodig dat Roberts se frontverandering en offensief weers hier gelaat word om na te gaan wat ondertussen in Gordonia, Kenhardt en Prieska aangegaan het.

Uiteindelik het die Republikeinse outoriteite tog onderneem om die genoemde distrikte ook te okkupeer[2] en onder die wapen te bring. Dit was Januarie 1900. Steenkamp, 'n Kaapse rebel, en Liebenberg is deur Cronje aangewys as die twee aanvoerders van die ekspedisie, en hulle het met sowat 200 man getrek na Prieska. Vroeg in die môre van 16 ~~Desem~~Februarie het hulle die dorp Prieska onverwags geneem en die distrik proklameer. Daar was op die oomblik slegs 6 polisie alhoewel die dorp van 26 tot 29 Januarie deur 700 Britse troepe beset was. Die hele distrik is in kennis gestel van die proklamasie, op die gewone manier is amptenare aangestel en druk is uitgeoefen op die bevolking om aan te sluit. Die gevolg was dat binne 8 dae ~~400~~ 350 man onder die wapen was.

Sestien man is van Prieska om dieselfde in Kenhardt te doen. Ook hierdie dorp was onbeskermd behalwe vir die 38 basters wat agter die duin buitekant die dorp gaan lê het om die inname vam die dorp te verhoed. Hulle skiet egter sleg en word met die magistraat inkluis, uitoorlê deur die 16 Boere. Ook hier het die Vrystaatse vlag omhoog gegaan, Kommandeer-Veldkornette het in die wyke rondgegaan en honderde het aangesluit.

Die selfde spel word in Gordonia herhaal en in minder as 'n maand was 700 man uit die drie distrikte ingeskrywe.

Hierdie skuif van die Republikeine was egter te laat, dog dit word hier ingevoeg om te toon watter moontlikhede Lord Roberts moes in die oog hou en watter grond daar bestaan

1. Times Hist. III bl. 365

2. Magistraatsverslae Prieska, Kenhardt, Gordonia A5-1900.

het vir die vrees van die Hoë Kommissaris.

Daar mag dus aangevoer word dat Lord Roberts te veel aan die geluk oorgelaat het en dat dit meer geluk as wysheid was dat hy so spoedig die hele oorlogstoestand omgekeer het. Dog dis nie heeltemal so nie. Die Opperbevelhebber het definitiewe gegewens gehad om op te gaan en die was: (1) dat die Republikeine by hierdie tyd alte duidelik getoon het dat hulle taktiek negatief was; 2) dat die loop van die rebellie im die Kolonie getoon het dat geen distrik in opstand sal kom alvorens dit nie deur die Republieke proklameer is nie. Daar was distrikte grensende aan die opstandige distrikte, wat 'n skone geleentheid gehad het om op eie inisiatief te rebelleer maar wat tog nie van die geleentheid gebruikgemaak het nie, behalwe in die geval van enkele Jong Turke. 3) Sowat 30000 addisionele troepe was bestem om in die Kolonie te land voor die end van Februarie.

Besonderhede van Lord Roberts se operasies word hier nie gegee nie, omdat dit te welbekend is en vir die verhaal is dit nie essensieel nie. Na heelwat maneuwers van die ontsaglike magte, het French se kavallerie deur die linies van die Republikeine gebars en was hy instaat om Kimberley op 15 Feb. te ontset. Die stellings by Magersfontein moes verlaat word en die burgers val terug in die rigting van die Vrystaat. By die terugtog was Cronje te stadig vir die Britse Beredene troepe met die gevolg dat hy hom na 'n heldhaftige verdediging op 27 Feb. by Paardeberg met oor die 3000 man moes oorgee.

Dit was die keerpunt van die oorlog. Soos Roberts voorsien het, het die burgers uit die Kolonie en uit Natal teruggeval om die hoofstad te beskerm. OP 5 Maart was die Vrystaters wat Colesberg okkupeer het, terug oor die Oranje, waarop hulle die brug in die lug laat spring het. Op dieselfde dag was Gatacre in die ooste instaat om Stormberg te herokkupeer; daarna ook Burgersdorp en 'n paar dae later was die Republikeine oor

1. { Sien Times History III bl. 365 ens.
de Wet : De Stryd tussen Boer en Brit, bl. 33 ens.
Ca. 457, 1901, No. 2

die Bethulie-brug,wat toe ook opgeblaas is.

Die opstand in Gordonia,Kenhardt en Prieska[1] het ook spoedig tot 'n rampspoedige einde gekom.Nog voor die oorgawe va van Cronje het Roberts drie kolonnes gestuur om die uitbreiding van die rebellie te keer.Die een kolonne moes op Carnarvon en Kenhardt aanruk;die twede op Britstown,terwyl 'n derde vanaf Oranjerivier moes probeer om Liebenberg se aftog af te sny.Liebenberg met sy Transvaalers en Prieska-rebelle het op 6 Maart die kolonne van Adye ontmoet en die Britte het 'n gevoelige neerlaag gely en moes in der haas op Britstown terugval.Die tyding van Cronje se oorgawe en die feit dat Roberts toe 'n groot aantal troepe kon spaar om die rebellie te onderdruk,het gemaak dat Steenkamp en Liebenberg so gou as moontlik gevlug het .Op I8 Maart was Kitchener in Prieska en kort daarna was die Britse troepe ook in Kenhardt.Upington is deur Settle okkupeer op 3 Apr. Die verwyte van die twee waaghalse Jooste en deWet wat die rebellie in Kenhardt en Upington tot stand gebring het en wat lank vantevore reeds daarop aangedring het dat hierdie distrikte moes proklameer word,het nie gehelp nie;dit was eenmaal te laat en die Republieke kon die gulde geleentheid nie weer terug kry nie.

Die enigste deel van die ingevalle gebied wat die Boere nog behou het na Roberts se opmars na Bloemfontein,was Griekwaland en Betsjoeanaland.Hierdie distrikte was nog geheel in hand van die Boere toe Roberts in Bloemfontein aankom.Snyman het nog Mafeking vasgelê,terwyl Andries Cronje en du Toit die driwwe oor die Vaal by Christiana en Fourteen Streams gehou het.Roberts het reeds planne gemaak om Mafeking te ontset maar de Wet se onverwagte operasies in die Vrystaat het die planne omver gegooi.Dog Mafeking kon nie vir ewig uithou nie en 'n plan moes gemaak word om die plek te ontset.'n Vliegende kolonne onder Mahon het Barkly-Wes op 4Mei verlaat om Mafeking te gaan ont-

1. Verbinding van Lord Roberts se verslag Cd. 457 No. 4, 1901, met Magistraatsverslae.
Oct 457, 1901 No 4

set.Methuen en Hunter het terselfdertyd noordwaarts ~~opgedruk~~ gedruk; gedeeltelik was die beweging bedoel as deel van Roberts se opmars en van Bloemfontein en gedeeltelik om die Boere besig te hou sodat Mahon kan 'n kans kry om weg te kom.Swaar gevegte was die gevolg van hierdie operasies en die artillerie van beide die Engelse en die Republikeine was gedurig in aksie. 'n Hewige geveg het by Rooidam naby Warrenton op die wal van die rivier plaasgevind op 5 Mei en ook die volgende dag;herhaaldelik is die Engelse aanvalle afgeslaan ,maar die stelling wat die Boere moes verdedig was te uitgestrek om met so 'n getal te behou teen 'n oormag en hulle moes die slagveld aan die vyand laat.[1]

Deur hierdie gevegte het Mahon dan ook weggekom na Mafeking maar delaRey is gestuur om hom te keer.Mafeking het laat weet dat hulle tot 22 Mei sou kon uithou.Mahon het probeer om delaRey te ontwyk en hy slaag daarin om Plumer te ontmoet op die 15de.Die volgende dag vind 'n skerp geveg plaas met delaRey dog die Engelse kom verby en ontset Mafeking op die 17de na 'n verdediging van 200 dae.

Behalwe die rampspoedige poging van Eloff kan dit nie gesê word dat die Boere determineerde aanvalle op Mafeking gemaak het nie.

Die rebelle en Transvaalers was egter nog bedrywig verder suid en byna twee weke na die ontset van Mafeking, het deVilliers by Fabersput vir Warren in groot moeilikheid gehad.Dit het nog die hele Juniemaand geduur en 'n deel van Julie om die ingevalle gebied noord van die Oranje tot rus te bring,en die eerste inval in die Kolonie was het daarmee geëindig.Garnisoene is agtergelaat om die distrikte op te pas wat aan die opstand deelgeneem het en om met die inwoners af te reken.In die geval van Upington en Kenhardt is Basterkorpse op die been gebring - die Border Scouts.

1. Cd 457, 1901. Mo 6.

Dis nou nodig dat die rebellie in die Kaapkolonie nader beskou word, en eers moet bepaal word tot watter mate die Kolonialers aangesluit het. Hiervoor kan die magistraatsverslae weer gebruik word, dog die syfers moet slegs beskou word as korrek by benadering; veroordeling weens medepligtigheid stel nog nie vas dat die betrokke persoon aktiewe hulp verleen het nie; in baie gevalle het dit berus op 'n erg noue vertolking van lojaliteit. Die volgende opsomming sal egter 'n goeie denkbeeld gee vanwat plaasgevind het: (volgens magistrate)

Colesberg: Tussen die 250 en 300 uit I005 kiesers het aangesluit.

Aliwal-Noord: Min van die Hollandse Afrikaners het geweier om aan te sluit.

Albert: Wyke I en 2 tot 5 het omtrent I070 kiesers gehad. In genoemde wyke het 497 kiesers en I60 ander aangesluit of materiële hulp verleen. Verder word dit geskat dat sowat een-derde van die manlike non-kiesers lojaal gebly het.

Wodehouse: Ontrent 75% van Hollandssprekende bevolking het aangesluit

Barkly-Oos: Byna alle Hollandssprekende mans het aangesluit.

Barkly-Wes: Vol 90% van die Hollandssprekendes of 70% van die hele bevolking het aangesluit. Die lojale Hollandssprekendes in hierdie distrik, so meld die magistraat, kan op die vingers getel word.

Hay: Dit skyn of die getal volwasse manlike persone wat lojaal gebly het, sonder om die distrik te verlaat, 50 tot 60 is, terwyl 20 tot 30 die distrik verlaat het.

Herbert: 90% hetaangesluit, 6% het distrik verlaat en nog 4% was lojaal.

Kimberley: As 'n geheel geneem was die distrik rebels deur en deur. Die wat nie self wapens opgeneem het nie, het meegehelp.

Taungs: Behalwe twee het alle volwasse Hollandssprekendes, sover bekend, aangesluit.

Ulufkij: Die meerderheid van Hollandse boere het aangesluit.

Heerenman: Die magistraat is deur die polisie meegedeel dat al die boere van die distrik teenwoordig was by die oorgawe van die dorp.

aangesluit (volwasse ~~mans~~)

Vryburg: Getal kiesers bedra I034 maar op tydstip omtrent 884. Van hulle het blykbaar 502 aangesluit terwyl 70 twyfelagtig is en 3I2 lojaal. Die Hollandse kiesers is 607. Dit gee dus oor die 80% van hulle wat aangesluit het, behalwe die twyfelagtiges en 90 % met laasgenoemdes. Van die 500 het sowat I00 nie werklik 'n wapen hanteer nie, maar non-kiesers wat aangesluit het word geskat op oor die 400. Dus was daar sowat 800 y tot 900 wat wapen opgeneem het. Verder word geskat dat I5 % vrywillig aangesluit het, 65% onder druk terwyl 20% kommandeer is.

Prieska: Die Europese manlike bevolking word geskat op I300 met inbegrip van onmondiges. Omtrent 350 het wapen opgeneem en omtrent 420 het geweier of die distrik verlaat; die balans was blykbaar te jonk.

Gordonia: Sowat 380 het aangesluit of gereedgemaak om aan te sluit, maar teminste een-derde van die getal is verhoed om aan te sluit deur die skielike vlug van die Republikeine.

Kenhardt: Die getal wat erken dat hulle kommandeer was, beloop 325; verder erken 248 dat hulle wapen opgeneem het; 28 erken dat hulle aangesluit het, maar was nooit gewapen nie; 49 het geweier om aan te sluit, 34 het die distrik verlaat, terwyl 238 beweer dat hulle nie gekommandeer was nie.[1]

Die totale getal wat deurgegaan het as dislojaal en veroordeel is in die okkupeerde distrikte het omtrent I0000 bedra maar 'n baie groot persentasie van hulle was nooit onder wapen nie.

Die opstand van die Hollandse Afrikaners gedurende die okkupasie van hulle distrikte het water op die meul gegee vir die wat beweer het dat 'n Al-Afrikaanse sameswering bestaan het om die Britse gesag uit Suid-Afrika te verdryf. Die Hoë Kommissaris het in die Blou Boeke probeer bewys dat lewer dat die

1. Magistraatsverslae A 5 – 1900
Die bevinding van die howe onder die Speciale Tribunale Wet van 1900, bevestig meer of min hierdie gegewens. In Sept. 1902 was 3500 uitgesonderde distrikte reeds gevonnis veroordeel, terwyl ongeveer dieselfde getal nog gewag het op verhoor. A.6. 1902 bl. 3.

Kolonialers die Republikeine uitgenooi het om die Kolonie binne te val en dat die Kolonialers entoesiasties was om aan te sluit.Telegramme is openbaar gemaak wat die Republikeinse aanvoerders aan die owerheid in Bloemfontein gestuur het tydens die inval en waarin vermeld is hoe die Republikeine in die Kolonie ontvang is.So bv.telegrafeer Grobler na Bloemfontein; „Colesberg is deur my sonder teenstand okkupeer....ek was baie tevrede met die gedrag van die Afrikaners;ons is ooral verwelkom."

Uit Burgersdorp lui dit;„die dorp is ingeneem onder toejuiging van die Afrikaners en die Koloniale burgers is bly om ons te ontmoet".Aliwal berig dat daar geen gevalle van onwilliges is nie,terwyl die Landdros nog 'n hoopvoller prent skilder wat betref Barkly-Oos:„Ons is na Barkly-Oos;die grootste entoesiasme het geheers...die toneel was om nooit te vergeet nie. Daar was duisende mans,vrouens en kinders in die strate en ons burgers is met uitbundige verwelkom."I

Aangesien die volgende rympie 'n ereplaas in die Imperiale Blouboek ontvang het,word dit ook hier opgeneem.Dit word aangegee as 'n petisie waarin die Oranje Vrystaat gevra word om Griekwaland-Wes in te val en die egtheid daarvan word onder eed bevestig:

Lieve Landgenoten van Transvaal
Broeder van ons geloof en taal
Ons harten branden voor u allen
Wanneer u dapperen zoo vallen.
Wy bidden God dag en nacht
Om u te helpen met zyn kracht.
Zelve zyn wy machteloos,
De Engelsen zyn op ons zoo boos
Zy hebben ons ammunitie weg genomen
Al ons kruit en ons patronen
Kunt gy ons ermede voorzien
Elk man een pak of tien
En een Mauser aan elk man
Dan zult gy zien wat wy doen kan
Engelsen zal voor ons niet staan
Zy zullen naar de duivel gaan.
Hier zyn ook wel een paar rooyen
maar wy tellen hen tusschen de dooyn

I ~~Milner se "Review of the Situation" Jan.16,1900~~. Cd.420-1900 ll.84.

Verder zyn wy allen boeren
En wacht net tot gy ons roeren.
Engelschen zyn niet ons vrienden
Onder hun vlag willen wy niet dienen.
Zo roepen wy allen tezamen
Als Transvaalsche onderdanen
God behoede President Kruger
Als ook de Transvaalsche lager!
God behoede President Steyn,
Allen Vrystadters groot en klein.

Daar was ongetwyfeld geheime kommunikasie tussen sekere persone in die Kolonie en Republikeine gedurende die krisis voor die uitbreek van die oorlog;dis byna ondenkbaar dat daar nie kon gewees het nie.Maar dat die Hollandse Afrikaners ~~die in~~ oor die algemeen die inval uitgelok of selfs verwelkom het, ~~stryk~~ strook nie met die historiese feite nie.Daar was die klas, meestal jong vuurvreters,wat die inval toegejuig het en dankbaar was om aan te sluit.Hulle sou aangesluit het of daar proklamasies gelees is of nie en sommige het selfs uit verafgelee distrikte weggeloop om aan te sluit.Dan was daar ander wat gewillig was om die lot met die strydende broeder in te werp, maar hulle ~~het~~ was versigtiger en wou graag die skyn van dwang sien om later as die saak misloop daarop te kan pleit.Verder was daar die met 'n teer gewete wat gestry het met hulle eie innerlike.Wat was plig? Aan die een kant is daar die bloedverwante en landgenote uit die Republieke wat veg vir 'n heilige saak,waar die reg,volgens die sienswyse van die Hollandse Kolonialer,sonder 'n sweem van twyfel aan hulle kant is;aan die anderkant staan lojaliteit aan die vlag waaronder hy gebore is Verder was daar natuurlik die afkeer wat byna elke mens vir oorlog met sy nasleep het.Die gevaar waaraan 'n mens blootgestel word en die gevolge wat dit kan he vir jou afhanklikes.En waar dit rebellie is,daar is die gevaar verdubbel;wat 'n boer in jare bymekaar gesukkel het,kan in 'n paar dae daarmee heengaan. Die verantwoordelike persone in die grensdistrikte was ~~byna deurgaans~~ welgestelde boere.Sou hulle rebellie in die hand gewerk het? Dis ondenkbaar.

Die "Times History" sê: "The Afrikander is essentially law-abiding and obedient to authority of his own creation. Many whose whole sympathies and wishes were with the Boer cause yet shrank from the idea of themselves violating the law, or of disobeying the proclamations signed by a Prime Minister whom they themselves had put in power"[1].

Goeie raad was duur in daardie tyd. Baie mense het by die magistraat gaan raad vra; die het hulle natuurlik afgeraai maar in sommige gevalle was die verteenwoordiger van sy regering alreeds weg. Die Republikeine het gekom en hulle het met die stroom saamgegaan; miskien nie self die wapen geneem nie maar hulle verseen met rigting ingeslaan wat op die oomblik veiligheid gewaarborg het. Die Republikeine het nie skade gedoen waar onderworpenheid aan hulle bepalings getoon is nie; maar hulle is weg en die Britse soldate wat die distrik kom okkupeer, beskou die hele distrik as ep vyandelike gebied en dit kon ook trouens nie anders verwag word nie. Maar nou word nie onderskeid gemaak tussen gewillige en onwillige rebelle nie; omatandighede word nie in aanmerking geneem nie: dit is die donkerste bladsy in die geskiedenis van die Noordelike Kaapkolonie. "I think of the anxious faces, either feeling in dread of arrest by the military without form or process or seeking advice in order to escape the commandeering of the burgers. My heart bleeds for those poor people, who like forsaken sheep, flee hither and thither"[2]

'n Brief uit Aliwal-Noord gedateer die 31ste Maart '00 som die posisie as volg op:[3] "Eers het ons eie Goewerment ons oorboord gegooi en vir 'n tydjie was dit of vriend nog vyand en ons wou hê. Op 13 Nov. kom Rouxville burgers en okkupeer die distrik. Hulle begin te kommandeer. Daar dit vir ons mense onmoontlik was om met die vee oor die grense te trek, moes hulle doen soos gesê word. Die grondeienaars het in die reël nie na die

1 Times Hist. III bl. 85
2 A.S. du Plessis L.W.V. aan Schreiner 2 April 1900
3 Ons Land 14 April 1900

front gegaan nie,maar die jongeres wat het lus het om te veg en bekwaam is daartoe;die arme klasse is eenvoudig gedwing. Verskeie mense is beboet,andere onder eskorte na die laers gestuur.Ons is vertel dat die krygswet van die Oranje Vrystaat van volle krag was.Alles vreedsaam daarna en behandeling vry goed.Ons was goed beskerm.Die winkels verkoop hard aan die burgers.So het dit gegaan tot Vrystaaters op IO Maart na 4 maande terugval.'n Deputasie is na Lady Grey om maj.Hook te spreek.Hulle bring 'n proklamasie terug:alle rebelle wat wapen neerlê kry 'n "Protection Pass" waarsonder hulle blootstaan om arresteer te word en hu lle moet op hulle plase bly totdat hulle tot verantwoording geroep word.Sommige het daarvan gebruikgemaak.OP Sondag II Maart. Kom Engelse troepe Daarna begin die treurigste van alles.'n Groot aantal van die inwoners is gevangegeneem. Plase en dorpshuise word geplunder.Gustav van Aardt se goed is alles verniel;die arme vrou het niks oorgehou nie en het ook geen slaapplek nie.Piet de Wet se huis is ook verniel maar sy vee is gelaat.Daantjie Myburgh se dorpshuis is totaal verniel en net so met die van die Jouberts.AAn die pastorie is ook skade gedoen.'n ondersoek word ingestel en getuienis word ingewin deur Ferrar en Hall(Reformers)Die mense groet mekaar skaars op straat en rassehaat sal hier erger word as ooit tevore. Tot sover die brief.'

Die Republikeine het die Kolonialers lelik in die steek gelaat.Hulle het wel nie die distrikte werklik annekseer nie, maar hulle het die proklamasies ongetwyfeld gebruik om die Kolonialers wys te maak dat hulle Vrystaatse of Transvaalse burgers was en dus kon kommandeer word.Sommige het wel uit eie beweging aangesluit maar dit was die plig van die Republikeine om by die Kolonialers te staan.Hulle val egter terug om hulle eie huise te beskerm en laat die Kolonialers aan hulle lot oor. En dis nog die vraag of hulle uit 'n strategiese oogpunt be-

1 Vir die Britse siensuyse, sien De Rebellie en Hare gevolgen; ook in vesture van oorgetuies. (Pamflet)

skou die regte ding gedoen het. Ek meen beslis van nee. Dit sou 'n belaglike spelletjie gelyk het as Roberts Republikeinse gebied sonder opposisie binnegeval het en die Republikeine val dieselfde tyd Britse gebied dieper en dieper binne, maar die Republikeine sou dit nie die belaglikste figuur geslaan het nie, want die voordeel sou aan hulle kant gewees het aangesien hulle elke dag hulle getalle kon vermeerder het en daarmee kon hulle Roberts uit die Vrystaat gelok het in plaas van dat hy hulle uit die Kolonie lok. Dit is wel waar dat die toevoer van voorrade moeilikheid ook vir die Boere sou opgelewe het, maar dit was nie onoorkomelik nie.

HOOFSTUK IV.

KRYGSWET.

Die inval het krygswet in sekere distrikte van die Kaapkolonie noodsaaklik gemaak[1a] en op I6 Okt. is dit in die volgende distrikte uitgevaardig: Mafeking, Vryburg, Taungs, Barkly-Wes, Kimberly, en Herbert. 'n Ander Proklamasie van 3 Nov. het krygswet ook van krag gemaak in die omtrek van die Oranjerivier spoorweg-brug en by De Aar. Ook in die noord-ooste van die Kolonie het die Republikeine die grense oorskry en derhalwe is krygswet uitgevaardig op I5 Nov. in die distrikte Colesberg, Steynsburg, Albert, Molteno, Aliwal-Noord, Wodehouse, Glen Grey, Queenstown en Cathcart en die volgende dag ook in Hay in die Noordweste.

Die kwessie van krygswet sal nou beskou word in die lig van Engelse regsbegrippe.

Die Engelse wette maak geen voorsiening vir krygswet nie. In die woorde van 'n pamflet oor die administrasie van krygswet wat deur die militêre outoriteite hier in Suid-Afrika aan belanghebbendes gestuur is, is krygswet eintlik geen wet in die regte sin van die woord nie. Dit beteken slegs dat die kommandant sy wil laat geld in sake waar hy noodsaaklik beskou vir die veiligheid van die staat. Die kommandant neem die verantwoordelikheid op homself om dinge te doen wat buite die wet en selfs teen die wet is, teneinde in tyd van gevaar toestande te handhaaf waarsonder die gewone wet nie sou kon uitgevoer word nie. Krygswet word in die lewe geroep deur 'n proklamasie van die Goewerneur en van sy ministers, dog selfs hierdie proklamasie is geen wet nie. Dit is slegs 'n kennisgewing aan die publiek dat die siviele wette ondoeltreffend is onder die omstandighede en dis verder 'n wenk vir die militêre outoriteite dat die Goewerment gewillig is dat buite gewone stappe sal

I Cd.981, 1902 V

1a. En laat ons hier maar dadelik sê met nadruk sê dat krygswet onder die omstandighede en militêre nedes absolut noodsaaklik was vir die beskerming van die troepe sowel as om die opstand te keer te werk. Enige militêre owerheid sou daarop aangedring het.

gedoen word om sekere toestande te handhaaf. Onder normale omstandighede sal beide die wat sodanige stappe beveel (bv. die Goewerneur) en die wat die bevele ten uitvoer bring, strafbaar wees. Om hulle te beskerm is dit dan nodig dat ' n wet van indemniteit (skadeloosstelling) deur die parlement sal aangeneem word, want daar bestaan geen wet in Engeland of in die Kaapkolonie wat so 'n proklamasie outoriseer nie; die privilegie van die kroon waaronder dit miskien nog ~~kan~~ mag uitgevaardig word is nie aan die Goewerneur oorgemaak nie.[I]

Aangesien daar dus geen wet hier in die Kolonie of in Engeland bestaan het waarvolgens die militêre outoriteite kon handel nie, moes regulasies ~~daarvoo~~ vir die administrasie van krygswet opgetrek word soos die noodsaaklikheid ~~vereis~~ daarvoor sig voordoen. Die enigste handleiding is dan die regulasies wat by vorige geleenthede toegepas is en die uitspraak van Geregshowe waar geskille voorgekom het.

Dit was egter gladnie 'n gemaklike taak om 'n doeltreffende stel regulasies op te trek nie, want die omstandighede verskil so in verskillende lande dat ~~die~~ een stel nie deurgaans kan toegepas word as dit in een sekere land doeltreffend geblyk het nie. Dan ook was daar in Engeland geen krygswet in die vorige 200 jaar nie. In die Kaapkolonie was dit vier maal vantevore van krag: (I) in 1835 vir I½ jaar in sekere distrikte in die Oostelike Provinsie; (2) In 1846 in die hele Kolonie vir 9 maande; (3) in 1850 en (4) in 1877 slegs vir 'n paar maande.

Verder was daar gevalle soos Jamaica wat enigsins as voorbeeld kon dien, maar selfs in die verskillende distrikte van die Kaapkolonie was die omstandighede so verskillend dat d dit dwaas sou gewees het om nie plaaslike toestande in aanmerking te neem nie; derhalwe is geen vaste reëls neergelê wat onder alle omstandighede moes toegepas word nie. Kommandante

I Rapport van Prok.-Genl. 25 Nov. '99. (A2A 1900 bl. 3.)

kon byvoeg of weglaat of modereer en dan aan hoofkwartiere rapporteer van die afwykings.

Die Ministerie Schreiner het egter 'n wakende oog gehou op die militêre. Hulle het met die kantoor van die Goewerneur as tussenstasie, altyd hul invloed deeglik laat geld.

Die Prok. Genl., Richard Solomon het op 25 Nov. 1899 'n rapport oor die saak opgetrek: omdat hy so ernstig daaraan twyfel of die proklamasie van krygswet in die Kaapkolonie wettig is, is hy soseer verlangend dat daar niks deur die militêre outoriteite sonder die dekmantel daarvan sal gedoen word, waardeur 'n beroep op die Hooggeregshof sou kon uitgelok word nie, Dit mag volstrek nodig wees om te arresteer sonder bevelskrif, maar hy is oortuig dat die beskuldigdes daarna aan die siviele howe moes oorhandig word wat met hulle sal handel volgens die siviele regsprosedure. Die doel van die krygswet, sê hy, is nie om persone te veroordeel op blote verdenking of op getuienis wat in siviele geregshowe nie as voldoende sou beskou word nie.[I]

Inderdaad was die saak van groot belang. Die Afrikaner Party was aan die bewind; hierdie party het beskik oor die meeste ondersteuners in die Wetgewende Vergadering en 'n onnodige strenge toepassing van krygswet, waaronder in die eerste plek die ondersteuners vam genoemde party moes ly, sou die parlementêre meerderheid nouliks ongestraf toelaat. Groot moeilikhede kon ontstaan as die parlement later weier om 'n akte van Indemniteit te passeer of indien hulle sodanige wet met streng beperkings passeer sodat menigeen tot verantwoording kon geroep word vir onwettige dade, gepleeg ~~tydens die~~ deur die administrasie van krygswet. Selfs 'n militêre hof sou eers later deur die parlement moes gewettig word, anders verval die vonnisse wat so 'n hof gevel het, onmiddellik na die krygswet, en wat meer is diegene wat in verband staan met so 'n hof kon daarna ver-

I A2A 1900 bl. 3 ; vorige bladsy.
1. Ook dat die Konstitusie geen voorsiening daarvoor maak nie.

volg word,want krygswet is slegs 'n wet van noodsaaklikheid en alhoewel die wat daarmee belas is feitlik enige onwettige daad kan begaan,word dit verwag dat so 'n daad noodsaaklik was op die oomblik,terwille van die publieke veiligheid ~~van die~~.

Blykbaar was Schreiner en Solomon self nie seker watter houding hulle ondersteuners sou inneem as die parlement weer ontmoet nie en derhalwe was hulle so uiters begerig om die werking van krygswet binne perke te hou,en het hulle daarop aangedring dat beskuldigdes aan die gewone howe moes uitgelewer word,waar laasgenoemde howe nog oop was.Verder het die Regering ook by die Goewerneur daarop aangedring dat teminste een lid van elke militêre hof ondervinding moet hê van regspleging;hulle bied ook aan dat die Resident Magistrate op die howe kon dien.[1]

Nou het 'n ongewenste toestand ontstaan aangesien die militêre howe langs die gewone howe fungeer het en daar botsing gekom het omdat die grense van elkeen se werksaamhede nie duidelik genoeg omlyn was nie.Dan ook was die vraag of die siviele howe kon ingryp en vonnisse van die militêre howe vernietig of verander.

'n Sekere Fourie is op 5 Desember gearresteer in sy huis naby Belmont.Hy word voor die krygsraad beskuldig van aansluiting by die vyand en veroordeel tot I jaar harde arbeid.Beskuldigde het egter volgehou dat hy onskuldig is en 'n beroep gedoen op die Hooggeregshof.Adv.Henry Burton wat die saak van Fourie[2] bepleit het,het aangevoer dat die proklamasie wat krygswet in die lewe geroep het onwettig en dus van geen krag was nie;en ten twede dat die inkorting van persoonlike vryheid alleen kan geskied as die Rykparlement of die Koloniale parlement so 'n akte passeer.Hy het verder gewys op die geval van Nys en du Preez[3] waar die hof 'n bevelskrif uitgevaardig het alhoewel die distrik onder krygswet gestaan het.

I Die Liberale in Engeland het ook gepleit vir kontrole oor die militêre by die uitoefening van hulle magte onder krygswet.bv.Imperiale Hansard bl.I235 ens.25 Julie '00.

2. Supreme Court Cases 1900 II 173 – Mei 1900.

3. " " " " " " 58.

'n Sekere Fourie is op 5 Desember gearresteer in sy huis naby Belmont. Hy word voor 'n militêre hof beskuldig van aansluiting by die vyand en veroordeel tot een jaar harde arbeid. Beskuldigde het egter volgehou dat hy 'n lojale Britse onderdaan was en hy het by die Hoogsgereghof aansoek gedoen dat die militêre sal gelas word om redes op te gee waarom hy in die gevangenis gehou word en waarom hy nie sal ontslaan word nie.

Omdat die regsgeleerdes by hierdie tyd nog in die onsekere rondgetas het omtrent wetlike punte in verband met krygswet, word hierdie geval taamlik breedvoerig behandel.

Adv. Henry Burton wat die saak van Fourie bepleit het, se verdediging kom op die volgende neer: as 'n Britse onderdaan kan die applikant daardie heilige en onskendbare reg eis van persoonlike vryheid. Die Hooggeregshof het jurisdiksie om daardie reg te handhaaf en om 'n bevelskrif van habeas corpus uit te vaardig as 'n persoon onwettiglik gevangehou word, wat ook insluit gevangehouding deur 'n outoriteit wat nie deur die wet erken word nie. 'n Militêre hof word nie deur die wette van die land erken nie; die proklamasie van die Goewerneur is van geen krag nie. In Engeland bestaan daar nie so iets as opskorting van die grondwet nie en ook nie so iets as " 'n Deklarasie van Beleëringstoestande" soos in Frankryk nie. Die militêre owerheid bestaan vir verowering en nie om straf uit te oefen nie; dus behoort hulle die gevangenes aan die siviele outoriteite te oorhandig.

Op 'n vraag van die regter of hy outoriteit het om aan te toon dat die hof die militêre owerheid kandwing, waar die oorlog nog aan die gang is en waar krygswet nog van krag is om prisoniers af te lewer, erken Burton dat die militêre wel straf kan uitoefen maar dit is beperk tot die noodsaaklikheid om die rebellie te onderdruk en hier is geen noodsaaklikheid bewys nie.

Supreme Court Cases 1900 bl. 173 - Mei 1900.

Die waarnemende Hoofregter, regter Buchanan, was oortuig dat arres en straf van rebelle uit 'n militêre oogpunt beskou, 'n groot invloed moet uitoefen ten gunste van onderdrukking van die opstand, en dat alleen sou 'n voldoende antwoord wees aan die applikant. Hy is van oordeel dat onder die bepaalde toestand van oorlog en heersende krygswet, die siviele wette geskors is. Dit kan egter wees dat die militêre verantwoordelikheid kan gehou word as hulle by die uitoefening van mag, hulself te buite gaan, maar dis nie die vraag wat hier moet beslis word nie.

Regter Maasdorp verduidelik dat die gewone regterlike masjinerie ontoereikend was in hierdie geval. Die dienste van die polisie of van 'n vrederegter of 'n magistraat was nie beskikbaar nie. Dog, hy is nie bereid om te beweer dat 'n proklamasie van die Goewerneur altyd in die hof genoegsame bewys is van die noodsaaklikheid van sodanige proklamasie nie.

Regter Solomon verklaar dat die applikasie 'n saak raak wat sover hy weet nooit tevore beslis is in enige hof nie, nog in Engeland nog in die Kaapkolonie. Elke geval van hierdie aard moet op eie meriete behandel word.

Die aansoek is van die hand gewys.

Die saak van die Douglas-Rebelle het veel opspraak verwek as gevolg van die prosedure wat daarin gevolg is en dit het terecht of ten onregte die vertroue selfs in die siviele howe van die land, enigsins geskok. Die gevangenes het in Kaapstad voor regter Buchanan en 'n Kaapstadse jurie verskyn. en is ook deur deur adv. Burton verdedig, terwyl die Prok. Geml., Richard Solomon self vir die vervolging opgetree het.

Voor die getuies opgeroep is, het adv. Burton aansoek gedoen

doen dat die verhoor sal uitgestel word om twee redes:(I)~~in~~ die distrikte waarvandaan die gevangenes kom is nog deur Republikeinse magte beset en geen getuienis kan derhalwe daarvandaan verkry word nie;(2)'n Kaapstadse Jurie is onder die omstandighede nie instaat om 'n onpartydige oordeel te vel nie.

Reeds op 27 Maart het die verdediging aan die Prok.-Genl. geskrywe om die saak uit te stel of na die Rondgaande Hof te verwys.Op 7 April,net IO dae voor die begin van die kriminele sitting en dus die laaste dag waarop sulks kon gedoen word, word die Akte van Beskuldiging teen die gevangenes uitgevaardig en dit was tegelykertyd 'n aanduiding vir die verdediging dat die saak nie na die Rondgaande Hof sou verwys word nie.Daarop skryf die verdediging dadelik aan die Prok.-Genl.met die versoek dat sekere getuie gedagvaar en na Kaapstad sou gestuur word , daar die beskuldigdes nie die middels gehad het om sulks te doen nie.'n Sertifikaat van die Advokaat vir die verdediging is saamgestuur,wat sertifiseer dat die persone gegronde getuienis in die saak sou gee.

Op I4 April stuur die Prok.-Genl.'n antwoord op die ~~brief~~ brief van 27 Maart en sê dat hy verplig ~~was~~ is volgens wet om die beskuldigdes by hierdie kriminele sitting te laat verhoor en dat 'n aansoek vir uitstel slegs by die hof kan ingedien word,Tegelykertyd word berig dat die genoemde getuies nie kan bereik word nie en ~~verder~~ verder dring die Prok.-Genl.daarop aan dat die verdediging soute kenne gee wat die inhoud was van die getuienis wat die persone sou aflê.Die aansoek vir uitstel word toe by die hof ingedien,maar die Prok.-Genl.staan dit teë op grond dat dit nie bona fide was nie.Sy ~~vernaamste~~ argument hiervoor was dat die brief van 27 Maart geen melding maak van getuie vir die verdediging nie. Ook was sommige getuies vir die Kroon, militêre persone sonder wie se getuienis die Kroon hierdie getuienis laat verloor. dit onmoontlik sal wees om met die saak voort te gaan en uitstel kon

Regter Buchanan wys daarop die aansoek van die hand.

Hierop is 'n sensasie verwek deurdat adv.Burton met toe-

Vir saak van Douglas-rebelle, sien „Ons Land" 24/4/00

stemming van sy kliente geweier het om verder met die verdediging aan te gaan as protes teen wat hulle beskou het as 'n onbillike houding van die Prok.-Genl.(Hier moet terloops daarop gewys word dat die Prok.-Genl.was,wat ons vandag die Minister van Justisie noem,'n minister in die Afrikaner Ministerie en dat die beskuldigdes seker byna sonder uitsondering,een ondersteuners was van die Ministerie,soos adv.Burton trouens ook gewees het.)Die protes kon natuurlik nie anders opgevat word as 'n protes ook teen die uitspraak van die hof en regter Buchanan het die gedrag van adv.Burton karakteriseer as "nie geinfluenseer die deur die hoë tradisies van die Britse balie nie".

Dis duidelik dat die vertroue in die siviele howe van die land deur hierdie voorval aanmerklik geskok is."Ons Land" merk aan dat niemand met 'n greintjie van regsgevoel sal sê dat die veroordeeldes 'n billike verhoor gehad het nie.Wat die applikasie vir uitstel betref is die vraag altyd:sal die vervolging benadeel word? Dis sonneklaar dat die kroon hiervoor niks te vrees gehad het nie en die blad sê verder:"Die beskuldigdes het nie hulle monde oopgemaak nie;hulle het om reg gevra en het nie om genade gesmeek nie".

Maar dis nie die vonnisse van geregshowe wat in hierdie tyd die meeste verbittering teweeggebring het nie.Dis die alledaagse administrasie van krygswet.Daar is reeds op gewys dat regulasies nog moes opgetrek word soos die noodsaaklikheid sig voordoen.Dan ook was daar niemand in die Britse leër wat vir so 'n taak opgelei was nie.Die eerste leërbevel in verband met die saak is uitgevaardig op 7 Des.1899.[I] In die tussentyd kon die offisiere wat met die administrasie van krygswet belas was bak en brou soos hulle wou en hulle het dit ook gedoen.Om 'n kykie te gee in die werklike toestande en die gees van die tyd te verstaan is dit nodig om

I Cd.981, 1902 I.

definitiewe voorbeelde, tipiese voorbeelde teneem en die in taamlike besonderhede na te gaan. Die volgende brief van T.P. TheronL.W.V. en Voorsitter van Komitees, sal 'n denkbeeld gee vanwat in dié tyd gebeur het en dit wel in 'n distrik wat nog nie eens onder krygswet gestaan het nie. (Mnr. Theron was ook vir jare voorsitter van die Afrikaner Bond). Schreiner het aan hom getelegrafeer om sy groot invloed te gebruik sodat geen vyandelike inval in die rigting van Prieska aangemoedig of ondersteun word nie, en in sy antwoord gedateer 23 Nov. 1899[I] sê hy om. die volgende: Hy is bereid en het ~~Schreiner~~ besluit om Schreiner by te staan en te doen alles wat in sy vermoë is om sy volk te beweeg die raad van die Eerste Minister letterlik op te volg. Toe hy van die parlementsitting teruggekom het en nadat hy die meeste van sy invloedrykste kiesers ontmoet het, was hy tenvolle oortuig dat hoeseer ook hulle lojaliteit sou op die proef gestel word, die burgers tot die dood toe lojaal sou bly. Spoedig egter het hy gemerk dat onderduimse handelinge aan die gang was om kwaad te stook. Aan hom is berig dat daar spioene en speurders in diens geneem is deur 'n hoë burgerlike outoriteit daar ter plaase om te probeer iedereen in die val te lok wat miskien 'n opinie oor die oorlog sou lug. Die siviele amptenare het dikwels uitgegaan in die distrik saam met 'n paar verdagte spioene. Op 'n goeie dag ~~het~~ is hy in die publiek verklaar dat die krygswet wat in De Aar geproklameer is, vir 200 myl rondom daardie plek in werking was en dus ook in Britstown en dat dit met die uiterste strengheid sou toegepas word. Die volgende dag is hy die betrokke siviele amptenaar na De Aar en kort na sy terugkoms verskyn daar omtrent 60 soldate, wat in alle opsigte gehandel het asof krygswet in werking was. 'n Kennisgewing is aangeplak waarin die publiek gewaarsku word om nie na 9 uur in die aand buite te wees nie. 'n Speurbeampte is aangestel om elke kar of wa van die respekteerde en vreedsame boere te deursoek en elkeen moes in pas kry om die dorp te verlaat.

I A2A I900 bl. 4

~~moes~~ 'n pas he om die dorp uit te kom. 'n Paar dae later is sowat 9 man na Witfontein die plaas van Blomerus gestuur, een van die vreedsaamste en mees ordeliewende boere en tewens diaken van die kerk. Hy was nie tuis toe die soldate in die more by sy huis kom nie. Een tenvolle gewapen, vat pos by die deur en 'n ander by die agterdeur. Die res van die manskappe het toe alle buitegeboue deursnuffel en te perd deur die tuine en landerye van die boer gery. Daarna gaan hulle die woonhuis binne, ondersoek elke kas, die bed en al wat in hulle gedagte kom, gooi alles onderstebo, en vertrek met die geweer en patrone van die boer. Op dieselfde dag is die gewere en patrone van twee van sy bure eweneens geneem, dog toe die bevelvoerende Offisier sien dat hierdie ontwapening ernstig opgevat word, is die gewere en patrone aan die eienaars teruggegee. Dog hulle begin met iets anders. Daar sou 'n lys bestaan het van verdagte persone en hulle sou binnekort arresteer word, voor 'n krygsraad gedaag en doodgeskiet word. Oeloff Marais, een van die geagste boere met uitgebreide familie-konneksies in daardie en ander distrikte het daarna aan die beurt gekom. Een Sondag het twee persone by hom op die plaas gekom en Marais het hulle op sy gewone gasvrye manier ingenooi. 'n Vriendskaplike praatjie is aangeknoop oor die oorlog en Marais het aangemerk dat hy van plan is om rustig op sy plaas te bly en by geen een van die vegtende partye aan te sluit nie. In dieselfde week nog is die man onder krygswet verhoor en dit wel oor dieselfde gesprek, dog geeneen van die twee kuiergaste het in die hof verskyn nie. Die vonnis was 'n groot grap: hy kon kies tussen drie dingehl. doodstraf, tronkstraf of sy gewere en patrone afgee.

In 'n aar dae later is soldate sestien na die plase van invloedryke boere en gewere en patrone op te eis; dit is op beledigende wyse gedaan.

Aan Theron is meegedeel dat in De Aar daarop geroem word dat soveel van die vernaamste Hollandse boere daar, agter slot sit en dat hulle van plan is om nog baie meer te kry. In Britstown het die bevelvoerende Offisier self aan enige

van Theron se vriende gesê dat hierdie genangeneming en ontwapening maar 'n voorspel was;hulle gaan weg maar wanneer hulle terugkom souh hulle getal 2000 wees en dan sal hulle al die boere ontwapen en die wat op die lys van verdagtes voorkom, arresteer.

Op 'n goeie môre was die troepe weg en krygswet het met hulle vertrek.

'n Ander voorbeeld van slegte behandeling wat destyds die oorsaak was van baie kwaaie bloed is die van J.J.Michau.[1] Hierdie persoon was lid van die firma Haarhoff en Michau,Prokureurs ens.in Kimberley en vir die laaste tien jaar was hy prokureur vir De Beers.Hy was ook Vrederegter en voorsitter van die Afrikaner Bond in Kimberley.Vir verskeie jare en tot die dag van sy vertrek was hy lid van die Kimberleyse Stadsraad en het herhaalde male opgetree as Burgemeester.Toe Michau gewaar dat Kimberley sou omsingel word,verlaat hy die plek met sy gesin, ~~en verder~~ vergesel van dr.en Mev.Broadhurst.Hulle was van voorneme om die vrouems en kinders op die plaas van Michau by Modderrivier te laat en daarna terug te keer na Kimberley,maar die Republikeine was reeds in besit van die plaas en Michau wat nie vertrou ~~is~~, as gevolg van sy konneksies met De Beers, is belet om terug te keer sonder verlof.Die Landdros van Jacobsdal is genader om verlof te verkry,maar sonder gevolg.Van 'n randjie af het die Michaus die geveg van 27 Nov.aanskou en toe hulle by die huis terugkom,vind hulle dit in besit van die Engelse.Maj.Milton vra aan Michau of dit sy huis is en toe hy 'n bevestigende antwoord kry,merk die Majoor aan dat hy dit kon dink;die plaas is te mooi vir 'n Afrikaner.As iets weggeneem is,moes hy net rapporteer;daar was net Offisiere in die huis en hulle sou nie steel nie.

Michau sê die Majoor van die fout wat hy maak om hom vir 'n ander as 'n Afrikaner aan te sien.Nogtans was die Majoor

1. "Ons Land" 12 April 1900.

vriendelik en het van die goed wat reeds uit die huis geneem was teruggebring.Die tuin waarin voor die duisend vrugte- en ander bome gestaan het,was vol perde en selfs die is op versoek van Mi Michau verwyder.

Na die Britse troepe in besit geneem het van die plaas,
~~Die volgende dag~~ is Michau ~~egter~~ onder arres geplaas; hy moes op parool na Kaapstad waar hy die Hoof-Stafoffisier kon sien en alles regpraat.Daar aangekom kon hy genoemde Offisier nie te sien kry nie.Sy prokureur diem daarop 'n applikasie by die hof in vir ondersoek in die saak.Voor die aansoek egter in die hof kon behandek word,moes beskuldigde weer na die binneland waar krygswet van krag was en waar die hof dus nie sou kon ingryp nie.Hy versoek om 'n rytuig te huur vir hom en die bewaarder tot by die stasie,maar dit word geweier.Saam met 'n paar ander is hy deur die strate gemarseer van die bandietstasie na die spoorwegstasie onder gejou van die kleurlinge.In De Aar is hy in 'n hok vir kleurlinge bedoel,opgesluit waar dit krioel van ongediertes.Op Kersdag is beskuldigde in 'n goederewa na Modderrivier vervoer waar sy verhoor binne 'n paar dae sou geskied.Dog daar word aangekondig dat die verhoor nie kan geskied nie,want die hof het die applikasie vir ondersoek,toegestaan. Derhalwe word die applikasie per telegram teruggetrek,en kapt. Ross belowe 'n ondersoek op 4 Januarie.

Die volgende dag wys die Kaptein aan Michau 'n boodskap wat in die nag per heliograaf van Kimberley ontvang is;volgens die boodskap het Michau en twee ander in Kimberley mense kommandeer;hulle is 'n plaas in die Vrystaat belowe as hulle die Boere help.Kapt.Ross verklaar daarop dat die verhoor gevolglik nie kan geskied nie en dat die beskuldigde sal moet wag tot Kimberley ontset word."Vroeër",sê Michau aan die Kaptein,"is aan u gerapporteer dat my huis in Kimberley volgepak was met Mausers, dat 'n plan in my kantoor gevind is waarvolgens die Boere in Kimberley sou gebring word,en dat gewere en ammunisie van my op

die slagveld van Modderrivier gevind is. Was iets daarvan waar?"

Die Kaptein antwoord dat niks daarvan waar was nie maar daar kon niks aan gedoen word nie. Ook is borgtog geweier.

Teen die end van Januarie word Michau in kennis gestel dat sy hulp nodig was vir die Generaal en toe is hy aan die siviele outoriteite oorgelewer. Dieselfde dag is ondersoek ingestel; dit het drie dae geduur, tot 29 Januarie.

Na die voorlopige verhoor deel die magistraat Michau mee dat die getuienis onvoldoende is, maar sterke getuie uit Kimberley is teen hom en 'n lang uitstel sal nodig wees. Weer is borgtog geweier, maar as gevolg van 'n aansoek by die Hooggeregshof is die borgtog eindelik op 15 Feb. toegestaan. In die tussentyd was die beskuldigde in die Hope Town gevangenis maar na borgtog toegestaan is, het hy in Kaapstad gaan woon. Op 25 Maart is hy aangesê dat die Prok.-Genl. weier om te vervolg. Na kommunikasie met Kimberley herstel is, is verneem dat daar geen getuienis teen beskuldigde was nie.

Die vraag ontstaan nou: kan die geval van Michau as tipies beskou word? Dis onmoontlik om hierdie vraag met 'n blote "ja" of "nee" te beantwoord. Daar moet op gelet word dat Michau 'n gesiene persoon was met groot invloed. Dit skyn 'n feit te wees dat hierdie klas persoon tot sy skade meer aandag van die militêre ontvang het as die gewone man en aan die anderkant verwek sy handeling baie meer opspraak juis as gevolg van sy status in die samelewing. Een ding kan egter as vasstaande beskou word: die Britse leër het by die herokkupasie van die ingevalle distrikte absoluut gehandel asof dit vyandig gebied was en daardeur moes die persoon wat graag wou lojaal bly en dit werklik ook gebly het, behalwe dat hy hom onderwerp het aan die regulasies van die invallers, onbillike behandeling verduur. Dit moes noodwendig 'n gevoel van onsekerheid; 'n gevoel van onveiligheid tenspyte van lojaliteit veroorsaak, veral in die aangrensende distrikte.

Ook die geval van van der Walt en Booysen wat op Naauwpoort deur 'n militêre hof tot 10 en 5 jaar harde arbeid

~~onskadelik~~ onaskeidelik veroordeel is, het die gemoedere gaande gemaak. 'n Korrespondent skrywe in ~~xxxxxxxx~~ "Ons Land" namens die broer van Booysen, dat die twee persone gesien is tussen kaffirbandiete, besig om klippe stukkend te slaan en om skotskar te trek.

Hierdie geval het soveel aandag getrek dat die Prok.-Genl gevra het dat die militêre outoriteite die ~~papiere~~ dokumente in

1. "Ons Land" - 8 Mei 1900.

verband met die saak aan hom moes stuur.Hulle kon dit geweier het as hulle wou maar het ~~dit~~ aan die versoek voldoen.Die Prok. Genl. het gevind dat vd.Walt wel skuldig was maar dat sy straf te hard was;in die geval van Booysen meen hy,was die getuienis onvoldoende om hom skuldig te vind.Deur sy bemoeiing is die vonnisse so versag dat die gevangenes kort daarna kon vrygelaat word.

Onder die opskrif:Krygswet - Skrikbewind,[1] sê "Ons Land" dat koloniste by honderde in die tronke gestop word,sonder voorlopig verhoor en sonder geleentheid om hulle te verdedig of om regsadvies in te win.

Volgens Merriman[2] het die lid van Albert op 24 Julie 'n sekere toespraak in die Huis gelewer en op die 30ste van die maand is 'n persoon na sy plaas gestuur om beëdigde verklarings van sy diensbodes in te win.Ook sê Molteno[3]:"It is well known that persons have been sent down from Cape Town with the object of smelling out all these cases.They put questions to men,asking if so and so did not say so and so."

Ook Sir Alfred Milner het die posisie baie onbevredigend gevind.In 'n brief aan Chamberlain,gedateer 3 Januarie 1900 sê hy:"Dit is ongetwyfeld jammer en dis die oorsaak van 'n ~~ske~~ sekere mate van ontevredenheid dat die hele bevolking van 'n distrik in die daelikse lewe ongerief aangedoen word en sommige van hulle miskien in bewaring gehou word sonder genoegsame rede as gevolg van flaters en verkeerde informasie,maar aan die anderkant is dit absoluut noodsaaklik vir die beskerming van ons troepe en om die inval te stuit."[4]

Dieselfde persoon skrywe 'n paar dae daarna,12 Jan., aan Lord Roberts en wys daarop hoe buitengewoon onbevredigend die posisie is met betrekking tot krygswet;hy aarsel om dit verder uit te brei tensy die administrasie daarvan in prokla-

I 21/4/00
2 Hansard 1900 bl.331.
3 Hansard 1900 328.
4Cd.981 1902 bl.6

meerde distrikte op 'n meer bevredigende basis kan geplaas word Hy sê verder, as elke geval stiptelik ondersoek word en diegene teen w ie geen gegronde klagtes is, dadelik losgelaat word, sal die objeksies teen krygswet minder wees.

Die eerste leërbevel in verband met die onderwerp van krygswet is uitgevaardig op 7 Des. I899:[I]

(I(Die doel wat beoog word deur die uitvaardiging van krygswet in die grensdistrikte van die Kaapkolonie, is om persone wat die outoriteite teenstaan of die vyand help of aanhits, op die daad te arrësteer en op summiere wyse te straf.

(2) Persone wat krygswet administreer mag nie van laer rang as Kaptein wees nie.

(3)Tensy noodsaaklik, moet die regte van vreedsame koloniste nie aangetas word nie.

(4)Die vernaamste oortredings waarmee offisiere sal te doen kry is die wat in die proklamasie van I2 Okt. uiteengesit is:

(a)Verraderlike en sedisieuse dade en woorde, of dade en woorde wat daartoe strek om ontevredenheid, dislojaliteit of wantroue in die Goewerment te bewerkstellig. (b)Aansluiting by, of inlating met die militêre magting van die vyand. (c)Hulp aan die vyand of aanhitsing. (d)Handeldrywe met die vyand of laasgenoemde van goedere voorsien; vernieling van spoorwegbrûe of telegraafdrade en dade wat die troepe van H.M. in gevaar stel; ook oortreding van reëls en regulasies deur die militêre uitgevaardig. (e)Suspisie in verband met enige oortreding van bostaande aard.

(5)Prosedure: 'n Voorlopige verhoor sal ingestel word deur die militêre offisier of deur die magistraat. Die prosedure wat neergelê is deur die "Field Genl. Courts-Martial" onder die leërakte sal gevolg word, met byvoeging dat alle getuienis en die verdediging (waarvoor elke redelike kans moet gegee word) tenvolle sal notuleer word; 'n doodvonnis moet eenparig bereik word en moet deur die opperbevelhebber bekragtig word. Die hof sal bestaan

1. Ca. 981. 1902 I.

uit tenminste 3 lede en indien moontlik moet die magistraat een daarvan wees.

(Artiekel 6,7,8 is nie hier van veel belang nie)

(9)Gewapende rebelle moet soos vyande behandel word en indien gevangegeneem, deur 'n militêre hof verhoor word.

Dit sal dadelik opgemerk word dat bostaande voorskrifte alhoewel dit heelwaarskynlik die offisiere 'n beter insig gegee het in die aard en doel van krygswet, nie juis uniformiteit kon bewerkstellig nie. Daar was wel definitiewe aanduidings aangaande die prosedure, maar wat kon die Kommandant , as hy daartoe lus voel nie alles uitrig onder beskerming van die voorskrifte nie! Ons het reeds gesien wat gebeur het met Michau selfs nadat hierdie regulasies uitgevaardig was. Om net een voorbeeld te noem: neem die woorde "tensy noodsaaklik" in die derde paragraaf . Dit het later geblyk dat 'n kleurling in koue bloed doodgeskiet is omdat hy nie 'n toom wou tevoorskyn gebring het nie, en die offisier wat in bevel was het "noodsaaklikheid" geplleit. So kan daar nog baie ander gevalle opgenoem word, waar dit baie moeilik is om te sien waar die noodsaaklikheid inkom, maar nog moeiliker om in die hof te bewys dat daar geen noodsaaklikheid voor was nie.

Op 30 Jan. '00, dus kort na Lord Roberts die aangehaalde brief van die Hoë Kommissaris ontvang het, het Lord Kitchener 'n konfidensiële memorandum oor die onderwerp uitgestuur[I]. Hierdie memorandum is eintlik 'n tweede uitgawe van die wat op 7 Des. uitgevaardig is, maar dit bevat belangrike veranderinge wat ongetwyfeld deur die opsteller bereken was om die offisiere meer bepaalde instruksies as leidraad te gee, teneinde die onbevredigende posisie te verbeter.

'n Belangrike saak uit die oogpunt van die administrasie beskou is dat die jurisdiksie van die siviele howe in proklameerde distrikte duideliker omskryf sou word sodat geen bot-

I Cd.981, 1902 II.

sing van jurisdiksie voorkom nie.Die eerste leërbevel van 7 Des het ook nog neergelê dat siviele howe die sake sou behandel wat onder gewone omstandighede binne hulle jurisdiksie val,maar daar het nog heelwat misverstand bestaan.

Op 3 Jan.'00 het die Hoë Kommissaris aan Chamberlain oor die saak geskrywe. ~~Die standpunt van Milner was dié van prof. Dicey waar hy in sy standaardwerk sê:"Militere tribunes vervang maar af mis dié jurisdiksie van die gewone howe".~~ Die Hoë Kommissaris is van oordeel dat die mag wat die gewone wette ophef ook moet besluit tot watter mate dit sal geskied.Hy meen dat die siviele outoriteite in 'n proklameerde distrik,kan en behoort aan te gaan met hulle gewone pligte tot hulle in botsing kom met die militêre howe,in watter geval die eerste moet ingee.Militêre howe is vir die oomblik absoluut.

Nou by die uitvaardiging van die amendeerde leërbevel is 'n paragraaf ingevoeg wat die standpunt van Milner soos hierbo aangegee behels:waar prakties,sal die militêre howe slegs aanvul,maar waar die siviele administrasie verlam is,moet dit noodwendig deur die militêre vervang word.Verder word in 'n bygaande sirkulêre gesê,dat die magistraat kan optree:(1)as gewone magistraat onder die siviele wette;(2)as assistent en adviseur van die militêre outoriteite.In sy gewone hoedanigheid sal die magistraat dan sit oor sake wat nie val onder een van die ses soorte oortredings,wat die memorandum neerlê nie,

Wat genoemde oortredings betref vind ons nou dat die woord"voluntarily"bygevoeg is met betrekking tot handeldrywe met die vyand,sodat ~~handeldrywe~~ dit hierna net sou strafbaar wees indien vrywilliglik gedoen.Die sirkulêre sê:"om artikels aan die vyand te verkoop wat dit anders met geweld sou geneem ~~word~~ het,kan nie as 'n oortreding beskou word nie."

Verder word die noodsaaklikheid beklemtoon om 'n arresteerde persoon nie langer aan te hou as wat nodig is nie.

Oortredings wat nie ernstig is nie kan dadelik by die voorlopige ondersoek beslis word maar dan mag die straf nie swaarder wees as £10 boete of 30 dae tronkstraf nie.

'n Militêre hof mag ook 'n gevonnisde persoon uit 'n proklameerde distrik wegstuur. So 'n persoon moet homself bind om nie terug te kom gedurende die oorlog nie.

As boete nie betaal word nie en die gevonnisde besit genoeg roerende goedere, moet dit verkoop word om die boete te betaal.

Die militêre offisiere is verplig om verslag van die prosedure en strawwe ens. op te stuur na die "Deputy Judge Advocate", ook moet hulle alle regulasies wat plaaslik opgetrek is, aanstuur.

Dis opvallend dat hierdie memorandum met sy bygaande sirkulêre beslis versoenend is en dikwels na versagtende omstandighede verwys. Daar word vermaan om 'n beskuldiging van dislojaliteit teen 'n persoon van Hollandse afkoms, baie noukeurig te ondersoek voordat gehandel word op informasie wat baiekeer bevooroordeeld is deur politieke en persoonlike invloede.[I] Ook mag 'n gevoel van simpatie met 'n vyand van dieselfde ras, tensy dit uiting vind in 'n daad van dislojaliteit, geensins as 'n oortreding beskou word nie. Selfs die oortreding van hulp verleen aan die vyand deur informasie of te gee of as gids te dien onder "force majeure", sal varieer in ernstigheid volgens die omstandighede maar waar "force majeure" gepleit word is duidelike bewys nodig.

As 'n geval wat waarskynlik op 'n doodvonnis kan uitloop enige uitstel gedoog, moet dit liewers na die Hoof van die Staf verwys word, wat dan sal voorsiening maak vir die verhoor voor 'n hof bestaande uit 'n regter van die Hooggeregshof as president en vier Kommissarisse.

Vir hierdie gematigde en billike instruksies verdien die

I Paragraaf I

militêre owerheid lof. Billiker kon dit onder die omstandighede nie gewees het nie; die moeilikheid is net dat die Kommandante wat krygswet moes administreer, byna deurgaans die regulasies verontagsaam het; maar daaroor later.

Die Ministerie in Kaapstad het ook hul uiterste bes gedoen om die volk teen onnodige strengheid te vrywaar en het gedurig druk in die rigting op die militêre deur die Hoë Kommissaris uitgeoefen, soos die volgende korrespondensie aantoon.

Op 9 Des. '99 stuur die Goewerneur 'n brief van kol. Wynne aan die Ministerie, waarin gevra word om krygswet uit te brei na die distrikte Hope Town, Phillipstown en Hanover. Daaraan voeg Milner toe dat hy begerig is om die streek onder krygswet nie verder uit te brei as volstrek nodig is nie, maar dat 'n aansoek komende van die hoogste militêre outoriteite sodanig is, dat dit baie moeilik ~~is~~, indien nie onmoontlik sal wees om dit te weier nie[I].

Die Ministers het ~~verder~~ hulle egter nie dur die nota van die Goewerneur laat afskrik nie en antwoord op II Des. dat slegs Phillipstown van die drie genoemde distrikte 'n gemene grens het met die Oranje Vrystaat. Methuen se opmars maak dat 'n inval in Hope Town onwaarskynlik is. Die Ministers ontvang van tyd tot tyd inligting uit die distrikte en sover skyn niks aan te toon dat krygswet in die drie genoemde distrikte noodsaaklik is nie. Ministers meen ook dat die krygswet in die distrikte nie die goeie resultate gelewer het wat as vergoeding kan dien vir die verontrustende en ergerlike gevolge daarvan nie. Onnodige krygswet kan slegs die onrus verbrei. Ministers kan nie die versoek verwelkom nie, maar gee nogtans hul toestemming en stuur die proklamasie vir ondertekening. Daarby word die Goewerneur gevra om te waarsku teen onnodige strengheid in die administrasie van die krygswet.

Die gevolg van hierdie skrywe was dat die Goewerneur

I A2A.1900 bl.8

nie die proklamasie geteken het op daardie tydstip nie.

Die militêre was egter nie tevrede nie en dring weer aan by die Goewerneur op uitbreiding van die krygswet na verskillende distrikte.

Op 24 Des. skrywe die Goewerneur weer aan die Ministerie. Hy hou in gedagte die argumente wat Ministers op II Des. aangevoer het teen uitbreiding van krygswet. Hyselfs is ook teen 'n onnodige uitbreiding daarvan. Sedert die datum het sake egter verander deur die feit dat Methuen in sy opmars langs die Modderrivier gestuit is. Die waarskynlikheid van 'n inval en van opstand in Hope Town en Philipstown is dus vergroot, en die militêre owerheid dring aan op uitbreiding van krygswet. Selfs uit Oos Londen word gevra dat die streke agter genl. Gatacre en ten suid-ooste van Queenstown en Cathcart en tusse n die Groot Kei en die Groot Vis sal proklameer word. Die noordelike deel van die distrik Cradock val feitlik al binne die grense van krygsverrigtinge; genl. French vra dus ook vir proklamering vam Middelburg en Cradck.

Die Goewerneur voel sterk daarvoor om gehoor te gee aan die versoek en meen dat dit nie kan uitgestel word tot die distrikte reeds in beroering is nie, want dan mis die krygswet sy eintlike doel. Hy meen ook dat krygswet weinig verskil maak aan die gewone loop van sake, solank die distrikte nog nie deur troepe beset word nie.

Verder erken die Goewerneur dat die administrasie van kr krygswet soms, omdat ergerlik is en dat klagtes ingekom het wat gedeeltelik te regverdig is. 'n Leër wat deur 'n onbevriende streek trek, neem altyd die wet in hande. Maar, voeg die Goewerneur daaraan toe, die algemene beginsels van krygswet word daagliks beter verstaan. Die swak punt sover skyn te wees dat offisiere (na dit skyn, meer polisie-offisiere as andere) roekeloos was met die arresteer van verdagtes, maar sulke persone is gewoonlik stipte-

lik losgelaat.

Op hierdie skrywe antwoord Ministers ~~oor~~ dat hulle nie in besonderhede bekend gestel is met die redes wat die militêre aanvoer vir die proklamasie nie. Hulle verwys weer na hulle vorige minute oor die saak en spreek die mening uit dat dit nie noodsaaklik is in Cathcart nie, want 'n groot troepemag is in Queenstown om die inval af te weer.

Ministers is ook van mening dat daar gronde bestaan vir uitbreiding na Middelburg, Cradock en Tarka. In Oos Londen, Kingwilliamstown en Stutterheim is dit egter nie so noodsaaklik nie, as gevolg van troepe wat die plekke beset en ook word daardie dele beskerm deur die spoorweg na Queenstown. Ministers is gekant teen die beginsel om krygswet toe te pas op plekke, beset deur die tweede lyn van verdedigende troepe; die beginsel is toegepas in die geval van Oranjerivier en De Aar. Verder word verwys na die mening van die magistrate van Middelburg en Somerset-Oos met betrekking tot die gevaar van uitbreiding van krygswet. Ministers heg baie waarde aan die insigte van siviele amptenare van breë ondervinding.

Hoewel onoortuig, stuur ~~die~~ Ministers die gevraagde proklamasies vir ondertekening, in die geval van Middelburg, Cradock, Hope Town, Tarka, Phillipstown en Hanover. 'n Aparte proklamasie word ook aangestuur vir Oos-Londen, Kingwilliamstown Stutterheim, maar Ministers verseker die Goewerneur dat die gevaar in die laasgenoemde distrikte nie so groot is nie, en hulle hoop nog dat sommige distrikte mag verskoon word.

Verder word bygevoeg dat hierdie aanbeveelings gemaak is onder die verstandhouding, ~~dat die Goewerneur~~ dat die dienste van 'n regter van die Hooggeregshof behoort verseker te word as lid van elke ~~krygsraad~~ militêre Hof om sodoende die vertroue van die publiek in die howe nie geheel te verleur nie.

Uit hierdie korrespondensie blyk dit dat die Ministers

ook van die veronderstelling uitgegaan het dat dit moeilik sal wees indien nie onmoontlik nie, om geheel en al te weier op 'n versoek van die militêre, ondersteun deur die Goewerneur, om die krygswet uit te brei. 'n Besliste weiering sou natuurlik die Goewerneur voor die vraag stel of hy die Ministerie langer kan laat dien; dit was in sy mag om 'n einde te maak aan die gesukkel om die Kaapse Ministerie met moeite saam te sleur; hy kon die stoute stap geneem het om gewillige handlangers in te roep. Maar Milner het verkies om sy ongeduld te smoor. Dit mag wees uit agting vir Schreiner met wie hy gaandeweg beter saamgewerk het. Maar daar was ongetwyfeld nog 'n gewigtige rede: Afdanking van die Ministerie, kon die Hollandse deel van die bevolking in opstand bring op 'n tydstip, soos Merriman in 1902 tydens die opskortingsdebat gesê het, toe die uitslag van die oorlog feitlik in hande van die Hollandsprekendes in die Kolonie was; as hulle op die tydstip as een man opgestaan het, sou dit die Britse Generaals voor 'n byna onmoontlike taak gestel het.

Om 'n oordeel uit te spreek oor die houding van die Ministerie in sake die uitbreiding van krygswet, is dit nodig om te weet wat die militêre situasie op die tydstip gewees het en dit sal miskien nodig wees vir die leser om te refereer na die voorige hoofstuk oor die inval en krygsverrigtinge. Hier kan net weer gekonstateer word dat die toestand vir die Ryk kritiek was. In soverre is die Ministers in die ongelyk en hulle houding lyk onbillik teenoor die wat verantwoordelik was vir die verdediging van die Kolonie. Maar die vraag bly nog of die gevaar deur die administrasie van krygswet sou verminder aldan nie. Maw. was 'n opstand minder waarskynlik en was okkupasie deur die Republikeine minder waarskynlik. Die Ministers en hulle ondersteuners was van oordeel dat die teenoorgestelde die geval was met betrekking tot ~~'n~~ opstand, en as die gevalle wat reeds aangehaal is as voorbeelde van behandeling onder krygswet in aan-

merking geneem word en as bedink word dat daar nog baie gevalle van onnodig strenge behandeling lank na die regulasies in werking behoort te gewees het, plaasgevind het, dan bly dit nog altyd 'n vraag of die Ministerie Schreiner reg of verkeerd gehandel het het.

By die einde van Feb. en gedurende Maart was daar nog baie onrus in die distrikte Prieska, Kenhardt, Britstown en Gordonia, alhoewel die kritieke tyd vir die Kolonie verby was. Troepe is daarheen gestuur en krygswet is afgekondig in eersgenoemde drie op 5 Maart en in Gordonia op die 23ste. Ook Barkly-Oos is saam met Prieska e.a. proklameer.

Verdere pogings is ook aangewend om eenvormigheid sover moontlik te verkry in die administrasie van krygswet en die behandeling van rebelle. Op 31 Maart is weer 'n sirkulêre uitgevaardig wat rebelle in twee klasse verdeel: (1) Leiers en diegene wat aktief besig gewees het om die vyand te help of om rebellie in die Kolonie voor te berei, of wat daarvoor propaganda gemaak het. (2) Die "rank and file", wat kommandeer gewees het of wat op 'n ander manier oorgehaal is om by die vyand aan te sluit.

Vandat hierdie sirkulêre uitgestuur is tot jare na die oorlog is altyd gepraat van Klas I [1a] en Klas II rebelle.

Met betrekking tot Klas I lê die sirkulêre neer dat dit noodsaaklik is om die oortreders in bewaring te hou en om 'n grondige voorlopige verhoor in te stel. Verder moet hul lewende hawe in beslag geneem word; geen verkoping daarvan mag plaasvind sonder bevel van die "General Officer Commanding Cape Town".

Wat Klas II rebelle betref, wat gehoor gegee het aan die proklamasie van die Opperbevelhebber en wat volgens die terme van die proklamasie na huis gegaan het totdat hulle kennis kry om te verskyn, moet noukeurige lyste gemaak word met enige verklaring wat hulle afgelê het en met verklarings van getuies teen hulle.[I]

I Cd.981./1902 IV.

1a. Leiers was nie alleen diegene wat in Offisiersrang bekleë het nie maar ook die wat met kommandeerbriefies rondgegaan het of wat enige betrekking soos bv. Landdros bekleë het gedurende die Oktofrasie. Deur die vage omskrywing "enigen wat aktief besig gewees het om die vyand te help of rebellie in die Kolonie voor te berei" ens, het in groot aantal persone onder Klas I (gevang

Vanaf 9 Mei 1900 is omsendbriewe kort opmekaar uitgestuur deur die Inspekteur-Generaal-Lyne van Kommunikasie, om leemtes aan te vul of om sekere regulasies te verduidelik of te verander.[I]

Applikasies vir borgtog in belang van Klas I rebelle, moet refereer word na die Insp.-Genl.-Lyne van Komunikasie.

'n Regsleerde wat in belang van die beskuldigde optree mag teenwoordig wees by die voorlopige verhoor, maar mag nie getuies onder kruisverhoor neem nie. Prisoniers sal egter die reg hê om getuies in te roep, om verklarings te maak en om die verdediging voor te behou, indien sulks verkies word.

Teneinde die Transport-departement van die nodige te voorsien, is die volgende instruksies neergelê: eers sal die toevlug geneem word tot eiendom wat gekommandeer is deur die militêre, veral die wat uit die Vrystaat suidwaarts gedrywe is. Dit sluit ook in die eiendom van beskuldigdes onder arres of beskuldigdes onder borgtog. In die tweede instansie sal eiendom in die Vrystaat gekommandeer word en as nog meer nodig is, kan die toevlug geneem word na die eiendom van "rank and file" rebelle, wat passe het om na huis te keer. Geen eiendom van lojales mag kommandeer word nie, tensy die bogenoemde offisier sy toestemming daartoe gee.

Om die handel so min as moontlik te strem, mag laasgenoemde rebelle wat onder die proklamasie oorgegee het, toegelaat word om hulle eiendom vir bona fide handelsdoeleindes te verkoop. Hulle moet egter onder geen omstandighede toegelaat word om alles te verkoop nie behalwe op bevel van die hof in belang van krediteurs; ook mag hulle eiendom nie transporteer word op die naam van 'n ander nie. Rebelle wat in bewaring gehou word, of onder borgtog is, kry nie hierdie vergunnings nie. Waar so 'n persoon se eiendom nog nie in beslag geneem is nie, mag die gesin net verkoop vir eie onderhoud of omdat 'n plaas oorstok is,

Tenende die Transport-Departement van die nodige te voorsien ingewikkelde reëls neergelê ~~132~~ in verenging dat lote veld bevind gemaak dat dit te veel oponthoud veroorsaak.

~~maar as die verkoping oor die laeste rede plaasvind moet die geld aan die Veld-Betaalmeester oorhandig word.~~

~~Enige dae later word bekendgemaak dat die prosedure wat neergelê is om die Transport-Departement van die nodige te voorsien, te veel oponthoud veroorsaak.~~ Gevolglik word las gegee dat die eiendom van rebelle wat gevlug het op 'n gerieflike plek moet byeen gebring word en dat die volgende persone daarna kon uitsoek wat hulle nodig het: die offisier, verantwoordelik vir vars perde; die transport-kontrakteur; die vleis-kontrakteur. Die res sal ~~sal~~ per publieke veiling verkoop, en die geld aan die Veld-Betaalmeester oorhandig word. Eiendom van rebelle wat

Dit is moontlik, sê die sirkulêre dat 'n familielid van 'n gevlugte rebel 'n deel van 'n plaas kan eis; dit sal geen onderskeid maak nie, maar die eis moet formeel erken word en die magistraat moet ondersoek daaromtrent instel om gegewens voor die kommissie te lê wat sal skadevergoeding oorweeg.

Dat die toepassing van baie van hierdie regulasies verbittering veroorsaak het, is maklik te verstaan. Om al jou eiendom te sien kommandeer ~~word~~ en verkoop word sonder dat jy enige ~~ige~~ seggingskap oor die prys of die opbrengs daarvan het, ~~is nie maklik nie~~; en die ergste was om te dink dat kontrakteurs daarvan vet word.

Op 27 Mei 1900 het die Prok.-Genl. aan die ander Ministers 'n rapport oor die saak voorgelê. Dit was meer bepaald met betrekking tot 'n deputasie wat op die noodsaaklikheid van die volgende aangedring het: (1) dat krygswet herroep word in die noord-oostelike distrikte; (2) dat persone, aangeklaag van Hoogverraad en op die oomblik in die gevangenis in genoemde distrikte, sal toegestaan word: a. vryheid om regsgeleerdes te raadpleeg nie alleen oor die besondere kriminele aanklag nie, maar maar ook in verband met hul private sake wat hulle as gevolg van gevangeneming, nie kan waarneem nie; b. vrylating onder

borgtog; c. vryheid om hulle private eiendom te gebruik om regverdige skulde te betaal en om hul famieleis te onderhou; (3)dat kommandeer van waens,osse en perde sal stopgesit word.[I]

In sy rapport verwys die Prok.-Genl.na die parlementêre kommissie van ondersoek na die onluste in Jamaica.Daar is gevind dat die krygswet langer gehandhaaf is as wat nodig was,omdat dit van krag gebly het na die opstand reeds volkome onderdruk was.Hy waarsku die Ministerie om op te pas dat sodanige ondersoek in die Kolonie ,nie later straks dieselfde bevinding lewer nie.

Verder sê die Prok.-Genl.dat honderde Britse onderdane die wapen opgeneem het.Op enige uitsonderinge na kon hulle teruggaan na hul huise,nadat hulle wapen neergelê het.Nou mag hulle nie die plaas huis verlaat sonder 'n verlofbrief van die militêre outoriteite nie.So 'n regulasie kom hom versigtig voor; dit kan nie as onbillik beskou word nie want die mense het hulle eenmaal aan opstand skuldig gemaak,en net ten noorde van hul distrikte is die oorlog nog aan die gang.Die beperking van op vryheid van beweging is dus gebillik en hierdie beperking kan op twee maniere gedkied:(a)deur krygswet en (b)deur gevangenisstraf.Die Prok.-Genl.sien liewers dat krygswet moet gehandhaaf bly asdat al die rebelle wat nou onder sekere beperkings op hul plase is,na die gevangenis moet gaan.Hy sien dus nie kans om opheffing van die krygswet in die volgende distrikte aan te beveel nie:Aliwal-Noord,Colesberg,Burgersdorp,Wodehouse en Barkly-Oos.Omtrent Hope Town en Philipstown twyfel hy.Hy sien egter geen noodsaaklikheid vir krygswet in Queenstown,Glen grey, Steynsburg,Molteno en Cathcart.Eintlik het niemand in laasgenoemde distrikte rebelleer nie en met uitsondering van van Zyl en Schoeman is daar niemand in die gevangenis op beskuldiging van Hoogverraad nie.

Waar die krygswet nog moet voortbestaan wil hy 'n paar

I A2A 1900 bl 18.

wysigings aan die hand gee.

Daar word gekla dat die beskuldigdes nie hul regsgeleerdes mag raadpleeg voor die voorlopige verhoor nie afgeloop is nie;dit skyn of hierdie strengheid net in Aliwal-Noord en Barkly-Oos toegepas word,maar dit ~~mag~~ behoort gladnie te wees nie.Hy raai ook aan dat borgtog met vrygewigheid toegestaan word;die magistraat sal goed weet watter gevalle moontlik is want hy ken die mense goed.As die borgtog hoog is sal almal verskyn want waarheen sal hulle vlug? En watter kans het hulle om te ontvlug? Daarby kom nog dat dit onwaarskynlik is dat een van hulle sal veroordeel word tot die dood.Verder behoort daar meer vryheid te wees om oor private eiendom te beskik.Hy sien nie waarom die bankbalans van 'n persoon of sy vee nie mag aangewend word om regmatige skulde te betaal nie en om te voorsien in die behoeftes van afhanklikes nie.In die Kaapkolonie bestaan nie soiets as verbeurdverklaring van eiendom as straf vir Hoogverraad nie, en die gewone wet kan niemand wat beskuldig staan van Hoogverraad verbied om oor sy private eiendom te beskik nie.Klagtes het ingekom van 'n sekere Smuts,'n Prokureur wat op beskuldiging ~~staan~~ van Hoogverraad nou in die tronk op Aliwal-Noord is;hy kla dat terwyl daar 'n vonnis van die Hooggeregshof teen hom is,hy tog nie vergun word om aan die vonnis te voldoen ~~omdat sy eiendom~~ deur oor sy private eiendom te beskik nie,maar dat sy eiendom aangeslaan is en 'n gedwonge verkoping daarvan dal binnekort plaasvind.

Die Prok.-Genl.laat hom skerp uit omdat Gebrs.Weil toegelaat word om vee te kommandeer.Hulle het 'n kontrak aan met die Imperiale Goewerment en hy verneem dat die boere gedwonge is om hulle vee spotprys te verkoop.Die reg om eiendom op te eis van onderdane van die vyand word deur internasionale reg erken,maar wat Britse onderdane betref,meen die Prok.-Genl.,mag dit slegs geskied onder die Imperiale leërwet,wat alleen op die

Verenigde Koninkryk van toepassing;of onder die Koloniale-Troepe-Wet[1] van hiedie Kolonie,waaronder eiendom van die Koloniale troepe kan kommandeer word maar slegs met toestemming van die Goewerneur-Generaal in - Rade;of onder die krygswet waar so 'n opeising nodig is vir om opstand te demp en 'n inval af te weer,en dan alleen teen 'n billike prys,in hierdie Kolonie bepaal deur die siviele administrasie.Die Prok.-Genl.kan derhalwe nie verstaan op watter gronde soiets aan Gebrs.Weil toegestaan is nie,want daar was tog ongetwyfeld baie ander distrikte waar vee kon gekoop word.[2]

Hierdie rapport is op 6 Junie voor die Goewerneur gelê, en invloed daarvan is tot 'n sekere mate merkbaar in die krygswet- regulasies wat daarna verskyn het.

Die feit dat die eiendom van Klas I rebelle deur die militêre in beslag geneem is,het onrus veroorsaak onder skuldeisers.'n Gerusstellende boodskap moes aan hulle gegee word;die doel was slegs om te verhoed dat die rebel uit al sy eiendom uitraak voordat sy saak finaal afgehandel was;die regte van bona fide krediteure van voor die onluste sou gerespekteer word.Hulle sou ongetwyfeld moes wag vir vereffening maar aan die anderkant verseker die militêre deur hul optrede dat die eiendom waaruit die skulde moes betaal word nie kon verlore gaan nie.So het die boodskap gelui,en die harte van krediteure is nog meer verbly deur die nuus dat die Kroon onder die Koloniale wet nie voorkeur het by die betaling van boetes nie;krediteure moes voorkeur kry.

Omsendbriewe in verband met die administrasie van krygswet het nog steeds te voorskyn gekom van tyd tot tyd.
Klas I rebelle sou nou toegestaan word om regsadvies in te win sodra die voorlopige verhoor afgeloop was is.So 'n samespreking kon geskied sonder die teenwoordigheid van 'n amptemaar en die beskuldigde sal toegelaat word om 'n kopie van die getuienis ten teen hom te sien.~~(soos later sal vermeld word is hierdie regula-~~

I 1892,Seksie 105.
2 Vir die verslag van die Prok.Genl.sien A2A 1900 bl.18

~~sie een van die wat die meeste veronagsaam geword het, veral laat~~
~~er.~~

Die van Klas I rebelle wat onder borgtog uitgelaat is, was nie toegelaat om die plaas te verlaat anders as onder buitegewone omstandighede nie, maar onder geen omstandighede was dit toegelaat sonder 'n pas nie. Die praktiese moeilikheid hier, lê voor die hand: in geval van buitegewone omstandighede soos ernstige siekte was natuurlik die groot vraag hoe om gou so 'n pas in hande te kry, waar die plaas miskien ver van die dorp gelee is

Klas II rebelle het heelwat meer vryheid gehad volgens die regulasies. Hulle moes ook op die plase bly maar kon die huis sonder pas verlaat om produkte te gaan verkoop of in geval van siekte. In die dorp moes hulle dadelik gaan rapporteer en moes dan 'n pas kry om die dorp weer te verlaat. Net in geval van dringende noodsaaklikheid mag hierdie klas rebel toegestaan word om die distrik te verlaat.

In die tussentyd is die rebellie in die Kolonie geheel gedemp. Hiervan het die Ministerie gebruikgemaak om by die Goewerneur aan te dring op herroepimg van die Krygswet in sekere distrikte. Die minute oor hierdie saak was gebasseer op die genoemde rapport van die Prok.-Genl. en die rapport is ~~[illegible]~~ aangeheg. Die Ministerie voer aan dat die distrikte Molteno, Steynsburg, Queenstown, Glen Grey en Cathcart ver van die oorlogstoneel is en dat die oorspronklike redes vir die uitvaardiging van krygswet in genoemde distrikte, verdwyn het. In Steynsburg en Molteno het die boerebevolking wat grotendeels van Hollandse afkoms is, in besonder haglike en ergerlike omstandighede verkeer, met die verdedigende troepe aan die eenkant en die invallende leers aan die anderkant; tog het hulle in hierdie kritieke tyd 'n houding van gehoorsaamheid gehandhaaf wat lof en erkenning verdien, se die Ministers.

Toe die Goewerneur bietjie meer as 'n maand later op

hierdie ~~minute~~ pleidooi antwoord, was die Ministerie Schreiner reeds van die kussings, en was die Afrikaner Party weer in opposisie. Die behandeling van rebelle was die twisappel wat 'n skeuring in die ministerie teweeggebring het - 'n skeuring wat onheelbaar geblyk het en gevolglik die val van die Regering veroorsaak het. Hierdie skeuring word breedvoerig in die volgende hoofstuk behandel.

Op 13 Julie het die nuwe Eerste Minister, Sir Gordon Sprigg, die Goewerneur gevra om krygswet te herroep in Queenstown, en Cathcart; van hierdie geleentheid het die Goewerneur gebruikgemaak om volledig te antwoord op die minute van die vorige Ministerie, gedateer 6 Junie.

Die Goewerneur erken dat die Kaapse Regering die reg het om hulle wil in hierdie saak te laat geld selfs teen die sin van die militêre outoriteite, maar dat daar baie goeie grond moet bestaan vir so 'n optrede. Baie waarde moet geheg word aan die opinie van die militêre daar hulle in die eerste plek verantwoordelik is vir die handhawing van wet en orde.

En nou breek die Goewerneur 'n lans vir die militêre: hy beweer dat hulle nie verniet die ekstra moeite en pligte op hulle sal neem nie, want dis 'n soort werk waarin hulle geen roem kan verwerf nie; inteendeel is hulle blootgestek aan haat. Sulke onbekende pligte stel hulle ook net meer bloot aan foute. Hulle sal dus nie onnodige uitbreiding van krygswet of handhawing daarvan voorstaan nie.

In die onderhawige geval, gaan die antwoord voort, is behalwe toe die opstand in volle swang was, niemand vir dade van opstand of van verraad voor militêre howe verhoor nie. Selfs toe rebelle by duisende onder die wapen was, was die getal wat op die wyse tereggestaan het, uiters gering en sodra die opstand in enige deel van die land gedemp was, is die verhoor voor militêre howe (behalwe vir oortreding van regulasies) gans en al

Nota: Die hoofstuk oor krygswet moet onderbreek word; nie verwisseling van regering nie, maar wel die "Twede Inval" bring 'n natuurlike skeiding mee; daarmee tree 'n ander fase binne.

gestaak. Op die oomblik was daar nie ses persone in hegtenis in die Kolonie tengevolge van vonnisse deur militêre howe gevel, vir dade van opstand nie. Geen enkele rebel is terdood gebring nie en die swaarste straf wat deur die militêre howe op enigeen van hulle toegepas is, is 2 jaar gevangenisstraf en 'n boete van £1000. Die persone deur die militêre arresteer vir Hoogverraad is met seer weinige uitsonderings, of ten verhoor gebring voor die gewone howe van die land of hulle word nog in bewaring gehou in afwagting van die beslissing van die parlement oor die voorstel om 'n Spesiale Hof in die lewe te roep ten-einde die verhoor te onderneem. Die Goewerneur meen dat die beginsel om geen misbruik te maak van krygswet nie, nooit so sorgvuldig inaggeneem is as in hierdie geval wat betref die verhoor en straf van rebelle nie.

Hierdie oorsig wat die Goewerneur van die toestand gee skyn werklik nie te donker nie. Ongetwyfeld verdien die militêre outoriteite en veral die Regering van die tyd lof dat nie een van die rebelle na die Eerste Inval tot die dood veroordeel is nie; ook die Regering veral, omdat, soos reeds aangetoon is, hulle onvermoeid gepleit het vir die persone wat onder sulke omstandighede hulle aan opstand skuldig gemaak het, en veral het hulle die posisie gered deur te verkry dat die meeste beskuldigdes aan die siviele outoriteite uitgelewer is. Voorheen is dan ook reeds aangemerk dat dit nie die vonnisse van geregshowe was wat die grootste verbittering teweeggebring het nie, maar wel die alledaagse administrasie.

Die "Times History of the War" sê die volgende: I

Our national ignorance of war, inclines us towards mistaken leniency in dealing with our enemies whom we try to conciliate during hostilities often at the expence of our friends. Martial law and military government as these terms are understood by the great military powers of Europe, were never enforced throughout the war and possibly never will be under our present system of party government. The French, Germans and Russians in South Africa, consider our martial law regulations mild to the verge of

weakness, while the majority of ~~Cole~~ British and Colonials who did not understand what war is, considered the same regulations for too drastic.

Die antwoord hierop lê voor die hand; dit was nie die regulasies wat te streng was nie. Die regulasies dien slegs om meer of min eenvormigheid te bewerk, want, in die woorde van 'n omsendbrief, wat ons nog later sal teëkom, is die mag van 'n offisier wat krygswet administreer slegs beperk deur sy eie diskresie en die erkende gebruike van oorlogvoer. Dis dus gladnie genoeg om een stel krygswet-regulasies met 'n ander stel te vergelyk teneinde te sê in watter geval die volk op wie dit van toepassing was die meeste gely het nie. Lig die regulasiesluier op en kyk hoe die toepassing geskied het. So sê Merriman in die Wetgewende Vergadering, 25 Aug. I902: "for anything more ~~fair~~ clear, ~~(anything more)~~ anything more scrupulously fair than than these instructions (omtrent krygswet) it would be difficult to find and yet.... there was hardly one of them that in practice had not been violated"[I]; en dan gaan die spreker voort om voorbeelde te noem; bv. vir oortreding van die regulasies moes nie 'n swaarder boete as £I0 of 30 dae opgelê word nie en hoeveel gevalle is daar nie, sê die spreker waar boetes van honderde ponde en ses maande straf opgelê is nie? Hier het Merriman darem al die latere administrasie, die gedurende die Tweede Inval ook voor oë gehad. ~~Soos tewagte was is, moes die krygswet~~ Uit die aard van die saak, kan 'n mens strenger maatreëls verwag toe die Republikeinse kommando's weer die Koloniale grondgebied binneval en toe hulle weer rekrute in die Kolonie gewerf het. Maar dit moet bly vir 'n later hoofstuk. Hier met dien net verder vermeld te word dat die parlement in sy I900 sitting van I900 'n indemniteitsakte deurgelaat het[2]. Die indemniteit deur hierdie akte verleen het net betrekking gehad op dade wat val tussen II Okt. I899 en I2 Okt I900; laasgenoemde is die datum waarop die akte op die wetboek gekom het.

I Hansard I902 bl. 3I.
2 No. 6 van I900.

~~140~~

Dieselfde wet akte het ook 'n Spesiale Hof in die lewe geroep om die beskuldigdes wat nog op verhoor gewag het ,te verhoor.As regters van die hof is aangestel,regters Solomon,Lange en Maasdorp.Ook is kommissarisse aangestel om sake van Klas II rebelle na te gaan.Deur hierdie akte is die beskuldigdes dus onder beheer van die militêre uitgeneem .

Alles het nou rustig geword.In die noorde en noord-ooste van die Kolonie was die magistrate van die opstandige distrikte reeds in Maart terug;in Kenhardt was die magistraat in April terug en die van Herbert,Gordonia,Vryburg en Taungs in Mei.Krygswet was nog van krag in sekere distrikte maar die idee was om die distrikte stadigaan voor te berei vir die siviele administrasie.Muusblaaie kon weer sirkuleer in die distrikte suid van die Oranje en regulasies wat wrywing veroorsaak het sonder kompenserende voordele moes volgens 'n omsendbrief herroep word. Kommandeer van lewende hawe moes sover as moontlik beperk word en waar opgeëiste eiendom nog verkoop is word,moes die opbrengs aan die eienaar gegee word.

Dit lyk vreedsaam.Die volgende hoofstuk sal egter toon dat die Kolonie gedurende die laaste helfte van 1900 op politiek gebied 'n kokende pot was.

~~I 47~~

HOOFSTUK VI.

DIE POLITIEKE TOESTAND IN 1900 - VERGADERINGE, KONGRESSE, PETISIES, EN DEPUTASIES.

Onbenydenswaardig was voorwaar die posisie van die Afrikaner Ministerie by die uitbreek van die oorlog. Die Regering het heelhartig simpatiseer met die Republieke maar moes indirek help dieselfde Republieke te onderdruk. Die eenvoudigste uitweg sou gewees het om dadelik te bedank toe hulle nie daarin slaag om vrede te behou in Suid-Afrika nie. Sen. F.S. Malan wys in die laaste "Ons Land" wat verskyn het[1] daarop dat genoemde blad gemeen het "dat Schreiner as Eerste Minister moes bedank omdat sy regering gekies was om vir vrede te werk en nie om te help om oorlog te voer nie". Ek moet egter sê dat daar hiervan nie veel spore in die blad te vind is, maar wat wel as in feit kan aangeneem word, is dat Schreiner self wou bedank sodra oorlog in voldonge feit was, dog die Bond en die senatorige Engelse ondersteuners het by hom aangedring om op die kussings te bly, wat hy dan ook gedoen het. Schreiner het ~~egter~~ gehoop dat hy die Kolonie van anargie kon red deur so lank as moontlik buite die oorlog te bly en die Goewerneur was maar ~~bly~~ dankbaar om in die kritieke tyd toe die hele Kolonie in opstand kon kom, 'n regering aan die hoof ~~gehad het~~ te kon hê in wie die Hollandse deel van die volk vertroue gehad het. Van sy kant sou die Goewerneur dus maar voortsukkel met 'n onwillige Ministerie in plaas van 'n Progressiewe kabinet in te roep. Merriman, Sauer, en Te water ~~seu~~ [redacted], sou ~~Milner~~ hy graag na die hoenders wou gestuur het, maar vir Schreiner het hy steeds groter agting gekoester. Van die Eerste Minister sê die "Times History": "An intensely patriotic Africander, he was also, at bottom, a loyal British citizen and a sincere Imperialist and the conflict between his political sympathies and prejudices on the one hand and his high sense of duty on the other, are the best explanation of a policy that at the time seemed tortuous and insincere to both parties."[2]

Nieteenstaande swakke gesondheid het Schreiner aangesukkel en met sy kollegas en die Bond wat hom ondersteun aan die eenkant en die Hoë Kommissaris aan die ander, was sy beleid

I 8 April 1930
2 III bl.89

' kompromis. Weer stel die "Times History" dit as volg: "The Prime Ministers actions represented the resultant between his own policy and ~~that of~~ the stronger will and inexorable logic of the Imperial representative",[1] Ek sou egter sê dat Schreiner se handelinge die resultant uitmaak tussen die beleid van sy kollegas en party wat hom op die kussings geplaas het om Sir Alfred Milner te bestry, en die van die Imperiale verteenwoordiger. "Ons ~~Land~~" Land" verklaar dat daar 'n radikale verskil tussen Schreiner en die Afrikaner Party bestaan het van lieverlee; die verskil was slegs op die agtergrond.[2] Die blad bedoel hiermee, Schreiner se omspring na hy in 1899 deur Milner op die vingers getik is oor sy neutraliteitstoespraak. Schreiner was slegs die ~~offisiële en of~~ parlementêre leier van die party; hy was nie die leier ~~van die Bond nie~~, self nie in lid van die Bond nie. Langersamerhand het daar meer toenadering gekom tussen Schreiner en Milner en elke stap wat die Eerste Minister nader na die Goewerneur gebring het, het die kloof tussen hom en die Bond vergroot. Die volgende aanhaling uit 'n rympie van "Janni"[3] in "Ons Land" toon duidelik aan waar sake heenloop; dit was nog maar die 12de Mei:

"Ons is nog almal lief vir jou
En jy kan ook op ons vertrou
Maar Schreiner, ag! pas op tog nou!
Pas op!
.....
Jou hart is eerlik, dis gewis,
Jou hersens stellig helder is
Maar tog, ons is nie heel gerus
Pas op!

Nie twee weke daarna nie het 'n buitegewone Goewermentsgaset 'n kennisgewing bevat dat Maandag 21 Mei 'n publieke vakansiedag sou wees om die ontset van Mafeking te vier. "Ons Land" het op daardie dag die werkplase en buro veiligheidshalwe gesluit en die "South African News" het dieselfde gedoen. Die dag daarna het eersgenoemde blad so effens die lengte na die Premier se kên gemeet en "Janni" het in sy volgende rympie die Mafeking-vakansiedag "besing en met die veelseggende reëltjie begin:

"Dit was Sint Schreiners holiday" ens.

I III bl.90
2 24 Okt. '00.
3. Adv. de Waal, Tans Speaker van die Volksraad.
4. Schreiner het gemeen dat hierdie toesewing aan sy politieke teenstanders in geen sin sindheid soos in die Rand werk.

Daarop volg die proklamasie van Roberts wat op 28 Mei in Bloemfontein uitgevaardig is en waarby die Oranje Vrystaat annekseer word. "Ons Land" het verneem dat Schreiner ook geraadpleeg was, maar kon nie vir die waarheid van die berig instaan nie en wou derhalwe geen kommentaar lewer nie. Dog die blad haal 'n berig uit die "Morning News" aan dat Rhodes voor sy vertrek na Beira sou gesê het : hy vind dit nie nodig om die komende sessie van die Wetgewende Vergadering by te woon nie, want die Schreiner Ministerie bevorder nulle doel beter as enig ander Ministerie dit sou kon doen.[1]

Maar die algemene publiek het nog niks geweet van die Kabinetskrisis nie. Die Eerste Minister het sy bes gedoen om die breuk in sy Ministerie te heel, dog tevergeefs.

Die Prok.-Genl. was reeds sedert Maart 1900[2] besig om om 'n wetsontwerp in verband met behandeling van rebelle op te trek. Die kern daarvan was dat verlies van stemreg die noodwendige gevolg is, van hoogverraad.

Chamberlain het op 14 April 'n lang skrywe aan die Kaapse Ministerie gerig in verband met die saak asook omtrent skadevergoeding. Die twisappel wat Chamberlain deur hierdie skrywe tussen die Koloniale Ministers ~~in~~ ~~die~~ gegooi het, was sy wantroue in die juriestelsel; hy het gevrees dat die gewone howe ondoeltreffend sou blyk onder die omstandighede omdat volgens hom geen reg sou geskied as die juries van dieselfde distrik was as die beskuldigdes nie of nie selfs nie wanneer die verhoor in 'n ander distrik moes plaasvind waar die inwoners in simpatie was met die rebelle nie. Gevolglik het hy voorgestel dat 'n spesiale regterlike Kommissie sou aangestel word en wel op so 'n manier dat geen vooroordeel kon bestaan nie.

Die antwoord van die Kaapse Ministers hierop (27 April) laat nog nie verdeeldheid deurskemer nie, alhoewel 'n groot skeuring reeds gedreig het. Te Water was bitter gekant teen die daarstelling van 'n spesiale hof ; hy het dit beskou as

1. 31 Mei '00. Rhodes het eintlik sy volle vertroue in die Hoë Kommissaris uitgespreek.

2. In die tyd het Solomon en Milner saamgereis en "Ons Land" beweer later dat die Goewerneur eersgenoemde in sy sak gekry het. Ook Merriman het beweer dat Solomon sy voorstel van 5 jaar stemonthouding, in in Spanne gebore is.

'n verkragting van wettige regte en hierin was hy waarskynlik gesteun deur Merriman en Sauer. Nogtans het Schreiner daarin geslaag om die geskil sover by te lê dat hy Chamberlain kon laat weet dat sy Ministerie tenguns te van die spesiale hof besluit het, alhoewel dit met teësin is dat die juriestelsel prysgegee word. Hulle besef egter die moeilikheid om onbevooroordeelde juries te kry.

Militêre howe wou hulle tog nie graag sien nie; die samestelling van hierdie howe, vreemd vir die Kaapkolonie, kon selfs nie met die beste sorg verwag word om vertroue in te boesem nie. Hulle sou die spesiale hof dan deur wetgewing in die lewe roep en sorgdra dat dit bestaan uit regters van die Hooggeregshof.[1]

Die dag daarna het die Ministers die veelbesproke amnestieminute opgetrek. Asof bang om met die groot saak voor die dag te kom, spreek hulle eers die hoop uit dat hulle vertoë nie as buitenstyd of ongevraagd sal beskou word nie. Tereg het die teenstanders later hierdie feit as bewys aangevoer dat selfs die Ministerie van oordeel was dat dit 'n saak was slegs vir die Imperiale Goewerment.

Dan wei hulle uit oor die rebellie wat nie met wreedhede en moorde gepaard gegaan het nie en wat bepaald, hoe onverskoonbaar ook, in ander dele van die Britse Ryk plaasgevind het. Nogtans bly die feit dat 'n groot deel van die bevolking hulle aan opstand skuldig gemaak het, maar Ministers vertrou dat die Imperiale Goewerment nie 'n algemene proskripsie van die misleide persone begeer nie. Soiets sal te veel lyk na politieke wraaksug. Insteae daarvan pleit die Ministers vir 'n beleid waarvolgens 'n beperkte aantal van die hoofoortreders sal uitgesoek en gestraf word indien hulle skuldig gevind word. Wat die res betref is die Ministerie van oordeel dat gesonde beleid en publieke moraliteit daardeur sal gedien word as H.M. adviseer word om 'n proklamasie van amnestie uit te vaardig, waaronder almal behalwe genoemde hoofoortreders vry na huis sal kan gaan onder 'n waarborg vir goeie gedrag. Die Kabinet is van oordeel dat die meerderheid van Hollands-

[1] Sien AIA.1900 vir korrespondensie oorbehandeling van rebelle uit val van die Ministerie.

sprekendes prysenswaardige selfbeheersing getoon het en op hierdie deel van die bevolking sal sagtheid die beste uitwerking hê. Daar word ook verwys na die rebellie in Kanada, 1837-8 waar so 'n gematigde beleid die allerbeste resultaat gelewer het, terwyl die opstand daar met ontsettende moorde gepaard gegaan het.

Ten slotte word verklaar dat 'n groot mate van onrus in die Kolonie bestaan as gevolg van die onsekerheid in verband met die behandeling van rebelle.

Saam met hierdie minute het die Ministers 'n lang memorandum[1] oor die Kanadese rebellie aan Chamberlain gestuur met lang aanhalings uit die destydse korrespondensie van Lord Glenelg en Lord Durnam.

Soos by die vorige minute het die arme Schreiner ook hier groot moeite gehad om eenstemmigheid te verkry. Nou was dit weer Richard Solomon wat nie kon akkoord gaan met die innoud van die pleidooi nie. Blykbaar was dit 'n kompromis: Te Water moet die spesiale hof aanvaar en Solomon moet toestem dat Merriman ook in sý naam versagtende omstandighede vir die rebelle aanvoer en aandring op amnestie. Maarm as Schreiner homself gefelisiteer het op hierdie sukses om Ministers bymekaar te hou wat slegs deur omstandighede wat reeds verdwyn het, in een kabinet te kry was, dan moes sy vreugde van korte duur gewees het. Op 4 Mei het Chamberlain 'n antwoord opgestel wat die breuk in die Kaapse Mininsterie onheelbaar gemaak het.

Daar bestaan vandag nog twyfel omtrent die omstandighede waaronder Chamberlain hierdie antwoord opgestel het. Dis egter baie waarskynlik dat die opsteller bewus was van die breuk in die Kaapse Ministerie; dat die geheim reeds aan die Goewerneur bekend was, en dat Chamberlain dit deur hom verneem het. (Sien voetnoot op bladsy 159/143). Indien hierdie sterke ver-

1. Deur Merriman opgestel.

moede korrek is, dan kan met sekerheid vasgestel word dat Milner en sy hoof dit nie langer nodig gevind het om die Ministerie, soos op die oomblik saamgestel, aan die bewind te hou nie en dat Chamberlain dus voorbedag die bom gegooi het wat tot die finale skeuring gelei het.

Die antwoord is verder van belang omdat dit, tesame met die latere aanvulling van 10 Junie, die middelpunt geword het van 'n veelbesproke vraag, hier in die Kolonie en in Engeland, of Chamberlain probeer het om vir die Kaapse Ministerie te dikteer, alsdan nie. Hyself het ten enemale ontken dat hy wou dikteer. Op 'n vraag in die Laer-Huis het hy verklaar dat hy geen reg het om vir die Kaapse Ministerie te dikteer nie en dit ook nooit probeer doen het nie.[1]

Nouwel die eintlike bom was dan dat die Britse Regering <u>almal</u> wat in die rebellie betrokke was, selfs diegene wat kan bewys dat hulle onder dwang gehandel het, wou gestraf sien en dit wel deur stemontneming in die laaste geval, en deur ander strawwe met verlies van stemreg in alle ander gevalle.

Nou is dit wel waar dat xxxxxx die wetsontwerp wat Richard Solomon reeds in Maart begin opstel het, (sien bladsy) stemontneming bevat het as die noodwendige gevolg van rebellie, maar Schreiner kon natuurlik nie die goedkeuring van sy hele kabinet vir hierdie ontwerp kry nie en vandaar die kompromis wat op die amnestie-minute uitgeloop het.

Chamberlain se antwoord het in die smaak van Solomon geval want in wese was dit dieselfde as sy oorspronklike voorstelle. Schreiner kon nie juis daarmee akkoord gaan nie maar was geneig om in te gee vir die Britse Regering as hulle sou staan by die minute van 4 Mei, en Herholdt skaar hom by sy hoof.

1 Imperiale Hansard - 25 Julie 1900; bl. 1191.

Die orige drie ministers egter , was heftig gekant teen die Britse voorstelle;wat hulle sienswyse was,sal aanstonds aangetoon word.

Die gronde vir die Britse standpunt was dat verlies van stemreg vir lewenslank nie 'n sware straf is vir rebellie nie en dat amnestie vir die rebelle,onregverdig sou wees teenoor die "Loyalists":"Clemency to rebels is a policy which has the hearty sympathy of Her Majesty's Government,but justice to loyalists is an obligation of duty and honour.....[1a] It is clear that in the interests of future peace it is necessary to show that rebellion cannot be indulged in with impunity and above all,that if unsuccessful,it is not a profitable business for the rebels.Otherwise the state would be offering premium for rebellion."[1]

Aan die anderkant het Te Water in 'n brief aan Schreiner op 19 Mei sy sienswyse uiteengesit en daarop gewys dat dieselfde mense wat op daardie oomblik in die tronk gesit het, met alle mag probeer het om,wat hulle beskou het as 'n onregverdige oorlog teen hulle bloedverwante,te verhoed en dat hulle selfs met hierdie diepgaande simpatie vir die Republikeine,hulle byna deurgaans onthou het van enige dislojale daad totdat die invallende leërs hulle distrikte ingeneem het en dat hulle onder dwang gehandel het.Hy dring by sy hoof aan om pal te staan by die weg wat hulle beskou as die regte,al sou dit ook beteken dat die konstitusionele regte van die Kolonie verkrag word deur Imperiale wetgewing oor hulle hoofde.

Merriman het 'n baie langer skrywe aan die Eerste Minister gerig in naam van homself en sy kollega,Sauer.Volgens hom behels die Chamberlain-voorstel 'n maatreël van algemene politieke proskripsie.Hy toon aan dat die Hollandse bevolking, selfs die groot getalle wat onder moeilike omstandighede lojaal gebly het,daaronder sal lê deurdat die voorgestelde stemontneming die politieke party waaraan hulle behoort,sou beroof van 'n groot mate van steun:"There was a time,not

1. Al 1900 bl.35 ✓

1a. Op in vergadering in Birmingham, 11 Mei, het Chamberlain dieselfde gesê.

many months ago, when it is not too much to say that the British hold upon South Africa lay in the hands of the Dutch-speaking colonists, who, if they had risen might have rendered the military situation almost impossible. At that time the efforts of their representatives, of their ministers of religion and of leading men of all classes, were thrown on the side of the British connection."[1]

Op eg "Merrimanistiese" wyse het die skrywer verder uitgevaar teen die sogenaamde "Loyalists" wat so luidrugtig ~~hul~~ oorlog geskreë het en hy het betoog dat die kleurlinge nog groter minagting sal toon teenoor die Hollandssprekendes wanneer deur die voorgestelde maatreël 'n klas politieke helote geskep word; hierin het hy die kiem gesien van groot moeilikhede vir die toekoms.

Schreiner het nog 'n floue hoop gekoester dat die Imperiale Regering meer toegewend sou wees en hy het in dié voege aan hulle geskryf. Die antwoord van 10 Junie was egter weer teleurstellend. Hy het dus ~~weer~~ teruggeval op die oorspronklike voorstelle van Richard Solomon, wat, alhoewel in wese dieselfde as die van Chamberlain, tog heelwat meer gematigd was. Daar sou net twee klasse van rebelle wees: hoofoortreders en andere. Die eerste klas sou deur die voorgestelde spesiale hof verhoor word, terwyl die res slegs met verlies van stemreg vir vyf jaar sou gestraf word. Diegene wat kon toon dat hulle onder dwang gehandel het, sou geheel ongestraf gelaat word.

Merriman, Sauer en Te Water kon egter nie beweeg word om hierin toe te stem nie. Schreiner moes nou die gevoelens van sy parlementêre ondersteuners toets en vir die doel is op 8 Junie 'n koukus byeengeroep. Na breedvoerige bespreking het die lede die volgende dag met 29 teen 8 stemme teen die Eerste Minister beslis.

Op die 11de het laasgenoemde die Goewerneur formeel bekendgestel met al die omstandighede en gevra wat Sy Eksellensie se wense is. Die antwoord was dat die verteenwoordiger van

1. AIA. 1900 bl. 49.

Haar Majesteit se Regering van advies moet bedien word en as die nie kan gegee word nie, sal hy dit elders moet soek.

Die waarheid is dat Milner graag sou gesien het dat Schreiner net sy Kabinet hervorm en aan die bewind bly, maar laasgenoemde was nie seker of hy genoegsame steun in die parlement sou kry om sy beleid deur te voer nie en op 13 Junie was sy bedanking in die hande van die Goewerneur en die ministerie Schreiner het nie meer bestaan nie.

Die kabinetskrisis het eintlik twee stadiums deurloop. Dit het begin sodra die opstandige distrikte onder beheer van die Britse troepe gekom het na Cronje se oorgawe by Paardeberg op 27 Februarie. In die begin was dit slegs meningsverskil omtrent die aard en mate van straf wat rebelle moes ondergaan. Daar het stadigaan 'n breuk ontwikkel tussen Schreiner en Hofmeyr. Die latere breuk is egter meer diepgaande: dis die verskil oor van opvatting in verband met die status van die Kolonie; in verband met die pligte en bevoegdhede van 'n koloniale ministerie onder selfbestuur. Hierdie laaste punt verklaar waarom Merriman en sy twee kollegas na die notas van die Britse Regering nie kon beweeg word om die gematigde Solomon-voorstelle te steun nie.

Verder moet onthou word dat Merriman en Schreiner nooit eintlik danig bevriend was nie. Laasgenoemde was Merriman se junior in jare en in ondervinding en was dit nie vir die houding van sommige Bondslede nie, sou Merriman in 1898 Eerste Minister geword het.[1] Daar was 'n groot verskil van opvatting tussen die twee: Schreiner het sy pligte as dienaar van die kroon voorop gestel, terwyl Merriman homself in die eerste plek beskou het as dienaar van die volk.[2] Ook in temperament het die twee grootliks verskil: Merriman was die haastige wat nie ompaadjies soek nie; Schreiner weer was langdradig[3] in sy toesprake en in sy hele optrede en dit het eersgenoemde soms byna rasend gemaak.

1. Laurence - Life of Merriman. bl. 166
2. Ibid. bl. 175, 181.
3. Ibid. bl. 178.

~~150.~~

Na die val van die Ministerie Schreiner het sir Gordon Sprigg weer die bresse gevul en Rose-Innes, die nuwe Prokureur-Generaal het die wetsontwerp van Solomon feitlik met huid en haar oorgeneem, natuurlik om die steun van Schreiner en sy klein klompie ondersteuners te verseker. Hierdie groepie het nou die algemene benaming van die "Adullamites" gekry.

Die nuwe Sprigg-Kabinet was, soos die "Argus" dit in 'n hoofartikel uitgedruk het, "An emergency Ministry". Die Eerste Minister het self, as Tesourier, die geldsake van die land op hom geneem en verder het die span as volg getrek: Rose-Innes, Prokureur-Generaal; sir Pieter Faure, Sekretaris van Landbou; John Frost, sonder portefeuljie; T.L. Graham, Koloniale Sekretaris; dr. T.W. Smartt, Kommissaris van Publieke Werke. Dit was net die omstandighede wat weer hierdie Kabinet ook bymekaar gehou het, sowel as hulle ondersteuners.

Cape Argus : 18/6/00.

Deur die verwisseling van regering het die sitting van die parlement later begin as wat dit vasgestel was, nl. op 20 Julie. Uit die debatte kon die publiek heelwat meer tewete kom omtrent die skeuring in die Afrikaner-geledere, en die ware toedrag van sake daaromtrent. 'n ~~Groot vraag wat teberde gekom het was of die~~ Maar voor die wetsontwerp omtrent behandeling van rebelle aan die orde gekom het, het eers 'n ander groot debat plaasgevind nl. die omtrent krygswet ~~debat~~. Wat hiedie debat so uiters interessant gemaak het, was die feit dat die sterkte van die partye daarmee getoets is. Daar was onsekerheid omtrent die ondersteuning wat die nuwe regering sou geniet as indemniteit en behandeling van rebelle aan die orde kom. Een ding was duidelik en dit was dat slegs Schreiner en sy paar ondersteuners, die ~~dwa~~ dwars banke, die hef sou in hande hê. Steun hulle die Regering, dan is Sprigg gered. Die dwarsbankers moes egter onthou dat hulle Bondskiesafdelings verteenwoordig; breek hulle met die party, moet daar tyd genoeg wees om in die kiesafdelings aan te dring op bedanking.

Dus op 24 Julie, vier dae na die sitting 'n aanvang geneem het, stel Merriman voor:

(I) dat die voortsetting van krygswet na onderdrukking van rebellie en straf en vervolging van persone onder die vorme van sogenaamde krygswet, na gewapende verset 'n einde geneem het en siviele howe heropen het in die opstandige distrikte, teen die inherente regte van die Britse volk is en verkragting is van al die beginsels neergelê vir leiding in sulke gevalle.

(2) Dat dit noodsaaklik is dat die proklamasies wat krygswet van krag gemaak het in hierdie Kolonie, herroep sal word.

"Nogeens in sy loopbaan", sê die Argus, "het mnr. Merriman homself hammarende gevind teen militêre outoriteite met die noodlot van 'n repiterende desimaal".

Die voorstel vam Merriman kon nouliks as 'n mosie van

sensuur op die Goewerment bedoel gewees het want die Sprigg-Ministerie was nog maar vir 5 weke op die kussings en in die tyd is krygswet in Queenstown, Cathcart en Glen Grey herroep., maar daar is reeds aangemerk wat die belangrikheid van die krygswet-mosie gewees het. Met spanning is die debat binne en buite die Huis gevolg.

Die voorstekler het 'n donker skildery opgehang vanwat onder die krygswet gebeur, en 'n heel aantal persone opgenoem wat die slagoffers daarvan geword het. Ook het hyself handbiljette gesien wat onder nie-blankes verstrooi word en wat van £1 tot £10 uitloof vir informasie teen rebelle.

Daar is geen handboeke oor krygswet nie, daarvoor kan 'n mens nie na Grotius of Voet gaan nie maar na Wallenstein en Tilly. Spreker haal die woorde aan van Sir James Macintosch: "AS krygswet die noodsaaklikheid daarvan oorleef, as dit die noodsaaklikheid vir 'n enkele minuut oorleef, word dit op die oomblik 'n blote uitoefening van bandelose geweld." ook haal hy die woorde van John Stuart Mill aan: "die wet van noodsaaklikheid stel nie 'n persoon vry van sy handelwyse te regverdig voor 'n tribune nie." In die Kolonie is geen rebellie meer nie; vandat dit 'n einde geneem het ~~tot-nou~~ het dus 'n stelsel van wettelosheid aangegaan wat nie te regverdig is nie. Eiendom word konfiskeer, en mense in die tronk gestop vir maande sonder om verhoor te word, terwyl sommige net wag vir die geleentheid om hulle onskuld te bewys. Waar borgtog nog toegestaan word is dit 'n buitensporige som; so bv. is 'n predikant op borgtog van £5000 uitgelaat. Dan ook word die mense in sommige gevalle vervolg deur hulle vroeëre politieke teenstanders; in een distrik is 'n man besig om te vervolg onder mense wat hom by die laaste verkiesing 'n neerlaag besorg het.

In hierdie kleure het ook ander opposisie-sprekers die posisie afgeskilder. Die voorbeeld van Grevenstein is onder andere

genoem;'n naturel het 'n beëdigde verklaring afgelê dat die man ~~in die geweg by Looperberg gewees het~~. In Grahamstad is hy voor die hof gebring en onskuldig bevind, maar toe was hy alreeds omtrent 2 maande in die tronk en die hele saak het hom £400 gekos; £100 sou die Goewerment vir hom betaal maar vir die res moet hyself sorg.

Verder is gewys op die regulasies wat in party gevalle onnodiglik ergerlik gewees het soos bv. dat 'n persoon strafbaar is as 'n kopie van "Ons Land" by hom in huis gevind word.

Die argumente aan die anderkant het daarop neergekom dat die vorige Regering aan die hoof van sake was toe al die ongereeldhede plaasgevind het; die rebellie het lankal 'n einde geneem en die pleidooi vir opheffing van die krygswet is eers op 6 Junie opgetrek.

Ook in die Britse parlement is 'n soortgelyke debat in dieselfde maand gevoer. Daar het die Liberale die rol vervul wat Merriman en sy ondersteuners in die Kaapse Huis waargeneem het.

Dis nie nodig om in te gaan op die vraag of krygswet wel te lank van krag gebly het of nie en indien wel, of die Schreiner Regering of hul opvolgers die skuld moet dra nie. Ek meen dis genoeg om die woorde van Milner aan te haal wat hy presies sewe maande na hierdie krygswet-debat in 'n oorsig van die toestand gebruik het: "Sewe maande gelede was hierdie Kolonie geheel en al rustig, tenminste sover as die Oranjerivier.... Op daardie tydstip was die gevoel in die Kolonie beter as ek dit ooit geken het; die opstandige element het stoom afgeblaas in 'n mislukte rebellie en was bly om weer tot rus te kom".[1]

As dit die toestand was, dan is krygswet ongetwyfeld te lank van krag gehou.

Verreweg die vernaamste debatte was die in verband met die "Hoogverraad en Spesiale Tribunale" Wet wat eindelik in Oktober op die wetboek gekom het.[2]

I Cd.547, 1901 No.46.
2 No.6 van 1900

Die krygswet-mosie het getoon dat die Regering veilig kan begin met die belangrike werksaamhede van die sessie, en die allervernaamste was om die genoemde wetsontwerp deur die parlement te kry.

Wet No.6 van 1900 bestaan uit drie aparte dele: (1) om die wat verantwoordelik was vir die uitvaardiging van krygswet en die administrasie daarvan, van die Goewerneur tot die laaste amptenaar te vrywaar teen vervolging; (2) om voorsiening te maak vir die teregstelling van en straf van persone wat die wapens opgeneem het teen die troepe van H.Majesteit of wat die vyande van H.M. andersins gehelp het; (3) om voorsiening te maak vir die betaling van skadevergoeding vir direkte oorlogsverliese.

'n Vername beginsel in verband met wetgewing wat in hierdie wetsontwerp verkrag is, is die van "Een saak, een wetsontwerp". Die drie aparte sake wat hier in een wetsontwerp opgeneem is, het hoegenaamd niks met mekaar te doen nie. Dit het die opposisie in 'n moeilike posisie gestel, waar hulle oor die beginsel van die wetsontwerp moes stem. Wat indemniteit betref, kon die opposisie in beginsel natuurlik geen beswaar maak nie, want hulle was medepligtig aan die uitvaardiging van die krygswet. Die vraag was egter tot hoever persone moes gevrywaar word vir dade onder tydens die administrasie van krygswet gepleeg. Die optrede van sommige offisiere onder krygswet, kon die Bond nouliks deur die vingers sien. Rose-Innes het derhalwe die woord „ter goedertrou" in die bewoording ingevoeg, sodat slegs dade wat „ter goedertrou" gedaan is verskoon word. Die ~~objeksie~~ beswaar van die opposisie was egter dat dade beskou sou word as ter goedertrou begaan, tensy die teenoorgestelde kan bewys word; maw. die verongelykte party moet na die hof gaan om daar te bewys dat die skade wat hy gely het as gevolg van die optrede van die militêre nie ter goedertrou gepleeg was nie en om 'n negatief te bewys is een van die moeilikste sake in 'n regsgeding.

Die Regering het aangevoer dat so 'n maatreël nodig was

anders sou die howe oorstroom word met aksies oor valse gevange-straf, terwyl die offisiere slegs hulle diskresie gebruik het. In akte no. 23 van 1878 van hierdie Kolonie word dieselfde beskerming verleen en Rose-Innes meen dat dit beter is as die stelsel in Natal en in die V.S. Amerika (1863) waar die Goewerneur of die President 'n sertifikaat moet uitreik dat ~~die dead~~ bepaalde dad daad ter goedertrou gedaan was. In so 'n geval moet die Goewerneur en sy raadgewers feitlik aksies doodsmoor voor hulle in die hof kom.

Die opposisie was ook ~~in beginsel~~ ten gunste van skade-vergoeding maar die ander deel van die wetsontwerp nl. die wat voorsiening maak vir 'n spesiale hof en vir die straf van rebelle is met alle mag beveg. 'n Groot vraag wat hier teberde gekom het, is of die Koloniale Parlement of liewers die Goewerneur die mag het om amnestie te verleen.

Schreiner was van oordeel dat dit nie die geval was nie Hy het in die Huis verklaar dat hy bly is dat hy ~~bly hy~~ die amnestie-minute van 28 April onderteken het - ~~die~~ "That brilliant and incisive argument of the case upon amnesty". Hy hou nog steeds daaraan, het Schreiner verklaar, maar hy meen dat die minute in elke reël en elke woord erken dat dit in hierdie geval nie vir die Kaapse Ministerie was om te eis van die Imperiale Goewerment nie; dit was vir hulle om te vra maar nooit om te eis nie. Hulle het geen konstitusionele mag hoegenaamd om soiets te eis nie; die prerogatief om genade toe te staan, genade wat nooit forseer word nie, "dropping as the gentle rain from heaven upon the place beneath", berus volgens hom ~~by~~ alleen by die Koningin. Daarom het Schreiner die amnestie laat vaar toe die Imperiale Ministerie nie daarmee kon instem nie. Hy beweer dat die prerogatief van die Koningin om genade te verleen nie oorgedra is op die Koloniale parlement of selfs op die Goewerneur nie. Die mag wat op die Goewerneur en sy Koloniale Ministers oorgedra is,

1. Die Amnestie-minute was deur Merriman Apglick

is die mag om met 'n persoon te handel wat skuldig bevind is; die mag om met sodanige persoon genadiglik te handel; om hom pardon te verleen of sy vonnis ligter te maak, maar geen mag is nog ooit sedert die ontstaan van die Ryk op die Goewerneur oorgedra om te sê: "Ek verleen daardie man pardon nog voor hy verhoor is".[I]

So is van regeringswee en deur die dwarsbankers dan aangevoer dat amnestie aan die Koloniale rebelle, 'n saak was vir die Imperiale en nie vir die Koloniale Regering nie.

Persoonlik meen ek dat hulle in teorie gelyk gehad het. Die konstitusionele posisie was nog nie sover uitgewerk dat die Koningin kon handel op advies van haar Ministers in die Kolonie nie. Haar Majesteit was, volgens die ongeskrewe regte van die Britse volk verplig om te handel op advies van die Ministers wat die konstitusionele meerderheid van die Engelse volk verteenwoordig. Hulle adviseer om nie amnestie toe te staan nie en as hulle daarin volhou kan dit tog nie gedaan word in naam va n Haar Majesteit nie; en as die Kolonie dit in so 'n geval deurdryf, sal dit moet geskied in naa 'n ander naam as die van die Koningin, wat sou neerkom op 'n onafhanklikheidsverklaring.

~~Dog hierdie is net~~ Dog die moeilikheid was waarvoor die Huis gestaan het, is net een van die teenstrydighede wat die konstitusionele posisie meegebring het. Die kwessie daargelaat of selfregering dan nie maar "n "solemneel kluchtspel"[2] is nie, is dit maklik om te bewys dat ~~hierdie~~ so 'n saak op 'n volslae teenstrydigheid in die praktyk kan uitloop, em die opposisie het dit trouens ook aangeteken. Sê bv. dat die Schreiner Ministerie die voorstelle van die Imperiale Regering deur die parlement gedryf het, maar daarna ontken hulle verantwoordelikheid op grond dat hulle verplig was om die voorstelle te aanvaar. Hulle lê verantwoordelikheid op Chamberlain want dis eintlik sy voorstelle, dog Chamberlain weier ook om verantwoordelikheid op hom te neem op grond dat hy nie die voorstelle deur die Koloniale

I Hansard 1900 bl. 117
2 Ons Land 14 /6/00

parlement geloods het nie. Dan het ons 'n posisie bereik waar niemand kan verantwoordelik gehou word vir sekere wetgewing nie en dis 'n onmoontlikheid onder verantwoordelike bestuur.

Maar afgesien van hierdie "reductio ad absurdum", met wet no.6 het Rose-Innes dan reeds verder gegaan as waar hy of wie ookal in die Kolonie reg toe gehad het, want daarin word volkome amnestie toegestaan vir almal wat kan bewys dat hulle onder dwang die wapen opgeneem het; en die 5 jaar stemontneming was ook niks minder as gedeeltelike amnestie nie, want volgens die Koloniale wet moes elke persoon wat hom skuldig maak aan opstand vir lewenslank onbevoeg bly om te stem vir publieke liggame.

Adv. Molteno, een van Merriman se vurigste ondersteuners, het redeneer dat amnestie nie met pardon moet verwar word nie. Amnestie is 'n politieke saak, terwyl pardon aan 'n reeds veroordeelde die prerogatief van die kroon is. In alle politieke kwessies volg die kroon die advies van die meerderheid van die volksverteenwoordiging, terwyl pardon kan geskied op advies slegs van een minister - in die Kaapkolonie, die Prokureur-Generaal.[I]

Dit is alles goed en wel; amnestie is sekerlik 'n politieke saak en daarin volg die kroon die konstitusionele meerderheid, maar watter konstitusionele meerderheid? In 1900 soudit sekerlik die in Engeland gewees het.

In verband met straf vir rebelle is die Goewerneur, deur die wet van Rose-Innes gemagtig om drie persone aan te stel wat 'n hof sou vorm om sake van Hoogverraad en van misdade van 'n politieke aard te verhoor. Minstens twee van die lede moes regters wees van die Hooggeregshof van die Kaapkolonie; voor hierdie hof sou net leiers of hoofdaders verhoor word.

Verder word die Goewerneur gemagtig om kommissarisse aan te stel, soveel as hy mag goeddink, om die "Rank and file" te verhoor. Een uit elke drie kommissarisse moes 'n advokaat wees ~~van minstens~~

I Vir hierdie toespraak van Molteno waarvan Hansard 'n swak weergawe bevat, sien "Ons Land" 17/8/00

van minstens 7 jaar, of 'n magistraat van minstens 10 jaar onder-vinding. As 'n persoon deur die Kommissarisse skuldig gevind word sal hy sy burgerregte vir 5 jaar verloor; die wat kan bewys dat hulle onder dwang gehandek het, kan vrygespreek word.

Die ~~Opposisie~~ van die opposisie was dat die wet so baie mag in hande van die Prok.-Genl. laat. Hy sal 'n politieke misdaad definieer en sal beslis of 'n persoon voor die Kommissarisse of voor die regters sal verhoor word. Dan ook, sê die opposisie, druis die wet in teen die belangrike beginsel van Engelse strafreg dat "ex post facto" ~~da~~ wetgewing nie kan in aanmerking geneem word by die verhoor van 'n misdadiger nie. 'n Man wat beskuldig word van 'n misdaad word veronderstel om verhoor te word onder die wette wat bestaan het toe die misdaad gepleeg is.

Van die regeringsbanke is daarop gewys dat die straf onder die wette wat bestaan het toe die misdaad begaan is, baie swaarder sou moes wees, maar die opposisie meen dat die Prok.-Genl. feitlik 'n nuwe misdaad skep deurmiddel van 'n definisie wat die land voorheen nie geken het nie.

'n Ander punt wat baie besprekimg uitgelok het, was die prosedure in verband met die rebelle wat wapen neergelê het onder die proklamasie van Lord Roberts. 'n Lys is opgemaak van die name en in elke distrik sou die lys oop wees vir insae minstens drie weke voor die Kommissarisse in die distrik sitting hou. Elke persoon wie die naam op die lys voorkom sal beskou word as skuldig tensy die teenoorgestelde bewys word. Die opposisie het aangetoon dat in hierdie geval weer die teenoorgestelde van Engelse strafreg toegepas word, waaronder 'n beskuldigde beskou word as onskuldig tot sy skuld bewys is. Die beskuldigde se posisie was dus as volg: tensy hy die teenoorgestelde bewys, word hy as skuldig beskou; as hy egter 'n aksie instel teen die militêre, word die bewyslas ook op hom geplaas, want die militêre word as onskuldig beskou totdat kan bewys word dat hul sy dade nie

ter goerdertrou gedaan was nie.

Die opposisie was egter nie sterk genoeg om die wetsontwerp te laat skipbreuk ly nie. Daar is geveg in die Kaapse raadsaal soos seker nooit vantevore en nooit daarna nie, maar telkens het die dwarsbankers vir Rose-Innes 'n klein meerderheid ~~gehad~~ besorg. Die Progressiewe het gejuig; "Die Imperialis / en hiermee meen ons byna alle Britse Kolonialers, beskou 'n tydelike berowing van stemreg vir die rank and file 'n allergenadigste straf vir 'n ernstige misdaad", sê die Argus, en beweer verder dat dit nodig is in belang van die rebelle self en bo alles dat dit noodsaaklik is in belang van Brits Suid-Afrika dat die gewese rebelle geen politieke mag sal hê gedurende die kritieke tyd van skikking (settlement) nie.

Dit kan dan ook waarlik nie gesê word dat dit 'n swaar straf ~~gewees het~~ was om vir 5 jaar sonder stemreg te wees nie. Baie van die rebelle het nie 'n steek omgegee vir die straf nie en ek glo goed wat die "Albert Times" sê omtrent 'n rebel uit Barkly-Oos wat sou uitgeroep het toe hy die vonnis verneem het: "~~Dank God want~~ Goddank nou is ek vir 5 jaar verlos van die verd...politiek". Ook het 'n hele aantal gladnie stemreg gehad nie en daar is dus van hulle iets geneem wat hulle nooit besit het nie. Maar twee dinge moet onthou word: in die eerste plek het baie van die rebelle reeds groot verliese gely deurdat hulle eiendom kommandeer is en daar was min kans om iets terug te kry en ten tweede was die stemregverlies nie soseer 'n straf op die indiwidu nie as wel op die party wat hy ondersteun en die leiers waarvan in die meeste gevalle hulle invloed gebruik het teen die opstand.

Hierdie bespreking kan miskien bes afgesluit word deur aan te haal wat gesê is op 'n vergadering gehou in die Good Hope saal Mei die 30ste 1896 met die doel om te pleit vir diegene wat in die tronk gesit het as gevolg van die Jameson-Inval.

Daar het die voorsitter, T.E. Fuller gesê: "Nations and peoples are generous and magnanimous with regard to political prisoners" en Rose-Innes se woorde was: "These men had come from all parts of the country.....all Africanders. By ties of blood and friendship, by everything that bind men together, these men have the right to be considered. These men should be released as a matter of policy and on the highest moral grounds".

Maar nou is dit nodig om 'n paar maande terug te stap, die parlementshuis te verlaat en te sien wat die volk dink en voel. Die vergaderinge vir oorlog en teen oorlog het natuurlik 'n einde geneem toe die eerste skote gelos is. Vir 'n paar maande was daar geen agitasies meer nie; dis of die twee kampe waarin die Koloniale bevolking verdeel was vir 'n tyd met ingehoue asem gebeurtenisse op die slagveld gadegeslaan het solank die uitslag nog in die weegskaal gehang het. Toe die uitslag egter duidelik geword het deur Lord Roberts se opmars in die Vrystaat, het die Kolonialers weer in die gedrang gekom.

Dit wil egter nie sê dat daar niks gedoen is in die tussentyd nie. Reeds op 14 Okt. het „Ons Land" 'n oproep bevat om 'n fonds vir weduwees en wese en gewonde Republikeine op te kry. Die oproep was onderteken deur 'n aantal parlementslede en is gedoen na aanleiding van 'n besluit, eenparig geneem op 'n vergadering van Afrikaner Party lede. Die inhoud van die oproep was as volg: "Haar Majesteit se troepe sal gewikkel wees in 'n bloedige stryd teen Transvaal en Vrystaatse burgers, wat een met ons is in geloof, in taal, in afkoms. Daar is slegs weinige Koloniale Afrikaners wat nie deur bande van bloedverwantskap, of- aanverwantskap of vriendskap verbind is met die ingesetenes van die Republieke nie. 'Dat maakt den kryg voor u en ~~veer~~ ons nog pynliker, voor Suid-Afrika nog rampsaliger dan die anders zou zyn.'

Wat mag, wat kan Koloniale Afrikaners hierin doen? Met die wapens deelneem aan die werk van bloedvergieting? 'De wet en hun plicht als britsche onderdanen verbieden dat.' Maar ons kan help verleen aan die weduwees en wese en gewondes veral deur middel van die Rooi Kruis."

Die parlementslede op die vergadering het 'n mooie voorbeeld gestel sodat die fonds dadelik kom begin met oor die £2000 en teen Maart 1900 was vir die fonds reeds £22,000.[1] ingesamel.

1 Ons Land 7 Maart, 1900.

Afrikaners op besliste dog besadigde wyse hulle sienswyse op vergaderings sal uitspreek nie.

In Engeland het die Liberale wat so moedig gestry het om die vrede te bewaar,nie opgehou met hul werk by die uitbreek van die oorlog nie.Hulle het die Suid-Afrikaanse Versoeningskomitee gevorm en kort daarna,op 12 Maart 1900,is in Kaapstad ook 'n tak van die organisasie gestig.Die program van werksaamhede was:(1) om die Londense komitee te help by die versameling van inligting en verspreiding daarvan;(2)om te probeer vrede deur heel Suid-Afrika handhaaf;(3)om advies te gee aan diegene wat in per-

soon of eiendom gely het gedurende die oorlog;(4)'n politiek te bevorder wat ten doel het om die goeie gesindheid tussen Afrikaners en Britte te herstel deur 'n volledige erkenning van die regte van beide en om te probeer 'n vreedsame reëling te verseker van die betreurenswaardige eerlog botsing wat plaasgevind het.

Die oortuiging is ook uitgedruk dat die tyd gekom het vir vrede en dat tensy die onafhanklikheid van die Republieke behou bly,'n vrede nadelig sal wees vir die Britse Ryk en dat die toekomstige vrede en vooruitgang in Suid-Afrika in gevaar sal wees.

Van Engelse sy (die bogenoemde komitee het ook heelwat Engelssprekendes ingesluit terwyl by laasgenoemdes ook Hollandse Afrikaners was) is ook stappe geneem .Die "Guild of Loyal Ladies met die alternatiewe naam:"Daughters of the Empire"is gevorm en op I5 Maart het die Waaksaamheidskomitee tot stand gekom. Hierdie komitee het drie sub-komitees gehad,een vir verspreiding van pamflette;'n tweede vir organisasie doeleindes en die derde om die finansies te reël.In elke sentrum van belang is 'n tak van die organisasie gestig terwyl verteenwoordigers in ander dele van die Britse Ryk aangestel is asook in Amerika.

Hiermee was die gort klaar ;agitasies is aan beide kante op tou gesit wat die hele jaar geduur het.

Op Saterdag I7 Maart is 'n vergadering toegespreek in Kaapstad,deur Hargrove,'n Engelse Liberaal.Hy het in die begin van die oorlog na Suid-Afrika gekom om eerstehandse kennis omtrent die toestand op te doen;hy het die twee Staatspresidente persoonlik besoek in Jan.I900;ook was hy 'n tydlang in die noorde van die Kaapkolonie waar hy gebeurtenisse gadegeslaan het.Die vergadering is bygewoon deur ongeveer 200persone. In sy toespraak sê Hargrove dat die Britse Ryk 'n groot faktor van vooruitgang is -die grootste publieke faktor....

1. Pres. Kruger se verklaring van Hargrove se uitlatings
Hargrove se uitlatings, [illegible], het Merriman en Sauer se loyaliteit aan die Britse kroon in verdenking gebring en die twee Ministers moes het met nadruk aktes dat hulle iets met hierdie Pro-Boer (Hargrove) te doen gehad het. Hulle was waedend oor die voorval.

'n ~~gevolg~~ Golf van jingoisme, die teenoorgestelde van ware Imperialisme gaan oor die land. As die Ryk sal voortbestaan moet die bande elasties wees. Die Kolonies moet 'n stem hê by die aanstelling van hulle Goewerneur..... ~~Die sake van Suid-Afrikaners~~; as dit voorheen gedaan was, sou daar geen oorlog gewees het nie.

Die gevolg van hierdie vergadering was dat 'n petisie versprei is, 'n petisie gerig aan die volk van Groot Brittanje en Ierland, wat oor enige maande by 'n eleksie moes besluit of hulle die oorlogspolitiek goedkeur. Dit was die veelbesproke Volkspetisie. Die Hollandse pers en die "S.A. News" het die tekening van die petisie aanbeveel; as die Afrikaners stilsit, sal die Buitewêreld meen dat hulle instem met die agitasie om die onafhanklikheid van die Republieke weg te neem. Maar selfs die petisie is nie genoeg nie, sê "Ons Land", en herhaal dan dat vergaderinge moet gehou word waarop die leiers hulle op besadigde dog besliste wyse kan uitspreek.

Die Waaksaamheidskomitee het ook 'n groot poging aangewend om die publieke opinie te beïnvloed. 'n Resolusie is opgetrek wat op 3 April moes aangeneem word op vergaderings wat oor die hele Kolonie, sover as moontlik op diesefde uur sou plaasvind. Die resolusie was as volg:

"As Britse onderdane ~~wens~~.....wens ons, ons algehele instemming te betuig ~~van~~ met die weiering van H.M. Goewerment om die ~~die~~ S.A. Republiek en die Oranje Vrystaat hulle onafhanklikheid te laat behou en ons druk hiermee ons ernstige oortuiging uit dat, alleen die inlywing van genoemde state in die Britse Ryk, vrede, voorspoed en publieke vryheid deur heel Suid-Afrika kan verseker"

~~Toe die gedenkwaardige 3 April aanbreek~~, Op 3 April skrywe die "Argus" dat dit 'n belangrike dag is in die geskiedenis van Suid-Afrika vanwe die belangrike uitkoms wat die dag kan verseker word. Hul vergader rondom die vlag met verontagsaming van range en stande en kleur, nie in die gees van die jingo nie, maar omdat hulle glo

dat die toekoms op die spel ~~le~~.is. ~~Die roeselaer is kort en~~
~~vervolging die toespraak sal ook so wees.~~ —

Die Kaapstadse vergadering is op Groentemarkplein gehou en is volgens die Argus deur 20000 mense bygewoon. Die Burgemeester was in die stoel en na die ~~'n paar~~ openingswoorde, kom Sir Gordon Sprigg aan die ~~beurt~~.woord. So 'n vergadering was nog nooit volgens spreker, in Kaapstad gehou nie; sulke vergaderings word die dag deur beide Kolonies gehou. Die vraag is nie 5 of 7 jaar stemreg nie; die vraag is Britse of Hollandse heerskappy. Haar Majesteit se Regering het probeer vrede bewaar, maar die Republieke het 'n ultimatum gestuur. Daarop vind die inval in die Kolonie plaas en mense word doodgeskiet wie se enigste misdaad "lojaliteit" is. Toe die kanse nie uitval soos verwag is nie, word vrede gevra met behoud van onafhanklikheid.

Na die toespraak word die mosie gestel. 'n Beuel klink van die verhoog en die hele skare steek die hande gelyk omhoog. Daarna ~~klink~~ volg die Engelse volkslied en die vergadering gaan uiteen.

Die voorstel van „Ons Land" dat vergaderings sou gehou word waar die Afrikaners hulle sienswyse duidelik kon laat hoor, is gevolg en 'n volkskongres is op 31 Mei 1900 in Graaff Reinet gehou. Die teenstanders het die hoop uitgespreek dat die owerheid die kongres sou verbied, maar ~~nie die Schreiner Ministerie~~ dit is nie gedoen nie, alhoewel Schreiner teen sulke kongresse gekant was.
~~nog op die kussings, was soiets buite die kwessie.~~

Die kongres is dan gehou en is bygewoon deur ongeveer 1500 persone, waaronder afgevaardigdes uit byna alle distrikte. Die voorsitter, de Villiers, Nicholaas J.P., broer van die Hoofregter[1], het die kongres met gebed geopen:

"Onze Vader, wy komen tot u met al onze behoeften. Gy kent de oorzaak waarom wy by elkander gekomen zyn. Wy hebben uwe leiding van noode om onze verrichtingen met uwen zegen te bekrachtigen. Geef ons genadiglyk wysheid en de voorzichtigheid die wy behoefen, opdat wy ons met vreeze en eerbied voor onze owerheid mogen uitdrukken. —

Die voorsitter doen 'n beroep op almal om flink maar

1. Die Hoofregter was bekommerd en het sy broer liewers nie in die Stel gehê nie.

sorgvuldig te wees in hul uitlatings en alle eerbied te bewys aan die outoriteite. Hulle moet nie misbruikmaak van die voorreg om kongres te hou nie.

Daarop stel Mohr voor dat aangesien hulle byna al die distrikte van die Kaapkolonie verteenwoordig, en goed bekend is met die gevoelens van hul mede-Afrikaners en aangesien die laaste verkiesing getoon het dat die meerderheid van die bevolking aan die Afrikaner Party behoort, terwyl die gebeurtenisse wat tot die kongres aanleiding gegee het die afrikanerdom vereenig het, - dat alle resolusies deur die kongres passeer, die mening van die meerderheid van die bevolking van die Kolonie uitspreek.

Die voorsteller wys daarop dat "Afrikaner" beteken, almal wat Suid-Afrika as hulle vaderland aanneem, selfs naturelle soos Tengo Jabavu wat met die laaste verkiesing vir die Afrikaner Party gestry het.

Dan volg die resolusie in verband met die oorsake van die oorlog, voorgestel deur Pretorius: "Sy dit hierby bekend dat dit die mening is van ons, die meerderheid van die Koloniste, dat die vernaamste en onmiddellike oorsaak van die oorlog was, die onverdedigbare en onhoudbare ingryping van die Ministerie in Londen in die Binnelandse sake van die S.A. Republiek."

Onder die bespreking van die mosie moes die voorsitter een spreker, Liebenberg, aanraai om versigtig te wees in sekere uitlatings.

Hierop volg die Cartwright-voorstel omtrent bykomende oorsake van die oorlog: (a) die verkragting van ~~ons~~ hul konstitusionele regte as Kaapse Koloniste, daar die raad, wense en ondervinding van ~~ons~~ hul parlementêre verteenwoordigers en van die Koloniale Ministers van die Kroon in die wind geslaan en oorstem is deur die Koloniale Kantoor in Londen en die agente daarvan. (b) die grove, dikwels opsetlik valse voorstellinge deur die Jingo-

pers gemaak omtrent Suid-Afrikaanse sake.(c)Die ontsettende moeilikheid om die Britse volk bekend te maak met die ware feite tengevolge van die kragtige poginge wat aangewend word om die volk te mislei."

Olive Schreiner kom ook aan die woord en vir haar word hoede afgehaal en hoera's aangehef.Spreker wys hoe verteenwoordigehd die vergadering is;daar is nie alleen Hollandse nie,maar sy is blyom te sê,Engelse en selfs Duitse en Franse afgevaardigdes en dis 'n vreugde van haar lewe om teenwoordig te wees.

Na Hargrove ook aan die woord gekom het,stel Michau(Cradock)voor:dat Na die herhaalde verklarings van Britse Ministers dat hulle politiek nie die onafhanklikheid van die Republieke bedreig het nie,kan niks anders as herstelling van die onafhanklikheid van die Republieke weer vertroue gee in Britse regverdigheid en eer nie.Indien die Republieke wel sal annekseer word,sal die meeste van die Koloniste hulle sedelik gebonde voel om onafgebroke te werk deur elke regverdige en wettige middel vir herstel van die onafhanklikheid en hulle sal hierdie doel hulle politieke strewe maak.Terwille van dit alles en aangesien hulle die karakter van die Republikeine ken en weet dat hulle elke geleentheid sal te baat neem om,so moontlik met wapens hulle onafhanklikheid terug te win en dat hulle nooit gewillige onderdane sal wees nie,en aangesien anneksasie,inplaas van die welvaart bevorder,eerder sal strek om die Republikeine en hulle afstammelinge te verlaag,want die diensbaarheid van die selfregerende staat is ewe demoraliserend as die meer direkte vorm van persoonlike slawerny en aangesien die anneksasie diefstal sal wees - besluit die kongres dat dit hulle diepe oortuiging is,dat anneksasie ramspoedig sal wees vir die welvaart en vrede in Suid-Afrika

Verder stel die voorsitter die hartlike dank voor aan die edele manne in Engeland wat soveel gedoen het vir die saak van reg en geregtigheid in Suid-Afrika.

Nog word 'n resolusie aangeneem dat volledige verslae van die verrigtinge sou gepubliseer, en kopieë sou gestuur word aan alle lede van beide Huise van die Britse parlement, die Wetgewende liggame van die verskillende kolonies en aan die vernaamste nuusblaaie in die Britse Ryk. Ook dat 'n deputasie die volkspetisie sal oorbring na Engeland.

Al die gestelde resolusies is aangeneem en na die behandeling van Kolonialers in distrikte onder krygswet ter sprake gekom het, word eindelik nog 'n besluit geneem wat aandring op 'n parlementêre kommissie van ondersoek in verband daarmee.

Oor die Volkskongres in Graaff Reinet het Milner 'n lang skrywe aan Chamberlain gerig,[1] waarin hy hom sterk uitgedruk het teen die Konsiliasie-beweging. Hy het beweer dat dit enkel en alleen moeilikheid kon veroorsaak,[2] daar die program 'n direkte negatief was van die Britse beleid en dat die benaming - Versoeningsbeweging - derhalwe geheel ontoepaslik was. Volgens die Hoë Kommissaris het al die lede daarvan behalwe Hargrove, tot die ekstrimistiese deel van die Afrikaner Party behoort, en niks kon minder in belang van versoening wees as wilde bewerings, gepaard met absolute weiering om die feite van die situasie in die gesig te sien nie. Hy was verder oortuig dat dit nie 'n spontane beweging van die kant van die publiek was nie maar dat dit kunsmatig aangesteek is deur 'n sekere klas van politikus en deur die redaksies van "Ons Land" en die "South African News". Wel het sir Alfred erken dat die Hollandse deel van die bevolking seer voel oor die neerlaag van die Republikeine, maar hy kon nie glo dat hulle so sou agiteer indien hulle alleen gelaat word nie. Inteendeel meen hy dat die grootste gedeelte van vermoënde boere teen die beweging was en as een sterk man onder hulle sou opstaan en verklaar dat hy met die

1. Cd. 261, 1900, No. 76.
2. Schreiner was ook van oordeel dat dit slegs sake sou vererger.

Republikeine gesimpatiseer het maar nou bereid was om die veranderde posisie te aanvaar, sal hy 'n groot aanhang kry. Maar omdat so 'n leier nog nie sy verskyning gemaak het nie, moes die Goewerneur dit betreur dat "Ons Land"in besit van die veld gelaat word. Hy was egter oortuig dat die Hollandsprekendes die slegste daarvan sou afkom indien hulle die dreigement om Engelssprekendes in die handel te boycott, sou deurvoer want laasgenoemdes het al die banke asoook kommersiële besighede en nege-tiendes van die onderneming in die Kolonie beheer.

Verder wys die Goewerneur nog op die "Truce of God"wat bestaan het voor die Konsiliasie-beweging begin het, maar dat hy onder die omstandighede nie probeer om die ander party teen te hou nie wat, alhoewel hulle ook soms harde dinge sê, volgens sir Alfred, onder die buitengewone prowokasie nie te blameer is nie en baie gematigder is as die "Versoeners".

Veel hoef nie gesê te word oor hierdie skrywe van die Hoë Kommissaris nie. Hy het blykbaar nie die minste poging aanwend om onpartydig te oordeel nie. Dat die lede van die Versoeningskomitee almal ekstremiste gewees het, is beslis onjuis. Hier volg die name van die Kaapstadse komitee wat op 12 Maart gekies is: Mm mevr. Cronwrigt-Schreiner(Olive Schreiner), Sauer, C.C. de Villiers, Murray, Beck, Burton, Koopmans, mej. Molteno; en die here dr. Kolbe, eerw. R. Balmforth, ds. Andrew Murray, eerw. C. Morgan, ds. B. J. Marchand, ds. Roome, dr. Beck L.W.V., B.J. O'Dowd, C.P. Schultz, C.C. deVilliers, Wm. Hay, A.J. van Reenen, F.J. Centlivres, Vincent van der Byl, Melt Roux, Alex. Mohr, H.T. Stander, A. van der Byl, A. Cartwright, en J, C. Molteno L.W.V. Laasgenoemde was voorsitter en Albert Cartwright Mm sekretaris.

wright en J.C.Molteno L.W.V.Laasgenoemde was voorsitter en Albert Cartwright, sekretaris.

Die volgende groot byeenkoms was die gereelde Bondskongres gehou op 15 Junie in die Paarl. Oorspronklik sou die kongres op 8 Maart gehou gewees het, maar Schreiner het onder die buitengewone omstandighede, op aandrang van die Goewerneur sy party oorgehaal om die kongres uit te stel.[1a] Met die oog egter op die aanstaande parlementsitting het die bestuur dit goed gedink om nie langer uit te stel nie en om die kongres in Paarl te hou in plaas van in Somerset-Oos soos die oorspronklike plan was.

Belangrike sake moes bespreek word. Die party moes sy sienswyse uitdruk omtrent behandeling van rebelle en die optrede van die militêre in die distrikte onder krygswet. Ongetwyfeld het die lede ~~in die~~ van die verdeeldheid in die Ministerie te wete gekom en moes die besluite van die kongres die hande van Merriman, Sauer e n Te Water sterk. Maar soos sake uitgeloop het, was die Ministerie drie dae voor die bepaalde datum reeds van die kussings. In 'n brief aan die kongres het Schreiner sy standpunt verduidelik en die hoop uitgespreek dat hulle nog altyd sal kan saamwerk. Trouens in sy bedankingsbrief aan die Goewerneur het Schreiner ook sy oortuiging uitgespreek dat die van sy partylede wat van hom verskil, sulks doen uit 'n oorweldigende gevoel van simpatie vir die rebelle en nie as gevolg van wantroue in hom as Eerste Minister nie. Selfs „Ons Land" het die hoop uitgespreek dat die verskil wat in die laaste tyd ontstaan het, nie in beginsel is nie maar slegs in middel, sodat die weg tot verdere samewerking nie sou gesluit wees nie.[I]

Die kongres sou dus moes 'n besluit neem oor hierdie kwessie ook, soos die parlementêre lede van die party trouens reeds gedoen het in die koukus van 9 Junie. ~~Die beskr~~

~~Die beskrywingspunte vir die kongres was in dieselfde~~ trant as die

I I4/6/00; dus die dag voor die kongres begin het.

1a. Hy het moeite gedaan om uitstel te verkry.

~~besluite van die kongres op Graaff Reinet, wyfties dae vroeër.~~

Die Bondskongres van 15 Junie is veral belangrik vir die voorsittersrede waarin T.P.Theron 'n historiese oorsig gegee het van die werksaamhede van die Bond en selfondersoek ingestel het, of daar rede bestaan vir die beskuldiging van dislojaliteit teen die organisasie.

Daarna het hy voortgegaan deur te beweer dat sy party van die Eerste Minister af tot die nederigste lid, hulle uiterste bes gedoen het om die oorlog af te weer en 'n ander weg te vind tot oplossing van die moeilikhede. En dit het tot so 'n mate geluk dat Chamberlain in die Laerhuis moes erken dat hy nege-tiendes gekry het vanwat hy geëis het en dat die ander een-tiende nie werd was om voor te veg nie. Maar tot sy leed moet spreker erken dat die oorlogsparty te sterk was vir die wat die vrede wou bewaar. Theron beweer verder dat geen organisasie meer gedoen het om gehegtheid aan Haar Majesteit se persoon en troon te bewys as die Bond nie; nie met sjampanjie en whisky en met hoerageskree en vlaggeswaai nie, maar deur waaragtige gehoorsaamheid aan haar wette en bevele. As hy sy oog ophef en die "Union Jack" sien, die vlag van Haar Majesteit waaronder hy gebore is en nog leef, dan moet hy eerbied hê in sy hart vir Haar Majesteit, sy Koningin en haar vlag waaronder hy beskerming geniet het sy hele lewe deur. Maar as hy terugdink aan die gebeurtenisse van die 8 maande sedert die oorlog uitgebreek het, en aan alles wat die Hollandssprekende Afrikaners in die tyd moes verduur onder die naam van die vlag, dan moet hy tot die slotsom kom dat die gevolge van die beleid van H.M. se Ministers diep te betreur is en noodwendig spore sal nalaat. Hy waarsku sy gehoor egter om nie te wil probeer wraak-neem nie daar dit een van die slegste middels sou wees waarna hulle kon gryp. Maar hy spoor hulle aan om te doen wat veroorloof was om te doen.

Die teenstanders van Theron het egter grootliks van hom

verskil met betrekking tot wat lojaliteit is en wat nie.Op 27 Julie verwys die "Cape Argus"na 'n debat in die Britse parlement waar die heer Buxton die lojaliteit van die Koloniale Afrikaners prys omdat so min van hulle uit distrikte wat nie by binnegeval was nie, die vyand gaan aansluit het.Genoemde blad verwys egter na die groot somme geld wat in 'n Britse Kolonie ingesamel word vir die vyande van die Koningin;na die hulp wat verleen word aan Boere-prisoniers en wys daarop dat 'n deel van die bevolking openlik simpatiseer met die Republikein en die rebel ;dat die pers toegelaat word om die saak van die Republikein te bevorder en dat vergaderings vir dieselfde doel gehou word.Die blad meen dat 'n mate van die sonde en misdaad van rebellie deurgevreet het tot die hart van die Afrikaner Party - die hart van hulle almal, behalwe die "brazen leaders" wat aan die party behoort maar nie van die party is nie.

Na die Bondskongres, wat resolusies in dieselfde gees en van dieselfde inhoud aangeneem het as die Volkskongres van Graaff Reinet en wat die houding van Merriman, Sauer en Te Water met betrekking tot die kabinetskrisis, goedgekeur het, is 'n ander vergadering aan die voet van die Paarlberg gehou.Dit was op 27 Junie.Die besluite van hierdie vergadering is ook na Engeland gestuur maar nie deur Milner nie, omdat hy by 'n vorige geleentheid te druk besig was om 'n vroue-deputasie te ontmoet terwyl hy daarom die Loyal Ladies Guild kon te woord staan.

Na nog 'n vrouevergadering in die begin van die volgende maand in Kaapstad gehou is, het 'n paar weke van betreklike kalmte geheers alhoewel die artillerie-duel in die pers onafgebroke ~~in die pers~~ voortgeduur het.

Die tyd het genader dat die Britse volk by 'n algemene verkiesing(begin Oktober) moes besluit of hulle die Regering sou volg tot die bittere einde.Die twee strydende partye in die Kaapkolonie het van die geleentheid gebruikgemaak om hulle siensw yse direk onder die aandag van die Britse publiek te bring.

Daar is reeds verwys na die volkspetisie wat die teen-

standers van die oorlog onderteken het en wat deur 'n deputasie na Engeland sou ~~oorbring~~ oorgebring word.

Die Waaksaamheidskomitee het vir dieselfde doel 'n konferensie bele in Kaapstad op 30 Augustus. Die doel was tweeledig: (1) omdie Britse kiesers op die vooraand van die verkiesing bekend te maak met die gevoelens van 'n liggaam wat, volgens sy aanhangers, die hele lojale bevolking van Suid-Afrika verteenwoordig het; en (2) om afgevaardigdes te kies wat in Brittanje vergaderings moes gaan toespraak en werk in belang van die regeringsparty. Volgens die verklaring het al die takke saamgewerk, van die Kaap tot Bulawayo en van Port Nolloth tot Durban. Afgevaardigdes tot die getal van 199 het 92 dorpe of distrikte verteenwoordig en daar is voorgegee dat meer as 'n kwart van die afgevaardigdes Hollandse name gedra het.

Sir Gordon Sprigg was self in die stoel en resolusies is aangeneem wat die Britse beleid in Suid-Afrika goedkeur; wat die grootste dankbaarheid teenoor Chamberlain uitdruk en ook waardering van die werk van sir Alfred Milner. Daar is die oortuiging geboekstaaf dat 'n voortsetting van hierdie beleid sou lei tot 'n voorspoedige en vreedsame Suid-Afrika onder die Britse vlag en dat die Britse Regering in plaas van die oorlog te gesoek het, die grootste geduld en lankmoedigheid betoon het; die Afrikaner Bond en Kruger staan voor God en mens skuldig vir elke druppel bloed wat in die oorlog gestort is. Ook is besluit om 'n manifes uit te vaardig aan die bevolking van Brittanje en Ierland.

Die manifes is die volgende dag vir goedkeuring voor die konferensie gelê; daarin word verseker dat die kosbare oorlog op Groot Brittanje afgedwing is en dat die oorwinning moes lei tot anneksasie van die Republieke, vrye instellings en gelyke regte vir alle klasse. Verder word beweer dat die Transvaalse beleid talryke ondernemings wat tot voordeel van werkgewer en werknemer kon gelei het, onmoontlik gemaak het en derhalwe is nie slegs Imperiale belange op die spel nie, maar die Britse volk is ook daadwerklik betrokke in die saak.

Gedurende Augustus en September was die oë meer gerig op die sitting van die Kaapse parlement.

Die onstuimige debatte oor krygswet en behandeling van rebelle is reeds afsonderlik behandel maar een ander belangrike debat wat nie in die verhaal by genoemdes ingepas het nie, verdien nog vermelding. Dit was die Sauer-mosie in sake onafhanklikheid. Hierdie debat is op 24 September gevoer en skerper uitdrukkings as wat daar gebesig is, is nouliks denkbaar van volksverteenwoordigers. Die leser kan 'n denkbeeld vorm van hoe dit daar toegegaan het as die Eerste Minister uitroep dat Kruger nie alleen 'n kapitalis was nie maar hy was ook 'n dief en sy raadgewers 'n nes van diewe.

Die Sauer-mosie was as volg:

"Een nederig adres worde xxxx Hare Majesteit de Koningin aangeboden verzoekende dat het haar moge behagen een einde te maken aan verdere bloedvergieten en het voortduren van de bestaande ellende en onheil in Zuid-Afrika door aan de twee Republieken zodanige termen aan te bieden als aan (hen)hun onafhanklikheid zal verzekeren, onderworpen aan zodanige waarborgen als goed mag beschouwd worden om den toekomstigen vrede en veiligheid aan Harer Majesteits bezittingen in Zuid-Afrika te xxxxxxxxx bewaren."

Laat die aand het die verdeling plaasgevind toe die mosie sowel as die amendement wat Schreiner daarop voorgestel het, verwerp is met 41 teen 39 stemme. Sewe lede aan elke

kant was afwesig.

In die Hoërhuis het Maasdorp 'n mosie teg gunste van anneksasie voorgestel op 2I Sept.en die is aangeneem met I2 teen 9 stemme.As al die lede teenwoordig gewees het sou die voorstel waarskynlik slegs met een stem aangeneem gewees het.

Ook die Britse eleksie het gunstig afgeloop vir die Britse Regering.Slegs in Wallis was die Liberale posisie enigsins verbeter,maar vir die eerste keer sedert I832 het Skotland ook 'n Tory-meerderheid na die Huis gestuur.Die onverwagte teëstand wat die Republieke nog steeds getoon het na die eerste skok van Cronje se oorgawe verby was,het die Britse volk met dieselfde mate van vasberadenheid besiel as wat die Republieke aan die dag gelê het.So bv.skrywe die „St.James Gazette" op 20 Aug.'n artikel wat Roberts se proklamasie in verband met die verbranding van huise verdedig en sê:"In elk geval het ons onderneem om die Transvaal te verower en as niks dit sal verseker nie ,behalwe dat die Hollandse bevolking sal verban word,dan moet dit geskied - manne,vroue en kinders".Die blad hoop egter dat 'n mindere maatreël genoegsaam sal blyk.

'n Meerderheid vir die Britse Regering was voorsien,want uit die die I4 grootste Londense blaaie,het I2 die Regering in die Suid-Afrikaanse kwessie ondersteun en 30 uit die 32 grootstes buite Londen.[I]

Die afgevaardigdes van die Waaksaamheidskomitee het dus 'n skitterende ontvangs in Engeland te beurt geval.Voor die eleksie het T.L.Schreiner en die twee predikante J.C.Harris en J.S.Moffat die werk waargeneem,maar hulle is na die verkiesing, toe die Suid-Afrikaanse reëlings moes geskied,bygestaan deur L.Zietsman,A.Wilmot,J.W.Jagger en J.D.Duncan.Vir I2 maande lank het hulle aan die Britse publiek gearbei.

Die deputasie wat die volkspetisie moes oorbring het baie slegter gevaar.Reeds op die skip is hulle beskimp deur

I Cape Times I3/II/0I

1a Die Liberale Party in die parlement was egter nog sterk — so sterk dat dit in Opposisie was om mee rekening te hou.

medereisigers, Kabels met ongunstige nuus omtrent die deputasie het Engeland voor hulle bereik. Soms was dit moeilik om losies te kry en na die "Daily Mail" hulle op 9 ~~xxxx~~ Julie ~~hulle se~~ swart gesmeer het, het 'n hotelhouer die lede van die deputasie die deur gewys. By vergaderings het dit soms so warm geword dat dit moeilik gegaan het om te ontsnap, soms onder beskerming van 'n invloedryke dame en soms oor mure. Daar was egter ook stigtelike vergaderings, deur sewe- tot agduisend mense bygewoon. Ag groot vergaderings en verskeie kleinere is gehou deur die lede van die deputasie. Hulle - D.J. De Wet, M. du Plessis, R.R. Botha, prof. de Vos - is ook goed bygestaan deur prof. ~~xxxxxxx~~ Moorrees, (Cronwright Schreiner alhoewel ~~hy nie 'n lid~~ hulle nie lede van die deputasie was nie.

Met die Britse verkiesing het dan ook die hoop verdwyn dat daar spoedig 'n regering in Engeland sou wees wat die Republieke goedgesind is.

Op 12 Okt. ~~xxxxxxxxx~~, is weer 'n groot vrouevergadering gehou, hierdie keer op Somerset Oos. Hierdie vergadering is veral ~~in~~ van belang vanwee die uiters gevoelvolle rede van Olive Schreiner, wat daar gelees is. Dit het destyds so 'n indruk gemaak dat ek dit in taamlike besonderhede hier weergee.[1]

Eers wei die skryfster uit oor die verliese wat die Kaapkolonie in die oorlog gely het. Dappere manne, aan die Kolonialers deur bande van bloedverwantskap verbonde, het gevaal; vrouens en kinders is van huisvesting beroof. Dog hoe groot en oorstelpend ook die verliese van Suid-Afrika ~~ook~~ gewees het, die van Engeland was groter: Engeland het van haar dapperste manne hier verloor; sy het gely in die beste wat sy besit, terwyl die slegste, die manne van baatsug, eersug en lis wat die ~~xxxxxxxxxx~~ oorlog in die lewe geroep het, daar nog is om verdere kwaad te doen.

1 Olive Schreiner kon self nie teenwoordig wees nie en het haar toespraak derhalwe uitgeskrywe om gelees te word.

En dan gaan die skryfster voort:

"Tog het Engeland in 'n ander opsig nog 'n groter verlies gely. Sy het vir altyd die trou en genegtheid van die groot meerderheid van die bevolking in hierdie Kolonie verloor."....."Veertien maande gelede, soos almal weet, was daar byna geen boerewoning deur die lengte en breedte van die Kaapkolonie, waar die beeld van die Koningin nie aan die muur gehang het nie. Daar was treurige herinneringe van Slagtersnek en die eerste aanval op die onafhanklikheid van Transvaal, Maar Gladstone se wysheid het die wond geheel. Ook was daar 'n sterk gevoel dat die spekulante en nie die Koningin en die Engelse volk verantwoordelik was vir die Jameson-rooftog nie! ' Rhodes en die spekulante mag verlang om ons boere in die Transvaal van hul goud en grond te beroof,' het 'n ou boer aan my gesê.'maar die Koningin sal dit nooit toelaat nie.' Ek het hom 50 jaar geken."

"Dat in Suid-Afrika die man en vrou wat gebruik maak van die eerste reg van die Engelsman, die reg om vry te spreek, dit sou moes doen met die vooruitsig om 'n boeie aan sy of haar arms te sien en dat selfs die gebed van die volk sou afluister word deur spioene - dit het ek selfs in my drome nie moontlik geag nie.

"Wat myself betref, ek het Engeland lief gehad. Tien jaar van my jeug het ek daar deurgebring." .....

"Tans is Engeland vir my dood; met liefde en verering sal ek steeds dink aan die groot Engeland van die verlede.... Maar vir my is die Engeland van my liefde dood.. . Al leef ek tot ek heel oud geword het, sal ek nooit die naam van Engelend hoor uitspreek of skrywe sien, sonder die woord 'Verdrukker' te hoor fluister nie..... As 'n klein kind in die bed lê en eensklaps ontwaak en oor hom sy moeder sien wat sy liefgehad en vertrou het, met 'n mes aan haar hand om die klein stiefbroer aan sy sy te dood, glo u dan dat hoelank hy ook lewe, hy ooit die hand sou kan sien, sonder tewens die mes en die bloed te sien?"

"Die Engeland van ons liefde is dood."

" Maar Engeland het nog meer verloor as die vertroue van die meerderheid van die Kaapse koloniste.. ..Engeland kon gesteun het op die krag van die Republieke in Suid-Afrika as 'n vriendskapsbond sou gesluit gewees het, maar Engeland se eie geskut het die bolwerk van sy ryk te pletter geskiet. Daar is geen baardelose knaap, geen grysaard van sewentig wat met sy bloed die koppies of laagtes van sy vaderland rooi gevlek het nie, of Engeland sou ditxxx voordelig gevind het om sy lewe met 'n miljoen pond te koop. As die dag kom en kom sal hy-dat vreemde troepe, Russies, Frans en Duits die grond van Engeland betree. ..... as die pas van die vreemde soldaat in die strate van Londen gehoor word en die grond by die Marble Arch en Hyde Park Corner deurweek is van die bloed van Engelse ..... laat Engeland hom dan herinner aan Suid-Afrika."

" Maar Engeland het nog meer verloor - ook sy eie eer. Hy staan naak voor die nasies, gebrandmerk as 'n huigelaar."

"Hulle sê dat die vlae van die Republieke sal opgerol word en 'n vlag - eens ons trots, tans 'n handelsbate en ons skande - die plek daarvan sal inneem. Maar die ink is nog nie uitgevind waarmee met 'n pennestreek enige politikus, finansier of selfs generaal die onafhanklikheid van 'n dapper volk kan uitwis nie.....solank ek leef sal ek , sodikwels ek 'n blik in die diepste van my hart slaan, die wakkere vlae van die twee klein Republieke wat vir altyd opgerol heet, daar ontwaar, ingesluit in my simpatieen geneentheid en as daar in Suid-Afrika nog 200,000 harte is waarin die vlae geslote is, dan weet ek dat die dag sal kom wanneer hulle sal opgaan om hulle in werklikheid te ontrol en hulle vry oor Suid-Afrika sal wapper. Ons sal wellig nie lewe om dit te sien nie; baie van ons sal onder traane en bloed en smart in ons grafte daal; maar die toekoms is vir die Republieke" ...."die toekoms is ons s'n"..... "Al val daar tienduisend aan my regterhand en tienduisend aan my linkerhand, ek sou nie vrees nie."

Onder die omstandighede moes hierdie boodskap 'n geweldige indruk gemaak het op die ontvanklike gemoedere.

Die "Argus" sê hiervan:"Ons wens nie die kreet van Hoog-

verraad aan te hef by die ontvangs van elke onwelkome uiting van gevoel nie; dog waarlik die brief van Olive Scheiner is oor die grense van lojaliteit. Dit is positief disloyaal om uiting te →

gee aan die hoop dat die Vierkleur nogeens vry sal wapper .... en om opsetlik die naam van Groot Brittanje te verbind met die woord verdrukker."

Gerugtes, sommige losse gerugtes en andere gegrond omtrent behandeling van vroue en kinders deur die troepe en deur gekleurde soldate in die Republieke het die gemoedere gaande gemaak. So was dit ook in verband met die konsentrasiekampe. Wanneer nuus van die oorlogsterrein moet uitlek in so 'n onsekere tyd is dit onmoontlik dat alle gerugtes waarvan die pers gebruikmaak kan waar wees, maar daar was genoeg van waar om die outoriteite tot ondersoek en versigtigheid aan te spoor en ongetwyfeld het skokkende dinge plaasgevind. Die Hollandse pers het heftig daarteen te velde getrek en die vasteland van Europa het 'n geweldige agitasie in die pers op tou gesit teen Brittanje. Die Britse publiek het dus 'n kans gekry om te voel wat dit beteken om 'n vloedgolf van pers-opinie teen hul te hê, opinie wat gevorm word duisende myle van die toneel waar die gebeurtenisse plaasvind.

Die agitasie in Suid-Afrika en die magtiger agitasie in Europa het 'n goeie resultaat gelewer. Dit het veral hervorming in die konsentrasiekampe as gevolg gehad, sodat Boereleiers later hulle tevredenheid uitgespreek het oor die voorsiening wat vir vroue en kinders gemaak is, maar die kwaad in Suid-Afrika was reeds gedaan en het swaar gewoeg op die gemoedere van Kolonialers. (Ek kan hier nie afdwaal om die groot kwessie van die konsentrasiekampe te behandel nie; buitedien is 'n afsonderlike studie daarvoor nodig. Die saak behoort genader te word uit 'n regskundige, militêre, administratiewe sowel as morele oogpunt.)

Op 10 Okt. het die Ring van Swellendam, verteenwoordigende 28600 siele hom uitgespreek oor die oorlog: "Zoo spreekt zy hiermede hare sterkste afkeuring uit zowel van genoemde gemelde oorlog zelven als van de wyze waarop hy gevoerd wordt,

1. Die Liberale in England natuurlik ook - in hulle geval kon die Britse Regering - bv. Stead - "Methods of Barbarism".
2. de Villiers - "Woman's Endurance" (in Dagboek)
   Emily Hobhouse - "Onthullingen uit de Vrouwen-Kampen in Zuid-Afrika".
   Johanna Brandt - "Het Concentratie-Kamp van Irene".

alsmede van de annexatie der twee republieken;by name veroordeelt zy het aandoen van geweld aan personen en goederen dat onder de wetten die beschaafde volkeren by het oorlogvoeren ten regel dienen,niet behoort voor te vallen."

'n Maand na die vrouevergadering van Somerset-Oos,het 'n vroue-kongres plaasgevind op die plaas van Tobias Louw by die Paarl met die uitsluitende doel om te protesteer teen die verbranding van wonings in die Republieke;'n vergadering - "Eenvoudig en indrukwekkend als de natuur rondom."

Ongeveer 1300 vroue en mans was teenwoordig in 'n bos aan die voet van die Paarlberg.Mevr.Roos(Kaapstad)het opgetree as voorsitster.Na mevr.Neethling uit die Bybel gelees en 'n gebed gedoen het,het die voorsitster die woord gevoer:"Welkom ter bywoning van deze in onze geschiedenis eerste vrouwen-congres. Vrouwen-congres! welk een nieuw woord voor ons die gewoon waren in de stilte onze werkzaamheden.....te verrichten,zonder dat de buitenwereld wist wat er door ons gedaan werd."

Die resolusies is in Hollands en Engels gelees en die toesprake was ook in beide landstale.Die inhoud daarvan was dat verbranding van plaaswonings en [illegible] die wegvoer van vroue en kinders na konsentrasiekampe strydig was met die gebruike van oorlogvoer en [illegible] meer bepaald teen die 22ste artikel van die Haagse vredeskonferensie deur Engeland mede-onderteken.

Deur die sprekesters is daarop gewys hoeveel Engelse daar was wat ook die dade afgekeur het en medelyde gehad het met die ongelukkiges en daar is betoog dat die soldate nie sien wat onsigbaar deur die vlamme verteer word nie,nl.die sye drade wat tesame een dik koord uitgemaak het en wat die Afrikaners aan Engeland gebind het [illegible].

Dan word nog 'n besluit geneem om die resolusies oor die hele beskaafde wêreld te versprei en om Olive Schreiner te vra om 'n boek te skrywe oor die bittere vervolging van vroue en kinders en leraars.

toon dat die geval met hulle dieselfde is. Maar nou word hulle wreed ontnugter.

Die derde resolusie dring weer aan op vredesluiting met behoud van die onafhanklikheid.

Dan word verder besluit om die resolusies oor die hele beskaafde wêreld te versprei, en eindelik word 'n versoek aan Olive Schreiner gerig om 'n boek te skrywe oor die bittere vervolging van vroue en kinders en leraars.

In die tussentyd het die Bond in die kiesafdelings waar die verteenwoordigers wat hulle in die parlement gebring het, nie meer in die Huis saam met die party stem nie, aangedring op bedanking. Herholdt het in Murraysburg 'n mosie van wantroue gekry toe hy gaan verslag gee het en Schreiner se kiesers het hom gedaag om na Malmesbury te kom om sy standpunt te verduidelik. Hy kon egter nie gaan nie maar het stembriefies uitgestuur na elke kieser in sy afdeling: "Wilt gy dat ik bedanken zal?" Die kieser moes dan net 'n kruisie plaas ag onder 'n „JA" of 'n „NEEN". Die kiesers het gekla dat hulle hom nie in sy afwesigheid wou vonnis nie en minder as een-vyfde het die briefies teruggestuur. Die wat NEEN gestem het, was slegs een-negende van die geregistreerde kiesers en Schreiner het as lid vir Malmesbury bedank teen die end van Oktober. Adv. F.S. Malan, die redakteur van „Ons Land" is daarna onbestrede vir die vakature gekies.

As die omstandighede so gewees het dat ~~o~~s tussenverkiesings kon gehou word en as die dwarsbankers almal gewaag het om te bedank, sou die Bond ongetwyfeld gou weer oor 'n meerderheid beskik het. Waar hulle kans gekry het om hulle sterkte te toon was dit duidelik dat die gebeurtenisse van die laaste tyd die party meer solied gemaak het.

Teen die end van November is 'n predikante-vergadering op Stellenbosch gehou, waar die volgende veroordeel word: (a) verbanning van leraars en ontwyding van kerkgeboue; (b) verniel-

1. Die plaaslike organisasie van die Bond het die kiesers afgemaai om te antwoord.

ing van eiendom;(c) verbanning van vroue en kinders.

Maar ~~verreweg~~ die vergadering wat verreweg die meeste opspraak verwek het was die volkskongres van Worcester.'n Lid van die Wetgewende Vergadering het 'n brief in „Ons Land" geskryf oorgeneem deur die „S.A.News" 26 Nov.waarin hy uitwei oor die wenslikheid om weer 'n volkskomgres te hou waar die Koningin oa sal gevra word om 'n einde te maak aan die verbranding van huise en mishandeling vam vroue en kinders,so nie moet gevra word dat laasgenoemdes tog maar dadelik moes vermoor word.Ook word weer aangedring op 'n strenge boycott.

Die Twede volkskongres is dan belê vir 6 Des.om die verslag van die volksdeputasie wat oor was na Engeland te ontvang en om die betreurenswaardige posisie van Suid-Afrika te bespreek.

Van die verste uithoeke van die Kolonie het mense gegaan om die kongres by te woon.Dat kongresgangers vanuit Calvinia of Kokstad sowat 200 myl per kar moes aflê om by die naaste spoorwegstasie te kom,het hulle nie afgeskrik nie.Van negetot tienduisend mense was teenwoordig en die outoriteite het voorsorg gemaak deur Worcester met Australiese troepe te versterk.

Die parlementêre leiers van die Bond was bang vir 'n volkskongres omdat opgewondenheid straks daartoe kon lei dat die outoriteite hulle organisasie sou onderdruk,maar miskien was dit beter dat die gemoedere gelug word.

N.J. de Villiers, die broer van die Hoofregter was weer in die stoel.,en hy het weer sprekers daaraan herinner dat hulle gematigd moes wees in hulle ~~uitdrukk~~- uitlatings.

Die verslag van prof.de Vos word gelees en Cronwright-Schreiner moes die deputasie bedank.Sy toespraak was warm en die voorsitter moes hom aanmaan om nie so persoonlik te wees nie

Saam met die lede van die deputasie,verklaar Cron-

wright- Schreiner, het hy alles gedeel. Ook hy is aangeval by hoteldeure en spoorwegstasies en byna gedood. Hy het gemeen hy sou kon in Engeland gaan vertel omtrent die misleiding van die pers, maar hy het die Engelse toestande misverstaan. Hy bedank die afgevaardiges uit naam van die meerderheid van blanke ~~in~~ Britse onderdane, van die Kolonie, uit naam van die oorweldigende meerderheid van blanke inwoners van Suid-Afrika, uit naam van die naturelle gelei deur Tengo Jabavu wat ernstig vrede in Suid-Afrika verlang, uit naam van alle onbevooroordeeldes wat Suid-Afrika lief het as hul vaderland. Vir hom is die teenwoordige vraagstuk gladnie 'n saak van Afrikaners teen Engelse nie. Dit is slegs 'n intellektuele en morele vraagstuk van reg en eer. Die oorlog is 'n misdaad waartoe Engeland gebring is deur kapitaliste. Engeland kan haar saak voor geen regbank ter wêreld wen nie en daarom is arbitrasie ongewens.

"Wat moet ons doen ? In die eerste plek moet ons Engeland duidelik laat verstaan dat ons, die meerderheid in hierdie Kolonie , ons nooit sal neerlê by die wegneem van die onafhanklikheid van die Republiek nie. As sy dit wegneem, dan sal ons dit herstel ook al moet ons die plig aan ons kinders oordra."... .

"Vervolgens moet ons aandring op vryheid in die beheer van ons eie binnelandse sake..... As ons 'n vrye volk is, ewe vry as Engeland in die binnelandse sake, soos Chamberlain gesê het, het ons die reg om die man te kies wie se salaris ons betaal. En laat ons daarom dadelik sê dat ons Milner nie wil hê nie; dat Milner dadelik moet teruggeroep word;.... hy het ons onophoudelik beledig en belaster en het hom in alle opsigte 'n ~~opsigte~~ kleingeestige politieke partyman getoon en nie die onbevooroordeelde verteenwoordiger van ons koning in nie..... nie alleen

is Milner 'n vloek vir Suid-Afrika nie, maar hy ontwrig die Ryk."

Terwyl Cronwright aldus gepraat het, is hy herhaaldelik toegejuig, vernaamlik by die aanval op Milner. Deur 'n langdurige gejuig en geswaai met hoede , het die skare hulle heelhartige instemming betoon,

Die kongres dring verder aan: (1) op beëindiging van die oorlog met al sy ellende en verwoesting, uitroeiing van 'n blanke nasionaliteit, behandeling waaraan vroue en kinders onderworpe is wat 'n blywende erfenis van haat en bitterheid sal agterlaat, terwyl die toekomstige betrekkinge tussen beskaafde en onbeskaafde ernstig bedreig word. (2) Dat die Republieke hulle onafhanklikheid sal behou, waardeur alleen die vrede in Suid-Afrika kan bestendig word. (3) Volle reg van die bevolking van die Kaapkolonie onder die konstitusie om hulle eie sake te reël en te bestier en verder spreek die kongres sy ernstige afkeur uit oor die politieke van Sy Eks. sir Alfred Milner.

Onder die sprekers was ook dr.Kolbe. Hy verseker die kongres dat die oorlog nie alleen teen die Republieke gemunt is nie maar ook teen die vryhede van die nasionale gees in die Kaapkolonie. Sodra die Suid-Afrikaanse Party 'n meerderheid gekry het, begin die ander party die vlag te swaai en te praat oor Britse supremasie. Hulle sê; "Julle het 'n kiesreg" , maar sodra daarvan gebruikgemaak word, begin hulle te praat van hulle supremasie.

Die kongres het hom ten slotte daartoe verbind om onophoudelik te werk vir die bereiking van die doeleindes in die resolusies gestel. 'n Deputasie is na die Goewerneur gestuur om die resolusies onder die aandag van die Britse Regering te bring.

" Komt treen wy dan gemoedig voort" galm nog verlaas die verskanste Australiërs tegemoet en die Wokesterse volkskongres was verby.

Die volgende dag het die telegramme vanuit die Engelse

sentra gereën na Kaapstad om te protesteer teen die aanval op Milner; op sommige plekke is vergaderinge vir die doel gehou.

"Wie nog twyfel of Sir Alfred Milner hom met die stedelike party vereenselwig het, moet net die telegramme van Kimberley, Port Elizabeth, Uitenhage en Durban lees; Aldus Ons Land."[I]

Op II Des. het die deputasie - ds. deVilliers (Carnarvon), M.J. Pretorius L.W.R. (Middelburg), P. Kuhn L.W.V. (Worcester), P.W. Michau (Cradock), P.J. Marais (Tulbagh) - die kongresbesluite voor Milner gelê. Ds. de Villiers wys daarop dat die 8 tot tienduisend mense op die kongres, ongeveer 120000 verteenwoordig; as die land nie so uitgestrek was nie en as sommige distrikte nie onder krygswet gestaan het nie, sou nog baie meer teenwoordig gewees het.

Oor die behandeling van vroue en kinders vind 'n skerp woordewisseling tussen die Dominee en die Hoë Kommissaris plaas. Laasgenoemde beweer dat niemand die vroue en kinders straf omdat hulle mans en vaders teen die Britse troepe veg nie en wat ~~Sou~~ hulle beter-af gewees het op die veld.

Die Dominee meen dat dit so dwaas lyk om nou huise en eiendom te verniel en daarna liefdadigheid uit te loof. Ook meen hy het die oorlog die Afrikanervolk bymekaar gebring en Milner was 'n ander middel daartoe.

Na Pretorius ook gepraat het, antwoord die Hoë Kommissaris. Dis twyfelagtig of hy die resolusies voor die Britse Goewerment moes gelê het, maar aangesien hyself daarin betrokke is, sal hy dit doen en ook terwille ~~ook~~ van die bitterheid en opgewondenheid. Dis beter "to err on the side of conciliation and forbearance"

Die eerste resolusie, sê die Hoë Kommissaris, is sorgvuldig opgetrek deur die slim mense wat die teenweerdige agitasie bewerk het. Hy wys op die ondersteuning wat die Britse Regering te beurt val deur die hele Ryk. Byna die hele Engelse

volk steun die Regering en al die Kolonies doen dit heelhartig behalwe hierdie een;en selfs hier is ongeveer die helfte van die blanke bevolking te gunste daarvan en feitlik die hele kleurling-bevolking.Dan nog is dit die deel van die blanke bevolking wat by die inval geveg en gely het vir die Koningin.Hy vra of dit billik is om te verwag dat die Imperiale Regering met so 'n ondersteuning agter hulle,sal teruggaan op die pad wat hulle gekom het.En as dit nie is nie,vra spreker wat meer waarskynlik na tot beëindiging van die oorlog sou lei,erkenning van die onherroeplikheid van hierdie politiek of herhaalde proteste daarteen met dreigemente.

Die Goewerneur meen dat die Kongres baie oordryf het deur te praat van die uitroeiing van 'n blanke nasionaliteit, en om nog waarde te heg aan die nou uitgediende laster omtrent die wrede behandeling van vroue en kinders.Elke oorlog het sy gruwele maar as die toestande in ag geneem word,is dit een van die menslikste oorloë wat ooit in die Geskiedenis plaasgevind het.- aan albei kante.

Die oorlog van die kant van die vyand,gaan die Hoë Kommissaris voort,is nie meer te regverdig nie.Die meeste manne wat nou nog in die veld is word 'n ydele hoop voorgehou;hulle word onophoudelik met leuens gevoed,met betrekking tot hulle kanse van sukses en nog erger,met betrekking tot die voorneme van die Britse Goewerment,indien hulle wapen neerlê.Wat hier in die Kolonie gedoen word,kan hulle ook mog aanmoedig.Die Hoë Kommissaris sal die resolusies na die Britse Regering deurstuur maar vergesel van sy sterk persoonlike afkeur.
Mnr.Kuhn:"Sal ons 'n afskrif van u antwoord kry?"
Sy Eks.:"Certainly;good morning.

Die Bond het egter nog nie moed opgegee nie:"Handelen, weigeren,wachten langs constitusionele weg om de genoemde doeleinden te bereiken:dit is lydelyk verzet"[1]

1 Ons Land 19 Des.1900

En hulle was ook gladnie oortuig dat die proteste vrugteloos was nie. Op 29 Des. stel „Ons Land" die volgende gebeurtenisse agtermekaar: (a) op 6 Des. vra Lord Kimberley dat die Britse Regering haar toekomstige Suid-Afrikaanse politiek moes verklaar, maar Lord Salisbury weier onmiddellik daarna; (b) dieselfde dag vind die Worcester-kongres plaas en (c) die aand van 7 Des. het Chamberlain sy gematigde politiek verklaar, waarmee selfs die opposisie tevrede was.

Milner sou ook nie lank meer Goewerneur van die Kaapkolonie bly nie. In Oktober is hy reeds formeel aangestel as administrateur van die die Oranjerivier Kolonie en die Transvaal, maar dit was slegs nominaal en sou in werking kom ingeval Lord Roberts skielik wegval of sodra toestande in die noorde dit toelaat. 'n Nuwe aanstelling as Hoë Kommissaris was nodig, alhoewel Milner die pos sou behou want sedert 'n opdrag van 1889 was die ~~posisie~~ van Hoë Kommissaris verbonde aan die van die Goewerneur van die Kaapkolonie. Sedert die tyd sou die twee betrekkings nou vir die eerste keer geskeie wees.[I]

Hierdie maatreël het die Kaapse Ministerie met besorgdheid vervul. Hulle was bang vir dominering vanuit die noorde wanneer die noordelike kolonies op die been is en derhalwe is 'n minute gerig aan die Britse Regering op 4 Desember 1900. Hulle spreek die hoop uit dat die Kaapkolonie slegs tydelik van die eer sal berowe wees om die en voer bewyse aan waarom die Kolonie voorrang behoort te hê: dis die oudste kolonie; sy bevolking is groter as die van die drie buur-kolonies tesame; die Kaapkolonie het 'n lang see kuslyn en drie vername hawes behalwe die vlootstasie in Simonsbaai wat waarskynlik die vernaamste van sy soort is, aangesien dit op die hoofweg lê na die Brits-Indië. Verder verbind drie hooflyne die hawes met die binnelande en die materiële belange van die Kolonie is uitgebreider as die van die ander kolonies. Die ministerie hoop ook dat

Kaapstad die setel sal wees van die staatshoof wanneer 'n federale unie eendag tot stand gekom het.

~~Die~~ Toe die volkskongres van Worcester dus vir herroeping van Sir Alfred Milner as Goewerneur agiteer het, was die Britse Regering in 'n gemaklike posisie om die kwessie op te los sonder dat hulle die skyn wek van bang te wees vir die Afrikaners in die Kolonie.

'n Onvoorsiene verandering het nou in die oorlogstoestand gekom en die kongresgangers is daarvoor aanspreeklik gehou deur hulle teenstanders.[1] Die nag van 15 op 16 Des. het Kritzinger met 700 man die Oranjerivier by Odendaalsdrif deurgesteek en terselfdertyd het regter Hertzog dieselfde gedoen by Sandrif met 'n nog groter kommando as Kritzinger. ~~Die Twede~~

Die Twede Inval was 'n voldonge feit.

Dit het spoedig onmoontlik geword om aan te gaan met agitasies want krygswet het die monde gesnoer en persoonlike vryheid is deur die hele Kolonie ingekort tot laagwatermerk.

Die parlementêre Afrikaner Party het ~~op~~ nog op 7 Jan. van die volgende jaar besluit om Merriman en Sauer na Engeland te stuur waar hulle tesame met Hofmeyr moes probeer om die ware toedrag van sake volgens hulle insigte voor die Britse parlement te lê.[2] Die sending het ook misluk.

Gedurende die hele 1901 en tot die vrede van 31 Mei 1902 het die invallende kommando's die Kaapkolonie so in beroering gehad dat geen sitting van die parlement kon plaasvind nie en die konstitusie was dus gedeeltelik opgeskort. Dis dus nou nodig om nogeens die militêre loop van sake na te gaan.

I Soos later sal blyk was die twede inval volgens deeglik uitgewerkte planne aangepak en die tydjie wat verloop het van die volkskongres op 6 Des. tot die begin van die inval op 16 Des. is natuurlik onvoldoende om so 'n groot onderneming uit te voer.

2. Hofmeyr was in Europa maar hulle teenstanders het natuurlik nie nagelaat om die afgevaardigdes woordelik in sleg te plaas nie. Sien "The Afrikaner Delegates. What they said and what they have not said." (Pamflet)

HOOFSTUK VI.

DIE TWEDE INVAL IN DIE KOLONIE.

Teen die end van 1900 het die Republikeine groter aktiwiteit begin aan die dag lê en die toestand wat vir die Britte in die middel van die jaar so rooskleurig gelyk het, het beslis donker begin word. Teen die end van Oktober het onrusbarende berigte van Kimberley gekom omdat die Republikeine hulle weer regs van die spoorweglyn tussen Oranjerivier en Kimberley vertoon het. By die middel van November het die blaaie berig dat genl. de Villiers in die distrikte van Douglas en Griekwaland-Wes bedreig; hy was in die buurte van Douglas en Campbell. 'n Week later word die omtrek van Kimberley as bepaald onveilig beskrywe; treine tussen die diamantstad en Vryburg loop onder die koeëls deur.

Reeds in Juliemaand het die Republieke planne gemaak om weer 'n inval in die Kaapkolonie te waag teneinde die druk op die bergpasse Retiefsnek, Slabbertsnek ens. te verminder maar die oorgawe van Prinsloo het die planne in die war gestuur. Toe Roberts egter na die slag van Dalmanutha wat 'n tydjie later plaasgevind het na Engeland telegrafeer, "The war is over", het pres. Steyn gevoel dat iets moes gedaan word om die verkeerde indruk wat die telegram in Engeland en op die Vasteland kon teweegbring uit die weg te ruim. Derhalwe is die plan eers bespreek om 'n groot aanval op Johannesburg te probeer, maar toe dit onuitvoerbaar blyk besluit hulle om die vroeëre voorneme om die Kolonie weer binne te val, ten uitvoer te bring.[I]

Die redes vir hierdie belangrike stap van die Republikeine was (a) soos hierbo aangetoon, vir prestige; (b) om die operasieveld sover as moontlik uit te brei en daardeur die brandpunt van die oorlog te verskuiwe, wat verligting in die Republieke sou teweegbring; Transvaal het veral kans nodig gehad om tot verhaal te kom; (c) terwyl die kommando's "uit die land" moes lewe, was dit natuurlik baie beter om in 'n land vam melk en heuning

I vd. Merwe - Steyn II bl. 66.

te opereer in plaas van in die vernielde Republieke;(d) om kommunikasielyne te versteur;(e) om rekrute te werf en vars perde ens.in hande te kry.

So het genl.de Wet en pres.Steyn dan op I0 en II nov. die kommando's van Lategan en Theron oor die spoor tussen Doornrivier en Theronskoppe laat trek om die Kaapkolonie binne te val Ook die Harrismithse burgers en die Kroonstadters kom op I3 Nov.by en met ongeveer I500 man is de Wet in die rigting van Sprinkaansnek,oos van Taba Nchu.Die Bloemfontein - Taba Nchu - Ladybrand lyn van forte kon die Vrystaters nie keer nie en die tog is voortgesit in die rigting van Dewetsdorp.Hierdie dorp is 'n paar dae later deur de Wet geneem en maar spoedig weer ontruim om die tog na die Kolonie voort te sit.'n Ontmoeting met regter Hertzog het plaasgevind en daar is afgespreek dat laasgenoemde hom sou haas om grens tussen Norvalspont en Hope Town die Kolonie binne te val,terwyl de Wet dieselfde sou doen tussen Bethulie en Aliwal-Noord.Hertzog sou dan in die westelike deel van die Kolonie opereer en de Wet in die Ooste en in die Middellande.[1]

Toe Kitchener die plan agtergekom het,het hy troepe per spoor uit Transvaal gestuur om Knox te versterk en ook Mc.Donald wat in bevel was van die garnisoen in Aliwal-Noord.[2]

Om 'n lang storie kort te maak,de Wet het die Oranje in vloed gevind,en met die Caledon ook kant en wal,het die Britte hom va sgekeer.Dit was wel moontlik om oor die Basoetoelandse grens te gaan ten einde te ontsnap,maar die Boere kon nie nog meer vyande op hulle hals haal nie.De Wet gelas derhalwe vir Kritzinger en Scheepers om met 300 man in die rigting van Rouxville te trek en om die Oranje deur te steek sodra die water enigsins sulks toelaat.

De Wet was gelukkig om tussen die vol riviere en die Engelse strik uit te kom,maar hy moes die plan opgee om op die

I de Wet -De stryd tusschen Boer en Brit bl.233 ens246
2 Cd.522 I90I,8/3/0I.

tydstip die Kolonie in te val;Knox het al sy aandag aan de Wet gewy en het Kritzinger en Scheepers die kans gegee om die nag van I5 Des.by Odendaalsdrif die Oranje deur te kom en Hertzog eweneens verder weswaarts.

Die Tweede Inval verskil egter wesenlik van die Eerste. Daar was nie weer die kans om die ingevalle distrikte tot 'n algemene opstand te bring nie en sulke distrikte is nooit vir 'n lang tyd okkupeer nie,behalwe later in die geval van die Noordweste.Die kommando's was vandag hier en môre daar en was doodtevrede om 'n distrik weer aan die Engelse oor te laat na hulle daar gekry het wat hulle nodig gehad het.

~~Die kommandos het~~ Rekrute was orals te kry maar nie in groot getalle nie.Die stille ontvangs wat die invallers nou te beurt geval het in verlyking met die eerste keer,bewys egter nie dat die Republikeine die simpatie van hul rasgenote verloor het nie.Inteendeel bewys die agitasie wat in I900 in die Kolonie gevoer is om die onafhanklikheid te bewaar,juis die teengestelde.Die noordelike distrikte het wel rede gehad om misnoeg te voel na hulle by die Eerste Inval in die steek gelaat is,maar knellende krygswet-regulasies of lewers, krygswet-administrasie, gepaard met die sterk simpatie vir die strydende rasgenote, het sommige weer beweeg om hul lot by die vegtende burgers in te werp.Van die invloedryke man met heelwat eiendom,kon dit nouliks verwag word dat hy in I90I die mag van Groot Brittanje moet trotseer,want die oorlog in die Kolonie was nie van so 'n aard dat 'n uitgestrekte front kan ~~beskerm~~ verdedig word om die eiendom van die rekruut te beskerm nie.

Die Midland News van 2 Jan.I90I sê o.m.:"The most satisfactory feature of the present situation is the cool reception that the invaders are everywhere receiving.Our Colesberg contemporary tells us that so far as can be ascertained,not a single farmer has joined the commando.From Burgersdorp we learn that farmers so far from welcoming the invaders,are actually giving information to the military that will help to follow them up"

Die Engelse pers het egter spoedig 'n ander deuntjie

aangehef en het bitterlik gekla dat die Koloniale boere nieteenstaande die krygswet, in die geheim die invallers met informasie dien en maar te begerig is om hulle met perde, mondprowisie ens. te voorsien, as daar net 'n geleentheid kom. Oor die algemeen was dit ook werklik die geval. Wanneer 'n dorp ingeneem word, het die invloedryke persone hulle gewoonlik so stil as moontlik gedra, dog heelwat nuuskierige belangstellendes het gewoonlik om die kommando vergader. Vlaghysing met formaliteite of die lees van okkupasie-proklamasies voor 'n skaar van die inwoners, het in die reël nie weer plaasgevind nie, en selfs is nie op merkbare wyse skaal by die publiek aangedring om aan te sluit nie. Maar tog het menigeen die stoute stap gewaag om sy lot met die burgers in te werp. Die burgerkommando's, hoe veragtelik hulle ookal vir die teeparty daaruit gesien het, in burgerdrag, dikwels heel verslete, het 'n magtige bekoring gehad vir die rasgenote in die Kolonie; die bekoring wat die boereseun diep in sy siel tref by die aanblik van 'n roer en 'n perd, ja die aanblik van twee- driehonderd roers en nog veel meer perde en die lustigsingende burgers met die wit of tarantaalkleurige hoedbande - burgers wat hulle lewe waag vir die vryheid.

Die Kolonie het nou onder 'n strenge krygswet gestaan en die groot vraag was egter of die strengheid mense van rebellie weerhou dan of dit rebelle maak. Sir Alfred Milner het daarvan ge sê: "On the one hand there is the outcry for greater severity and a stricter administration of martial law. On the other hand is the expression of fear that strict measures would only exasperate the people."[1] Daar is dan ook geen twyfel nie dat menige persoon juis deur die strengheid van die krygswet tot rebellie gedwing is, alhoewel groter getalle waarskynlik deur krygswet van rebellie onthou is. Berekenings hieromtrent sal meer gissings wees.

Die inval het so ernstig geword dat die Kaapkoloniale

I Cd.547 1901 No.46

Regering moes uitspring om hulle grondgebied te help beskerm. Voorsiening is gemaak vir stadswagte en stappe is geneem om die verdedigingsmag te organiseer.'n Oproep van die Regering, deur Sir Gordon Sprigg alleen onderteken,het vrywilligers gevra en aangekondig ~~en aangekondig~~ dat 'n spesiale mag sou op die been gebring word en die sal genoem word ,die Koloniale Verdedigingsmag.Hierdie mag sou uitsluitlik gebruik word om die inval af te weer en om rus en orde te bewaar.Die "Volunteers"is opgeroep om hulle name in te gee by die siviele kommissaris van die distrik of by ~~spesial~~ amptenare,spesiaal vir die doel aangestel.Die betaling sou wees 5/-per dag en 2/6 ekstra vir perd,saal en toom.

Gedurende die twaalf maande wat volg het die Koloniale Goewerment seker hul bes gedoen onder die unieke omstandighede om die inval af te weer.Daar kan in so 'n geval natuurlik nie sprake wees van 'n oproep van die burgermagte nie en hulle moes dus werk met die materiaal wat beskikbaar was.Die dorpswagte het miskien nie soveel tot stand gebring as om op te weeg teen die verbittering waarvan hulle die oorsaak was nie, aangesien kleurlinge en enige moontlike rekruut in die wagte opgeneem is.Die beginsel van plaaslike verdediging was onder die omstandighede egter die beste wat kon toegepas word,want daar moes tog 'n poging aangewend word om te verhoed dat die vliegende Boerekommando's wat te enige tyd,te enige plek hulle verskyning kon maak,nie in die dorpe na hartelus kon neem wat hulle nodig gehad het nie.

Die Dorpswagte het in I90I 'n sterkte van ongeveer I8000 bereik,waarvan 3000 kleurlinge was[I].Hulle was nie gedurig onder die wapen nie,maar moes elke minuut gereed wees om die wapen op te neem.

Die District Mounted Troops(D.M.T.)was ook 'n spesiale mag wat 'n sterkte van ses- tot seweduisend bereik het.Ook hulle

I Cape Times 2 Des.I90I.-toespraak van Sir Gordon Sprigg

was nie gedurig onder die wapen nie.

In 'n belangrike toespraak van Sir Gordon Sprigg wat in die „Cape Times" van 3 Des. rapporteer word, toon die Eerste Minister aan dat die versterkte Staande Mag, die Cape Mounted Rifles, die Kaapse polisie en die District Mounted Rifles tesame sowat I8000 man sterk is en alhoewel die D.M.T. nie gedurig onder die wapen is nie, word daarvoor opgemaak deur die Dorpswagte, wat soos gemeld, dieselfde getal beloop het.

Nou het Sir Gordon bereken dat die totale bevolking van die Kolonie 2350,000 persone was. Maar die blankes sou slegs 517000 gewees het en dis feitlik hulle alleen wat die oorlog gevoer het. (Behalwe die 3000 kleurlinge in die Dorpswagte, was daar volgens spreker nog 7000 nie-blankes onder die veldmagte. Die Eerste Minister verklaar dat die Goewerment nie kleurlinge aanmoedig om die wapem te neem nie, maar meen dat niemand daar iets op kan teë hê as kleurlinge gebruik word om hulle eie distrikte te verdedig nie) Verder meen spreker dat die mans van die Kolonie, tussen I8 en 50 jaar, slegs sowat II4000 is. Na verhouding moes die Verenigde Koninkryk dus I450000 manskappe in die veld hê in plaas van 200000.

Op die manier het die Eerste Minister probeer aantoon dat die Goewerment vals beskuldig word wanneer gesê word dat hulle nie genoeg doen om die Kolonie teen inval te beskerm nie.

Volgens die biograaf van Lord Kitchener, het laasgenoemde op I Feb. aan Lord Roberts geskrywe, hy is bly dat die Kolonie eindelik meer energie toon. Hy het lank reeds aangedring dat hulle moet klaarmaak om de Wet sê inval die hoof te bied maar sonder veel gevolg. Nou skrik hulle wakker, maar hy vrees dit is te laat om alles te doen wat moes gedoen gewees het.

So het die toestand in Suid-Afrika vir Engeland 'n onverwagte en onaangename wending geneem teen die end van I900. "Dit help nie om te ontken nie", so skrywe die Hoë Kommissaris

op 6 Feb,1901,"dat die laaste half-jaar een was van agteruitgang"...."die teenwoordige toestand van sake in die nuwe gebiede sowel as in die Kolonie is,indien nie die ~~kritiekste~~ mees kritieke nie,die moeilikste."[1]

Na Hertzog by Sanddrif die Oranje deurgesteek het,is Philipstown op 17 Des.geneem,alwaar perde,saals en ander benodighede kommandeer is.Dit het daar betreklik stil toe gegaan en vandaar is die kommando 's na Houtkraal.Die Engelse het probeer om hulle te keer,maar die kommando's het in afdelings opgebreek en is so oor die spoor om weer in Britstown bymekaar te kom.Die dorp is op 22 Des.deur kmdt.Nieuwoudt geneem na 'n aantal Yoemanry deur hulle opgeraap is.Ook hier is benodighede opgeëis en die Kommandant het die publiek toegespreek.Die volgende dag het ook Hertzog en Brand daar aangekom en Conroy, die latere Kommandant het ook aangesluit.Omstreeks Kersdag was die burgers nog in Houwater,maar 'n sterk mag Britse soldate het hulle daar verdryf en hulle ambulans onder dr.Ramsbottom is ~~ook~~ geneem.

Die dorpie Vosburg wat slegs deur polisie bewaak was, het daarna aan die beurt gekom om 'n besoek van die kommando's te ontvang en vandaar is die tog voortgesit na die distrik van Carnarvon.

Kitchener het Parsons met 'n kolonne na Victoria-Wes ~~gestuur~~ gestuur om Carnarvon te beskerm en dis waarskynlik die rede waarom die dorp gespaar is.

In die tussentyd het Kitchener nie alleen gesorg dat sentra soos Ceres,Worcester en Piquetberg beskerm word nie, maar hy het ook die nuutgevormde regiment van Kitcheners Fighting Scouts onder Johan Colenbrander en die kolonne van Hennicker na Matjiesfontein laat vervoer.Vandaar moes hulle uitgaan om die passe suid van Southerland te dek.Sy doel was om die vyand noord van die Roggeveldberge te hou en om die vereniging van Hertzog en Kritzinger in die distrik van Worcester of Prins

I Cd,547 1901 No.46

Albert te verhinder.I Dit was waarskynlik gladnie die plan van Hertzog en Kritzinger om te veremig nie.Beide het net eers diep die Kolonie ingedring as 'n soort van voorspel van wat sou volg en wat ~~gedoen~~ kon gedoen word en het toe weer omgedraai om in verbinding met de Wet te kom soos ons later sal sien,want die plan was nog altyd dat de Wet weer sou probeer om oor die Oranje te kom.

Op sy terugtog,het ons gesien dat Hertzog Carnarvon vermy het,maar sy kommando's het dig by die dorp Nuwejaar gevier. Die kommando's is weer opgesplit;Brand is na Sutherland terwyl Hertzog Calvinia-toe is.Eersgenoemde dorp is ingeneem en skerpe skermutselinge vind plaas toe Engelse troepe op die toneel kom.

In die namiddag van 7 Jan.het veldkornet Scholtz van Jacobsdal Calvinia binnegetrek;'n paar uur later het nog 'n kommando aangekom.Die paar polisie het vroegtydig padgegee.Op die 9de is 'n proklamasie uitgevaardig wat alle wapens en ammunisie inroep en enigeen wat daarvan wegsteek is strafbaar.Op die volgende dag kom ook regter Hertzog in die dorp aanDie 8 winkeliers was genoodsaak om hulle goedere beskikbaar te stel en die Regter het 'n proklamasie uitgevaardig wat krygswet daarstel en 'n kennisgewing dat amptenare van die Koloniale Regering nie langer as sulks sal erken word nie.Veldkornet van der Merwe is as Landdros aangestel en handelslisensies moes weer hernu word. Op die IIde en I3 de kom nog ander kommando's Calvinia binne,maar op die I6de het die uittog begin.Weer vind opsplitsing plaas in vier of vyf dele.Een kommando is na Tontelboschkolk en na Brandvlei, 'n ander naNieuwhoudtsville en van Rynsdorp,'n derde in die rigting van Clanwilliam en 'n vierde na die kant vam Elandsvlei uit.

Hier in Calvinia het ook die ongelukkige Esau-voorval plaasgevind,waaraan die Britse Blouboeke soveel ~~premine~~ ruimte afgestaan het.Esau was 'n kleurling wat aangebied het om die

~~om die~~ Boere met die wapen uit die distrik te weer;hy het 'n lys gemaak van kleurlinge wat gewillig was om die wapen vir die doel op te neem.Die Boere het hom gevang en hom 'n geweldige pak slae met 'n sambok gegee en dit skyn of hy daarna tot die dood veroordeel is.Twee Boere het hom en Duk,die Assisstent-Magistraat van Calvinia voor die perde uitgeja en Esau kon weens die pak slae byna nie loop nie.Een van die oppassers,Stephanus Strydom,het Esau opsy geneem,waarskynlik om die vonnis uit te voer.Toe hy by die ander twee terugkom was hy moeg en sy klere uit orde.Esau sou skielik op hom aangeval en hom byna met 'n mes doodgesteek het;daarop het hy die hasepad gekies en Strydom moes meer as een skoot op hom los voordat hy dood neergeval het.Sy lyk is later daar gevind.

Ook die behandeling van Duk het heelwat opspraak verwek. Regter Hertzog het hom gestraf omdat hy geweier het om die publiek toe te laat kos en beddegoed te verskaf aan die twee Kenhardt-rebelle,Loxton en Liebenberg toe hulle in die tronk-was. Volgens Duk se eie getuienis was hy slegs aanvanklik hard behandel maar hy kon nie kla oor die latere behandeling nie.[1]

Ook van Rynsdorp is ~~hier~~ deur Hertzog geneem,maar die Britse troepe wat uit die suide opgeruk het,het Sutherland op die 9de bereik en op die 23ste was de Lisle in Clanwilliam,wat reeds vantevore deur plaaslike verdedigingstroepe okkupeer is. 'n Omvattende beweging van de Lisle,Scobell,Colenbrander,Bethune,Thornecroft en Henniker,sowel as die feit dat genl.de Wet im die noorde van die Kaapkolonie was,het Hertzog laat besluit om 'n noordwaartse rigting in te slaan.Van Rynsdorp is daarna deur die Britte okkupeer sowel as Calvinia,wat op 6 Feb.bereik is.Tot Williston het die Britse troepe Hertzog agterna gesit, maar sonder om met die invallers te bots.Soos sal aangetoon word het Hertzog by de Wet aangekom toe die op die punt gestaan het om die Kolonie te verlaat en net gesoek het na 'n drif om

1. Gegewens omtrent Calvinia, uit die verslag van Dreyer, die magistraat, 29 Jan '01. CA 54) No 47.

die Oranje deur te trek. Gedurende Hertzog se inval het kleiner afdelingsx van sy kommando's ver na die weste van die Kolonie deurgedring en 'n klein aantal het selfs die see bereik by Lambertsbaai wat as gevolg gehad het die belaglike berig so wyd en syd versprei as sou die Boere gehoop het om 'n skip met vreemde hulptroepe en ammunisie in Lambertsbaai te vind.

Na Kritzinger die Oranje deur was, het hy Venterstad verower waar hy baie perde buit gemaak het. Hy is Steynsburg verby en in Middelburg distrik in, vervolg deur die Britse troepe. Tussen Middelburg en Naauwpoort is hy oor die spoor en 'n trein is deur sy kommando geneem en aan die brand gesteek

Die klein mag van Kritzinger en Scheepers het so versprei dat die gerug van hul teenwoordigheid gelyktydig gehoor is van Middelburg in die noorde tot Uniondale, byna aan die Suidkus,[1] en oral het klompies Hollandse Afrikaners by die invallers aangesluit.[2]

Skerpe skermutselinge het telkens voorgekom; die Britte het gedurig kort op die hiele van die invallers gebly maar geen geleentheid om op die vervolgers onverwags neer te skiet is ongebruik gelaat deur Kritzinger, Scheepers and ander offisiere nie, Wanneer voorrade nodig was, is een of ander dorpie oorrompel en die nodige is geneem. Perde was nog orals op die plase te kry.

Blykbaar was die koms van de Wet vir Kritzinger se kommando's net soos vir die van Hertzog, 'n teken van noordwaarts terug te val, maar die burgers van eersgenoemde het nie met die van de Wet verenig nie en het nog in die Kolonie gebly na de Wet en Hertzog reeds ten noorde van die Oranje was.

Maar die invalle van Hertzog, Kritzinger en Scheepers was slegs die voorbode van wat sou volg. De Wet en Steyn het 'n tweede/.....

1. Doyle - The Great Boer War, bl. 577

2. Schowalter - "Im Kampf um Süd-Afrika" band 4, bl. 107

tweede keer probeer om die Kolonie in te val en het dit so gereël dat die inval meer of min gelyktydig sou geskied met die opening van die Britse parlement. Die doel was bereik. Met die opening van die parlement in Engeland is geen woord gerep van " The War is over" nie. Dit sou trouens ook onsin gewees het, want Hertzog het die Kolonie deurgedring tot die see en Kritzinger, Scheepers en Fouche het met sukses in ander dele van die KaapKolonie opereer, terwyl die Transvaalers ook weer aktiwiteit betoon het.[1]

Oorspronklik het de Wet 2000 man byeen gebring teen die einde van Januarie om sy inval in die Kolonie uit te voer, maar genl. Knox aan wie die taak opgedra is van de Wet te keer, het die Republikeinse aanvoerder so lastig geval dat die slegs met die slimste krygslis en heen en weer maneuvreer daarin geslaag het om die Oranjerivier te bereik en met agterlating van 'n groot aantal manskappe. Die driwwe en brûe oor die Oranje was sterk bewaak .Die magte van Knox en Bruce Hamilton is per trein na Bethulie vervoer terwyl die van Paget en Plumer van Balmoral en Brugspruit per spoor na Naauwpoort gestuur is.Ook is ander troepe na Norvals Pont en Rosmead en na Aliwal-Noord om McDonald te versterk.

Daarby het die 1st King's Dragoons Guard van Engeland ook net in tyd aangekom, gevolg deur twee vars bataljons Beredene Infanterie en die Prince of Wales Light Horse, wat kort van te voren in Kaapstad rekruteer is . Kitchener kon dus 'n sterk mag by Naauwpoort byeenbring.

Nog ander troepe is uit die Suide opgestuur om die kordon te versterk sodat Hertzog en de Wet nie sou ontmoet nie. T Troepe is daarvoor in Victoria-wes en Hopetown geplaas .

Dit het de Wet geluk om by Sanddrif op 10 Februarie die Kolonie binne te dring. 'n Klompie perde, saals en tooms asook 3000 patrone is buitgemaak kort na hulle die rivier deurgetrek het. Eers moes gewag word vir genl. Fourie wat by die hooflaer aankom met 'n groot Engelse mag kort op sy hiele ook uit Colesberg het twee sterk kolonnes getrek.

Die plan van de Wet was om sy mag sodra hy in die Kolonie

1. vd. Merwe- Steyn II bl. 68.

kom en drie afdelings te verdeel, maar die Britte het in sulke getalle op hom konsentreer dat dit nie moontlik was nie.[1] Luit. Malan - die latere Generaal - was egter met sowat 50 man dieper die Kolonie in .

Tussen Philipstown en Petrusville het skermutselinge plaasgevind en een keer was die Republikeine byna met die Engelse deurmekaar, maar dit het hulle geluk om die Engelse te hou totdat die laer verby was. In die nag is voortgegaan tot Hondeblafrivier Die veld was sleg en die perde uitgehonger. Toe is besluit om so gou as moontlik oor die spoorweg naby Hopetown te trek. Veg-veg is die tog daarheen voortgesit. Genls. Fourie en Froneman moes die Britte gedurig terug hou, sodat die agterhoede van de Wet nie afgesny word nie en op die manier het skerpe gevegte plaasgevind. Nou en dan het die burgers daarin geslaag om 'n klompie Engelse gevangene te neem en die perde en saals was meer as welkom. Swaar reëns het geval wat de Wet laat stadiger beweeg het maar dit het dieselfde uitwerking op sy vervolgers gehad. Ses myl oos van Houtkraal stasie was die mag van de Wet genoodsaak om in die nag deur 'n lang moddervlei te trek want voor dit dag word moes hulle oor die spoor wees aangesien treine vanuit De Aar en Hopetown teen hulle kon gestuur word. Die spoor is egter vroegtydig opgebreek aan weerskante van die plek waar die burgers sou oorgaan. Die nag was 'n vreeslike . Spartel-spartel het die 1400 ruiters deur die vlei gesukkel. Die perde sak diep weg in die modder en aangesien baie al swak was moes die burgers hulle lei. Met die kanonne en ammunisiewaens was nog die grootste gesukkel. Dertig osse word voor 'n affuit gespan en soms kon vyftig dit nie verroer nie. Die waens kon hooggemaamd nie deur nie en moes in die steek gelaat word.

1 de Wet bl 273.

Oor die spoor het dit goed gegaan dog die burgers was uitgeput. Vier-en-twintig uur het verby gegaan sonder dat hulle die kop kon neerlê terwyl hulle papnat was van die reën[1]. Genl. de Wet sê daarvan :"Wy konden de Moddervlei maar niet vergeten. Toch, na wy ons goed geholpen hadden aan een vette A frikaansche bont span, en by onze zadels geslapen hadden waren wy allen weer opgeruimd. De burgers, die ik met my daar had waren van den rechten stempel, die alles ten offer konden brengen voor de vryheid van het volk, en konden antwoorden op de vraag of er niet een eind kon komen aan wat men verduren kon, dat geen honderd modder vleien hen afschrikken konden: Ja, dat de vryheid iets van zulk een waarde was, dat de wereld, van het bestaan des menschdoms af, geen prys daarvoor gekend had."

Genl. Fourie wat tot die elfde uur gesukkel het om die waens uit die moddervlei te kry het de Wet eers weer naby Petrusville ontmoet. 'n Gepantserde trein ondersteun deur Crabbe se kolonne het probeer om vanuit Houtkraal Fourie te belet om oor die spoor te kom. Hy moes derhalwe suidwaarts en het vir 'n tyd van de Wet afgeraak.

Wes van Hopetown verby in die rigting van Strydenburg is die tog van de Wet voortgesit; slegs vir 'n tydje was die Engelse op 'n taamlike afstand aangesien hulle om die modd er-vlei moes trek, maar net so moes die voorpunt weer terug-gehou word om die laer 'n kans te gee enigsins vooruit te kom. Soms moet byna die hele dag deur met die Britse voorhoede geveg word. Die metode wat hier gevolg word[15] word deur de Wet self as volg vertel[2]: "De burgers met de beste paarden bleven achter by een bult of kopje,want in die streken zyn geene bergen waar men posities kan nemen en zich verbergen.

1 de Wet - bl 278
2 ibid bl 280

Kwam nu de vyand aan, en zag hy twee of driehonderd burgers, dan galoppeerde hy niet vooruit, maar hield halt, bracht zyne kanonnen, die meestal in het midden waren naar vorentoe, en bombardeerde eerst den rand waar de burgers waren. De burgers bleven dan onder het bombardement niet - dat laat zich denken - maar gingen uit het gezicht. Op dien bult of kopje werden dan door de Engelschen heel wat granaten en granaat-kartetsen afgevuurd, en zy zonden flanken rechts en links uit. Het duurde soms uren voor zy zeker waren dat er geene Boeren daar waren, en middertyd was er tyd geweest voor de voetgangers en de zwakke paarden te wyken.

Soms, als er een geschikte positie was werd de voorhoede van de Engelschen in den bak geleid, en reden zich vast of werden gevangen, of moesten onder de kogels terug-jagen om de kanonnen en de groote macht voorruit te brengen.

Op 16 Februarie het Kitchener self op De Aar aangekom. 'n Staatkundige plan om die Kolonie te suiwer is deur hom in samewerking met Lyttelton en Settle ontwerp. Die hoofdoel was om die invallers uit die westelike distrikte uit te kry, waar die Britte nie die voordeel van die spoorweë het nie. Terselfdetyd sal die maatreëls de Wet se weg na die suide versper en sal hom en Hertzog noordwaarts druk. Op die westelike spoorweg is vir die doel 'n ketting van kolonnes gestasioneer, elk ongeveer 'n 1000 sterk. Indien de Wet suidwaarts deurdring sal die kolonnes agtereenvolgend weswaarts beweegen een na die ander die vervolging voortset. Heel in die noorde moes Paris sorg dat Hopetown gedek is, terwyl sy onder-geskiktes, Plumer en Crabbe direk moes vervolg. Knox met Pilcher en Crewe moes vanuit Houtkraal opereer. Verder sou groot troepemagte op Britstown konvergeer terwyl die vervolg-ers van Kritzinger teruggeroep is om ook aan die spel deel te neem. Gorringe met die Koloniale verdedigingsmag moes

solank vir Kritzinger besig hou[1]. Die uitgestrekte militêre netwerk was egter onnodig.

De Wet is verder weswaarts. Op die 19de kom hy by Brakrivier sowat tien myl van waar die rivier in die Oranje inloop, oos van Prieska. Maar Brakrivier was vol en ondeurwaadbaar. Die Engelse was volgens die verkenners in groot getalle sterk op hulle hakke maar gelukkig vir de Wet was Knox af van die spoor omdat hy oortuig was dat Hertzog en de Wet van plan was om in Prieska distrik te ontmoet. Die enigste uitweg vir de Wet was om noordwes al langs die rivier af te trek, dan weer langs die Oranje wat net tien myl ver af was en dan langs laasgenoemde rivier op te trek ten einde agter die vervolgers te kom. 'n Stikdonkere nag het gesorg dat die plan slaag en die Engelse wat gehoop het om hulle vyand tussen twee vol riviere vas te keer, was teleurgestel.

Nou is die tog voortgesit al langs die rivier op in die hoop dat 'n drifgrens sou gevind word wat deurwaadbaar was, al was dit ook eers bokant die samevloei van die Oranje en die Vaal. Dog selfs daar was die rivier te vol. 'n Entjie verder langs die stroom op is egter 'n skuit gevind waarmee op die 22ste Februarie 250 voetgangers veilig oor die rivier gebring is. Die volgende môre was die Britte weer op die hiele van die wat agtergebly het. De Wet moes 'n kanon en 'n Maksim-Maxim-Nordenfeldt, die enigste twee stukke waarvoor hy nog ammunisie gehad het, agterlaat omdat die trekdiere flou geword het. By Hopetown het dit weer moeilik gegaan om onopgemerk verby te kom maar die duisternis het weer te hulp gekom. Oor die spoor het die burgers die volgende môre ongehinderd gegaan, maar Lemoensdrif waar hulle gehoop het om deur te kom, was vol en so ook Sanddrif waar hulle sewentien dae te vore die Kolonie binne-

1. "Times Hist. 5 bl. 140"

gedring het. So moes hulle verder stroom op gaan.

Op 27 Februarie het Hertzog, Brand en Fourie de Wet ontmoet en eindelik is ietwat hoër 'n drif gevind waar die kommando's kon deurkom. Ook genl de Wet se waentje en 'n paar karre kon deur dog die res van die konvooi moes agter bly

Drie uur later was die rivier geheel ondeurwaadbaar en die burgers kon rus.

Die Britse militêre outoriteite het hulle uiterste kragte ingespan om de Wet uit die Kolonie te hou. Alhoewel die beroemde Vrystaater daarin geslaag het om in die Kolonie te kom het sy vyand hom met sukses op die verbode grond bestry sodat hy swaker die Kolonie verlaat het as wat hy daarin gekom het.

Na de Wet se verdrywing op 28 Februarie het die Kolonie nog nie rus gehad nie, want Kritzinger, Fouche, Scheepers en Malan was nog in die Middellandse distrikte en op 3 April het ook van Reenen die Oranje gekruis. Kitchener is terug en Settle het weer bevel gevoer. Die beredene kolonnes van Parsons, Scobell, Henniker, Crabbe, Crewe, Grenfell, de Lisle en and Lowe het onder hom gedien. Die kolonnes van laasgenoemde twee offisiere is egter in April verplaas.

Die oorlogstoneel in die Kolonie was nou die distrikte Cradock, GraafffReinet en Middelburg. Die Suurberge, Sneeuberge en Kamdeboo was uiters geskik vir die kommando's. Kitchener het hom nie laat verlei om langer te konsentreer op die Kolonie nie; maar van hierdie beginsel moes hy later weer afwyk. Die invallers het so veel geword dat die Kolonie hy hul sestem op plaaslike troepe by ses van dem soveel van die Imperiale troepe as kon geëpaar word.

hooggenaamd nie in staat was om homself te help nie. "The Cape Government, thoroughly patriotic, but distracted, and very naturally distracted, by civil considerations which did not appeal to Kitchener, was slow to go to logical extremes in setting its house in order, and still slower to assume a larger share of the enormous expense exacted by the defence of the colony.[1]

1 "Times Hist. V bl. 243.

Die Britte ~~het~~ Konnogtans so op Kritzinger konsentreer dat hy verplig was om in die begin van Mei die Kolonie te verlaat maar slegs sowat veertien dae, daarna was hy weer terug en het hom met Fouche wat agter gebly het, verenig. Tussen Steynsburg en Tebus is hulle oor die spoor. Lotter, wat intussen kommandant geword het is na Tarkastad, Smit na Maraisburg, Fouche en van Reenen en Kritzinger na Molteno.

In die begin van Mei is Scheepers by Daggaboersnek aangeval deur Henniker en hy het noordwaarts ontwyk, dog het skielik van rigting verander en slaag daarin om Coetzeesberg te bereik. Na 'n tyd hier deurgebring is, moes Scheepers sy skuilplek verlaat en by Pearston en Kendrew verby, en hy het by die Kandeboo berge in die distrik van GraaffReinet bereik teen die end van Mei.

Malan se kommando het teen die middel van dieselfde maand daarin geslaag om ten suide van Maraisburg 'n sterk patrollie van D.M.T. in die pan te hak en daardeur het hy 'n goeie voorraad ammunisie en gewere in hande gekry. Dog enige dae daarna het Scobell hom voordag oorval en daarna is hy weswaarts in die rigting van Richmond. Op 25 Junie het hy probeer om die dorp te neem dog sonder sukses.

Haig het ~~xxx~~ in Mei probeer om die invallers vas te trek deur 'n sametrekking te bewerk van 'n heel aantal kolonnes. Die burgers het egter deurgebreek in die rigting van Maraisburg maar is voorgekeer en ontsnap in die Bamboes berge in, alwaar hulle tot die einde van Mei die Britte vergeefs laat vervolg het.

Kritzinger, Lotter, Myburgh en Fouche skiet daarop af op die Molteno spoorweg en kruis die lyn by Syfergat; van daar af het hulle oos geswaai terwyl van Reenen die distrik van Steynsburg binne gedring het. Die Britte vervolg Kritzinger en sy

maats , dog hulle vind nog die tyd om op 2 Junie die sterk verskanste Jamestown in te neem , volgens Kitchener na 'n floue weerstand van die garnisoen, dog volgens die Boere na 'n heftige verdediging waarby die garnisoen tussen seventig en tagtig dooies en gewondes verloor het. 'n Goeie voorraad ammunisie, 150 perde en hoognodige voorrade van provisie en klere is buit gemaak. Hierna is die laer van Kritzinger onverhoed oorval om drie uur in die môre van 6 Junie, naby Dordrecht. 'n Paar burgers het gesneuwel en sowat 25 is gevange geneem terwyl 'n groot aantal perde in hande van die Engelse geval het.

Gedurende die maande April, Mei en Junie van 1901 het die Britse magte 'n totale vernuwing ondergaan. Die Imperial Yeomanry en verskeie van die vroeëre Australiese en Nu-Seelandse troepe het Suid-Afrika verlaat om vervang te word deur nuwe Imperial Yeomanry en vars troepe uit Australië, Nu-Seeland en Suid-Afrika. Die nuwe beredene mag van die Britse leër in Suid- Afrika was gereed in Mei 1901. Dit het bestaan uit 'n groot totaal van 240000 manmet 100 stukke swaar geskut, 420 stukke veldgeskut en 60 pompoms. Dit moet egter onthou word dat by hierdie tyd byna 100000 man geheel op die verdediging gelê het langs die spoorweë , ten einde die kommunikasielyne oop te hou en terselfdertyd te dien as 'n muur waarteen burgerkommando's kon vas gedryf word.

Die vars troepe moes natuurlik heelwat oefening ondergaan, aangesien baie van hulle hoegenaamd nie kon skiet of perdry nie, want Brittanje moes diep put om in 1901 nog 'n mag van 240000 manin die veld te sit. Dit het 'n groot uitwerking gehad op die verloop van die krygsoperasies in die Kolonie

sowel as in die gebiede noord van die Oranje. Dit was veral hierdie vars Yeomanry wat 'n reputasie verwerf het vir hulle domheid en onbedrewenheid in die veld en vir hulle onhandigheid om met perd en geweer om te gaan. Dit het 'n taamlike alledaagse gebeurtenis geword dat 'n klein afdeling van die "groen" Yeomanry in hande van die burgers val met waardevolle patrone en geweers; Ongetwyfeld het dit die vegtende burgers aangemoedig; die deurknoede veterane wat die oorlog van die begin deurgemaak het, moes 'n groot onderskeid opgemerk het tussen die Engelse soldaat van 1901 en die van 1899. Die lompheid van sommige troepeafdelings het beslis 'n onheilsame invloed gehad op die nie-vegtende bevolking van die Kolonie. Die onbedrewenheid van die "rooie" het spreekwoordelik geword terwyl die prestige van Brittanje daardeur aanmerklik gedaal het .

Vanaf die middel van 1901 het die boere-magte 'n nuwe aktiwiteit in die Kolonie openbaar. Nie alleen het Kritzinger soos ons gesien het die Middellande sowel as die oostelike deel van die Kolonie verder in beroering gebring nie, maar ook in die Noordweste het die tweede opstand 'n gevaarlike omvang begin neem.

Dit moet voorwaar gewigtige redes wees wat die Noordwestelike weer in opstand gebring het, nadat die Republikeinse leiers die opstandelinge van Prieska, Kenhardt en Upington by die eerste rebellie in die steek gelaat het. Destyds het die rebelle sonder protes oorgegee, geldboetes tot groot bedrae betaal en 'n mens sou wil saamstem met 'n Republikein wat na die eerste opstand gesê het, dat die boere van die Noordweste nou eerder teen die Republieke as vir hulle sou veg.

Dat die Noordweste weer die wapens opgeneem het teen die Britse gesag en nogal op so'n groot skaal , is enkel en

alleen te wyte aan 'n verkeerde politiek wat teenoor hulle gevolg is en veral die bewapening van die basters bekend as die "Border Scouts". In Mei 1900 is die Border Scouts opgerig in Upington as 'n plaaslike verdedigingskorps en in Desember is alle blanke troepe vanuit hierdie distrik terug geroep na Prieska. In November 1900 is die regiment vergroot tot 300, in Januarie 1901 tot 500 en kort daarna tot 8 eskadrons met 'n totale sterkte van 786. Die Noordwestelike distrikte is deur kleurlinge patrolleer van Oom Dries Vlei[1a] in die Suide tot Rietfontein in die Noorde 'n distansie van 400 myl en van Prieska in die Ooste to O'okiep in die Weste omtrent 350 myl.[1] Soms het die Border Scouts eldersdiens gedoen en was selfs sover as Piquetberg Stasie. In Januarie 1902 was 350 van hulle in De Aar vir konvooi-werk, 50 in Prieska 150 in Kennardt en 150 in Upington. Die enigste onder troepe in laasgenoemde twee corps was kleurling-dorpswagte van 100 sterk in elkeen.[2]

Niemand wat die Suid-Afrikaanse Boer ken, sal dit snaaks vind dat 'n opstand onder die omstandighede uitgebreek het nie, alhoewel die eerste opstand so rampspoedog afgeloop het. Die basters en kleurlinge het soveel misbruik asmoontlik gemaak van hulle mag en die boere op alle moontlike maniere probeer intimideer en verneder. "Die woede oor hierdie gebeurtenisse was onbeskryflik".[3]

Op eie inisiatief dan, het die kolonialers van Kennardt en Kakamas weer in opstand gekom en dit was slegs nodig om offisiere met ondervinding na die Noordweste te stuur om te organiseer. By klompieswyse het die Boere bymekaar gekom soms tot die getal van 200, eintlik met die bedoeling om hulle huise teen die kleurlinge te beskerm. Gewere en

1 Stirling - "The Colonials in South Africa bl 245.

2 Ibid

3 Schovalter "Im Kampf Um Süd Afrika" bl 160.

1a Historiese Andriesvlei (?).

Om dit te verstaan moet die leser weet dat die baster, alhoewel hy Europese bloed in sy are het, in die oë van die Afrikaner-boer geen greintjie hoër staan in die sosiale lewe as die Hottentot nie. Geen omgang buitekant die werk word met hom gehou nie en die Europeaan wat homself openlik met basters vereenselwig, word verfoei.[1]

Op eie inisiatief dan, het die Kolonialers van Kenhardt en Kakamas weer in opstand gekom en dit was slegs nodig om offisiere met ondervinding na die Noordweste te stuur om te organiseer. By klompieswyse het die boere bymekaar gekom, soms tot die getal van 200, eintlik met die bedoeling om hulle huise teen die kleurlinge te beskerm. Gewere en

1. Dit kan nie gesê word dat die basters van die Noordweste nie hulle kans in die lewe gehad het nie. Na die Koranna-oorlog van 1877, het die Kaapse Regering die Gordonia-neersetting gestig, waar alleen basters kon grond kry. Die doel was om 'n lewendige muur te plaas tussen die blanke koloniste en die Korannastamme, maar alhoewel dit moet erken word dat die basters onder die bekwame leiding van eerw. Schroeder, heelwat gedoen het om water uit die rivier te haal, het hulle tog nie inbesit van die grond gebly nie. In 1899 was sommige van hulle nog in besit van grond, maar dit was alte duidelik dat dit, behalwe in baie enkele gevalle, nie lank meer sou duur voordat die grond onder hulle uitverkoop word nie. Dit was die gevolg, nie alleen van hulle trage en sorgelose gewoontes nie, maar ook omdat hulle die prooi geword het van drankhandelaars op hulle grense.
(Strydom C.J.S.- Verdediging van die Noordwestelike Grens van die Kolonie('n Ongepubliseerde tesis).
Sien ook G.31A - 1899, bl.58.

ammunisie wat begrawe gewees het, kom nou weer te voorskyn en die opstand het so algemeen geword dat ons hier met reg kan spreek van 'n tweede rebellie. Nou was dit nie weer die Republikeine wat rebelle moes soek nie, maar rebelle wat na Republikeine gesoek het om hulle te ondersteun. 'n Paar man is na die Oostelike Provinsie deurgestuur om te gaan offisiere soek by die kommando's daar. Op 23 April was hulle terug in die Boesmanland met Maritz. By laasgenoemde was ook die Fransman, Robert de Kerseson, wat soos gesê word van plan was om via Duitse gebied na Frankryk deur te gaan met die bedoeling om voorrade vir die burgerkommando's in te smokkel.[I] Conroy met sowat 25 man wat op Hertzog se tog deur die Kolonie by hom aangesluit het, het ook weer uit die Vrystaat teruggekeer en hul by die opstandelinge in die Noordweste gevoeg. Conroy is na die buurte van Kakamas om daar die plaaslike aanvoerder, J. Louw te help organiseer en hy het die bevel daar op hom geneem.

Die beroemde vyftal wat van 'n Engelse skip afgespring en na 'n Russiese geswem het, het ook nou weer hulle verskyning gemaak en by Maritz se kommando's aangekom.

Eers in Mei kon Maritz organiseer omdat hy sedert sy aankoms in die Noordweste aan 'n swaar wond gely het. Hy het Nieuwoudtsville, Namakwaland ingetrek tot kort by Springbokssereen vlakte en is terug na T'Boop in die Boesmanland wat meer of min as hoofkwartier gedien het. Daarna het Maritz sy bekende tog na die suide onderneem. Hy het oor die Bokkeveld getrek, toe weer in 'n oostelike rigting na die Roggeveld, met 'n voetpad die berg af en het sy 24ste verjaarsdag op Elandsvlei herdenk. Vandaar is Maritz weer terug in die rigting van Nieuwoudtsville, die Bokkeveldberge af, en neem van Rynsdorp; dieselfde lot het ook Hopefield getref. Die kommando het deurgedring tot Saldanhabaai en is toe weer terug, Piquetberg verby na Porterville. Na 'n geveg by Vier-en-twintig Riviere is Maritz terug na die

I Hierdie, en die verdere informasie omtrent sommige van Maritz se bewegings is verstrek deur kapt. Joubert, 'n ooggetuie.

die distrik van Calvinia met 'n heel aantal rekrute en 'n groot buit.

Op 9 Junie het Kitchener die krygsoperasies in die Kaapkolonie geheel in hande van luit.-genl.French gelaat.French het sy hoofkwartiere op Middelburg geplaas en het begin deur verskeie nuwe kolonnes te organiseer.Sy vier depots was by GraaffReinet,Somerset-Oos,Conway en Steynsburg.Teen die end van Junie het hy omtrent 9000 man onder hom gehad maar die I600 Yoemanry wat hierby behoort het,was baie ongeoefend,en so was dit ook met baie van die Koloniale ongereëlde troepe. French het net beheer gehad oor die operasies;Administratiewe sake met inbegrip van die administrasie van krygswet was in hande van genl.Wynne.Hulle funksies het soms gebots en dit het heelwat ongemak veroorsaak.

French was die man wat die Britte in die Kolonie nodig gehad het."In the Transvaal the Boers could be cowed and impoverished by devastation.In the Colony the personal objective was paramount.Stripped of all its disguises,the true elements of success stood out clear and plain - speed,cunning,dash and tactical efficiency.This great difference should be constantly borne in mind."[I]

Maar ons moet terug na die krygsoperasies self,en ook die Noordweste vir 'n tydjie aan homself oorlaat.

Scheepers het op I3 Junie 'n klompie Engelse gevang en Murraysburg geneem.Omtrent dieselfde tyd het Kritzinger in die rigting van Tarkastad getrek en op die I7de is hy weer verras, dog drie dae later het hy die ongelukkige Midland Rifles onverwags op die lyf geloop en hulle oorrompel.Sy verliese aan perde het hy hierdeur weer goed gemaak.In die distrik van Cradock kon hy daarna 'n weinig rus vind,terwyl van Deenen na Bedford is en Lotter na Middelburg.

Teen die einde van Junie was die Kaapse Goewerment be-

I Times Hist.Vbl.3II.

gaan oor die bewegings van Fouche wat na Maclear deurgedring het en blykbaar van plan was om in die naturelle-reserwes vars perde te gaan haal. Toe die oorlog nog maar gedreig het, was die saak wat net so swaar gesweeg het as in opstand van die Hollandsch-Afrikaners by die destydse regering, ~~soos reeds aangetoon is in 'n vorige hoofstuk~~, die rus onder die naturelle. ~~Om te verhoed dat die Boerekommando's hulle tot hulle reserwes kon dring, die naturelle reserwes sal~~ Soos reeds gemeld, ~~binnevál~~ is die naturelle, onder die wapen gesit en in 1901 is die Transkei bewaak deur 1000 blankes en 7000 naturelle.[1] Ook by die uitbreek van die oorlog

By die Boereleiers was dit ook altyd 'n baie groot konsiderasie, om die oorlog 'n witmansoorlog te hou[1A] en hulle het altyd getrag om buite die grense te bly van naturelle-gebiede. Fouche het egter hier afgewyk van die reël en ~~na drie kante~~ troepe gestuur om sy doel te verydel. Deur die bergpasse te beset het hulle probeer om die Boere-aanvoerder vas te keer, maar hy het noordwaarts ontsnap met sy buit.

By hierdie tyd was Myburgh met 'n klein aantal manskappe noord van Jamestown en Erasmus oos van Rayner Stasie; kol. Monroe moes sien wat hy met hierdie klompies rebelle kon uitvoer. Crabbe het van Reenen na die Bamboesberge gedryff, en Scobell sou probeer om Kritzinger teen hom vas te druk. Verder het Crewe, Doran en Wyndham hulle kragte met Scheepers en Hugo in die Kamdeboo gemeet en Lund het Malan, Breedt en Smit naby Richmond besig gehou.[2]

Op 10 julie het French probeer om met sy heliograaf vanaf 'n hoë kop wat 'n geweldige oppervlakte beheers, 'n same-loop van vier kolonnes te bewerk teneinde Scheepers in die Kamdeboo vas te keer.[3] Crewe, Wyndham, Doran en Scobell het die oproep beantwoord, dog die de W et van die Kolonie het uit die strik ontsnap.[4]

Op Zuurvlakte, tussen Aliwal & Jamestown, het 'n kombineerde aanval van Myburgh

1 Cape Times 2 Des. 1901;
2 Cd.695 1901 bl.16 Despatch 8/7/01
3. Cd.820 1901 bl.12 do 8/8/01
1A. Reitz - Een Commando bl. 177

en Fouche op 14 April die Connaught Rangers 'n sure ondervinding laat deurmaak, em 'n week daarna het Kritzinger vir Crabbe in groot moeilikheid gehad in die berge naby Cradock, dog op dieselfde dag het Lukin en Scobell vir Lategan aansienlike verliese laat ly in die buurte van Murraysburg. Kritzinger het die distrik van Cradock verlaat en op weg na Tarka het hy verenig met veldkornet Botha.

In die begin van Augustus was French besig om die invallers in 'n enorme semisirkel noordwaarts te druk. Maar toe hy gehoop het om die vyand oor die Oranje te dryf het die kommando's deurgebreek na die suide. French moes dus weer van vooraf begin en het die kolonnes laat terugval met ingetrokke flanke om dbe Boere noordwaarts te laat ontsnap. Op 3 Aug. was die Britse troepe nogeens ten suide van al die invallers behalwe Scheepers wat op sy gewone manier suidwaarts deur die kordon gebreek het. Teen hom is die 10de Hussars en die 12de Lansiers gestuur met twee kanonne; hulle moes hom in Steytlerville en Willowmore gaan soek. Teen die orige Boerekommando's het French op hierdie datum die lyn Beaufort-Wes, Pearston, Drennon Stasie, Cameron Glen, Cathcart, gehou, en hy was besig om hulle steeds noordwaarts te druk. Die hoop is gekoester dat die blokhuislyn hulle sou voorkeer dog die kommando's is oor die spoor tussen Middelburg en Steynsburg en in laasgenoemde distrik het die aanvoerders, Erasmus, Wessels en Pypers hulle ook by die andere gevoeg . Hulle is op die 13de aangeval en met emige verliese die Vrystaat ingedrywe.

Die kleinere kommando's wat na Kritzinger se verdrywing agtergebly het in die Kolonie, het nou 'n moeilike tyd gehad. Botha en Lotter het mekaar ontmoet en by mekaar gebly. Heen en weer is hulle geslinger en moes soms op byna onmoontlike plekke oor die spoor. Weens die druk van die vervolgende kolonnes het die twee kommando's weer geskei en daarna het dit met beide

rampspoedig gegaan. Botha is deur 'n geweldige oormag omsingel op onbekende terrein, dog slaag daarin om met 'n voetpad uit te kom sonder verlies van menselewes maar met groot verliese aan perde en sommige van sy manskappe was gewond. Soos ons aanstonds sal sien, het Lotter baie slegter gevaar.

Scheepers was na die verdrywing van Kritzinger die vernaamste teenstander in die Kolonie. Hy en Theron het ver na die suide deurgedring. Volgens die Britse rapporte was eersgenoemde op 13 Aug. by Wanhoop, 15 myl suid van Willowmore. Daarvandaan is hy by Avontuur verby en het 'n paar flukse skermutselinge gehad met kol. Alexander ten suide van Uniondale. Na by George gekom, het die kommando weggeswaai na Klipdrif, is Ladismith verby na Barrydale waar hulle op 31 Aug. aangekom het. Hiervandaan is die tog na Barrydale en die Hexrivierberge, dog swaai weer weg in die rigting van Calitzdorp. Die kolonne van Crabbe is gestuur na Matjesfontein om 'n vereniging van Scheepers en Smit te voorkom. Crabbe het op 3 Sept. op Matjesfontein van die trein geklim met hierdie doel voorop.

Op 4 Sept. was die herhaalde pogings van die Britte eindelik met sukses bekroon. Dit was nou byna 'n jaar dat die Boerekommando's byna ongestraf die Kolonie oor en weer gekruis het. As die groot getalle wat aan die operasies deelgeneem het in aanmerking geneem word, het die Britte in die Kolonie feitlik nog geen skade aan die aanvallers gedoen nie. Die Boerekommando's is wel maklik gedryf van plek tot plek, maar het geweet om op die regte oomblik op hulle vervolgers af te skiet en elke verlies met rente te vergoed. Op genoemde datum egter is die hele kommando van Lotter in die pan gehaak en totaal verniel.

Dit het onafgebroke gereën en Lotter met sy manskappe het onderdak gesoek in 'n boer se skuur op 'n plaas sowat 40 myl wes van Cradock. Scobell het berig gekry van die skuilplek en het spoedig alle uitgange daarvandaan beset en 'n posisie ingeneem wat die skuur volkome dek. 'n Hewige geveg het plaasge-

vind en die hele kommando moes oorgee. Veertien van hulle het gesneuwel en onder die 105 prisoniers ~~xxx~~ was 46 gewond. Komdt. Lotter en sy broer dr, Lotter asook veldkornette Kruger, Breedt en Schoeman was onder die gevangenes. Onder die dooies was die twee broers Vorster, twee baasskutters van die Middellande en deur die Engelse gebrandmerk as "notorious rebels". Lotter en sy Veldkornette hierbo genoem, asook sy Luitenant, Wolfaardt is almal tot die dood veroordeel en in teenwoordigheid van die inwoners van Middelburg ~~xxx~~ ~~xxx~~ ter dood gebring.

Die "Midland News"[1] ~~xxx~~ merk na aanleiding hiervan die volgende aan;

"The public has read for months of commandos being in 'tight corners' of their being 'hard pressed' and scattered, until it has grown weary and the capture of an entire commando is a welcome change".

Die blad gaan verder en verklaar dat die sukses van die operasie nie alleen te skat is by die aantal vegtende burgers wat buite geveg gestel is nie maar die resultate sal drievoudig wees: (a) dit sal die ander kommando's toon dat hulle nie langer veilig is nie; (b) dit sal die Kolonialers wat miskien nog sou aansluit by die invallers, afskrik en (c) dit sal die metodes waarvolgens die krygsoperasies uitgevoer word rewolusioneer, want Scobell het nie die gebruiklike konvooi by hom gehad nie.

Laasgenoemde was inderdaad een van die remme wat die Britse kolonnes belet het om vinnig te beweeg en om die invallers onverhoeds te oorval. Dit was nog altyd met hulle gesteld ~~x~~ in hierdie opsig soos met die Republikeine in die begin van die oorlog. Toe die Boere die konvooie opsygesit het en slegs staat gemaak het op lewensmiddele wat hulle uit die nie-vegtende bevolking kon haal of wat hulle van die vyand kon buit, het die Engelse nog altyd aan die konvooi vasgehou. Hulle het dus stadig beweeg en die stof van die konvooi kon vir myle ver gesien word sodat die Boere vroegtydig kon besluit wat om te doen. So sê die stryder van Doornik "Ons het ons gewoonlik nie oor hulle angstig

I ~~xxx~~ Midland News 6 Sept. '01

gemaak nie want met die groot waens wat die Engelse met hulle voer, vol lewensmiddele vir soldate en perde, kon hulle ons nouliks inhaal."[I]

Die hoop vam die Engelse het herleef deur die teëspoed wat die Boere na die verdrywing van Kritzinger ondervind het in die Kaapkolonie, maar dieselfde dag waarop Lotter moes oorgee het Smuts die Oranje gekruis met 200 Transvaalers, terwyl komdt.-genl Botha teselfdertyd Natal binnegeval het. Die maand September wat vir die Engelse aanvanklik nuwe hoop gebring het, het egter een van die kritiekste maande geword in die oorlog, want Smuts het gekom om 'n algehele opstand in die Kolonie teweeg te bring.

Die reorganisasie-planne is deur die Republikeinse Regering in Standerton bespreek. Daarvoor is Malan uit die Kolonie ontbied. Een van die vernaamste besluite by die Standertonse samesprekings was dat die oorlog in die Kolonie meer sistematies sou gevoer word en met groter krag. Dela Rey sou die opperbevel in die Kolonie op hom neem dog Smuts sou vooruitgaan om die weg vir dela Rey te baan. Terselfdertyd sou Botha Natal binneval. Kritzinger en Malan sou na die Kolonie terugkeer en laasgenoemde is bevorder tot Generaal.

'n Ander belangrike besluit was in verband met die posisie van rebelle. Dat 'n hele aantal van die rebelle by hulle gevangeneming tot die dood veroordeel is, het besorgdheid verwek en die plan was nou om te probeer soveel Kolonialers in die oorlog te kry dat die Kolonie in terme van internasionale reg sou beskou word as 'n derde party in die oorlog. In so 'n geval sou die Kolonialers nie meer langer as rebelle beskou word nie, en sou op alle regte van oorlogvoerendes kon aanspraakmaak.[2]

Of soiets ooit sou kon geskied, is twyfelagtig. Op die allermeeste kon omtrent die helfte van die weerbare manne van die Kolonie by die Republikeine aansluit, maar selfs dan sal byna dieselfde getal aan die anderkant onder die wapen wees en

I
Schowalter-Im Kampf um Süd-Afrika band IV bl. II9
2 Badenhorst-Uit den Boeren-Oorlog bl. I39. Hier word 'n brief gegee- Staatsdrukkery te velde aan ZEd. Ass. Hoof-Komdt. Kritzing

aan watter kant sal internasionale reg dan die Kaapkolonie as 'n derde party ~~kx~~ plaas?

Die Britse outoriteite het die planne van die Republikeine te wete gekom en reeds op 23 Aug.'01 skryf Kitchener: "We are now doing all we can to prevent Kritzinger and Malan and a party of Transvaalers under Smuts, Late Att. Gen. from getting back into ~~kkx~~ Colony. Our blockhouse lines are almost complete and I have moved down a considerable number of troops to guard the frontier. I hope we shall frustrate them and drive them north again."[1]

So het dit dan gekom dat Smuts 'n mag van tussen drie- en vierhonderd man bymekaar gemaak het onder die neus van die Britse kolonnes om die Kolonie binne te val. Die oorspronklike mag was verdeel onder die Kommandante, van Deventer, Bouwer, Kirsten en Dreyer. Slegs met die allergrootste inspanning en deur met oorleg te manoevreer het dit Smuts geluk om die Oranje te bereik. Nieteenstaande Kitchener se voorsorg en die blokhuise het dit Smuts geluk om met behulp van 'n Vrystaater, Louis Wessels, in die nag van 3 op 4 Sept. naby die Basoetoegrens sy kommando op Koloniale ~~grxxx~~ grond te bring, en een van die roemrykste togte wat die oorlog opgelewer het, het begin.[2] Smuts se manskappe was baie swak gekleed en het nie veel ammunisie in voorraad gehad nie; die 200 Transvaalers wat daarin geslaag het om saam met Smuts oor die Oranje te kom, het nie verwag dat hulle swaarste tog van die oorlog in die land, vloeiende van melk en heuning, sou wees nie. Sommer uit die staanspoor was die uiterste waaksaamheid nodig om die vyand te ontduik totdat die gelee oomblik sou aanbreek om terug te slaan. Op 7 Sept. was die burgers 20 myl oos van Bordrecht. Aangesien al die passe in hierdie streek deur die vyand beset was, word na die noorde geswenk. Dit was naelstrags of Smuts self was in han-

1. Arthur - Life of Kitchener II bl. 44. Arthur see hoe korrespondensie wat oorhoofs nie publiek gemaak is nie.

2. Smuts se verslag van hierdie tog het gedurende die oorlog in hande van die Republikeinse verteenwoordigers in Europa gekom en is in pamfletvorm uitgegee. Die inhoud lyk byna ongelooflik, maar word gestaaf deur die verhaal van Denys Reitz se ondervindinge in die Kolonie. Sien daarvoor Reitz- Commando, met voorwoord van genl. Smuts self. Die verslag is ook opgeneem deur Schowalter - Im Kampf um Süd-Afrika bl. 183

de van sy vyande terwyl hy met sy adjudant en twee andere die terrein gaan verken het; slegs die Generaal het weer by sy kommando terug gekom.

Die weer het bitter koud geword en ~~xx xx xxx xxx xxx xxxxxx~~ geweldige reëns het die kommando in die gebergtes van die noord-oostelike deel van die Kolonie getref, sodat enkele manskappe en baie perde uitgesak het en met die paar patrone wat nog in die bandoliere was, moes die vyand gedurig teëgehou word. Dit was duidelik dat French sy troepe op Smuts se kommando konsentreer en die ~~xxx~~ verkenners kon treinvragte troepe sien aflaai by die naburige spoorweghaltes. Soms was die burgers feitelik hopeloos omsingel, maar met behulp van 'n Koloniale boer as gids en langs onmoontlike paaie het die kommando telkens weer uit die gevaar gekom. Rus was daar egter nie.

Op 17 Sept. wou Smuts die Bamboesberge verlaat deur die Elandsrivierpas, toe 'n Kolonialer sy burgers waarsku dat 'n kolonne Engelse ruitery die weg versper. Die ~~K~~ kommando was op sy allerlaaste kragte; perde en manskappe was gedaan en Smuts het dan ook aangemerk dat hy hier moet perde en ammunisie kry of anders is dit klaar met hulle.[I] Dit het dok nie lank geduur nie of die Engelse laer was platgeloop. Alles wat daar was het in hande van die Transvaalse burgers geval en laasgenoemdes het nie gewag om hulleself te help nie. Die burgers het hulle uitgedos in die uniforms van die prisoniers en kon die tog voortsit op die goedgevoerde perde van dbe Britse leër. Die kommando ~~xx~~ het 'n ~~xxxxx~~ hele gedaanteverandering ondergaan en niemand sou gesê het dis dieselfde manskappe wat 40 uur sonder slaap gebly het en wat meer dood as lewendig deur die onvergeetlike koue en reën van die Stormberge voortgesleep het nie.

Daar die invallers nog steeds van vyande omring was het hulle nou na Maraisburg se kant geswaai en op die 19de was hulle weer byna hopeloos ingesluit. Deur skynbewegings ontkom

I Reitz - Commando bl. 225.

hulle egter weer.Nou word die rigting van Grahamstad ingeslaan. Dit het moeilik gegaan om tussen die bergreekse - die Groot Winterberge,die Witteberge en die Baviaansrivierberge deur te kom,maar dit geluk met verlies van heelwat perde.Die spoor van die kommando lê verder deur die Palingkloof - Bankview,N N O van Bedford - Mount Prospect - deur die Mancazana by Koonapsdrif - langs die Visrivier tot naby Sheldon stasie,alwaar hulle die Port Elizabeth spoorlyn gekruis het en dan na die Suurberge. Hier in die Suurberge het die burgers en offisiere 'n giftige wilde vrug gëet wat baie van hulle,insluitende genl.Smuts byna die lewe gekos het.Hulle het vir ruim drie dae niks te eet gehad nie en toe xxx.Krige(tans Ass.Landmeter-Generaal en swaer van genl.Smuts)vertel dat 'n mens die "Hottentotsbrood"[I] kon eet,het die burgers xxxxxx gretig daarvan gebruikgemaak met byna noodlottige gevolg.Terselfdertyd moes hulle die vyand terughou en verder trek.Die burgers wat te siek is om hulleself te help,is op die perde vasgebind.Ook met genl.Smuts moes hulle baie sukkel en hy het byna in hande van die Engelse geval.So moes hulle die gebergtes deur trek.

Op 1 Okt.is die Addobos bereik.Twee dae later het die kommando tevergeefs probeer om na Port Elizabeth deur te kom en die terugtog moes aanvaar word.Smuts se burgers het so na aan Port Elizabeth gekom dat hulle die liggies van die stad kon sien. Voor ons die verdere tog volg van die Indiese tot die Atlantiese Oseaan,moet ons eers weer die draad van die ander kommando's in die Kolonie optel.

Indirek het die ontbieding van Malan na die noorde om reorganisasie-planne met die regering in Standerton te bespreek, 'n groot gevolg gehad.Malan het altyd sy offisiere belet om die Britte in eie munt uit te betaal deur publieke geboue en geboue van persone wat aktief aan die stryd teen die Republieke deel-

I Smuts se verslag en Reitz se verhaal het ek hier aangevul met 'n persoonlike mededeling, verstrek deur kol.Izak Meyer,'n ooggetuie.
Hottentotsbrood is "Encephelartos Altensteinii"

geneem het,te verbrand.Toe Malan die aand teen sononder die kommando's en die ander offisiere wat bymekaar was,verlaat, het Scheepers gesê:"nog vanaand sal die vure brand"en nog dieselfde nag het geboue wat aan 'n Engelsgesinde boer behoort het,in ligte laaie gestaan.[1] Dit was 'n nuwe praktyk en die doel was om die Britte te dwing om die stelselmatige brandstigting in die Republieke te staak.By Miller stasie waar ook 'n gebou afgebrand is,het Pypers,die latere Kommandant aan die vrou gesê wat die skouspel van 'n distansie aanskou het: „sê vir jou mense so sal ons maak totdat hulle daarmee ophou." Die praktyk is dan ook verder gedurende die oorlog toegepas en menige gebou in die Kolonie is afgebrand.(By die verhoor van komdt.Scheepers is 15 gevalle van brandstigting teen hom ingebring.)

Na Malan se vertrek het sy kommando onder van der Merwe te staan gekom,'n seun van 20 jaar.Sy kommando het in noue voeling met die van Scheepers gebly.[2] Dikwels het hulle paaie gekruis om die vervolgers te verbyster.[2] Die Britte was derhalwe onder die indruk dat van der Merwe 'n deel van Scheepers se kommando aangevoer het.By nader ondersoek sou egter geblyk het dat Scheepers se manskappe 'n wit hoedband dra,teenoor die tarentaalkleurige v an van der Merwe se volgelinge.Laasgenoemde kommando was nog altyd bekend as die T.V.K.(Theron Verkenners Korps),alhoewel die funksies nie verskil het van die van die a nder kommando's nie.

O p 9 Sept.het genl.Beatson berig gekry dat 'n klein kommando Boere by Driefontein,omtrent 12 myl oos van Laingsburg afgesaal het.Hy gelas derhalwe vir Crabbe om 'n nagtelike aanval te beproef.Dit was van der Merwe en teen dagbreek die volgende môre het Crabbe die Boere totaal onverhoed gevang.Die

I Persoonlike getuienis verstrek deur J.Smith,Adjudant van komdt.van Heerden -Hier 'n ooggetuie.
2 Ibid.

Seun-Kommandant wat nog probeer het om sy manskappe weg te kry,het 'n doodskoot ontvang,en die kommandotjie van 79 man het 36 verloor.

Scheepers wat weer weswaarts gedraai het,is ten suide van Ladismith en Oudtshoorn verby en het Klipdrif op 26 Sept. bereik.Daarvandaan is hy noordwaarts,altyd met Crabbe,Atherton en Kavanagh op sy spoor.

Th ron het in die begin van die maand vinnig weswaarts beweeg,waarskynlik met die doel om met Scheepers in verbinding te kom.By Swellendam het hy skielik noord-wes ingeslaan en die spoor tussen Triangle en Touwsrivier gekruis.Capper was op sy hakke die Ceres distrik in en toe Alexander en Wyndham ook nog aan die jag deelneem,is Theron heeltemal die Noordweste in. Miskien was dit sy doel met die tog want soos ons aanstonds sal sien,het al die Kommando's die Noordweste opgesoek vir reorganisasie.

In die noord-ooste van die Kolonie was Myburgh en ook alweer Fouche steeds besig om die Britte te verontrus.

Kritzinger was nog nie weer in die Kolonie nie.Op die 20ste Sept het hy 'n determineerde aanval gemaak by Quaggafontein,noord van Herchel,met die doel waarskynlik om die Kolonie vir die derde keer binne te val.Die 80 man van Lovat's Scouts wat die aanval moes afweer,het daarin geslaag maar 54 van hulle was buite geveg gestel.Onder die dooies was die Engelse aanvoerder,luit-kol.,die Ed.A.D.Murray.en sy adjudant .

Verder was Lategan,wat ook alweer die Kolonie binnegedring het kort-kort met die Engelse slaags.

Die afgelope maand September was dus een van algehele oplewing,wat die aktiwiteit van die invallers in die Kolonie betref.Ons het reeds verhaal hoe dit gekom het.Ook was daar nog 'n groter oplewing te bespeur in die suid-ooste van Transvaal.

Volgens Kitchener was die onmiddellike oorsaak van die reorganisasie, die noodsaaklikheid wat om oor die 15de Sept. heen te stoom. Dit was die datum wat vasgestel was in die proklamasie van 7 Aug. as die laaste datum waarop vrywillige oorgawe die leiers sou vrywaar teen verbanning en konfiskasie van eiendom.[1]

Teen die end van Julie het die Natalse Ministers 'n minute aan die Goewerneur voorgelê, die inhoud waarvan na Chamberlain telegrafeer is.[2]

"Ministers advocate sterner measures to crush present guerilla warfare. Boers still fighting have little to lose; their women and children are protected and well treated and their farms safe from confiscation.

Ministers believe that excellent effect would be produced if it were made generally known that if burghers now in the field do not surrender by a given date, say within a month, cost of maintenance of all women and children will be chargeable against immovable property of burghers in the field. Boer generals and leaders in the field should be informed that they will be banished from South Africa for life if they do not surrender.

Ooreenkomstig hierdie advies is dan ook gehandel en vandaar die proklamasie van 7 Aug. Indien Kitchener reg was, dat hierdie proklamasie die onmiddellike oorsaak was van die reorganisasie, dan het die Natallers, ~~soos reeds gese~~, rede gehad om hulle wysheid te betreur, toe Botha hulle Kolonie in September ingeval het.

Die proklamasie het hoegenaamd nie die gewenste uitwerking gehad nie. Die Boere het dit spottend 'n ander papierbom genoem.[3] Die Britse outoriteite het waarskynlik in al hulle papierbomme nooit daaraan gedink, dat hulle moet versigtig wees wanneer hulle uitwei oor die toestande onder die Boerekommando's; die persone wat daarin onmiddellike betrokke ~~is~~ was, moes tog in die eerste plek weet wat die verhouding was tussen leiers en manskappe ens. en enige vertolking daarvan wat nie met die feite strook nie, kon al ver gaan om die beste voorstel of die doeltreffendste dreiement 'n verspotte voorkoms te gee.

I Cd.820 1901 bl.37 Despatch 8/10/01
2 Cd.732 1901 bl.3 ~~24/7/01~~
4 Reitz - Commando bl.221; Sien ook verder Times Hist V bl.321

In Juliemaand van 1901 is die blokhuisstelsel op groot skaal uitgebrei.[1] Die Britse militêre outoriteite was van oordeel dat die lyn van forte deur die Vrystaat, tussen Jacobsdal en Ladybrand 'n doeltreffende hindernis was vir die Republikeine en dat die aangroeiende lyn van blokhuise langs die spoorlyne in die annekseerde gebiede, vir die verkeer 'n redelike mate van veiligheid besorg.

Blokhuise is opgerig om (a) kommunikasielyne oop te hou, (b) interkommunikasie tussen die verskillende Boerekommando's te bemoeilik en (c) om te dien as 'n muur waarteen Boerekommando's kon vasgedrywe word.

Maatreëls is dus getref in die middel van Julie om blokhuise te bou langs die rivier van Aliwal-Noord na Bethulie en vandaar langs die spoor deur Stormberg en Rosmead, Naauwpoort en De AAr na Kimberley. Die Engelse het hierdie werk met 'n verbasende snelheid uitgevoer. In 15 dae tyd is 241 myl met blokhuise voorsien op 'n afstand van 1600 treë vanmekaar en ingerig vir verdediging met draadversperrings, alarmgeweers en myne.[1]

Of die blokhuise[1a] die moeite en onkoste geloon het, is vandag nog 'n ~~xxxxxxx~~ vraag. Die Boere-aanvoerders het meestal beweer dat die stelsel 'n mislukking was.[2] Tot op 'n sekere hoogte was dit werklik 'n mislukking, want die blokhuise het nie, soos gehoop was, die Boere kon keer nie en baie min het ooit by die blokhuislyne in hande van die Engelse geval. Nogtans is daar geen twyfel in nie dat die blokhuislyne altyd moes rekening gehou word en die beweging van die kommando's aanmerklik moeiliker gemaak het. Die vraag is egter of al die duisende soldate wat in die blokhuise op die verdediging gelê het, nie nuttiger werk kon gedoen het in die "drives" nie. Vir my persoonlik kom dit voor of die stelsel noodsaaklik was langs die spoorlyne, maar dat verdere uitbreiding daarvan 'n stap van twyfelagtige wysheid was.

1. Ca 820 1901 bl. 3
2. de Wet - Boer en Brit bl. 326

1a Die blokhuislyne in die Kaapkolonie was langs die Spoorweë, langs die Oranjerivier en verder in lyn van Lambertsbaai - Clanwilliam - Williston - Carnarvon - Victoriawes. Sien die spoorwegkaart bladsy 50

'n Ernstige ramp het die vegtende burgers in die Kolonie getref toe K komdt.Scheepers so ernstig siek geword het dat hy moes agtergelaat word by Koppieskraal,naby Bloedrivier stasie op IO Okt.In die uiters tragiese geskiedenis van die vryheidstryd is daar nouliks 'n meer tragiese moment denkbaar as toe die offisiere en manskappe van die drie-en-twintigjarige held ~~held~~ hom moes vaarwel sê daar op Koppieskraal,waar hy doodswak sy onsekere toekoms moes afwag.Laat Scheepers self vertel:[1]

"Ek riep myn offisierem tezamen nl.Luitenant Pypers,Luitenant Luyt en Sergeant Van Heerden.Zy kwamen naar myn kamer en wy hielden tezamen raad.Zy wilden alle krachten inspannen om my verder met hen te krygen,maar waren spoedig overtuigd dat myn pynen en lyden te zwaar waren om te dragen.Ook had ik wat koorts Zo moesten wy elkander vaarwel zeggen,de ene burger na de andere kwam binnen,wenende,om my te groeten.Myn offisieren zaten om myn bed met myn manschappen.Allen waren zeer aangedaan.Ik kan niet beschryven wat ek gevoelde;geen pen is daartoe in staat. Myn adjudant,Karl Lehmkuhl,een jongeling van omtrent sestien jaren,dapper en flink als kan begeerd worden,verborg zyn hoofd in myn borst,snikkend als een kind,en de tranen rolden langs myn wangen.Ik wens niet zulk een dag ooit weder te beleven. Maar er was een troost,dat ik myn Goevernement tot het laatste ogenblik getrou heb gediend,en dat ik alles in myn vermogen gedaan had om onze rechtvaardige zaak op de rechte wyze te ~~xxx~~ steunen."

Scheepers is daar op sy siekbed gevangegeneem,gesond gedokter,tot die dood veroordeel en op I8 Jan.I902 het 'n koeël die jong lewe afgesny op GraaffReinet.'n Bewonderende nasie soek vandag nog tevergeefs na die plekkie waar hy uiteindelik weggelê is.Soos in die geval van 'n Barbarossa het baie mense geglo dat Scheepers nog leef en dat hy uiteindelik weer sy verskyning sou maak.[2]

I Jordaan - Hoe zy stierven bl.I56.
2 Die skrywer het oumense geken wat hoegenaamd nie wou glo dat Scheepers dood is nie.
Doyle - The Great Boer War-bl.655:"Much sympathy was excited by his gallantry and his youth..."

Pypers het Scheepers se kommando verder aangevoer en op die 16de Okt.het hy met Smuts en Bouwer verenig,noord van Willowmore.

Ons het Smuts laat staan waar hy sy mees suidelike punt op die tog na Port Elizabeth bereik het.

Terwyl sy burgers die Suurberg halfpad beklim het,het 'n afdeling Engelse ruitery,sonder bewus te wees van die onmiddellike gevaar onverwags op die burgers teen die steilte uitgekom.Die Boere was die gouste om reg te ruk en open 'n hewige vuur op die Engelse.Laasgenoemdes vlug die steilte af onder die koeëls en dit was 'n vreeslike skouspel om die ruiters te sien val en rol met perde en al,een oor die ander. Die Engelse het in 'n paar oomblikke swaar gely,maar 'n deel van hulle het herstel en so 'n geweervuur op die Boere gerig dat laasgenoemdes nie die ammunisie ens kon gaan buit nie.

Smuts het nou sy kommando in twee verdeel,deels omdat so 'n groot kommando moeilik genoeg lewensmiddele kon kry uit die bewoners van die streek waar hulle deurtrek en deels weëns druk van die vyand.Van Deventer moes ongeveer die helfte van die kommando aanvoer en Bouwer en Smuts self,die orige.In die verre weste sou hulle weer verenig.

Bouwer is in die rigting van Pearston en kom in die Kamdebooberge aan na hy slaags gewees het met die garnisoen van Somerset-Oos,wat hy 'n nederlaag besorg het en vanwie hy vars perde buit gemaak het.

Die ware ongeluk was op die garnisoen van Somerset-Oos want van Deventer en Kirsten het op 13 Okt.vir hulle en 'n aantal Cape Mounted Rifles,totaal platgeloop.Na hierdie afdeling Boere die Middelburg-GraaffReinet spoor gekruis het, is hulle op hulle beurt in die buurte van Nu Bethesda deur Lukin oorval.Met ongeveer 'n verlies van 'n dosyn het van Deventer weggekom.Hy het weswaarts getrek om die westelike

by spoorweg Victoria-Wes te kruis. Dit het egter moeite gekos om oor te kom, maar dit het tog geluk en toe kon die kommando ongestoord oor Fraserburg na Calvinia gaan.

Smuts en Bouwer het die Kamdeboo verlaat en deur die suidelike Kolonie getrek. Soos reeds verhaal, het hulle Pypers met Scheepers se kommando naby Willowmore getref en gesamentlik is hulle deur die distrikte van Oudtshoorn, Ladismith, Swellendam, Worcester, Ceres en Sutherland na van Rynsdorp waar hulle in die begin van November aangekom het. Ook die oorblyfsels van van der Merwe se manskappe het na die Noordweste verhuis. Hier was nou byna al die Boerekommando's wat in die Kolonie opereer het, bymekaar.

Die Middellande en die suide van die Kolonie was dus teen die end van Oktober rustig. In die noord-ooste het Myburgh, Fouche en Wessels meer of min in die driehoek, Burgersdorp - Dordrecht - Rhodes gehou.

Oor die algemeen was die toestand in die Kolonie by hierdie tyd baie gunstig vir die Boere. Dat Smuts, van Deventer en Bouwer kon deurdring tot by Port Elizabeth en dan ~~die weer van N~~ van die Indiese tot die Atlantiese Oseaan ~~see~~ deur Britse gebied trek, moes uit die aard vam die saak die Britse prestige nog verder verlaag.

En dan die manier waarop hulle daarvan afgekom het! Smuts gee die volgende opsomming: van die 200 man wat met hom oor die Oranje getrek het op 4 Sept., is 4 gedood, 16 gewond (waarvan 6 in hande van die vyand geval het) en 35 is gevange-geneem.

En wat het die 200 man uitgerig? Hulle het 372[1] man van die vyand gedood en gewond, 429 ontwapen en een kanon, een meksim 'n groot aantal gewere en ammuniesie asmede 1136 perde en muile van die slagveld gebuit.

Die stemming van sy burgers, sê Smuts, is pragtig. Geen

1 Hierdie eerste getal moes Smuts seker maar skat want dit het moeilik gegaan om elke keer presies te sê hoeveel dooies en gewondes sy vyand na 'n skermutseling gehad het.

lye en geen vyandelike oormag,hoe groot ookal sal hulle verhinder om die stryd voort te sit nie,tot reg oor mag triomfeer.

Hierdie rapport van Smuts het 'n baie bemoedigende uitwerking ook buite die Kolonie gehad.Pres.Steyn sê daarvan: "Het rapport had dan ook 'n uitstekende uitwerking en deed veel om de moed en de lust tot volharding by de Kommando's op te wekken".[1]

Teen die einde van 1901 was 17 Boerekommando's tot 'n sterkte van 3600 man in die Noordweste.Die oorspronklike plan van die Republikeinse Regering om dela Rey na die Kolonie te stuur,is gewysig en aan Smuts is die pligte opgedra wat eersgenoemde sou volvoer het,nl.om die verskillende kommando's te reorganiseer.

Teen die einde van Oktober en gedurende November het French vir die eerste maal ernstige aandag aan die Noordweste geskenk.Herhaaldelik het die Britse outoriteite daarop klem gelê dat dit nie die moeite werd is om die Boerekommando's wat na die Noordweste vlug te agtervolg nie,aangesien dit maar 'n woestynagtige streek is en dun bevolk.Hierin was hulle ongetwyfeld verkeerd.Hoe droog en dun bevolk die Boesmanland en Namakwaland ookal mag wees,vir die Boere was dit 'n ware Soar waarheen enige kommando kon vlug as hulle dit te hotagter kry en as basis was die streek vir die Boerekommando's wat in die Kolonie opereer het eenvoudig onmisbaar.Daar was Maritz se hoofkwartiere waar dit skynbaar feitlik nooit aan proviand ontbreek het nie.(Paragraaf) Maritz se grootste vyande in die Noordweste was tot die einde van 1901 , die kleurlingkorpse.In die noorde was Conroy en Louw gedurig aan skerm met die Border Scouts vanwie reeds verhaal is.Dan was daar die Namaqualand Border Scouts,[2] wat soms 'n sterkte van 360 gehad het en die Bushmanland Borderers[3] wat ook 'n paar honderd getel en in 1902 aange-

I vd Merwe - Steyn II bl.95
2 Stirling - The Colonials in the War bl.253
3 Ibid bl.254

groei het tot 600.

Van Maritz se eerste tog na die suide is reeds verhaal. Kort daarna (Nov.) het hy dieselfde spelletjie herhaal. Hy het dieselfde dorpe weer besoek en ook Piquetberg aangeval. 'n Deel van die dorp kon hy vir 'n paar uur hou, maar is weer verder. Ook Moorreesburg en Darling het aan die beurt gekom en by laasgenoemde plek het veldkornet Hildebrand geval. Maritz is daarna terug na die Noordweste, waar Smuts alreeds aangekom het, om te organiseer.

Maritz se twee togte het net soos die van Smuts en sy offisiere, getoon watter moontlikhede daar nog in die Kolonie vir die Boerekommando's was. Hy het op hierdie togte tot 35 myl van Kaapstad gekom en Boonzaier, een van sy offisiere met 'n paar man het vir die grap in Hoetjiesbaai op 'n Britse oorlogskip geskiet, wat die vuur beantwoord het. Die paar kerels het hulle daarop beroem dat hulle aan die enigste seeslag van die oorlog deelgeneem het. Vir die Britte was dit ook soos in die geval van Hertzog, 'n teken gewees dat die Boere 'n skip met vreemde hulptroepe verwag.

Die verskillende kommando's in die Noordweste het die plan gehad om Calvinia aan te val en die as basis te gebruik, maar Maritz was daarteen; hy wou liewers Tontelboschkolk aanval. Dit is dan ook gedoen. Die garnisoen het grotendeels bestaan uit basters van die Bushmanland Borderers, maar hulle het sterk weerstand gebied en die aanval het aanvanklik misluk, dog daarna is die plek geneem en het verder gedien as Smuts se hoofkwartiere. Die streek daarlangs het heelwat graan opgebring en Maritz kon sy stoor verder vul.

In die noord-ooste het Monroe en Scobell in November weer die betreklike rus van Myburgh, Fouche en Wessels versteur, en die volgende maand moes Hunter-Weston jag maak op 'n klompie Boere wat waarskynlik naby Sanddrif teen die end van Nov. oor

die Oranje gekom het. Dit was die oorgeblewenes van Dreyer se kommando wat van Smuts afgeraak het toe hy probeer het om die Kolonie in te val. In die Engelse blaaie het Smuts gelees dat hierdie afdeling van sy manskappe eindelik in die Kolonie gekom het en hy het gestuur om hulle na Tontelboschkolk te haal waar hulle dan ook later aangeland het. Dat hulle moed gehou het gedurende die omswerwing is grotendeels te danke aan die inspirasie wat uitgegaan het van die veldprediker, ds. Kriel.

Volgens genl. Smuts se reorganisasie planne, is die 17 kommando's in drie dele verdeel onder drie Generaals. Vir die doel is Maritz en Lategan tot Generaals bevorder. Reeds vroeër het die onderskeiding Malan te beurt geval. Die verdeling was as volg: (1) Maritz - van Duitse gebied, by Calvinia regs verby na Hexrivier, insluitende die Boland. (2) Malan - die Middellande tot die Oostelike Provinsie. (3) Lategan met Conroy sou die orige van die Noordwestelike Kaapkolonie hê, noord-oos van Calvinia.[I]

Verder het Smuts ook die kommando-tugreëls afgelees en vertel dat hulle 'n grootse poging wil aanwend om die Kaapkolonie onder die wapem te kry en om dan die Kolonialers as 'n derde party in die oorlog erken te kry.

Oneenigheid het ontstaan oor die bevel van Scheepers se kommando. Scheepers en regter Hugo was soos twee broers. Die manskappe het nooit gevra of 'n bevel van die Regter of van die Kommandant afkomstig was nie en daar was 'n verstandhouding dat Hugo die opvolger van Scheepers sou wees ingeval laasgenoemde wegval. Toe Pypers die bevel van die kommando aanvaar het, was Hugo nie teenwoordig nie want hy was saam met Malan na Standerton en het nog nie weer by die kommando teruggekom nie.

I Persoonlike meedeling - Smith. Ook die res omtrent die onenigheid tussen Pypers en Hugo.

In die Noordweste het hy egter aanspraak op die leiding van d: die kommando, semaak en Pypers was nie geneig om die leierskap af te staan nie. Die moeilikheid is opgelos deurdat ~~omdat~~ Hugo toe die bevel kry van die gewese Malan-kommando.

In Januarie het die kommando's die Calvinia distrik verlaat, elkeen na sy aangewese operasie-terrein.

Volgens 'n telegram[1] van die bevelvoerende Britse offisier, in Kimberley aan die Goewerneur Kaapstad, was die distrikte Herbert, Hay, Vryburg en Kuruman ook weer deur Boerekommando's beset, in Desember. Volgens genoemde telegram het de Villiers, 'n Republikeinse aanvoerder reeds in Augustus in Griekwaland-Wes aangekom met sowat 200 man en sy kommando is verdubbel deurdat baie van die rebelle wat reeds aan die vorige opstand deelgeneem het, weer aangesluit het. Die families van die rebelle en hulle vee, so word gesê, word na die Langberg, die toneel van die kaffer-opstand van 1896 geneem, terwyl die boere wat weier om aan te sluit na Vryburg gestuur word. Verder meld die telegram dat de Villiers 'n proklamasie uitgevaardig het wat verklaar dat die annekssie van 1899 nog goed hou en hy verbied die boere om hulle plase te verlaat.

Van der Merwe, 'n ander aanvoerder het op die oomblik (Des.) 'n kommando rebelle tussen Vryburg en Kuruman met patrollies ooswaarts tot Danielskuil. Verder is daar sprake d: de Villiers van plan is om na Duitse gebied te trek met die families en vee van die rebelle,

In werklikheid het baie Koloniale families ook van Kakamas se kant die grense oorskry en Duitse gebied ingetrek om later miskien weer terug te keer. Sir W. Hely-Hutchinson, Goewerneur van die Kaapkolonie, en opvolger van Milner, sê hiervan:

"With the best will in the world, it would appear to be impossible for the German authorities without a much larger force than they possess, altogether to prevent their territory from being used by the rebels as a place of

I Cd.903 1902 No.59
2 Ibid " ~~Sien hiervoor ook magistraatsverslag van Kenhardt. A.5. 1900 bl~~.

of refuge and recuperation."

Die derde Kersdag van die oorlog het die Kolonie as volg gevind:In die noord-ooste van die Kolonie was 'n paar Boerekommando's besig met die gewone spelletjie van ontwyk en aanval in gereelde afwisseling.Na die noorde en noord-weste was byna die hele gebied van Grey's Pass in die suide tot Kuruman in die noorde in Boerehande.Die grootte van hierdie gebied is omtrent I56000 vkt.myl.Die bevolking met uitsondering van die dorpe wat byna deurgaans in Britse hande was, was omtrent 220000 en daarvan was omtrent 56000 blank.[I]

Die Kaapse Regering het lank reeds aangedring dat die Kaapkoloniale magte geheel onder beheer van die Kolonie moet wees en onder Koloniale offisiere,veral daar die Regering meer en meer van die koste in verband met hierdie troepe bestry het.Kitchener het hulle sin gegee in Desember en die mikpunt van die Koloniale Regering was om die distrikte waaruit die invallers verdrywe was,van verdere invalle te beskerm en om orde te handhaaf in sodanige distrikte..

'n Terugslag vir die Boerekommando's het in die begin van Desember voorgeval,toe genl.Kritzinger,gewond in Engelse hande geval het.Daar is reeds verhaal hoe die Generaal probeer het om weer die Kolonie in te val.Op 7 Des.was hy weer aan die Oranje en wou met 'n klein mag van 70 man deur die rivier maar die water was te sterk en hy bly enige dae by die ander burgers in die suid-ooste van die Vrystaat.'n Mens sou sê dat die deurtog in doodse stilte sou beproef word want al langs die wal van die rivier het 'n lyn forte gestaan.Dog die aand voor die deurtog vermaak die burgers hulle deur die kaffers wat as agterryers dien te laat danse uitvoer en gedurende die deurtog kan die geskree ver gehoor word van diegene wat in die sterk stroom moet gehelp word.[2]Eers swem sowat drie man tenvolle ontkleed deur en neem posisie op die oewer.Dan

I Cd.903 I902 No 59
2 Schowalter bl.122 Im Kampf um Süd-Afrika.

volg tien minuter wat langs hulle perde swem en daarop kom die res agterna .

Na die deurtog het hulle baie voer in hande gehad vir die perde maar terwyl hulle nog besig was met ontbyt kom die Britte ongenooid op hulle af en die maaltyd moet vlug-vlug genuttig word . Sommer uit die staanspoor het hulle noustrop getrek en partykeer ternouernood ontkom . Soms is die Britse troepe net 'n paar honderd treë agter hulle en dan moet eers positsie gevat word om die voorpunt teë te hou. Meer as honderd perde is op die tog uitgeput agterlaat en op hulle laaste vars perde ontkom die sewentig burgers want by hierdie tyd was die perde van die vervolgers ook gedaan. Die Kommandotje stuit egter op die spoorlyn Naauwpoort-De Aar by Fransmanskop 'n paar myl van Hanover stasie. 'n Nuwe kolonne was aan opruk en die enigste uitweg was deur die blokhuislyn, wat deur die Grenadier Guards bewaak word. Op die gewone manier het veldkornet Fraser en 'n paar man die dode gaan knip en die burgers storm oor die spoor onder 'n koeëlreën . Terwyl genl. Kritzinger een van sy manskappe wat sy perd verloor het moes help, is hy swaar gewond en was verplig om oor te gee.

Die "Times History"[1] beskryf dit as volg : " Bentinck and Doran were behind in a semi-enveloping arc; it was full daylight still and the blockhouses were on the alert; but needs must when the devil drives and the Boers cut the wires under a heavy fire and slowly forced a crossing. Kritzinger and eight men were left behind. He had been foremost in the attack, exposing himself recklessly and three times returning to rescue wounded men. On the last occasion he was wounded and taken prisoner."

Die burgers was baie neerslagtig oor die verlies van Kritzinger want hy was 'n bekwame aanvoerder, algemeen

1 Times Hist. V bl. 544

geliefd en het groot invloed oor sy manskappe gehad. Tot 'n groot mate was die omvang wat die stryd in die Kolonie geneem het aan hom te danke.

Louis Wessels het die klompie manskappe van Kritzinger na die Hanover-ramp aangevoer en hulle moes soos hase voor 'n nond vlug in die rigting van Aberdeen.

In die Noordweste het Doman op 9 Desember onverwags naby Calvinia op Heser afgekom en 'n paar van sy manskappe gevange-geneem, Ook het die Britte twee aanslae op 'n konvooi deur hardnekkige teenstand afgeslaan en die Boere wat voorrade baie nodig gehad het, moes teleurgesteld die volgende kans afwag.

Om die vyand se bewegings te beperk, het Kitchener in die nuwe jaar 'n grootse taak onderneem wat baie werk gekos het. 'n Blokhuislyn is begin wat uiteindelik moes strek van Lambertsbaai, by Calvinia verby, tot Victoria-wes, 'n distansie van oor die twee honderd myl

Toe die uittog vanaf Calvinia begin het in Januarie, is die Boere-kommando's onder Malan, soos afgespreek was, na die Middellande, by Fraserburg verby. Langs die blokhuislyn is alle voorsorg gemaak om hulle te keer; nie alleen was die gewone haakdraad-versperring daar nie maar ook hoeke waarin die perde kon trap, is op die lyn gegooi.

Die Britte was besig om depots in Calvinia, Williston, Fraserburg en Carnarvon te stig en bewaakte konvooie was taamlik volop op die pad. Onder bewaking van 60 D.M. Rifles en 'n honderd ander manskappe het 'n konvooi by Uitspanfontein 40 myl suid-oos van Fraserburg uitgespan op die 4de Februarie. Hier is hulle deur Malan aangeval wat die wag na 'n harde geveg oorrompel en die 63 waens in besit geneem het. Crabbe wat die konvooi ook moes help beskerm is op sy pad gedurig deur die Boere-kommando's aangeval. Toe hy by Rietfontein kom het hy reeds 'n twintigtal manskappe verloor en hy vind hier op die 3de Februarie dat hy omsingel was. Sy voorrade was min en die boodskappers wat hy uitgestuur het kon die Boerelinies nie

deurkom nie. Seke het dus donker gelyk vir Crabbe meer Malan het die Engelse dokter met gewondes na Fraserburg gestuur. Op hierdie wyse het Fraserburg berig gekry van Crabbe se moeilike posisie en Capper en Lund is spoedig op weg daarheen. Crabbe word ontset en onder die waan dat die Boere-kommando's noordwaarts ontwyk het, gaan hy alleen na Uitspan terug om die konvooi veilig te lei. Dog hy vind tot sy verbasing dat die reeds in hande van Malan was. Die pogings om dit te herneem het misluk . By die konvooi was gewapende kleurlinge en vir die eerstekeer word die gewone vonnis van doodstraf nie op hulle toegepas nie, want ~~Louw Wessels het~~ Malan het hier ~~ontmoet en~~ 'n proklamasie van genl. de Wet ~~gebring~~ waarin verdere doodskiet van kleurlinge belet word, aangesien die Engelse gedreig het om gevangenes dood te skiet indien die metode van straf nie ophou nie.[1] Verder was daar 'n proklamasie aan die bevolking van die Kolonie gerig. Die Generaal wys hulle daarop dat die Britse Regering onmagtig is om hulle beskerming te verleen. Hulle word belet om goedere aan brand te steek wanneer dit in hande van Boere-kommando's sal val, soos die Engelse proklamasies voorskryf. Ook word hulle belet om rapport te doen aangaande die bewegings van die Boere-kommando's , solank as die kommando kan beskou word as beskerming verlenende aan hulle.

So het die bevolking van die Kolonie gebuk gegaan onder twee base. Aan die eenkant is daar die strenge proklamasies van die Engelse dat hulle dadelik moet rapport doen van die bewegings van die Boere en die kondisie van hulle perde en dat goedere wat in hande van die Boere-kommando's kan val moes verbrand word.

Aan die ander kant kom die Boere-proklamasies in en beveel juis die teenoorgestelde. Ernstige straf kan met enige van die alternatiewe gepaard gaan. By gebrek aan die geleentheid om tronkstraf op te lê, het sommige van die Boere-aanvoerders lyfstraf toegedien. En stel nou voor 'n onafhanklike

1 Persoonlike meedeling - Smith. Dit stryd of daarna nog sou gewapende kleurlinge doodgeskiet is en ook het dit dikwels gebeur dat so 'n kleurling nie gevangegeneem word nie maar summier doodgeskiet word as hy wil oorgee. Ook spioene (kleurlinge) is in die veld geskiet, maar nie wanneer hulle as ander onbewapendes nie — Smith.

Boer, wat gewoond gewees het om soos 'n koning op sy plaas te lewe, moet op vernederende wyse na die tronk gaan of hy moet wat nog erger is onder die sambok deurloop. Die Boere-aanvoerders het egter besef dat die Koloniale boer verplig was om rapport te doen, wanneer hy in die kans is om dit te doen maar hulle het gesorg dat hulle by die tyd wanneer die rapport inkom, reeds ver weg is. Daarom dan ook dat genl. de Wet se proklamasie sodanige rapport slegs verbied solank die kommando's kan beskou word as beskerming verlenende aan die boer. Dit was 'n verbetering op die proklamasie van Kritzinger van 13 Julie, 1901.[1] Kritzinger het verklaar dat di anneksasie van 1899 nog goed hou en hy verbied dus die bevolking om perde en goedere na die dorpe in te neem en om informasie aan die Britse autoriteite te gee. Konfiskasie van roerende eiendom or gevangenisstraf kon toegepas word.

Ongeveer dieselfde tyd dat Malan die konvooi by Uitspanfontein afgeneem het, het Doran se Imperial Yeomanry en 'n aantal Kaapse Polisie by Middelpos, sowat 50 myl suidwes van Calvinia, ook 'n konvooi verloor. Doran se hele mag het slegs uit 350 man bestaan. Sowat 200 is by Middelpos agtergelaat, terwyl Doran self met die orige na 'n afgeleë plaas gegaan het om te soek na 'n rebel, Geldenhuys. Van Deventer was in die nabyheid van Middelpos met sowat 150 man en het gou na Smuts gestuur om hulp. Die berig bereik Smuts by Tontelbos skolk net by die aankoms van die verlore kommando onder Naude, en Smuts met sy staf, asook Neser met sy kommando het die rigting na Middelpos ingeslaan. Dog nog voor die versterkings opgedaag het, het van Deventer reeds die konvooi aangeval en aan brand gesteek terwyl die Engelse 'n ent daarvandaan posisie ingeneem het. Heelwat van die goedere van die konvooi kon nog gered word en toe Smuts die volgende môre aankom is die Engelse met alle mag aangeval; hulle het egter die posisie behou tot dat Doran die

1 Cd 903, 1902 No. 56

Militêre bewegings op bladsy 237-244 is in verbinding van die Britse Offisiële verslae, Schowalter - Im Kampff um Süd-Afrika (Boergeheimnis), Doyle - "The Great Boer War" + "The Times Hist. of the War".

die middag aankom met die orige manskappe. Ook van Deventer het verliese geleid oog die posisie was vir Doran uiters gevaarlik. Hy besluit derhalwe om alles prys te gee behalwe sy kanonne en met agterhoede-gevegte aanvaar hy die terugtog; na tien dae van ontbering e het hy veilig by die spoor aangekom. Sy kapkar met al die papiere het in hande van die Boere geval en Smuts self het daarna die kar gebruik. Smuts het na Calvinia laat weet dat die Engelse hulle gewondes wat in die tussentyd aan sy sorg oorgelaat was, moes gaan haal.

In die Kolonie was die Engelse altyd kort aan transport en dit was 'n ernstige saak dat soveel lewensmiddele meteens x in hande van die vyand geval het .

Die Middellandse kommando's onder genl. Malan het viertien dae van rus gehad na die Britte dit onmoontlik gevind het on die konvooi te herneem. Daarna is 'n aantal kolonnes teen hulle uitgestuur en regter Hugo het 'n dodelike wond opgedoen. D isipliene onder die kommando's van Malan was nie van die beste nie want die Pypers en sy broer het nie heelhartig onder hom gedien nie. Onder die omstandighede het die Engelse op 16 Februarie daarin geslaag om die kommando's in drie dele op te split in 'n poging om hulle noord van die Lambertsbaai- Victoria Wes blokhuislyn te drywe. Die Pypers en sy broer het terug gekeer na die Noordweste by Wibbiston verby, terwyl 'n afdeling onder Smit na die Noorde deur die blokhuislyn gebreek het. Die ander deel onder Malan het daarin geslaag om oor die spoor te kom en het die Middellande weer binne geval. Dit was 'n groot teenslag vir die Engelse omdat die Middellande vir 'n heel tyd reeds rustig gebly het. Teen die end van Februarie was die posisie vir French in die Kolonie dus net so sleg as teen die middel van September van die vorige jaar .

Malan se volgelinge het egter nou 'n harde tyd gehad in die Middellande want French was determineerd dat die deel van die Kolonie weer moes skoon gemaak word. Toe dit vir hulle te warm word, het die Boere weer die ou toevlugsoord in die Komdeboo berge opgesoek. Bo-op was grasplate waar die perde goeie weiveld gekry het

Teen die end van Februarie was die streek tussen die spoorweg en die Clanwilliam - Williston - Carnarvon - Victoria blokhuislyn weer skoon van invallers.

Op 1 Maart het Fouche en Kyburgh skielik die Noordooste verlaat en oor die Oos-Londen-Stormberglyn gebreek na die suide van Steynsburg. 'n Tyd daarna het Fouche met sy volgelinge met Malan verenig naby Aberdeen. Die oorspronklike Malan-kommando was na die dood van Hugo onder die onmiddellike bevel van Rudolf maar hierdie offisier het ook gewond in Engelse hande geval en daarop is veldkornet Karel van Heerden bevorder tot Kommandant.

In die Noordweste is die laer van Ben Bouwer naby die samevloei van die Doorn - Olifants rivier oorval teen die middel van Februarie. Sowat 'n dosyn prisoniers en 'n goeie klomp perde is geneem, Toe dit plaas gevind het was Bouwer afwesig. 'n Sekere Colyn het daarna voor Smuts tereggestaan teen 'n beskuldiging dat hy die Engelse na Bouwer gelei het. Hy het skuld beken en is gefusileer.

Smuts het vanuit die Noordweste 'n ekspedisie na die Suide onderneem. Aan die aantal kommando's wat hy saam geneem het kan gesien word dat hy van plan was om selfs Maritz se tagte na die Boland te oortref, Bouwer was reeds vooruit gestuur na van Rynsdorp en verder sou van Deventer, Theron, en Neser en Naude aan die ekspedisie deelneem. Die tog is by Calvinia verby oor die Bokkeveldberge na van Rynsdorp en van daar na die plaas Windhoek waar 'n afdeling Kaapse Polisie was. Die Boere het die posisie oor die oop veld gestorm en in 'n kort tyd geneem maar uit die agt Boere-offisiere was vier dood of gewond. Van Deventer self was so swaar gewond dat hulle vir sy lewe gevrees het. Waarskynlik het hierdie geveg Smuts se planne verander, want daar het nie veel gekom van sy tog na die Suide nie, slegs 'n afdeling van sy mag het tot Olifantsrivier gegaan vanwaar hulle patrollies uitgestuur het tot oig by Clanwilliam

Meser en Teron is terug na Calvinia xxxxx .

Na die slag van Windhoek het Smuts sy aandag aan O'okiep en Port Nolloth gewy en hier begin die laaste bedryf van die haranekkige stryd in die Kolonie. Met Port Nolloth in die hande van die Boere-kommando's sou hulle eindelik 'n uitweg tot die see hê. Dit sou hulle waarskynlik nie veel gebaat het nie met Brittanje meester van die blou waters, dog Smuts het miskien gemeen dat die blote feit prestige sou verleen wat waarskynlik nog buitelandse intervensie kon teweegbring. Dit kan ook wees dat hy slegs daardie oord beskou het as die beste plek waarop die tydstip aan die Engelse kon skade gedoen word aangesien dit 'n mynidistrik is.

In April was alle oë dan op die mynstreek in Klein Namakwaland gerig. Maritz was bly dat Smuts daarheen gekom het want hy wou hom al te graag vergoed wreek op die kleurlingtroepe van Namakwaland.

Oor wedervaarel Maritz en Conroy se botsings met die basterkorpse te vertel sou interesant wees maar sal ons nie te veel besonderhede lei . Een voorval mag hier vermeld word . Naby Garies was 'n kleurlingdorpie, Eliefontein waar 'n aantal kleurling-families gewoon het. Hulle het heelwat aan vee besit en het jaarliks groot hoeveelhede graan ingeoes. Maritz het 'n proklamasie laatuitskrywe, waarin hy hulle beskerming belooof, indien hulle rustig bly en hy belooi om enigeen van sy burgers te straf wat iets van die kleurlinge neem sonder betaling. Met 'n wag van 'n paar man gaan Maritz self die proklamasie voorlees en word deur die kleurlinge aangeval. 'n Hewige worsteling vind plaas want die gewere van die blankes was in die sakke . Met moeite het die paar man hulle los geveg en uitgekom.

Die dag daarop het Maritz die dorp gaan aanval en alles geneem wat die kleurlinge besit. Die wat nie gedurende die

aanval neergeskiet is nie het hy saam met die vroues en kinders na Garies gestuur.

Alhoewel Maritz baie graag Garies ook wou aanval was Smuts op die plan teë want hy wou liewers na O'okiep en Port Nolloth gaan. Vir Garies word dus net 'n wag agtergelaat en die kommando's is almal na die Namaqualand. Springbok is ingeneem en alhoewel Concordia goed beset was het die ook sonder teëstand oorgegee. Die Boere was nou in besit van 'n magdom dinamiet en die het hulle handig ingekom gedurende die beleëring van O'okiep. Baie ander voorrade het ook in hulle hande geval en die burgers kon hulle met al die nodige voorsien. Ook het die werkplase van Concordia handig ingekom.

Van Deventer verower ook nog die klein plekkie Steinkopf op die Port Nolloth spoor, maar O'okiep wou nie oorgee nie. Die bevelvoerende offisier Shelton het geantwoord dat hy alles in oorvloed het en manne genoeg om te verdedig; hy sien dus nie waarom hy sou oorgee nie.

Nou begin die beleëring . Swaargeskut het die Boere nie gehad om die fort te bombadeer nie maar hulle het handbomme van dinamiet gemaak en daarmee skans na skans geneem. Die dorp self het egter onneembaar geblyk.

In die tussentyd (begin van April) is troepe onder kol. Cooper van Rosmead en Matjesfontein na Kaapstad per spoor gestuur en daarvandaan per boot na Port Nolloth om te verhoed dat die hawe in hande van die Boere val en om O'okiep te ontset. Daar was enige oponthoud maar by 28 April het Cooper weer Steinkopf hermeem waar van Deventer solank as hy kon die ontset - troepe teë gehou het. Op 4 Mei is O'okiep ontset nadat dit vir meer as 'n maand beleër was . Smuts was reeds weg vir die vredes onderhandelinge en Maritz het alle planne gemaak om die dorp te neem. 'n Trein vol dinamiet is in die dorp in gestuur

in die hoop dat dit teen die fort sou ontplof maar dit het misluk. Ook het die Boere 'n kanon gemaak en was selfs besig om 'n gepantseerde trein te bou, dog dit was alles tevergeefs.

Na die ontset is hulle terug na die Boesmanland om te wag tot Smuts terugkeer van die vredesonderhandelinge; hy sou volgens belofte self terugkom om rapport te doen.

Vir die soveelste maal was daar sprake van vrede. Kitchener het toegestem dat die Republikeinse leiers mekaar raadpleeg en 'n voorlopige vergadering is as gevolg daarvan belê by Klerksdorp en daarna het die 60 verteenwoordigers van die Boere-kommando's op 15 Mei by Vereeniging ontmoet.

'n Wapenstilstand gedurende die onderhandelinge wou Kitchener nie toestaan nie en die oorlog het ondertussen voortgeduur. Sommige kommando's in die Kaap-Kolonie het selfs nie geweet van die onderhandelinge nie; die brief wat genl. Smuts op 24 April by Concordia opgestel het en wat gerig was aan al die kommando's in die Kolonie, het hulle nie almal bereik nie.

In die nag van 18 Mei 1902 is 'n poging aangewend om Aberdeen te neem. Genl. Malan was op die plan teë maar kommandant van Heerden vra vrywillgers om sy geboortedorp aan te val. Alhoewel die aanvallers tot in die dorp gekom het, is die aanval afgeslaan want 'n koeël het van Heerden getref en 'n slagaar afgeslaan. Met behulp van een van sy manskappe het hy tot binne die ringmuur van die kerk gekom, maar daar het hy beswyk aan bloedverlies. Twee burgers Kotze en Londt het ook die nag gesneuwel. Laasgenoemde was ook van Aberdeen.

Niettegenstaande die ramp het die aanvallers nog 'n vyftigtal perde uit die dorp gebuit.

French het 'n groot aantal troepe op Malan en Fouche laat konsentreer en hulle is dermalwe ooswaarts oor die spoor, Jansenville verby na Somerset-Oos. Hierdie rigting het hulle

in botsing gebring met Maj. Follet en Lord Lovat . Laasgenoemde het Fouche op 21 Mei oorval en sy laer afgeneem dog die manskappe het op 'n paar na almal ontsnap.

In Somerset-dos het die vervolging op sy hewigste geword. Die burgers kon nie tyd kry om te eet of te slaap nie. Maar 'n plan is gemaak en Fouche het die vervolgers uitoorlê by Commadagga Station, en op sy beurt val hy die Engelse aan wat heelwat verkiese lyk.

Malan het egter 'n gevaarlike wond opgedoen naby Sheldon op die 29ste Mei. Hy word byna twee myl op 'n kombers uit die geveg gedra terwyl hy af en toe sy bewussyn verloor. Derhalwe is gestuur vir 'n Engelse dokter wat kort daarna opgedaag het.

Fouche het nou die kommando's in die rigting van Bedford oor Slagtersnek gelei; oorals was hulle slaags met kleinere troepe-afdelings en Fouche wat solank veg-generaal word ,verdeel die kommando's weer in twee. Hulle het nog niks van vrederonderhandelinge geweet nie en dit was al 30 of 31 Mei.

Op ~~drie~~ 3 Junie, toe die vrede van Vereniging al vir 'n paar dae geteken was, het hierdie kommando's dit nognie geweet nie, In die distrik van Tarka kom hulle op daardie dag 'n afdeling Engelse tee , een waarvan die vredes-kennisgewing in sy sak het. Die Engelse ruk om en ja weg met die gevolg dat op hulle geskiet word. ~~In 'n sloot vlug hulle, terwyl hulle ook teruggeskiet~~. Enige ~~Neëttien~~ Engelse het daar geval en later is ondersoek ingestel na die voorval wat op moord gelyk het, aangesien die vrede al gesluit was .

Op 5 Junie bring 'n Engelse rapport-ryer 'n brief van Smuts aan Fouche. Fouche moes Smuts gaan sien.

Laasgenoemde het op 4Junie by French se hoofkwatiere in aangekom. Na al die kommando's is toe rapportryers gestuur om die vrede aan te kondig maar omtrent die vredes-voorwaardes is

hulle in die duister gehou. Smuts sou die self in die Noordweste gaan bekend maak en Fouche moes dit in die Oostelike Provinsie doen.

Fouche het so lank weggebly van die kommando dat die manskappe gedink het daar skuil verraad agter en toe daar weer 'n polisie-offisier met 'n rapport aankom word hy onder arres geplaas. Die volgende dag daag Fouche op en hy verhaal van die vrede en die voorwaardes. Hierop volg byna 'n opstand en een van die manskappe gaan so ver om te sê dat Fouche omgekoop is.

"Skiet my nou dood" roep laasgenoemde uit terwyl hy sy baadjie uittrek[1]. Toe die manskappe wat kalmer geword het, is hulle na Cradock alwaar hulle wapens neergelê het en by 8 Junie was die kommando's in hierdie deel feitlik almal ontwapen.

Ook in die Noordweste het dit swaar gegaan om die Boere sover te kry om wapen neer te lê. Smuts het daar aangekom teen die middel van Junie en toe was die kommando's nog die tyd in onsekerheid omtrent die vredesvoorwaardes. Hulle het berig gekry dat die vrede gesluit was maar die Engelse soldate met wie hulle in aanraking gekom het, het voorgegee dat ook hulle niks van die voorwaardes weet nie.

Hier in die Noordweste waar die kommando's 'n geweldige streek byna ongestoord regeer het, en waar hulle afgesonderd was van die res van die Kolonie, het die burgers goeie hoop gehad dat die vrede sou gunstig wees. Genl. Smuts se afskeidswoorde was :"Kom ek terug en daar is geen vrede nie, dan heet dit: Suidwaarts; Kaapstad moet ons doel wees"[2].

Ook het die tyding van de la Rey se oorwinning oor Methuen nog meer hoop gegee.

By Vereniging het Smuts egter die toestand donker

1 Persoonlike mededeling – Smith.
2 Schowalter "Im Kampf Um Süd Afrika bl. 227

afgeskilder: " Ook genl. Smuts was by die vergaderingen en gaf verslag van die toestand in die Kaap-Kolonie . Zyn verslag was niet gunstig en had ook 'n bedrukkende uitwerking. Kommandanten Malan en Fouche waren niet overgekomen, hoewel zy veel nader aan ons waren dan genl. Smuts. Van Engelse zyde werd hun allerlei moeilikheden in de weg gelegd.[1] Waren zy tegenwoordig, dan hadden wy ongetwyfeld 'n geheel andere beschryving van de toestand in de Kaap-Kolonie gekregen dan zoals door genl. Smuts afgeschilderd."[2]

Om terugtekeer na die Noordweste : toe Smuts die voorwaardes bekend maak was ook hier byna 'n opstand. Die koloniders het gevoel dat hulle weer in die steek gelaat is deur die Republikeine. Daar was onmiddelike voordele aan verbonde om 'n gewese burger van die Republieke te wees. Die kon hulle perde behou en teruggaan huistoe. Die rebel egter moes agter 'n draad versperring kom, bewaak deur soldate om dan aan die sivile autoriteite oorgelewer te word.

Verwyte is na die hoof van die leiers geslinger en daar is hardop gesê dat dit anders sou gewees het as 'n ander offisier hulle verteenwoordig het.

Dit het al genl. Smuts se invloed gekos om die affêre verder stil te laat van stapel loop en toe het almal ook nog nie wapen neergelê nie maar het liewers Duitse gebied ingevlug. Die Generaal het 'n uitleg gegee van die hele saak: " Ons het Kitchener gesê dat ons almal met die rebelle sou staan of val as hulle lewes op die spel was, want hulle lot is vir ons nie alleen 'n vraag van bloedverwantskap nie, maar ook van eer"[3]

Smuts vra of hulle die verlies van stemreg beskou as 'n hindernis om wapen neer te lê.

"Stemreg onder hierdie regering!" dit was niks om te verkloor nie.

Nog eenmal ontstaan 'n gevaarlike oomblik toe kommandant Neser opstaan en sê" vir my is die saak nie duidelik nie en voor ons wapen neerlê moet ons eers de Wet spreek".[4]

1. I am not allowing facilities for meeting of commandos in Cape Colony, and none will be there. Cd 1096, 1902. bl. 5 Kitch. 19/4/02.

2. v.d. Merwe – Sleyw II bl. 96.

3. Schowalter – Im Kampf um Süd-Afrika bl. 250

4. Ibid – bl. 251

Dog Smuts se invloed het gewen en die manskappe het verder stil gaan wapen neerlê behalwe 'n aantal Offisiere wat oor Suidwes na Europa gevlug het.

Die bewering wat so dikwels gemaak is, as sou dit slegs die leiers wees wat die oorlog aan die gang gehou het teen die sin van die manskappe is onjuis en word deur die blote feit dat die Britse autoriteite sowel as die Boere generaals soveel takt moes gebruik om die oorgawe te verkry, geloënstraf

Die ontevredenheid met die voorwaardes van die kant van die Rebelle, was egter dat die Republieke nie op beter terme vir Kolonialers aangedring het nie en voet by stuk gehou het nie selfs al moes die oorlog nog langer aanhou.

Op 27 Mei het Chamberlain aan Milner die volgende laat weet: We understand that the terms of surrender offered in my telegram of today are confined to Burghers of the O.F.S. and S.A.R. at the date of the outbreak of the War. H.M. Govt. are unable to make any pledges om behalf of the Govts. of the Cape or Natal as to the treatment of rebels. You have no doubt kept in mind that any favourable terms accorded by either of these Govts. will have to be sanctioned by the Legislature of the Colony.

H.M. Govt. must place it on record that the treatment of Cape and Natal Colonists who have been in rebellion and who now surrender will be determined if they return to their colonies, by the Col. Govts. and in accordance withthe laws of the Colonies and that any other British subjects who have joined the enemy will be liable to trial under the law of that part of the Br. Empire to which they belong. The Cape Govt. have informed H. M. Govt. that the following are their views as to the terms which should be granted to British subjects of the Cape Colony who are now in the field of who have surrendered of have been captured since 18th April, 1901. "With regard to rank and file, ministers advise that upon surrender they shall all, after giving up their arms, sign a document before the R.M. of the district in which surrender takes place acknowledging themselves guilty of High Treason and that the punishment to be awarded to them, provided they shall not have been guilty of murder of other acts contrary to usages of civilised warfare, shallbe that they shall not be entitled for life to be registered as voters or to vote at any parliamentary Div. Council of Munic. Council. election. ....

With regard to Justices of the Peace and Field Cornets of the Cape Colony and all other persons holding an official position under the Govt. of the Cape Colony or who may occupy the post of Commandant of rebel or burgher forces, ministers advise that they shall be tried for High Treason before the ordinary Tribunal of the counrty or such special Court as may be hereafter constituted by law, the punishment for their offence to be left to the discretion of Court with this proviso that in no case should the penalty of death be inflicted.1

1 Cd. 1096, 1902 No. 21. See ook "Ons Land" 7 Okt. 1902

In die tussentyd het Milner van die Kaapse Regering die verklaring ontvang dat nuwe wetgewing in verband met die rebelle nie sou nodig wees nie en dat die saak soos in Chamberlain se telegram uiteengesit, in orde is.

Niemand sal wil beweer dat die strawwe genoem in die bostaande telegram, harde strawwe is vir rebellie nie. en daarvoor kom geen verwyte die Kaapse Regering, nog die Imperiale Regering onder die omstandighede toe nie. Elke party probeer in so 'n geval om die minste toe te gee wat moontlik is.

Maar een ding staan soos 'n paal bo water: as die Republikeine daarop gestaan het en besluit het om die oorlog voort te sit enkel en alleen om algehele amnestie vir die rebelle te verkry, sou die eis geslaag het.. Dis eenvoudig ondenkbaar dat Brittanje oor so 'n nietige saak wat eintlik net neerkom op die tevredenheid wat waarneming bied, nog sou voortgaan met 'n oorlog wat haar nie alleen 'n ontsaglike som daagliks gekos het nie, maar wat so uiters skadelik was vir die Britse prestige. Ook weet ons nou dat Lord Kitchener lank reeds ten gunste van amnestie was indien dit al was wat in die weg van vrede gestaan het, maar dat Lord Milner nie daarvan wou hoor nie.[1] Die argument as sou die Imperiale Regering nie sou kon ingryp in die sake van die Kolonies nie, kom in 'n belaglike lig te staan as 'n mens aan 1899 en 1900 dink.

Daar bly dus net een gevolgtrekking oor: die Republikeine het die Kolonialers vir 'n tweede keer in die steek gelaat. Hierdie feit word so kragtig deur R eks pres. Steyn uitgedruk[2] dat verdere kommentaar oorbodig is:

"De onafhanklikheid prys te geven was my ondenkbaar, maar tog gevoelde ik het meest de in de steek lating van de Kolonialers die by ons hadden aangesloten. Want dit was m.i. 'n daad van ontrouwheid, waarvoor het volk nog later zal moeten boeten. Wy kunnen het vouwen zoals wy willen, maar van het feit dat de Kolonialers in de steek werden gelaten, komt men niet weg. En als ik van een ding overtuigd ben, dan is 't dat als men al de andere voorwaarden liever had laten staan en slechts op die ene nl. de amnestie, had gestaan, dan hadden wy dat verkregen.

I Arthur - Life of Kitchener II bl. 26
2 vd Merwe - Steyn II bl. 102

Ik zeg dit, omdat zulks my gebleken was uit 'n antwoord van Lord Kitchener op myn brief in Augustus 1901 aan hem geschreven, toen ik wederom de twee vereisten voor vrede stelde, nl. onafhanklikheid en amnestie, daar hy my schreef, dat hy my niet kon onderhandelen op de basis van onafhanklikheid, en niets zeide omtrent amnestie.....toch gevoelde ik dat als wy al de anderen kondities hadden laten varen en slechts op de amnestie hadden gestaan dan zou het voor ons volk van veel groter waarde zyn geweest....

So het daardan eindelik 'n einde gekom aan die hardnekkige worstelstryd. Die totale getal stryders wat die einde van die stryd gesien het, was baie meer as die Engelse gedink het nl. 21256. In Transvaal het 11166, in die Vrystaat 6455 en in die Kolonie 3635 man wapen neergelê.[1]

Waarom dit Brittanje so lank ge neem het om die twee klein Republieke ten onder te bring, hoef ons nie hier te bespreek nie, maar die volgende twee aanhalings gee ons iets daarvan en van die karakter van die oorlog in sy tweede stadium:

"As a military operation the new war, for such it really was, will always be of compelling interest. It was no ordinary guerilla campaign carried on by roving bands led by irresponsible persons, devoid of a definite political purpose. It was a guerilla campaign in excelsis, deliberately entered upon by the national authorities, and deliberately adapted to the existing military organisation of the Republics. Throughout its continuance the political and military control of the Boer forces, and the organisation of these forces, remained in tact. When the end came, the Boers, however reduced in numbers, still surrendered as two nations organised on a military footing."[2]

Dieselfde skrywer sê omtrent die taak wat Brittanje moes volvoer, die volgende:

"When we add to these considerations the fact that, from first to last, the Boers retained their tactical superiority in the open field, whenever numbers were even approximately equal, when we remember how considerable the Boer numbers were, and how limited and unequal in training the mounted troops on the British side, we begin to realise the enormous difficulty of the task with which Kitchener and his subordinates had to cope and the greatness of their achievement."[3]

Reeds so vroeg as 30 Jan. 1900 het Lord Lansdown in die Britse Hoërhuis die volgende woorde gebruik en daarmee kan die hoofstuk afgesluit word:

" What I think we did was possibly to underrate - and I do not care how frankly I confess it - not the number nor the armaments of the Boers, but the value of their fighting men"[4]

1. (Aangehaal)
2. Times Hist. - General Editor's Preface, IX
3. Ibid " "
4. Imp. Hansard - 30 Jan. 1900

Voetnoot: 1. Dis interessant om te let op die ouderdom van die rebelle wat na die vrede van Vereniging oorgegee het en van wie die steanreg vir lewenslank ontneem was.

Ouderdom	Getal	Ouderdom	Getal
I3	I	2I	233
I3	2	22	236
I4	I7	23	2I7
I5	49	24	I76
I6	II7	25	I72
I7	I66	26	I25
I8	226	27	II6
I9	24I	28	I06
20	263		

Verder val die getalle vinnig. Sestien was sestig en en daarbo; die oudste een sewentig. Getal onmondiges I087.

A_6_I902_bl.2.

HOOFSTUK VII.

KRYGSWET (vervolg)

" How smooth persuasive, plausible and glib
There drops from holy lips the specious fib
Which, whispered slyly in its dark career
Assails with art the unsuspecting ear[1]
- The affidavit lie,"

Die vorige hoofstuk oor krygswet is afgesluit deur te wys op die gematigde toon van die krygswet-regulasies van 1900. Dag teen die end van die jaar het die Republikeine besondere aktiwiteit betoon in die Suide van die Vrystaat en die Britse outoriteite het gevrees vir 'n tweede inval. Ongetwyfeld was dit hieraan toe te skryf dat die leërbevel van 19 November 1900, 'n krasse teenstelling was van die voorgaande omsendbrief omtrent die administrasie van krygswet. In plaas van aan te maan tot matigheid, het hierdie leërbevel strenger optrede bevel.

Nou is verduidelik dat die offisiere in proklameerde distrikte die mag het om, nie alleen 'n krygsraad te vorm om soldate wat oortree het te verhoor nie, maar ook om militêre howe saam te stel om enige oortreding deur 'n inwoner van die distrik te hoor en die magte van sodanige howe is onbeperk binne die diskresie van die lede van die hof.

Ook was dit nodig om daaraan te herinner dat krygswet die wil is van die oorwinnaar en word slegs in sy werking beperk deur die erkende gebruike van oorlog en die diskresie van diegene wat dit administreer.[2]

Dit blyk ons dat Wet No. 6 van 1900 gladnie die verdwyning van militêre howe as gevolg gehad het nie.

Op 1 Mei is weer 'n pamflet oor krygswet opgestel, hierdie keer deur die General Offiser Commanding Cape Colony. Deel I, wat handel oor die administrasie, bevat slegs wat reeds

1. Kwoteer deur Merriman - Hansard 1902 bl. 63
2. Cd 981, 1902 VII

Begin As gevolg van die twede inval was die uitbreiding van krygswet onvermydelik en op 20 Des.is die volgende distrikte proklameer:Britstown, Victoria Wes, Richmond, Hanover, Murraysburg, Steynsburg, Cradock, Tarka, Moltemo, Beafort Wes en Carnarvon.

Op 3 Jan.is krygswet ook uitgevaardig in Fraserburg, Prins Albert, Worcester, Ceres en Sutherland; vierdae later in Calvinia, Clanwilliam, Piquetberg, Malmesbury, Tulbagh, Paarl en Stellenbosch, terwyl dit op die 17 de Jan.1901 oor die hele Kaapkolonie van krag gemaak is, behalwe in die hawestede, in Wynberg en in die naturellegebiede.

voorheen bekend gemaak is met geringe aanvulling. 'n Militêre hof moes waar moontlik bestaan uit nie minder as drie lede nie en as 'n prisonier beswaar maak teen een van die lede en 'n ander lid van die hof dink dat die beswaar redelik is, sal die hof opnuut saamgestel word, sodat daar geen redelike beswaar kan bestaan nie. (Dit sal dadelik blyk dat hierdie toegewing uiters gering is; die lede van die hof beklee die posisie op las van een van hulle getal - die Konvener - en dit sal uiterst gewoon wees as een van hulle in so'n geval 'n beswaar teen 'n medelid bekragtig)

Vonnisse sou geskied by meerderheid van stemme uitgesonderd in geval van die doodstraf.

Deel II bestaan uit regulasies wat die gewone loop van sake in 'n proklameerde distrik moes reël en was op sigself nie baie streng nie, maar wel geskik vir strenge optrede waar die offisier sulks begeer; dit het afgehang van die humeur van die offisier wat die mag in hande het. Die regulasies handel o.a. in verband met passe, lisensies, verkoop van drank, die sensuur oor briewe en telegramme, sedisieuse taal ens. Vergaderings van meer as ses persone was verbied behalwe met verlof van die Kommandant of in geval van bona fide godsdienstige verrigtinge in kerkgeboue of vergaderinge van die Stadsraad of Afdelingsraad.

Af en toe het ook die gewone instuksies gekom van die Hoofoffisier - Lyne van Kommunikasie: Dit was die bedoeling om Krygswet sover as moontlik te kodifiseer sodat 'n informele oorlogswet sal wees of 'n militêre kode, geskik om konsekwent met sake te handel buite die siviele wet.

Oortreding van die spesiale regulasies sal stiptlik mee gehandel word en kan gestraf word met 'n boete tot £30 of tronkstraf vir drie maande. Alhoewel dit nouig is om sedisieuse

taal met beslistheid te onderdruk, moet die offisiere nie afslaan op elke nietsbeduidende, onbedagte uitdrukking van 'n persoon sonder invloed nie. Waar iemand egter tweedrag saai sal hy gestraf word hoogstens met 'n boete van £100 en ses maande gevangenisstraf.[1]

Op 12 April 1901 was die Spesiale Tribune Wet van 1900 uitgedien. Gedurende die ses maande wat die wet in werking was, was die Spesiale Hof en die Kommissarisse besig om al die gevalle wat onder hulle jurisdiksie val, te behandel. Die Prokureur-Generaal het derhalwe kennis gegee dat siviele howe verder met krygswet sal handel. Volgens Lord Kitchener sou dit egter 'n verkeerde stap wees en op 14 April het hy in 'n telegram aan die Goewerneur gesê dat sommige inwoners van die noordelike en middellandse distrikte nog by die vyand aansluit en dat slegs harde strawwe die onheil sal keer en die land van algemene anargie sal red. Hy wou derhalwe voorstel dat feitlik alle oortredings na 12 April deur militêre howe sal behandel word; magistrate behoort net mindere oortredings te verhoor.

Hierop het die Ministers geantwoord dat daar baie ~~oh~~ besware bestaan teen militêre howe; dit is uit die aard van die saak moeilik om in so'n hof die kalme judisiële atmosfeer te bewaar wat so noodsaaklik is in sake waarvan die vryheid en lewes van persone afhang. Hulle stem egter saam met Lord Kitchener dat militêre howe onder die teenwoordige omstandighede noodsaaklik is en hulle gaan op sy voorstel in op voorwaarde dat alle billike pogings in die werk sal gestel word om die beskuldigdes 'n volle en billike verhoor toe te staan. Dit sal moeilik wees om sommige gevalle te behandel want die getuies sal nie gou kan bereik word nie maar die Ministers besef dat met aarseling die rebellie verder en verder sal uitbrei. Verder eis die Ministers dat strenge regulasies vir die lede van die militêre howe sal neergelê word en dat daaraan streng sal gehou word.

1 Cd 981, 1902 V - Cir. 24.

Elke vonnis moet deur Lord Kitchener bekragtig word en in die geval van doodvonnisse moet 'n regsadviseur die papiere nagaan. Verder moet slegs offisiere met ondervinding en met 'n gesonde oordeel op die howe dien en slegs gewigtige sake moes voor sodanige howe verhoor word.

Op 22 April het Lord Kitchener 'n kennisgewing uitgestuur om uitvoering te gee aan bostaande. Die kennisgewing praat van onmiddelike vernoor na arres deur 'n militêre hof en van die toepassing van die swaarste strawwe van die wet. Vanaf April 1901 is krygswet dus met grooter strengheid toegepas in die Kolonie. "More even than passive neutrality was required of them and British subjects were informed that they must be actively on the side of the Crown and were bound to give every assistance, short of actual military service, to suppress the rebellion"[1]

Daar is beweer dat die vegtende burgers rekruite asook gewere en ammunisie deur die Kaapse howes gekry het en dus is daarop aangedring dat die krygswet ook na die plekke moes uitgebrei word. Op 9 Oktober, 1901 is dit dan ook gedoen in 'n proklamasie wat die Kaap, Wynberg, Simonstad, Port Elisabeth en Oos London ook onder krygswet gebring het, sodat die hele Kaapkolonie nou proklameer was met uitsondering van die naturelle-gebiede. Daar is egter gevoel dat die krygswet in die howestede genoemde plekke nie so streng moes toegepas word nie anders sou dit die handel van die Kaapkolonie te veel strem en ten einde die gewone gang van besigheid nie te belemmer nie is besluit dat genoemde plekke spesiale konsiderasie sal erlang. Hierdie kondisies is deur die Ministers verkry na 'n onderhoud met Lord Kitchener in Pretoria. Die beheer van die howes en dokke kon in hande van die siviele outoriteite bly; die militêre sou die reg hê om sensuur op uriere toe te pas hoofsaaklik met die

1 Times Hist. VI bl 559

bedoeling om inligting wat die vyand kon help, te onderdruk. Geen militêre howe sou in die hawes mag fungeer om Britse onderdane te verhoor nie en geen Britse onderdaan sou vanuit die hawes na 'n ander plek mag gestuur word om daar verhoor of gevange gehou te word nie. Wat arres betref, het die militêre ook nie sulke uitgebreide magte besit as elders nie.

Verder is besluit dat 'n raad in die lewe sal geroep word om alle klagtes in verband met die administrasie van krygswet in die hele Kaapkolonie te hoor - geldelike sake uitgeslote. Die Raad het bestaan uit drie lede genomineer deur die Goeweneur, die Eerste Minister en die Offisier wat bevel voer oor die Kaapkolonie. Die Raad moes sy bevindinge voor laasgenoemde offisier lê.

Hierdie Raad is op 14 Oktober ingestel en het dadelik sy werksaamhede aanvaar.

In Desember 1901 is besluit om aanmerklike veranderinge te maak in verband met die administrasie van Krygswet. Die betrekking van Distrikskommandant is op 1 Desember afgeskaf. In plaas van die Distrikskommandant is nou 'n administrateur aangestel oor 'n sekere area en hierdie persoon moes nie op aktiewe militêre diens wees nie. Tot hiertoe het die distrikskommandante ook nog militêre bevel gevoer. Die nuwe Administrateur van krygswet is bygestaan deur die Resident Magistraat as sy assistent en deur 'n staf. Die diskresie wat vroeër aan Distrikskommandante oorgelaat was, het oorgegaan op die Administrateur alleen wat dan sy bevele aan sy ondergeskiktes kon gee. Ook was dit die plig van die Administrateur om gedurig heen en weer deur sy distrikte te reis ten einde eerstehandse kennis op te doen aangaande die toestande.[1]

Van boere is geverg dat hulle dadelik sou rapporteer as die vyand in hulle buurte is, en selfs as hulle nog aankom na

1 Cd 981, 1902 XVI

die plaas. Ook is hulle gewaasku dat 'n houding van neutraliteit geheel onverenigbaar is met lojaliteit en so'n houding sou hulle strafbaar maak onder krygswet-regulasies.[1]

Gedurende die tweede inval het dit nie net gebly by opeising van diere en ander eiendom wat die militêre nodig gehad het nie. Die militêre het heel dikwels uit Engeland sowel as uit die Kaapkolonie die verwyt moes aanhoor, dat daarvoor moes gesorg gewees het dat die invallers nie so maklik lewensbehoeftes asook vars perde kon in hande kry nie. Engelse blaaie het met 'n voorstel gekom dat die militêre alle perde in die Kolonie wat enigsins bruikbaar kon wees moes kommandeer, sodat dit nie in hande van die vyand val nie. Boere het dan ook kennis gekry dat elke bruikbare perd of muil moes ingelewer word; die wat in gebreke bly, sou gestraf word. Hierdie perde is in groot kampe bymekaar gebring in plekke wat goed verdedig was.[2]

Die dele van die Kolonie wat binne die kring van krygsoperasies geval het, het nog heelwat meer te ly gehad. In sulke dele kon die Administrateur die boere belet om te saai en te plant. Dit was nodig omdat sulke bewerkte lande soms handig in gekom het vir die invallers, as hulle die perde weer wil laat opknap. In sommige distrikte was bewerking van die grond geheel en al verbied; in andere was dit wel toegelaat op 'n klein skaal, gewoonlik onder beskerming van troepe terwyl distrikte wat gelukkig genoeg was om slegs by uitsondering 'n besoek van die Boere-kommando's te kry, meer vryheid in hierdie opsig toegestaan is.

Verder is ~~geen huisgesin~~ in die meeste distrikte geen huisgesin toegelaat om meer kos en klere in voorraad te hou as wat vir sewe tot viertien dae kon hou nie. Die orige moes na die

~~Lmtd MSS~~, ~~No. 14~~

1. Cd 1423 No 14
2. Ibid

dorpe vervoer word waar dit kon beskerm word. Reëlings moes getref word, sodat al die huisgesinne van 'n besondere veldkornetskap op dieselfde dag van die week kon voorsien word. Baie huisgesinne wat bang was vir gebrek het dit gewaag om voorrade te verberg en dit het hulle soms in groot moeilikhede gebring.

Perdevoer is dadelik deur die Goewernement opgekoop terwyl koring, gars en mielies in die dorpe gestoor is op koste van die eienaar. Waar die vyand so digby is, dat dit onmoontlik is om voorrade in te bring dorp toe, moes sulke voorrade vernietig word.

Behalwe al die bogenoemde was dit ook verbode om enige soort rytuig tot 'n fiets toe, aan te hou en eweneens moes alle perdetoewe, perdespykers en alles wat die Boere-kommando's van diens kon wees, na die dorpe gebring word.

In dele wat nie gereeld deur die kommando's besoek word nie is dit aan plattelandse winkeliers toegestaan om beperkte hoeveelhede benodigdhede in voorraad te hou op voorwaarde, dat dit dadelik sou ingebring word wanneer die vyand naderkom, of sou vernietig word as die kommando te onverwags verskyn. Onder dieselfde voorwaardes kon boere in sommige distrikte ook meer voorrade aan koswaare in huis hou.

Verder het die regulasies wat plaaslik opgetrek is, baie verskil in die verskillende distrikte. In die meeste was dit verbied om sekere koerante en tydskrifte in huis te hou. So bevoorbeeld is op 29 April, 1901 'n kennisgewing in die Paarl uitgevaardig wat die volgende blaaie ens. in die distrik verbied; Ons Land, Ons Weekblad, South African News, Onze Courant, Het Oosten, Middelandsche Africander, Truth Reynolds Newspapers, Review of Reviews, Weekly Freeman, With the Boer Forces by Howard Hillegas en vyf Hollandse en Duitse blaaie.

1. Cd. 1423 No 14.

In sommige ander distrikte is, nog meer die bostaande bl die en tydskrifte ~~ook nog~~ verbied.[1]

Teen die end van Julie,1901 is 'n algemene verbod geplaas in distrikte onder krygswet, op die sirkulasie van enige koerant of tydskrif voordat dit drie weke oud was.[2] Die doel was om te verhoed dat informasie die Boere-kommando's bereik .

Die "Midland News" gee gevalle aan van berigte wat in 'n bepaalde distrik deur die sensor geskraap word, maar die volgende dag is dieselfde nuus versprei deurdat die sensor van 'n ander dorp dit deurgelaat het of deurdat 'n blad wat nie aan sensuur onderworpe was nie, sodanige berig daar gebring het. Vir 'n tyd egter skyn dit of die verbod op sirkulasie van koerante verskillend gelees was deur die outoriteite in verskillende distrikte want in sommige distrikte het die sirkulasie nog vrylik aangegaan; in andere was feitlik 'n algehele verbod en in nog andere distrikte is sekere bevoorregte persone toegelaat om hulle koerante te ontvang.[3] Later is egter strenger opgetree in heirdie verband, want die Bevelvoerende Offisier oor die Kaapkolonie het die spoorweg-outoriteite genader om toe te sien dat die verbod op nuusblaaie gehandhaaf word.[4]

Natuurlik het hierdie onderdrukking van nuus 'n vrugbare veld gelewer vir die verspreiding van enige soort gerug, dog ook hier het die militêre ~~outoriteit~~ overheid ingetree en belet dat enige persoon enige onoutoriseerde berig, waar of onwaar, sou versprei en elke persoon wat so'n berig oor-vertel is ook strafbaar . Outoriseerde berigte is net die wat deur die sensor deurgelaat is en wat dus al ~~net~~ meer drie weke oud wees.

1. South African News, 27 Feb 1901
2. Midland News , 29 Julie 1901
3. Ibid
4. South African News, 11 Sept. 1901

Ten einde kontrole te hê oor elke inwoner van 'n distrik waar die Boere kommando's gereeld 'n besoek afgelê het, is 'n vorm van elke huis deur gehaal en daarop was die name van al die huisgenote met 'n beskrywing van elke persoon. As 'n patrollie by so'n huis aandoen, kon hulle enig iemand wat nie daar tuis hoort nie arresteer en so ook moes gehandel word met elke persoon wat afwesig was en nie 'n bevredigende rede kon gee nie. So iemand was dan as rebel beskou[1].

Die outoriteite het hierdie maatreël nodig gevind omdat hulle daarvan seker was, dat koloniale boere die vyand vir 'n tyd as gids dien or selfs werklik met die wapen behulpsaam was en dan net weer ongemerk weer na huis keer.

Verder is ook die plan gevolg om boere wat onder verdenking is, na die dorp te laat kom om daar te woon totdat die kommando's weer verweg was, en as die outoriteite dit nodig gevind het kon hulle 'n persoon eenvoudig uit die distrik verban sonder om enige oortreding teen hom te bewys. So'n persoon moes dan in 'n dorp gaan woon, wat ver was van die krygeverrigtinge en moes vir sy eie losies betaal. As hy te arm is word hy op koste van die publiek gehuisves.

Om enigsins die atmosfeer van die tyd te asem en om werklik 'n insig te kry in die werking van die krygswet in 1901 en 1902, kan ons nie volstaan met 'n oorsig van die regulasies nie. Dit is nodig om dieper te delf en die beste uitweg sal wees om weer, soos by die behandeling van krygswet gedurende die eerste paar maande van die oorlog, tipiese gevalle op te noem en die lotgevalle van sulke persone in kort na te gaan. Met voorbeelde kan boekdele gevul word.

Die saak van M.J. Pretorius L.W. R. is voor die Parlement gewees en 'n gekose Kommittee moes ondersoek instel.

1 Times Hist vl bl 566

daar was bewyse gelewer dat hy ~~lojaal~~ mi alleen geoly het nie, maar dat hy selfs ander afgeraai het om te rebelleer. Nogtans was hy onder verdenking en sy agterplaas is omgegrawe omdat daar wapens en ammunisie sou begrawe wees; dog niks is gevind nie. Hy is gelas om hom driemaal per dag te rapporteer en was verbied om 'n telegram aan die Prokureur-Generaal te stuur. Ook is hy beveel om saam met ander leidende publieke persone die teregstelling van F.A. Marais op 10 Julie, 1901 in Middelburg by te woon. Hoe hy ook al versoek het om verskoon te word, ~~is hom~~ telkens is laat weet deur komdt. Maurice dat hy die gevolge sou moes staan as hy nie opdaag nie. Hy moes niks teldaat en niks te vroeg daar wees nie of dit sou beskou word dat hy in gebreke geoly het. Die akelige skouspel moes hy dus maar aanskou en daarna is hy uitgejou deur die gewapende troepe wat by die teregstelling teenwoordig was.

Op 10 September , 1901 is Mnr Pretoruis na Port Alfred verban saam met nog 30 of 40 ander "ongewenstes". By genl. French het hy ook probeer sy reg verkry, maar te vergeefs. Daar was beëdigde verklarings teen hom, waarvan hy die inhoud nie kon te hore kom nie; ook het hy nooit geweet wie die verklarings afgelê het nie .

In Port Alfred moes hy op eie koste in 'n hotel woon en moes hom drie maal per dag rapporteer. Hy skryf na die Eerste Minister op 10 Oktober en ontvang antwoord dat sy klagtes na die "Martial Law Board" verwys is, aangesien genoemde Raad in die lewe geroep is uitsluitend met die doel om sake van die aard te ondersoek. Niks is egter van die Raad gehoor nie en op 11 Desember skryf Mnr. Pretoruis direk na die Raad. Hierdie liggaam antwoord dat hulle na die Bevelvoerende Offisier refereer het en dit blyk dat hy beskuldig word dat hy perde se ouderdom verkeerd opgegee het en dat van sy perde na die vasgestelde datum ingekom het.

Dadelik antwoord beskuldigde deur aan te toon dat die beskuldigings van alle grond ontbloot is, maar dat hy gewillig is om hom teen enige aanklag te verdedig. Die Raad antwoord ee rs op 29 Julie, 1902, twee maande na vrede en toe Mnr. Pretoruis reeds veertien dae van te vore toegelaat is om na huis te keer. Die antwoord was dat hulle ondersoek ingestel het maar nie daarin geslaag het om die feite wat betrekking het op sy veroordeling op te helder nie. Hulle sou dus nie verder met die saak voortgaan nie.

Natuurlik kon die Gekose Komittee nie anders as om te verklaar dat hulle dit betreur dat die "Martial Law Board" in die saak ver te kort geskiet het in hul plig nl om lojale onderdane teen onreg te beskerm.[1]

So was daar die saak van J H. Schoeman L. W. V. van Oudtshoorn wat ook deur 'n Gekose Komittee ondersoek is. Mnr. Schoeman was drie maande in die tronk voordat die beskuldiging aan hom bekend gemaak is en hy was gevonnis tot ses maande harde arbeid en betaling van £500 boete. Later is die vonnis verseg tot een maand harde arbeid en vyf maande gevangenisstraf met die boete.

Die Gekose Komittee het Mnr. Schoeman onskuldig gevind en verklaar dat hy 'n grieweende onreg gely het. Hulle het die hoop uitgespreek dat dit moontlik sou wees om die boete terug te betaal (tot hierdie stap is oorgegaan in 1903).[2]

Heelwat voorbeelde van harde en onregverdige behandeling word deur MacNarness gegee in 'n pamflet - Lifting the Veil in Cape Colony - . Daarin kom voor ook die bekende geval van D.F. Marais wat later gegaan het tot die Geheime Raad. Teen die middel van Augustus 1901 is Marais en sowat ag andere, waaronder T. Louw, 'n man van oor die sewentig jaar in die

1. Report Select Committees (Wetgewende Raad) - 1902.
2 Ibid (Wetgewende Vergadering), A 3, 1902.
3. Hansard 1903 bl.606
4. Rex vs. Marais - Supreme Court Reports Dec 18 bl.301 - 6 Sept, 12 Sept. 1901

Paarl arresteer. Die gevangenes was nie toegelaat om vriende te sien of regsadvies in te win nie. Hulle prokureur in Kaapstad het nie daarin geslaag om die Kommandant te sien te kry nie. Om tienuur een nag het 'n offisier die tronk binnegekom en vyf van die prisoniers gelas om saam met hom te vertrek na Beaufort-Wes, alwaar hulle in die gemene gevangenis geplaas is. Nege dae daarna het D.F Marais, een van die gevangenes en 'n prokureur van die Paarl, 'n versoek na die Kommandant deurgestuur, ~~xxxxxxxxxxxxxx~~ om die klag teen hulle te wete te kom, dog hy ontvang 'n kort antwoord waarin die Kommandant weier om hom te sien of enigiets te sê. Ook is weer 'n applikasie van hulle Prokureur in Beaufort-Wes om die gevangenes te sien, van die hand gewys. Die Kaapstadse prokureurs het ook 'n applikasie ingestuur maar na genl. Wynne in Kaapstad om te wete te kom wat die klag teen die prisoniers is, wanneer hulle sal verhoor word en wanneer die prokureurs hulle mag sien, maar ook sonder ~~te~~ gevolg,

Op 6 Spetember is 'n petisie by die Hooggeregshof ingedien vir die vrysetting van Marais. Die getuienis van genl. Wynne was onder andere, "There are military reasons why the petitioner and others should be remanded and kept in custody... owing to military exigencies I am not prepared to state at present what charges there are against the petitioner and others."

Die hof het daarop die bewaarder in Beaufort-Wes opgeroep om te verklaar volgens watter opdrag hy die prisoniers gevangehou. Die antwoord was dat hy handel op 'n lasbrief uitgevaardig deur die Kommandant van Beaufort-Wes ~~xx~~ op 8 September (drie weke na arres) en die petisionaris word beskuldig dat hy krygswet regulasies oortree het.

Hierop het die hof geweier om verder op die saak in te gaan op grond dat Marais in militêre bewaring is in 'n

proklameerde distrik en dat die siviele hof nie die mag het om in te gryp nie.

Dit was vermiet dat Morris se regsgeleerde daarop gewys het dat die Rondgaande Hof ononderbroke sittings hou en oor veertien dae in die Paarl sou sit waarvandaan Morris kom. Die ander prisoniers wat in die Paarl agter gebly het is 'n paar dae voor die Rondgaande Hof daar sou sit, losgelaat en volgends die persberigte moes hulle eers 'n dokument teken dat hulle geen stappe sou neem teen die Imperiale Goewernment vir skade of onwettige arres nie.[1]

Ander publieke persone wat ook in die tronk gesit het van wie die seke heelwat aandag getrek het, was adv. F.S. Malan, Redakteur van "Ons Land" en Mnr Cartwright, Redakteur van die "South African News". Laasgenoemde is beskuldig dat hy 'n lasterlike en opruiende artikel geskrywe het. Die artikel (24 Nov. 1900) het uittreksels bevat van briewe uit Heidelberg, Transvaal waarin beweer is dat 'n sekere Britse generaal vroue en kinders met geweer en kanon beskiet het. Die artikel is oorgeneem deur die "Worcester Advertiser" en deur "Het Oosten" (Somerset-Oos) en daarvoor het die twee Redakteurs van laasgenoemde blaasie, De Jongh en Vosloo onderskeidelik nog voor adv, Malan agter slot gesit. Laasgenoemde kon nie met die skrywers van die briewe in aanraking kom nie omdat hulle in Natal in 'n konsentrasiekamp gesit het en onder beheer was van die Militêre. "Die Prokureur-Generaal wou my hierin nie help nie tensy ek eers wou verklaar of ek die waarheid van die bewering in die brief teen die Generaal gemaak, as verdediging sou pleit. En hoe kon ek sê wat my verdediging sou wees voordat ek met my getuie in aanraking was? Toe my saak voorgekom het, het ek aan die regter gevra om die verhoor

1 Cape Times, { 11 Sept. 1901 ; 18 Sept 1901 } South African News, { 1901, 11 Sept , 18 Sept , 25 Sept }

uitstel totdat ek my getuie gesien het. Hierdie aanvraag is egter geweier. Die verhoor het plaasgevind met die gevolg dat ek op 'n aanklag van seditsieuse en kriminele laster skuldig gevind en tot twaalf maande tronkstraf veroordeel is."

Mnr. Cartwright van die "South African News" is oor 'n soortgelyke artikel ook met twaalf maande tronkstraf gevonnis. Dit was in verband met 'n brief wat reeds in die blaaie in Engeland opgeneem gewees het en waarin beweer is dat Lord Kitchener 'n bevel gestuur het aan genl. Knox om geen prisonier te neem waar hy die burgers onder die Vet vasgekeer gehad het tussen die Oranje- en die Caledon-rivier.[1] Die enigste kommentaar wat Cartwright daarop gemaak het was vervat in die opskrifte bokant die brief.

Maar dis nie net publieke persone wat in sulke hagelike toestande geplaas was nie. Daar is die talryke onbekendes wat dit moes ontgeld en soms vir niksbeduidende sakies. So bv. is Arthur Daniell op 30 April,1900 voor die hof beskuldig dat hy die volgende woorde gebesig het " The war is over, peace is declared and it is a - - imposition of the military to hamper the movements of the public."[10] In sy verdediging het Daniell verklaar dat hy sy humeur vir 'n oomblik verloor het, maar toe hy dit ingesien het, het hy dadelik die offisier tot wie die woorde gerig was om verskoning gevra en hy het gedink dit is die einde van die saak.

Die Onder-administrateur - en hy was 'n magistraat - voor wie die saak gedien het, was van mening dat beskuldigde refleksies op die militêre goewerment van die land gewerp het, en 'n apologie aan die offisier tot wie die woorde gerig was , sou dus nie genoeg wees nie. 'n Vonnis van 24 of veertien dae egter slot moes opgelê word.[1]

1 Albert Times 9 Mei 1902

10@ Die Oorlog was nie oor nie.

Iets erger het egter op Meraisburg plaasgevind . Op 11 September, 1901 is 'n sekere Mev. Brooks en nege jong meisies voor die hof gebring in verband met 'n besoek van die vyand aan genoemde dorpie. Dit blyk dat toe die kommando die dorp in gekom het, die mense in groot getalle na buite gegaan het om te sien wat aan gaan; 'n hele aantal van die rebelle was bekendes op Meraisburg en het familiebetrekkings daar gehad . Die bakkery van Mev. Brooks is deur Boere onder wie ook van haar bloedverwante was in beslag geneem en hulle het geneem soveel as hulle wou. Sy het 'n boodskap aan die magistraat gestuur maar die was reeds prisoneer en kon niks doen nie. Mev. Brooks is later beskuldig dat sy die vyand gehelp het deur hulle vrywilliglik van benodighede te voorsien en is op verklarings van haar meid ten effekte dat die nooi glamnie kwaad was vir die Boere nie, skuldig bevind.

Die nege meisies het saam met lede van die Kommando op die Markplein gestaan en een van hulle het die Vierkleur wat deur die kommando die dorp ingebring is, in haar hande geneem. Die Volkslied is gesing, maar die vervolging kon nie vasstel of die meisies saam met die burgers gesing het nie. 'n Deel van die getuienis strek daartoe om vas te stel of die meisies onder as hulle broers gesoen het.

Die magistraat se opsomming was dat die bende wat Meraisburg ingeneem het, almal rebelle, diewe en moordenaars was; sommige van hulle is reeds gevang en opgehang. Dis die mense wat deur die beskuldiges so'n warme ontvangs gehad het en wat gehelp en aangehits is in hulle wandade. Beskuldigdes het op die Merktafels gestaan en die Volkslied gesing en hulle het die Transvaalse vlag gewaai. Persoonlik dink hy is dit 'n geval vir 'n militêre hof, veral die van Mev.

Brooks . Die swaarste straf wat hy mag oplê is veels te lig en skyn slegs 'n nominele straf te wees.

Twee van die meisies is ontslaan maar die ander sewe waarvan een vyftien jaar was, twee sestien, drie sewentien en een negentien, is saam met Mev. Brooks gevonnis tot 30 dae tronkstraf.[1]

Waar 'n Kommandant 'n taktvolle man was wat sy werk verstaan, was daar min moeilikheid en as so'n Kommandant weg gaan word vir hom 'n afskeidsgeselligheid gegee. Maar dan kom die opvolger en binne 'n paar dae is almal in die buurte behalwe miskien 'n paar gunstelinge met opgekropte verontwaardiging vervul en moet by die respektabele persone die grootste vernedering ondergaan wanneer die buffelagtigheid van 'n Kommandant wie se dienste op die oorlogsveld nie kan gemis word. So bv was dr. Reynecke van Ceres, volgens MacKarness op vriendskaplike voet met drie vorige Kommandante, maar toe die Australiesie Offisier Fraser die bevel oor die distrik kry moes Reynecke dadelik as 'n ongewenste beskou word .

Dit word gesê dat Fraser almal wou dwing om by die Dorpswagte aan te sluit. Handelaars wat weier word belet om verdere besigheid te doen. Ongewenstes is na Kitjesfontein gestuur waar soms tot nege in 'n tent in die bloedige hitte moes bly terwyl elkeen 5/- per maand vir die tent moes betaal en 2/- per dag vir rou kos. Vier maal op 'n dag moes ongewenstes hulleself rapporteer.[2] (Paragraaf) So was daar ook in Somerset Oos geen noemenswaardige vrywing onder die administrasie van Keeton. Hy was 'n Engelse boer in die Kolonie en het die mense verstaan. Maar 'n paar dae na Schenk hom vervang het het hy dit nodig gevind om sowat twintig ongewenstes sonder verhoor na Port Alfred te stuur. Hulle moes op eie koste reis en op eie koste daar woon. Die aanstelling van

1 Midland News 1 Sept 1901
2. MacKarness "Lifting the Veil in Cape Colony", bl 10

Llewellyn het eerder nog die posisie vererg. Sowat vyftig welgestelde boere moes in die dorp gaan woon en 'n aantal wat geweier het om by die dorpswag aan te sluit, moes bome omkap in die dorpsgrond van die môre tot die aand onder toesig van gewapende soldate. Llewellyn het ook 45 Hollandsprekendes in die Ned Ger Kerk opgesluit en verder het hy hom bemoei met allerlei sake wat nie met sy werk te doen gehad het nie, so meld Mackarness.

Op 24 April het Lord Stanley op 'n vraag in die Britse Parlement geantwoord dat " Officers in charge of districts are selected from the experienced senior officers available[1]". Dog Mackarness lewer bewyse dat dit nie die geval was nie. Tereg sê hy dat dit nie die skuld van 'n Kommandant is as hy geen sukses maak van so'n delikate taak wat hom opgelê is en waarvoor hy nie geskik is nie; dis die skuld van die outoriteite wat in hierdie geval besonder versigtig moes gewees het met aanstellings.

'n Oorsaak van baie bitterheid was die metodes wat soms gebruik is om getuienis teen sekere persone in te win. Daar is reeds melding gemaak van die handbiljette en kennisgewings in koerante dat van £1 tot £10 sou betaal word vir getuienis wat lei om dislojaliteit aan die kaak te stel; ook van die gebruik om vrae te stel aan die bediendes of die baas nie so of so gesê het nie, om op die manier getuienis in te win. (Soms het dit heel erger gegaan. Die volgende voorbeelde gooi lig op die manier waarop beëdigde verklarings soms verkry is. Dis voorbeelde wat in die betrokke Raad ter sprake gekom het.

'n Sekere Paul Michau van Cradock distrik wat ook op die Distriksbestuur van die Afrikaner Bond gedien het was as 'n ongewenste van Cradock na Port Alfred gestuur sonder enige

1. Imperiale Hansard 1902. Band 106 bl. 1176
2. ~~Kaapse Hansard 1902 bl.~~

Ook was dit soms die gebruik om van die gevangenes beëdigde verklarings af te pers, waardeur invloedryke persone kon in die tronk gebring word. Sekere Steenberg en Meintjies is o.a. vir hierdie werk gebruik. So was daar onder meer die geval in die Graaff-Reinetse tronk waar aan P.J. Wolfaardt, die veroordeelde rebel, beloof is dat sy lewe sou gespaar bly, indien hy beëdigde verklarings teen sekere Bondslede sou aflê. 'n Paar uur voor die vonnis op Middelburg voltrek is, het die gevangene N.F. de Waal L.W.V. laat roep en in teenwoordigheid van mevr. Wolfaardt die voorval aan hom meegedeel.[1]

Uiters ongelukkig is die behandeling van die publiek wanneer 'n doodvonnis oor 'n rebel moes ~~bekendgemaak~~ uitgespreek of voltrek word. By so 'n geleentheid kry 'n heel aantal ingesetenes van die dorp persoonlik kennis om op die minuut op 'n aangegewe tyd op die markplein teenwoordig te wees. Dan word die veroordeelde na die toneel gebring, soldate omring die skare wat ontbied is en die vonnis word afgelees deur die Kommandant en deur 'n tolk. Daarna word die veroordeeldes weggelei en die skare kry verlof om uiteen te gaan. As die galgdood toegepas word, word die publiek weer op dieselfde wyse gedwing om teenwoordig te wees en om die verrigtinge van begin tot end te aanskou. Dit het bv. gebeur op Middelburg, Cradock, Burgersdorp en Somerset-Oos. Ook op 'n paar ander plekke was die publiek by teregstellings teenwoordig maar tot nogtoe is nie vasgestel of dit ook onder dwang geskied het nie.

Dit skyn egter of die publiek nie opgeroep was wanneer die veroordeelde sy lewe voor die geweerlope moes aflê nie.

Verder kom dit voor of die soldate die veroordeeldes in die reël met simpatie behandel het, alhoewel hulle soms lede van die publiek uitgejou het. Volgens informasie aan Jordaan verstrek, het die Kommandant in een geval 'n jongman wat sy hoed oor sy oë getrek het om nie die luik te sien val nie, die hoed van die kop geslaan en gewaarsku om goed op te let. Ons weet egter uit ander bronne dat hierdie bepaalde Kommandant, Llewellyn, een van die grootste tiranne was en die geval sal seker nie as tipies kan beskou word nie.

1. Hansard 1902, bl. 64 ; 2. Select Comm. (W.R.), 1902, geval Pretoria

man van ontrent twee en twintig jaar, die zyn hoed even xxxx over zyn ogen nad getrokken, als wilde hy het skouwspel niet aanschouwen. Deze sloeg hy de hoed van het hoofd en waarschuwde hem goed te zien. Hierop kwam de peul met Claassen binnen, ging de trappen op en spoedig was hy niet meer."

Uit die honderde rebelle wat tot die dood veroordeel was het Lord Kitchener die vonnis van slegs 33 bekragtig. Die voltrekking van die vonnisse het byna almal in 1901 plaasgevind en wel vanaf Maart. Dis Om toekomstige rebelle af te skrik dat die inwoners van die dorp waar die eksekusies plaasvind het, gewoonlik gedwing was om by te staan wanneer die vonnis oor 'n ongelukkige voltrek word. [1] "Dis te hope" se die Midland News "dat die verslag van vedere teregstellings op Graaff Reinet wat in vandag se uitgawe gepubliseer word, ter harte sal geneem word ..... die wat nog veg moet besef dat afgesien van die moontlikheid om op die slagveld om te kom, hulle ook in gevaar staan om tot die dood veroordeel te word vir hoogverraad".

Wat betref die prosedure gevolg in die howe, kan op oneindig vele onreëlmatighede gewys word, waar die howe nie gehandel het volgens die voorgeskrewe prosedure nie. In baie gevalle is selfs nie 'n verslag gehou van die getuienis nie. MacKarness vertel dat uit negentig gevalle wat hy van weet, 'n verslag slegs gehou is in die geval van dertig. [2] Selfs wanneer 'n verslag gehou is van die getuienis het die skrywer in baie gevalle alleen geweet wat op papier kom, omdat die getuienis nie in die hof voorgelees word nie.

Beide in die Kaapkolonie en in Engeland is druk uitgeoefen op die Regerings om 'n dergelike ondersoek te laat instel in verband met die administrasie van krygswet in Suid-Afrika. Daar was wel die Martial Law Board by wie klagtes kon ingedien word maar die magte van hierdie liggaam was baie beperk en ons het alreeds voorbeelde gegee van die manier waarop hierdie

1. Midland News 27 Aug. 1901
2. MacKarness "Lifting the Veil in the Cape Colony" bl 30

Die werk van MacKarness is wel geskrywe in die hitte van die Stryd + was bedoel om in pamflet-vorm verspreid te word deur die Verenigingskomitee, maar dis heel duidelik dat die skrywer sy bes gedoen het om die ware feite te weet te kom.

Tydsaan het meestal versamel die briewe wat familielede tekkinge van die veroordeeldes in hulle besit gehad het en hy het hom tot in groot mate ontlom van opmerkings te maak.

liggaam met klagtes gehandel het en dit kan veilig gesê word dat die Raad ver te kort geskiet het in sy pligte.

Die Imperiale Regering het op 2 Aug. 1902 'n Koninklike Kommissie aangestel bestaande uit die Hoof-Regter van Engeland, nog 'n Regter en 'n Majoor-Generaal. Hierdie Kommissie moes egter net onuitgedienende vonnisse nagaan. Tussen 26 Aug en 8 Okt. het die Kommissie sy sittings gehou in Kaapstad, Kimberley, Johannesburg, Pretoria en Pietermaritzburg, en het rapport uitgekom op 28 Okt.

Van die 794 gevalle wat deur die Koninklike Kommissie ondersoek is sorteer ongeveer 700 onder die Kaapkolonie. Van hierdie was oor die 300 gevalle waar die doodstraf oorspronkelik opgelê was tussen Januarie 1901 en Julie 1902 maar waar die bekragtigde vonnis 'n versagting was, dikwels tot lewenslange tronkstraf en in sommige gevalle tot boetes.

PHILIP.

Die Kommissie het bevind dat in sommige gevalle is persone onskuldig bevind en in gevalle het die aanbeveling gemaak dat die vonnis verander moet word tot lewenslange tronkstraf ; in meeste gevalle is lewensstraf is in sekere gevalle verander tot twee of drie jaar tronkstraf. Die Kommissie onmiddelike lo[s]laat het. In sommige gevalle het die bekragtigde vonnis twintig jaar gewees.

Please xerox contents page & spine of this thesis

Dis duidelik dat hier 'n bevrediging gegee het nie gegrond was. Behalwe die onuitgedienende vonnisse wat nagegaan het was daar die gevalle wat op eie versoek gevra het . Derhalwe het die [illegible]

1.Cd 1364 1902 Ref. IV

maar soos ons sal sien het dit slegs by 'n belofte gebly.

By die siviele howe het 'n persoon in die reël te vergeefs sy reg gaan soek omdat die Kaapse Hooggeregshof soos reeds gemeld in die geval van Marais, beslis het dat die siviele howe nie kan ingryp in die sake van die militere waar 'n distrik onder krygswet staan nie.

Marais het selfs by die Geheime Raad aangeskeer om spesiale verlof te verkry om na genoemde liggaam appel aan te teken(T heir Loraships were appealed to, to give special leave to appeal)[1].

Die uitspraak van die Regskommissie van die Geheime Raad was as volg:" They are of opinion that where actual war is raging , acts done by the military are not justiciable by the ordinary tribunals and that war in this case was actually raging"[2] verder gaan die Regskommissie voort deur te verklaar dat krygswet afgekondig was oor die distrik waar petisionaris gearresteer is sowel as in die distrik waar hy in bewaring gehou is, die feit dat vir sekere doeleindes die siviele howe toe gelaat was om hulle gewone gang te gaan, is vir die Lords nie afdoende bewys dat oorlog nie in swang was nie. Volgens hulle het geen twyfel ooit bestaan dat waar werklik oorlog in swang is nie die gewone howe geen jurisdiksie oor die militêre outoriteite besit nie . O ngetwyfeld is daar twyfelagtige gevalle waar die feit van 'n opstand of 'n toestand van rebellie nie buite twyfel vasgestel is nie; daar mag twyfel bestaan of " mere riot or disturbance, neither so serious nor so extensive as really to amount to war at all" nie met onnodige strenghei d behandel is nie , en or dit noodsakelik was in so'n geval vir die militêre om op te tree, maar sodra die feit van 'n werklike oorlog vasgestel is,is daar algemene eenstemmigheid dat die siviele howe nie die

1 Cape Times 13 Jan. 1902 .
2 Ibid

nie die beskikking van die militêre outoriteite kan toets nie. Die Petition of Right bied onkonstitusionele prosedure solank as 'n toestand van vrede heers.

Onder die omstandighede adviseer die Lords sy Majesteit om verlof vir appel na die Geheime Raad te weier.[1]

" It was an open secret at the time that the judicial Committee had not been unanimous".[2] Volgens die pas aangehaalde skrywer was die Hoofregter van die Kaap wat ook op die Komitee van die Geheime Raad gedien het, teen die bevinding en wel op grond dat oorlog nie in swang was in die gedeelte van die Kolonie waar Marais arresteer is nie. In alle geval moes die hof van de Villiers "loyally" aan die uitspraak hou.

Daar was dus nie veel kans dat 'n persoon sy reg kon gaan soek in die siviele howe nie.

Om nou te verhoed dat ons 'n uiterste weg inslaan en weghardloop met all moontlike griewe teen die militêre is dit nodig om op die volgende te let: toe die oorlog uitgebreek het was krygswet 'n noodsakelikheid. In die Britse leër was niemand wat deur opleiding of ondervinding bevoeg was om krygswet te administreer nie. 'n Kommandant word oor 'n distrik geplaas en die eerste waarvoor hy moet sorg is verdediging. In nege uit tien gevalle beroep hy 'n vergadering van die inwoners van die dorp om 'n dorpswag op te rig. Die meeste van die Hollands Afrikaners egter, vind dit onmoontlik om die wapen op te neem teen hulle eie bloedverwante in die Republieke en die Kommandant is genoodsaak om enige rekruut op te neem, wat gewillig is om onder hom te dien en in die reël beskou hy die neutraliteit van die Hollandssprekendes as dislojaliteit. Daarby kom nog dat so'n persoon die algemene opstand in sekere distrikte tydens die eerste inval aanskou het en hy sien daeliks hoe dat

1. Cape Times 13 Jan. 1902
2. Walker-Lord de Villiers bl. 387

persone nog by die vyand aansluit of die vyand op 'n ander manier help. Hou moet hy in sy distrik probeer onderskei tussen die lojale en disloyale persoon; hy moes bedenk of 'n man wat vandag lojaal is, dit môre nog sal wees as die vyand aan die poorte is. Hou kry so'n Kommandant informasie van mense wat hy self miskien as skurke ken en hy staan voor die keuse om die informasie in die wind te slaan en dan die gevaar te staan om as sake verkeerd loop deur die hoër outoriteite aangeklaag te word, of om op die skrale informasie, selfs uit so'n oren afkomstig, te handel.

Dan is dit nodig om in die oog te hou dat 'n geringe nalatigheid in tyd van oorlog baie ernstige gevolge kan hê. 'n Man verseuim miskien om op die vasgestelde datum sy perde na die dorp te bring; die Boere-Kommando's verskyn onverwags en neem die perde wat hulle tot groot diens kan wees en moontlik die middel kan wees dat hulle nie gevang word nie.

Daar is dus versagtende omstandighede vir die militêre en 'n straf vir 'n geringe oortreding mag veels te swaar skyn as ons dit nie beskou vanuit hulle stand-punt nie.

Nietteenstaande dit egter kan ons veilig sê dat baie van die Kommandante or van hulle ondergeskiktes enkel en alleen uit kwaadwilligheid in baie gevalle gehandel het.

Die militêre het hulle ook in baie gevalle ingelaat met skoolsake; 'n aantal onderwysers is deur hulle afgedank en sommige is gedeporteer wat die betrokke persone groot verliese laat ly het,[I] sonder dat hulle 'n geleentheid gehad het om hulleself te verdedig. Met een skoolkomitee is deur die militêre outoriteite ontslaan nl. die van Ceres. Die hele skoolstaf van genoemde dorp is afgedank, terwyl die Prinsipaal, Gericke en sy eerste Assistent Ackerman na Matjesfontein gedeporteer is. Die stemlys is hersien en 'n nuwe Komitee is gekies wat moes sorg vir 'n nuwe staf. Die Superintendent-Generaal het die nuwe aanstellings in belang van die onderwys goedgekeur.[2]

I Onderwysers was juis swakker betaal as ander amptenare.
2. Select Committees (Wetg. Verg.) 1902; Deel II. A II 1902. (E4).

Die volgende opsomming en verdere beskouings mag dien om die vernaamste feite in verband met die administrasie van krygswet vanaf die uitbreek van die oorlog, helder voor die leser te stel.

In die begin van die oorlog was die administrasie verward en besonder ergerlik; in die Britse leër was niemand wat opgelei was vir sō 'n taak nie. Inwoners van die noordelike distrikte het baie groot verliese gely, maar die formele vonnisse was oor die algemeen nie besonder swaar nie, aangesien die Regering van die dag 'n wakende oog oor die toestand gehou het. Deur die Spesiale Tribune Wet van 1900 is meeste van die belangrike sake uit die hande van die militêre howe geneem en die is deur die Spesiale Hof en deur siviele kommissarisse ondersoek. Vanaf April 1901 het militêre howe weer botoon gevoer en krygswet is baie strenger toegepas weens die twede inval. Die militêre howe deur lord Kitchener opgerig op 22 April 1901, het 828 gevalle voor hulle gehad.[1]

In Desember 1901 is die administrasie verander deur die aanstelling van Administrateurs van Krygswet. Magistrate het in die reël gedien as Onder-Administrateurs van Krygswet; daardeur het die siviele regspleging verward geraak in die militêre. Die magistraat het dus 'n tweeledige pos beklee: (1) as militêre en (2) as siviele amptenaar; soms het hy gesit in sy hoedanigheid as siviele amptenaar en in ander gevalle as Onder-Administrateur van Krygswet.

Hierdie reëling was ongetwyfeld 'n ongelukkige. Daar moet wel toegegee word dat die magistraat met sy kennis van plaaslike toestande en van die bewoners van die distrik, asook deur sy ondervinding van regspleging, baie kon bydra om die skrikbewind van krygswet te versag, dog die feit bly dat die regsgevoel van genoemde amptenare aanmerklik moes verstomp deur hulle optrede in belang van die militêre. 'n Mens staan ~~soms~~ verbaas om te sien

I Kaapse Hansard 1902 bl. 24

waartoe magistrate soms in staat gewees het. Hulle het gewoond geword aan onreëlmatige prosedure en veroordeling op onvoldoende getuienis en daarby was hulle in 'n totaal ondergeskikte posisie. Die Hoofregter van die Kolonie het hom dan ook onomwonde oor die saak uitgespreek. In sy opinie was dit onbillik om die magistrate in so 'n posisie te plaas en daarby was dit noodlottig vir die uitoefening van reg in die Kolonie.[1] Die toestand het egter bly bestaan tot die einde van die oorlog.

Oor die algemeen was die krygswet-regulasies billik, maar aangesien alles afgehang het van die diskresie van die persoon wat belas was met die administrasie daarvan, is dit nog nie 'n waarborg dat die bevolking billik behandel was nie. In baie gevalle was die behandeling so dat dit onnodige verbittering veroorsaak het en dis moontlik om slegs 'n floue beeld te gee van wat werklik verduur moes word.[2] Meer aandag moes bestee gewees het om geskikte persone te kry vir so 'n delikate taak.

Op 9 Okt. 1901 is die "Martial Law" board" ingestel en die Raad het in die lewe gebly tot 25 Julie 1902. Die doel was om onskuldige Britse onderdane teen onregverdige behandeling onder krygswet te beskerm, dog die Raad se magte was baie beperk en daarby het die liggaam ver te kort geskiet in die uitoefening van sy pligte. Meer as 500 gevalle is voor sy aandag gebring en slegs in die geval van sowat 46 is verligting gebring deur die bemoeiing van die Raad. 'n Groot aantal gevalle was buite sy mag en in verband met 219 sake is besluit om geen aanbevelings te doen nie.

'n Koninklike Kommissie is in Aug. 1902 aangestel maar die se opdrag was beperk tot onuitgediende vonnisse waarvan daar op die tydstip nog sowat sewehonderd was. Die Koloniale Regering het ook 'n ondersoek belowe, maar die is nooit toegestaan nie.

Uit die honderde rebelle wat tot die dood veroordeel geword

I Cape Argus 12 April 1902.
2 Die skrywer is goed bekend met 'n persoon wat 45 myl moes te voet aflê om vir 'n nietige sakie verhoor te word; waar alle perde ens. kommandeer was, was daar geen ander raad as om maar te voet dorp toe te gaan om verhoor te word.

het,het lord Kitchener die vonnis van 32 Britse onderdane bekragtig[1].

Dit kon die militêre owerheid nouliks kwalik geneem word dat hulle beslis enige van die rebelle wou ter dood bring om sodoende die uitbreiding van die rebellie te verhinder.Enkel vir hoogverraad kon hulle nie die doodstraf toedien nie,omdat die getalle wat van hoogverraad beskuldig gestaan het,te groot was. So 'n maatreël sou waarskynlik eerder die toestand vererg het, omdat dit 'n algemene opstand kon teweegbring onder 'n volk op wie skrikmaatreëls in die verlede die teenoorgestelde van die gevenste uitwerking gehad het;ook sou dit die rebelle wat nog in die veld was,waarsku om tot die dood toe te veg inplaas van oor te gee.Dog dis juis die soek na iets meer as hoogverraad en die beslissing van die howe op onvoldoende getuienis wat die verbittering teweeggebring het.Daardeur is die aandag afgetrek van die werklike oortreding,nl.hoogverraad,wat volgens die siviele wette ook met die dood kon gestraf word en die aandag is gevestig op die bygaande beskuldigings wat in baie gevalle ongegrond was en dus 'n algemene gevoel agtergelaat het dat onskuldig bloed gestort is.Die owerheid mag hulle verontskuldig deur te beweer dat hoogverraad reeds die dood regverdig en dat dit dus nie so groot saak maak of die bygaande beskuldigings ~~xxx~~ gegrond was of nie. Maar daar is die gevalle waar selfs die beskuldiging van hoogverraad een kans uit duisend het,soos in die geval van die twee ~~xxxxxxxxxxxx~~ Nienabers en Nieuwoudt wat op De Aar die lewe moes inskiet.[2]As daar nog drie voorbeelde nodig was,sou dit merklik gewees het om die te neem uit die getalle waar hoogverraad tenminste seker was;dog nou staan die monument in die kerkhof van Hanover as 'n ewigdurende herinnering aan onskuldig bloed.

Vrede is gesluit op 31 Mei 1902 en alle[3]

1 Een persoon, Hendrik ~~xxxxx~~ van Heerden is op summiere wyse gestraf; hy het slegs 7 minute gekry om hom vir die dood voor te berei en sy saak kon dus nie voor Kitchener gewees het vir bekragtiging nie.Sien Jordaan - "Hoe Zy Stierven bl.13.

2Jordaan - "Hoe Zy Stierven bl.17.

3.Proklamasies wat krygswet in die lewe roep is uitgevaardig: 16 Okt.1899;15 Nov.;15 Jan.1900;5 Maart;22 Maart; 20 Des.; 26 Des.;2 Jan.1901;7 Jan.;17 Jan.;9 Okt.

1a. Dat alle lyste in seker mus in die aand moet uitmaas.

het,het lord Kitchener die vonnis van 32 Britse onderdane bekragtig[I].

Dit kan die militêre owerheid nouliks kwalik geneem word dat hulle beslis enige van die rebelle wou ter dood bring om sodoende die uitbreiding van die rebellie te verhinder.Enkel vir hoogverraad kon hulle nie die doodstraf toedien nie,omdat die getalle wat van hoogverraad beskuldig gestaan het,te groot was. So 'n maatreël sou waarskynlik eerder die toestand vererg het, omdat dit 'n algemene opstand kon teweegbring onder 'n volk op wie skrikmaatreëls in die verlede die teenoorgestelde van die gewenste uitwerking gehad het;ook sou dit die rebelle wat nog in die veld was,waarsku om tot die dood toe te veg inplaas van oor te gee.Dog dis juis die soek na iets meer as hoogverraad en die beslissing van die howe op onvoldoende getuienis wat die verbittering teweeggebring het.Daardeur is die aandag afgetrek van die werklike oortreding,nl.hoogverraad,wat volgens die siviele wette ook met die dood kon gestraf word en die aandag is gevestig op die bygaande beskuldigings wat in baie gevalle ongegrond was en dus 'n algemene gevoel agtergelaat het dat onskuldig bloed gestort is..Die owerheid mag hulle verontskuldig deur te beweer dat hoogverraad reeds die dood regverdig en dat dit dus nie so groot saak maak of die bygaande beskuldigings ~~xxx~~ gegrond was of nie. Maar daar is die gevalle waar selfs die beskuldiging van hoogverraad een kans uit duisend het,soos in die geval van die twee ~~xxxxxxxxxxxxx~~ Lienabers en Lieuwoudt wat op De Aar die lewe moes inskiet.[2]As daar nog drie voorbeelde nodig was,sou dit moeilik gewees het om die te neem uit die getalle waar hoogverraad tenminste seker was;dog nou staan die monument in die kerkhof van Hanover as 'n ewigdurende herinnering aan onskuldig bloed.

Vrede is gesluit op 31 Mei 1902 en alhoewel daar verslapping van die regulasies in die praktyk plaasgevind het,was dit eers 'n maand daarna dat die in verband met ligte,randrois,voorrade ens.offisieel opgehef is.Krygswet het egter nog van krag gebly ~~xxx~~ in die Kolonie tot 16 Sept.1902.en toe is dit geheel opgehef.[3] In Natal het dit bly bestaan tot 4 Oktober en in die voormalige Republieke tot 19 November.

Die Koloniale koerante het een na die ander weer begin verskyn nog voor die algehele opheffing van krygswet. So bv. het "Ons Land" weer sy verskyning gemaak op 22 Julie. Sedert 8 Jan. van die vorige jaar was hierdie koerant die swye opgelê en in die tussentyd het hy verskyn onder die naam "Advertensieblad", sonder om kommentaar te lewer op oorlogsake:

"Na een stilzwygen van meer dan 18 donkere, kommervolle maanden verschynt 'De Zuid-Afrikaan verenigd met 'Ons Land' heden weder voor de eerste maal..... De beëindiging van den oorlog sluit een allerpynlikst en belangrykst hoofstuk in de Geschiedenis van geheel Zuid-Afrika .....

Wat zal de toekomst zyn? Is het te veel om te hopen, dat de verstandigen van welk ras zy ook mogen zyn, elkander beter zullen leeren verstaan en met behoudt van zelfrespekt op gelyken voet zullen zamenwerken voor de gemeenschappelyke en blyvende belangen van het Vereenigde Zuid-Afrika?"

HOOFSTUK VIII.

ORHEFFING VAN DIE GROONDWET EN VERDERE POLITIEKE GEBEURTENISSE.

Die 1900 sessie van die Kaapse Parlement was 'n onstuimige. Met die steun van 'n paar lede van die Afrikaner Party, het Sprigg 'n werkende meerderheid gehad maar die twee partye was feitlik ewe sterk. ~~en stap vir stap is~~ ~~die Wet van die Kaapse raad oor goedkeuring nooit~~ gewys ~~te wore en nooit daarna oortref is nie~~. In Oktober is die Parlement prorogeer; op 6 Desember het die Volkskongres in Worcester plaasgevind; op 15 des. het Hertzog en Kritzinger die Oranje gekruis en die tweede inval in die Kolonie was 'n volgedonge feit. Volgens die sienswyse van alle "loyalists" was dit 'n logiese volgorde van gebeurtenisse. Hulle het redeneer dat die Volkskongres die gevolg was van die heftige toesprake in die Parlement en dat die tweede inval 'n gevolg was van die Volkskongres.

Toe die tyd aanbreek vir die sessie van 1901, was die Kaapkolonie 'n toneel van onrus want Boere-kommando's het die land kruis en dwars deur getrek. Onder die omstandighede het Sprigg dit onmoontlik gevind om die Parlement byeen te roep ~~vir~~ vir die jaarlikse sessie. 'n Heel party setels was ook vakant en die landsomstandighede was sodanig dat menigeen van die ~~lede~~ lede nie die sitting sou kon bywoon nie. Die Eerste Minister het derhalwe die Goewerneur adviseer om die Parlement van tyd tot tyd te prorogeer en 1901 het verbygegaan sonder 'n sessie van die Parlement.

In die tussentyd was die konstitusie dus tot 'n groot mate reeds opgehef. Alle betalings wat uit die skatkis geskied het na dertig Junie, was onautoriseerd en het geskied in die vooruitsig dat dit later deur die wetgewende liggaam sou gewettig word.

Onder die omstandighede het sommige gemeen dat dit net 'n halwe stap sou wees na algehele opskorting van die grondwet.

Om tot die bodem van die beweging tot opheffing van die grondwet te peil is dit nodig om te onthou dat die ultra-Progressief 'n hekel gehad het, nie in vrystellings as sulks nie want dit sou te on-Brits wees, maar wel in die Kaapse Wetgewende Vergadering. Etlike uitbarstings van verantwoordelike persone staaf hierdie bewering. Vir die Ultra-Progressief het die Bond 'n ondraaglike juk geword. Of die Bond self 'n ministerie aan die bewind gehad het of nie, die organisasie het sy mag laat voel en enige Kaapse ministerie moes daarmee rekening hou en tot 'n groot mate kompromiteer Dit was te veel vir die Ultra-Progressief; derhalwe het hy sy heil gesoek in 'n redistribusie van setels, waardeur die stemkrag van die platteland met sy dun bevolking, sou verswak en die stede sterker verteenwoordiging in die wetgewende liggaam sou verkry. Het die stede, wat die vestings van die Progressiewe Party uitmaak, eers die hef in hande, dan kan Progressiewe maatreëls deurgedryf word en die posisie kan verbeter word deur die Britse element te versterk deur middel van Staats-ondersteunde immigrasie. Die Party het egter al gewanhoop aan die welslae van sulke maatreëls want die Bond het van krag tot krag steeds voortgegaan en is ook ondersteun geword deur die gematigde Britse Afrikaner Die rebellie van 1899, die val die Afrikaner-Ministerie in 1900 en die onreëlmatighede tydens die tweede inval in die Kolonie, het 'n kans gebied wat hom nie weer sou voordoen nie. Onder normale omstandighede sou dit absoluut ondenkbaar wees dat opheffing van die vrye instellings van 'n Britse kolonie kon beplei word met enige moontlikheid van sukses. Britse koloniale politiek het beslis afgestuur op

vrye instellings en so min inleting met die binnelandse sake van die selfregerende kolonies as moontlik. Die lesse van die verlede was te duur om dit gou te vergeet.

Vroeg egter in die oorlog was daar reeds sprake van 'n beweging met die doel om die grondwet van die Kolonie op te skort. So vroeg as 30 April ,1900 vind ons in die redaksie kolomme van die "Argus" die volgende :"Dit mag wees dat enige opofferings sal moet verduur word vir 'n tyd - ons verwag nie die drukbesproke terugtrekking van Verantwoordelike Bestuur nie - om die groot doel te bereik, maar ons is verseker dat die met plesier sal verduur word." In dieselfde artikel sê die oud:"Dit is 'n bietjie brutaal gestel , maar Suid Afrika sal moet gemaak word, 'n plek waar dit betaal om lojaal te wees vir die wat andersins sou getwyfel het "

Selfs Milner het in 1900 reeds by Chamberlain die noodsakelikheid van opskorting bepleit .

'n Weinig meer as 'n jaar na bostaande gesegde van die "Argus " is 'n petisie in Graaff Reinet opgetrek waarin aangedring word dat die konstusie van die Kaapkolonie sou opgehef word en ook Milner het tydens sy besoek aan Engeland in 1901 die saak weer toperde gebring. Die petisie van Graaff Reinet wat in Junie 1901 opgetrek is het egter nie noemenswaardige steun gekry nie . Dit is afgekeur selfs deur die Progressiewe Pers wat later met soveel gwer dieselfde maatreëls bepleit het. Selfs so laat as 1 Jan 1902 sê die "Cape Times " in sy hoof artikel waarmee die nuwe jaar ingelui word:" Ons moet ons politieke lewe hervat by die punt waar ons dit gelaat het ... ... ons het moeilikhede voor ons maar dit is ons eie moeilikhede, wat niemand behalwe onsself ewentueel kan oplos nie. Om hiervan weg te hardloop is lafhartig en on-Brits en verdien geen sukses nie ".

Nog in dieselfde maand kom Rhodes uit die Buiteland in Kaapstad aan. Hy spreek sy oortuiging in private kringe uit dat dit gebiedend noodsakelik is om die grondwet op te skort en onder sy beskerming is 'n vergadering gehou en 'n Komitee is aangestel om 'n petisie op te trek wat voor die Goewerneur sou gelê word . Hierdie petisie is geteken deur 42 Parlementslede . Sir Gordon Sprigg het egter na ryp beraad 'n hewige teëstand gebied en wou niks met die beweging te doen hê nie. Op 'n vergadering van die Waaksaamheids komitee waarvan hy Voorsitter was, is die petisie dan ook afgekeur.

Die beweging het 'n harde slag gekry deur die dood van Rhodes op 26 Maart en Sir Gordon Sprigg se determineerde teenstand het 'n aansienlike aantal Progressiewe aan sy kant gehou, terwyl sommige wat reeds op Rhodes se petisie geteken het, teruggedeins het.

Hier egter spring 'n nuwe Horatius in die bresse in die persoon van Lord Milner. Was dit nie vir sy sterk arm nie sou die beweging ongetwyfeld op hierdie tydstip in die stilte gesterwe het soos dit gebore is.

Vir Lord Milner was die voorgestelde maatreël besonder aantrekkelik. Dit sou die Kaapkolonie ook direk onder hom plaas en saam met die twee nuwe kolonies oorkant die Oranje ~~[illegible]~~ sou die ~~drie~~ Kolonies van nuuts af weer onder sy rekonstruksieplan kon opgroei en op die manier sou die gewenste federasie sonder moeite kon bewerkstellig word.

Toe Lord Milner dus sien dat die beweging geen skipbreuk ly, besluit hy om 'n vlugtige besoek aan Kaapstad af te lê teen die end van April, 1902. Daar het hy ' private onderhoud met verskeie persone gehad en die wankelmoediges het weer

vaste grond onder hulle voete gevoel.

Die bestuur van die Liga het twee afgevaardigdes, genl. Brabant en mnr. Lawrence opgedra om Lord Milner te ontmoet[1], en die onderhoud het plaas gevind op Dinsdag 28 April.

Die afgevaardigdes lê klem op die houding van Rhodes wat op die vergadering van Parlementslede verklaar het dat dit die opskorting slegs tydelik moes wees net om die Imperiale Goewerment 'n kans te gee om met die vraagstukke van redistribusie en indemniteit te handel en dat die konstitusie in dieselfde akte weer moes herstel word. Hulle was nie van plan om hulle onvoorwaardelik in die hande van die Imperiale Goewerment te stel nie; hulle wou voorwaardes hê en lê die volgende vrae voor Lord Milner na hulle hom verwys het na 'n memorandum wat adv. Sampson opgestel het in verband met dieselfde vraagstuk in Jamaica, die Leeward eilande en ander plekke: (1) Sal die Kolonie opgesaal word met 'n deel van die oorlogskuld? (2) Sal daar inlating wees met die fiskale beleid van die Kolonie? (3) Watter reëlings sal getref word in verband met binnelandse wetgewing? (4) Wie sal die land bestuur? (5) Sal krygswet van krag bly na die oorlog oor is? (6) Hoe sal die dood - politieke of natuurlike - van Chamberlain of Milner die Kolonie affekteer? (7) Wat was die posisie van Natal in hierdie opsig? (8) Sal Parlementslede toegelaat word om die kwessie van opskorting met hulle kiesers te bespreek en sal die sensuur oor die pers en verbod op publieke vergaderinge, sover dit hierdie saak raak, opgeskort word?.

Lord Milner verklaar dat die Imperiale Goewerment teësinnig sal wees om hom met die konstuitusie van die Kolonie in te laat, maar in belang van die Kolonie self en van Suid-Afrika in die algemeen, mag dit nodig wees om op so'n stap sterk aan te dring. Die meerderheid van Sir Gordon·

1. Uit in verslag van die onderhoud (in handskrif) wat in die Mendelssohn Biblioteek gevind is — onder die hoof „South African League".

Sprigg in die Parlement sal onder die gunstigste omstandighede nog afhang van die ondersteuning van die dwarsbenkes en die Ministerie sal op die kussings bly, soos in die verlede, deur die genade van die Bond. Gedurende die laaste sessie is 'n wetsontwerp ingedien wat rebelle spesiaal van skadevergoeding uitsluit, maar deur die houding van die dwarsbenke moes rebelle later ingesluit word. As gevolg van beide passiewe en aktiewe rebellie in die Kaapkolonie, sal "loyalists" geen aangename tyd onder Parlementêre bestuur hê nie. Besprekings sal binne en buite die Parlement plaasvind wat rassehaat sal wakker hou; die lojale Hollandsprekendes sal vermaamlik lyf; hulle sal deur "Ons Land" en die Bond gedwing word om hulle lot by die disslojales in te werp. Na die oorlog sal die Transvaal en die Oranjerivier Kolonie met Natal en Rhodesië federeer en die Kaapkolonie sal buite die federasie bly en die gevolg sal wees dat die Kaap as 'n besmette oord sal behandel word. Lord Milner belowe egter om in alle gevalle sy bes te doen vir die lojale seksie van die Kolonie.

Nou egter begin die Hoë Kommissaris die afgevaardigdes op die vingers tik. Hulle weet dat die Kaap in 'n treurige toestand is, maar hulle vra nogtans proeber voorwaardes stel vir die Imperiale Goewerment. Hulle was boie net soos die siek man wat die dokter ingeroep het maar dan self voorskrywe wat moet gedoen word, of soos die drenkeling wat nou gered wees maar dan moes dit in 'n sye net wees. Hy hou nie van die bewoording van die petisie wat die Parlementslede onderteken het nie. Die konstitusie is op die oomblik opgeskort en dit skyn vir hom of hulle die Imperiale Goewerment slegs moes gevra het om maatreëls te tref vir die bestuur van die Kolonie totdat die grondwet weer sou herstel wees. Onder die omstandighede raai hy egter aan dat die petisie in sy oorspronklike vorm moet voorgelê word; hy kan nie met die inhoud saamstem nie maar dit sal dien om die kwessie te open. Hy dink

egter nie dat die Imperiale Goewerrmoht enige terme sal aanneem nie en hulle sal beslis nie toestem om met die kiesafdelings te knoei ten einde een party bo die ander te kry nie. 'n Nuwe Volkstelling sal moet geneem word om 'n basis van verteenwoordiging vas te stel . Die Kaapkolonie is die siek man en moet die Imperiale Goewerrment vertrou. Die konstitusie sal so gou as moontlik herstel word.

Met betrekking tot vrae een en twee antwoord Lord Milner dat die Imperiale Goewerrment sy morele verpligtings het. Hy dink egter nie die Kolonie sal belas word met 'n deel van die oorlogskuld of dat enige wesenlike verandering in die fiskale beleid van die Kolonie sal gemaak word nie.

Verder word verklaar dat 'n Uitvoerende Raad die bestuur van die land sal in hande neem en hulle sal Binnelandse sake behartig. Hierdie Raad mag bestaan uit die teenwoordige Ministers met nomineerde lede . Krygswet sal so gou as moontlik herroep word .

Wat vraag ses betref moet die Kolonie maar die risiko staan .

Natal sal sy konstitusie behou want daar is nie rebelle nie.

Ten slotte het Lord Milner verklaar dat die Pers-sensuur wat die onderhawige saak betref waarskynlik sal opgeskort word en hy het in algemene terme uitgewei oor die wenslikheid dat die grondwet vir 'n tyd sou opgehef word.

Met hierdie advies gewapen het die Parlementslede hulle petisie aan die Goewerneur, Sir W Hely-Hutchinson oor handig op 10 Mei en dis deur laasgenoemde na Lord Milner , as Hoë Kommissaris, deurgestuur.

Laasgenoemde antwoord op 19 Mei. Hierdie antwoord het bestaan uit twee stukke, 'n offisiële en 'n onoffisiële
one space = In die formele antwoord word verklaar dat die saak buite die

steer van Lord Milner se werksaamhede val en dat hy derhalwe nie in sy offisiële hoedanigheid die petisie kan bespreek nie.[1]

Die bygaande informele antwoord het egter die petitionarisse gegee net wat hulle wou hê, want daarin verklaar die Hoë Kommissaris[lo]ten gunste van die voorgestelde maatreël. So'n stelsel[as], wat aan die hand gegee word dink hy, sal baie eerder werklike vryheid en verdwyning van rassegevoel bewerk; 'n interregnum van non-parlementêre regering sal 'n terugkeer tot die normale werking van die Konstitusie eerder bespoedig as om dit te vertraag. Ook volg dit nie noodwendig dat die voorgestelde Goewernment juis sal onverteenwoordigend wees omdat dit nie op die volkskeuse gebaseer is nie.

Hierdie onderhandelings het tot dusver in geslote kringe gebly maar op 30 Mei 1902, die dag voor die vredesverdrag geteken is, bars die bom in Kaapstad. Op daardie dag publiseer die Progressiewe Pers die petisie van die Parlementslede met die dubbele antwoord van Lord Milner. Ookdie redaksie-kolomme het 'n regsomkeer gemaak en probeer so goed as hulle kan verduidelik waarom hulle tans anders dink.

Op dieselfde dag tree dr. Smartt uit die Sprigg-Kabinet om die opskortings-beweging te lei. Die ander Ministers het trou by Sprigg gestaan. Die gematigde Britte en die Bond het weer hande gesluit en 'n kragtige teenbeweging op tou gesit alhoewel hulle weens krygswet nie kon doen wat anders sou moontlik gewees het nie.

Lord de Villiers, die Hoof-Regter van die Kaapkolonie het 'n ernstige skrywe aan die Goewerneur, Sir W. Hely-Hutchinson gerig, waarin hy te velde trek teen die uiteensetting van Lord Milner.[2]

" It is proposed to reduce the population of this Colony to the state of tutelage in which they were half a century ago, and the hope is seriously expressed that such

1. Cape Times 30 Mei, 1902
2. Walker, Lord de Villiers bl.396

a retrograde step will pacify men'sminds, put an end to racial hatred, and prepare the people for that undefined measure of self-government which may be hoped for in the near or distant future. As to the appeasement of racial hatred, on which Lord Milner lays so much stressnothing would more conduce towards that desirable end than the feeling of both races that they are trusted by the Imperial Government and that equal rights are intended for all."..... .

"Until the Legislature of this country shall have had on opportunity of being heard in its own defence, I deem it my duty, as President of one branch thereof, to protect, as I here respectfully do, against the proposal for its suppression."

Hierdie brief is na die Koloniale Kantoor in Engeland opgestuur, maar de Villiers het nog verder gegaan en 'n bygaande brief aan Chamberlain persoonlik gerig[1].

".... It seems most unfortunate that at the very moment when peace is restored and the prospect is opened of returning goodwill among the people of this colony a fresh apple of discord should be thrown in our midst. What offence has the Colony committed that its Parliament should be suddenly suppressed without having an opportunity of showing by word or deed that, in the new order of things, it is prepared to take its place among the loyal and orderly self-governing colonies in the Empire? There have been no doubt many rebels among the Dutch, but they either have been or still are to be deprived of their franchise. Those who have not rebelled must surely be presumed to be loyal until the contrary is proved ...."

Die Konferensie van Eerst Ministers van die Britse K-Kolonies moes juis in Engeland vergader. Die Nu-Seelandse Premier, Mnr. Seddon het op sy reis na Engeland 'n vlugtige besoek aan die Kaap afgelê en hy het onder invloed gekom van die "Suspensionists" gekom. So ook was die steun van Natal Natal verseker; dog de Villiers het 'n brief oor die onderwerp aan Sir Wilfred Laurier, Eerste Minister van Kanada gerig.

Terwyl Sir Gordon Sprigg na Engeland was om die Imperiale Konferensie by te woon het Sir Thomas Smartt rondgegaan en vergaderings gehou in belang van opskorting. Petisies is oral in die land opgetrek en by die end van Junie is aangekondig dat 30,000 handtekeninge verkry is.

In die petisies word gevra dat daar 'n terugkeer sal

1. Walker, Lord de Villiers bl 398

wees tot die konstitusionele toestand van voor Verantwoordelike bestuur, sodat die Uitvoerende mag onafhankelik sal wees van die volksverteenwoordiging.

Die argumente wat vir die stap aangevoer is kom op die volgende neer: (1) Die konstitusie is reeds opgeskort. (2) Die parlementêre stelsel het misluk in soverre dat dit rassehaat nie kon te bowe kom nie, maar die veeleer aangewakker het. (3) Die finale skikking moet sodanig wees dat die gebeurtenisse van die laaste jare nie herhaal word nie. (4) Die lot van die rebelle kan nie in hande van rebelleverteenwoordigers gestel word nie. (5) Die parlementêre stelsel staan in die weg van eerlike wetgewing. (6) Engeland se grootste fout van die verlede wat die wortel van alle kwaad is, is sy toegewendheid en gebrek aan 'n vasberade beleid. (7) Die Kaapkolonie sal 'n kans hê om saam met die nuwe Kolonies te ontwikkel.

Die petisies is deur die Goewerneur aan die Skretaris van Kolonies gestuur. Alles sou afhang van die beslissing van die Britse Goewerment. Chamberlain self skyn in twyfel te gewees het wat om te doen.

Twee faktore het egter die deurslag gegee. Die eerste was van 'n suiwer party-politieke aard; die Britse regering was bevrees om die opposisie 'n handige wapen in die hande te stop.[1] Ongetwyfeld sou die opposisie ten volle gebruik gemaak het van so' n ernstige stap as opskorting van die vrye instellings van 'n selfregerende Kolonie.

Die tweede faktor het eindelik werklik die deurslag gegee. Op die vergadering van die Premiers in Engeland, het Seddon van Nu-Seeland voorgestel dat die Kaapse konstitusie sal opgeskort word in belang van Imperiale eenheid. Hume van Natal het sekondeer " a long pause had followed, broken at last by the voice of the Chairman enquiring whether

1. Times Hist. VI bl 66

Canada had any observations to offer. Sir Wilfred rose and declared that if the motion were carried, Canada would wash her hands of the Conference. The indignant Sprigg spoke to the same effect and was followed by Barton of the Australian Commonwealth. In face of that opposition there was no more to be said."[1]

Dit was dan die rots waarop die opskortingsbeweging gestrand het.

Op 2 Julie antwoord Chamberlain op die petisies en maak bekend dat die Britse Regering van mening is dat dit 'n binnelandse saak van die Kolonie is waarmee die Britse Regering hom nie kon inlaat nie. Die beslissing lê by die volksverteenwoordiging van die Kolonie self. Die lede van die Parlement wat die petisie onderteken het is in die minderheid; in die Wetgewende Vergadering maak hulle minder as een derde van die totale aantal lede uit en in die Wetgewende Raad, minder as die helfte. Ook is daar nie genoegsame redes sover aangevoer om so'n buitegewone maatreël te neem nie.

Terselfdertyd het die antwoord van Chamberlain egter laat deurskemer dat weiering van die Koloniale Parlement om die nodige indemniteitswetsontwerpe te passeer, wel genoegsame rede vir so'n stap sal wees.

Die inhoud van hierdie antwoord was 'n harde slag vir die opskortingsbeweging. Die Progressiewe Pers het nie hulle teleurstelling probeer verberg nie maar hulle wou nog nie moed opgee nie en die „Cape Times" kom op 11 Julie met 'n nuwe petisie voor die dag, opgestel net in die volgende paar reëltjes:" ons die ondergetekendes druk hiermee ons oortuiging uit dat 'n periode van opskorting van Parlementêre en Party-stelsel noodsaaklik is om die Britse belange in hierdie Kolonie te beskerm, om die proses van versoening hier en elders in Suid-Afrika te versterk en om sonder onnodige oponthoud die Federale Unie onder die Britse vlag te bewerk".

1. Walker, Lord de Villiers bl 402

Almal word uitgenooi om weer te teken sodat hulle vir Chamberlain kan wys watter magtige beweging dit is. Dit was egter te vergeefs; Chamberlain se antwoord het die beweging 'n dodelike wond toegedien waaraan dit kort daarna gesterf het.

Die skeuring in die Progressiewe Party was 'n egter 'n voldonge feit. Die opskorters het Sprigg en die gematigde Britte oorboord gegooi en het dr Smartt as hulle leier aangeneem. Hulle sou die Regering net steun om die indemniteitswetgewing deur te sit.

Met hierdie gedragslyn het hulle gesorg dat een van hulle argumente in die stryd vir opheffing van die konstitusie bewaarheid geword het: Sprigg is daardeur op die genade van die Bond gegooi. In sy eie geledere het hy slegs 'n geringe aantal ondersteuners gehad en hy moes die steun van die Bond aanneem om aan die bewind te bly. Daardeur het die wetgewing natuurlik weer 'n sterk kleur van kompromis openbaar, wat so haatlik was vir die Ultra-Progressiewe. Hulle het dan ook Sprigg met bittere verwyte beveg.

Die beweging het ongetwyfeld 'n sterk jingoistiese kleur, alhoewel die voorstanders daarvan hierdie aantyging as onregverdig bestempel het. Belaglik was die beweging nie en wel omdat dit 'n redelike kans van welslae gehad het. Trouens dit het die steun gehad nie alleen van Cecil Rhodes nie maar ook van die vasberade Lord Milner en dit is duidelik dat die konstitusie 'n baie noue ontkoming gehad het.

Om te slaag het die agitasie te laat losgebreek. As dit in die bange dae van 1900 en selfs in 1901 met dieselfde krag gevoer was, sou dit miskien nie 'n beter kans gehad het nie dog meer steekhoudende argumente sou daarvoor kon aangevoer gewees het. Die datum waarop die agitasie openlik 'n aanvang geneem het moet vir elkeen baie verdag voorkom en

1. Die Ultra-Imperialis het Afrikaner-oorheersing in in Britse Kolonie net so onwelkom gevind as die Transvaler Uitlander-oorheersing in in Hollandse Republiek.

die enigste gevolgtrekking kan wees dat die voorstanders van die beweging bang was om eerder daarmee voor die dag te kom nl. op 'n tydstip toe die oorlog buite sowel as binne die Koloniale grense nog gewoed het . Die gevaar was natuurlik dat opskorting van die Grondwet in die tyd 'n algemene opstand kon teweeg bring en dit sou die opstandelinge meteens 'n uitstaande grief besorg tot verontskuldiging van die daad. Een van die sterkste argumente wat teen die rebelle gebruik is, is dat hulle geen wesenlike grief gehad het om te rebeleer nie aangesien hulle vry was onder 'n regering wat hulle self gekies het, en toe by die uitbreek van die oorlog daar gerugtes rondgegaan het dat die grondwet sou opgehef word, is die volk spesiaal gerus gestel op die punt deur 'n proklamasie . Verder sou die beloftes aan die vegtende Republikeine gemaak, dat hulle vryye instellings kan verwag sodra dit moontlik was, in 'n bevredigende toestand te staan gekom het.

Die enigste tyd dus toe 'n redelike argument kon aangevoer word nl. dat so 'n kritieke toestand ontstaan het dat Party-Regering onwenslik was en 'n sterk uitvoerende mag noodsakelik was, moes dus noodwendig so verbygaan. Toe die agitasie eindelik begin, was die gevaar vir die Ryk verby, en die redes wat vir so'n stap op die tydstip kon aangevoer word het 'n selfsugtige party-kleur gehad . Die uitlatings nie alleen van onverantwoordelike korrespondente nie, maar van verantwoordelike persone openbaar hierdie party-kleur. Die voorstanders van die beweging het poseer as martelare en voorgegee dat slegs die deel van die bevolking gedurende die oorlog gely het en dus spesiale begunstiging verdien : "To abrogate the constitution for a limited period to pave the way for Federation and to enable the Imperial Government to amend the Representation Clauses in conformity with the

expressed desires of the loyal section of H.M. subjects, who have suffered severely financially as well as in the bitter bereavement of their kindred who fell fighting.... and are therefore entitled to specific consideration."[1]

Van hierdie uitlatings het die hele Progressiewe pers in Suid-Afrika gewemel.

"In de loopbaan van Sir Gordon Sprigg," se Hofmeyr " is daar misschien geen edeler daad geweest dan zyn dappere stryd om de vryheid van de kolonie. Voor zyn eigen voordeel betekende het niets, want hy zou natuurlik aan het hoofd gestaan hebben van de Raad, die er voorgesteld werd onder de nieuwe regeringsvorm op te richten, in plaats van verplicht te zyn een wisselvallig ministerieel bestaan onder het oude stelsel uit te spinnen"[2]

Op 20 Aug. het die Kaapse Parlement geopen. Daar was 'n hele aantal vakatures; St. Leger, J.E Wood en Rhodes is sedert die laaste sitting oorlede; Rose-Innes het die hoogste regterlike betrekking in Transvaal gekry; Richard Solomon is aangestel as regsadviseur van Lord Milner terwyl twee lede bedank het en twee andere afwesig was sonder verlof.[3]

Heel waarskynlik as gevolg van die opskortingsbeweging was die sessie van 1902 hoogs naand wie 'n onstuimige vergeleke by die vorige een nie. Sprigg het verduidelik dat die Parlement volgens wet nie later as 13 Okt. 1901 kon vergader het nie. Die landsomstandighede het dit egter in die tyd onmoontlik gemaak om 'n parlementêre sessie te hou. Daar was vakatures en Lord Kitchener kon nie waarborg dat elleksie-kandidate die kiesafdelings sou kon deurreis nie en dat lede van die Parlement wat as ongewenstes weggestuur was, sou kom opkom vir die sitting. nie Dan ook was daar baie lede wat hom versoek het om nie die sitting te laat plaasvind nie omdat

1. Albert Times 13 Junie, 1902
2. Hofmeyr-Hofmeyr bl.631
3. Van der Walt en Joubert, Twee lede, was in die rebellie betrokke en het na Europa gevlug. Hulle het egter teruggekeer en het die gewone vonnis van laers ondergaan.

hulle nie hulle huise kon verlaat nie. Hy sou dus net helfte lede in Kaapstad gehad het.

So het dit van tyd tot tyd gegaan en die Goewerneur wat hierdie breuk in die konstitusie onderteken het, moet gevrywaar word van vervolging.

Daar moes vier indemniteitsaktes deur die Huis gaan; om die Goewerneur en andere te vrywaar teen vervolging (1) Vir dade onder krygswet gedaan; (2) Vir nalating om die Parlement volgens konstitusionele vereistes same te roep en om die tweejaarlikse registrasie van kiesers te laat plaasvind; (3) Vir onoutoriseerde uitgawe en (4) vir mindere breuke van die wet soos bv. die met betrekking tot verkiesing van Afdelingsrade ens.

Merriman wat as Parlementêre leier van die Afrikaner-Party opgetree het, het laat verstaan dat hulle die breuke nie juis goedkeur nie maar weëns Sprigg se dienste as beskermer van die konstitusie, sal hy die Regering steun.[1] Hy het hom egter nie van kritiek onthou nie en veral sy ontevredenheid te kenne gegee omdat die Tesourier nie soos gewoonlik sekere finansiële gegewens in die Goewermentskoerant laat verskyn het nie.

Die nodige indemniteitsaktes het baie maklik deur die Huis gegaan, alhoewel baie lede van die kans gebruikgemaak het om hulle gevoelens te lug oor die dade onder krygswet gepleeg en daar was veral ontevredenheid oor die stelsel van beëdigde verklarings en omdat Magistrate gedurende die oorlog gebruik gewees het as Onder-Administrateurs van krygswet.

Bondslede wou graag sien dat daar 'n Parlementêre Kommissie van ondersoek aangestel word om na te gaan hoe persone onder krygswet behandel is. „Die wêreld moet weet wat hulle as 'n nasie gely het" - aldus Mnr. Theron.

1. Hansard 1902 bl. 11

Soos te verstaan is was Bondslede nie tevrede slegs met die ondersoek wat die Koninklike Kommissie van oorsee sou instel nie, aangesien hierdie Kommissie slegs onuitgediende vonnisse sou nagaan en dit was ook hoogs nodig om te ondersoek wat ander persone reeds aan boetes moes betaal en waarvoor. Om die steun van die Bond te verseker het Sprigg belowe dat die gevraagde Parlementêre ondersoek sou geskied, dog soos ons later sal sien het dit slegs by 'n belofte gebly.

Sommige Engelse lede van die Parlement het op baie besaadigde toon verduidelik dat onder die unieke onstandighede dit onmoontlik is dat daar geen onreg sou plaasvind nie. Daar is ook op gewys hoedat Adminstrateurs van krygswet soms op baie skrale informasie, streng moes optree om geen risiko op hulle te neem nie.

Die Bond wou graag 'n grondige ondersoek laat instel na die beskuldigings wat gerug na die hoof van Bondslede van die Huis geswaai is; derhalwe is 'n Gekose Komitee deur hulle voorgestel wat sou ondersoek instel na alle ~~transaksies~~ beskuldigings rakende die eer van 'n groot aantal lede van die Parlement behorende tot die Afrikaner-Bond; die Kommissie sou ondersoek instel na die volgende: die konneksie van die Bond met (a) Geld ontvang uit vreemde bronne;(b) Samesweering om die Britse gesag te ondermyn;(c) Toelating van die inval in Britse gebied en (d) Bemoediging en bevordering van oproerige gedrag.

Die Komitee wat hierdie sake moes ondersoek het hulle taak egter onmoontlik gevind[1]. Die getuienis voor die Komitee het hierop neergekom: die beskuldigers glo nog dat die aantygings waar is dog hulle kon nie dokumentêre bewys lewer nie. Hulle het geoordeel volgens die feite wat publiek gemaak is.

1. Select Committees (Wetgewende Vergadering) II, 1902 ; A 21, 1902

Die Wetsdepartement kon die volgende informasie omtrent sewe van die lede verstrek ; voorlopige verhoor is waargeneem teen J. N. P . Botha en C. J. Lotter maar die Prokureur-Generaal het geweier om te vervolg; P.J. de Wet was vir Hoogverraad opgebring, dog is vry gespreek; J.H. Schoeman se saak is deur 'n aparte Kommissie ondersoek (en hy is onskuldig bevind) ; F S Malan was voor die Hooggeregshof oor 'n lasterlike artikel, is skuldig bevind en het een jaar tronkstraf gekry; A.S du Plessis is deur die Prokureur-Generaal vrygespreek, maar die saak teen die sewende lid was nog hangende.

Die bevinding van die Kommittee was dat dit onmoontlik is om 'n degelike ondersoek in te stel na al die beskuldigings daar dit al die lede van die Bond raak; die Kommittee versoek derhalwe om ontslaan te word.

' n Meerderheid het hierdie kort verslaggie onderteken teen die wil van Merriman, Sauer, en Molteno, die Bondslede wat die ondersoek verder wou voortsit.[1]

Die hele ondersoek het dus op 'n nul uitgeloop en die vyande van die Bond het nog soos altyd aangegaan met dieselfde beskuldigings; ~~so by se die "Argus"~~ :" for years past the Bond has been actively conspiring - conspiring is the only word for it, to abrogate British rule in South Africa and now for a little while the Bond has ostensibly disarmed amd is doing all it can under the guise of reconciliation and goodfellowship to disarm suspicion. But when we least expect it, it will renew the attack; that (will) as certainly come about as the day follows the night".[2]

Merriman het spesiale verlof gevra in die Huis om sy vriend dr De Water te verdedig teen al die beskuldigings van dislojaliteit wat hom na die hoof geslinger is. Op De Water het die Ultra-Progressiewe veral (veral) met 'n wreveligе

1. Cape Argus, 18 Sept. 1902. Vir verdere beskuldigings van die aard sien Argus 20 Aug. 1902 en 23 Aug. 1902; Cape Times 5 Junie, 1900, 28 Nov. 1901; Eastern Prov. Herald 2 Junie 1901, 26 Sept. 1902 en 27 Sept. 1902 .

haat gesien en 'n groot opskudding is veroorsaak deur die feit dat hy tydens die onderhandelinge voor die oorlog 'n telegrafkode aan president Steyn gestuur het. Beëdigde verklarings omtrent hom is ook in hande van die Prokureur-Generaal gestel en hy moes 'n kans kry om sy onskuld te bewys; vandaar Merriman se voorstel; dog ook in hierdie geval was die bespreking in die Huis feitelik vrugteloos omdat die Prokureur-Generaal geweier het on die beëdigde verklarings op die tafel van die Huis te lê .

"Ons Land" het skerpsinnig gemaak dat French in Julie 1901 die Voorsitter en Sekretaris van die Bond genader het om deur hulle te probeer invloed uitoefen op die vegtende rebelle . So'n dokument is dan ook opgestel waarin die ampsdraers van die Bond rebelle aanraai om oor te gee op die voorwaardes wat Lord Kitchener stel; dog Kitchener het van plan verander en het nie die aanmaning onder die rebelle versprei[1] nie; in plaas daarvan is die bekende proklamasie van 15 Sept. 1901 uitgevaardig .

Die enigste debat van die sessie wat taamlik onstuimig gewees het, was die waarin die beweging om die grondwet opte hef ter sprake gekom het.

Op 11 Sept. het Merriman voorgestel dat die Huis met verwondering en spyt verneem het dat 'n agitasie in die Kolonie gevoer is met die doel om die Parlement van die land te onderdruk, en verlang om te konstateer (1) Dat die Huis volkome instem met die handelwyse van die Eerste Minister in sy verdediging van die regte van die Kolonie; (2) Dat die Huis determineerd is om die regte en voorregte van die inwomers van die Kolonie deur elke middel in sy mag te bewaar, en ernstige protes aanteken teen die agitasie wat gevoer is teen heirdie regte.[2]

1 "Ons Land" 4 Sept 1902
2. Hansard 1902, 184

Daarop het die voorsteller uitgewei oor die geskiedenis van die beweging en veral stilgestaan by die aandeel van Lord Milner. Hy het 'n hewige aanval op die Ho^e Kommissaris gemaak "In fact if there were a conspiracy to destroy the liberties of the country, Lord Milner was at the head of it." Spreker is jammer dat 'n ho^e amptenaar so'n houding kom inslaan - met die volk saam, 'n sameswering op tou sit om die land van sy vryheid te beroof; Lord Milner vergelyk swak met Lord Elgin.[10] Eersgenoemde het homself geplaas "In the midst of a melee as a partisan", in plaas van bo die politiek te staan.

Dat so'n krasse aanval op die Ho^e Kommissaris 'n warme debat moes uitlok is verstaanbaar en die atmosfeer was meer gespanne as tydens die krygswet-debat. Die hoofartikel van die "Cape Times",[1] het die volgende dag na aanleiding van Merriman se beskuldiging teen Lord Milner die volgende bevat" We are rather inclined to agree. But what sort of a partisan? A partisan on the side of loyalty and honest citizenship as against treason and rebellion. If it be a sin to be such a partisan, very possibly Lord Milner may be the most offending soul alive."[1]

Die sessie van 1902 was nogal 'n baie vrugbare. Hierdie sessie was nie alleen merkwaardig vir die groot aantal indemniteits-aktes en die warme debat oor opskorting nie, maar ook vir die uitgebreide spoorwegplan wat deurgevoer is. Die Kommissaris van Publieke Werke het 'n wetsontwerp ingedien na die saak deur 'n Gekose Komitee ondersoek is om voorsiening te maak vir die aanbou van die volgende lyne: (1) Amabele na Butterworth; (2) Indwe na Ugie; (3) Klapmuts na Fransch Hoek (4) Verlenging van Hopefield smalspoor; (5) De Aar via Britstown na Prieska; (6) Victoria Wes na Carnarvon; (7) Aliwal Noord na Barkley Oos; (8) Ceres-weg na Ceres en verder is 'n toelaag van £2000 vir die Mosselbaai-Sesters

Lalie Blads 316

1. Cape Times, 12 Sept, 1902

10 Goewerneur-Gen. van Kanada 1846 -

Verder is voorsiening gemaak vir die uitbreiding van Hawewerke en van besproeiingskemas. Ook is 'n wetsontwerp in drie dae deur die Wetgewende Vergadering om ongewenste immigrante toegang tot die land te belet.

'n Groot aantal setels in die Wetgewende Vergadering moes in 1902 nog opgevul word, maar die kiesing het slegs vir een sitting geskied aangesien die vyf jaar van die diensdoende lede in Aug. 1903 sou verstreke wees.

Die volgende setels was vakant: Albert, George, Tembuland, Victoria-Oos, Wynberg, Barkly-Oos, Grahamstad, Kaapstad en Colesberg. Eersgenoemde sewe setels is sonder stryd gevul; daarvan het die eerste drie aan die Afrikaner- Party behoort, terwyl dit nie heeltemal seker was hoe die orige vier tussen Smartt en Sprigg sou verdeel nie. Vir Kaapstad moes twee uit die drie kandidate gekies word en daar het die Progressiewe Mitchell en Jagger die meerderheid van stemme gekry, terwyl Cronwright-Schreiner vir die Bond in Colesberg 'n oorwinning behaal het. Nog later in die jaar het Riversdal en Prieska ook vakant geraak.

Die stemming tussen die partye het spoedig verbeter en was teen die einde van die sessie bepaald redelik in beide Huise van die parlement. Die Bondslede het verandering in die konstitusie bespreek, wat ook tot uitvoering gekom het op die volgende jaar se Bondskongres en die naam "Afrikaner Nationale Party", die party wat die Bond in die Huis verteenwoordig het, is verander in "Zuid-Afrikaanse Party", om Engelssprekendes aan te moedig om by die party aan te sluit.

Ook buite die Huis het dit beter gegaan as wat die algemene verwagting was. Wel was daar onder Hollandsprekendes heelwat spraak van boycott in die handel en het daar by feesgeleenthede hier en daar gevalle voorgekom van vlae afskeur, maar verklike onluste het nerens plaasgevind nie. Een ding was egter duidelik: die gebeurtenisse van die laaste drie jaar het diepe spore nagelaat, hoe vredig die uitgestrekte velde en stil dorpies ook dadelik daarna gelyk het.

HOOFSTUK IX.

SKADEVERGOEDING EN ANDER EKONOMIESE GESIGSPUNTE.

Op 15 Nov. 1899 het genl. Buller as hoof van die leër 'n proklamasie uitgevaardig waarin skadevergoeding beloof is aan persone wat sou ly as gevolg van hul lojaliteit gedurende die inval van die Republikeinse ~~troepe~~ magte. Daarop het Sir Alfred Milner aan die hand gegee dat die Kaapse Regering 'n dergelike proklamasie moes uitvaardig blykbaar met die doel om die versekering deur genl. Buller gegee te staaf. Op 17 Nov. het dan ook sodanige proklamasie verskyn: ..... "Al Haar Majesteit se onderdane mag gerus wees dat deur lojaal te weier om kommandeer te word (deur die vyand) hulle ~~(nie sal faal om 'n)~~ volle erkenning en billike skadevergoeding sal erlang vir werklike skade wat hulle mag ly weens hulle lojaliteit nie."

Die volgende dag is die versekering herhaal deur genl. Buller in 'n telegram aan die Bevelvoerende Offisier in Queenstown waarin hy beveel dat wyd en syd moet bekend gemaak word dat Haar Majesteit se Goewerment skadevergoeding sal eis vir enige werklike skade gely deur persone as gevolg van hulle lojaliteit.

Steunende natuurlik op bostaande beloftes het baie inwoners van die okkupeerde distrikte eenvoudig alles verlaat en elders gaan veiligheid soek, en die eiendom van hierdie persone is deur die Federeerde burgermagte ~~troepe~~ in beslag geneem. Ook het baie ander persone natuurlik heelwat skade gely as gevolg van die inval en toe die Imperiale troepe die distrikte daarna verower, moes rebelle en vermeende rebelle dit aan hul eiendom ontgeld. Daarby kom natuurlik nog 'n ontsaglike skade wat mettertyd deur die troepe aangerig is gedurende krygsoperasies, om nie eens te praat van die verliese wat Kimberley en Mafeking gely het

1. No. 325, 1899

as gevolg van beleëring en van die opeis van eiendom deur die hele Kolonie vir krygsdoeleindes. nie.

Die groot saak was natuurlik wie die skadevergoeding moes betaal, die Imperiale Goewerrment wat die oorlog voer, of die Koloniale Goewerrment in wie se gebied die skade aangerig is. Die eerste briefwisseling tussen die Regerings oor hierdie saak was toe Chamberlain op 14April,1900 sekere voorstelle aan die hand gegee het en koel en kalm die verantwoordelikheid op die Koloniale Goewerrment wou skuif. Dis duidelik dat die Imperiale Goewerrment gesteun het op skadevergoeding wat teen die end van die oorlog van die voormalige Republieke sou geëis word, maar sê Chamberlain dit mag 'n lang tyd duur en sommige persone kan in die tussentyd geheel ruïneer word; daarom gee hy aan die hand dat sodra die distrikte herower is, kommissarisse sal aangestel word om die skade te ondersoek en skadevergoeding aan te beveel en dan weer moet die Koloniale regering dadelik die som uitbetaal. As hulle nie genoeg fondse daarvoor het nie, mag die Imperiale Goewerrment 'n som aan die Kaapkolonie leen teen 'n lae rentekoers op die sekuriteit dat die lening voorkeur sal hê wanneer uiteindelik skadevergoeding van die Republieke geëis word.

Chamberlain moes darem self gevoel het dat sy voorstelle nie heeltemal billik was nie want hy voeg daaraan toe dat Selvelner wat die proklamasie van 17de Nov. saam met die Goewerneur onderteken het, nie nou verantwoordelikheid sal ontken nie.

In hulle antwoord op hierdie voorstelle beweer die Kaapse Ministers dat die proklamasie van 17 Nov. op voorstel van die Goewerneur uitgevaardig is en slegs ondergeskik was aan die van genl. Buller en wat bedoel om die belofte van die Opperbevelhebber in naam van Haar Majesteit se Goewerrment

gemaak, so ver moontlik te versprei in die distrikte van die Kaapkolonie. Hulle is seker dat die Goewerneur met hulle sal saamstem want latere korrespondensie tussen Ministers en die Goewerneur het hierdie bedoeling meer bepaald op die voorgrond gebring. Deur die proklamasie van 17 Nov. het die Ministers nie bedoel en kon hulle nie bedoel het om uit Koloniale inkomste skade te vergoed wat binne die perke van die proklamasie van die Opperbevelhebber val nie.

Daar is egter skade wat nie binne die perke van genoemde proklamasie val nie, maar Ministers is op die oomblik nog nie in staat om presies te sê tot hoeverre hulle van plan is om by die parlement aan te beveel om by te dra nie; hulle sal egter nie in staat wees om op die tydstip betalings te laat geskied uit 'n spesiale lenings-fonds nie.

Later het die Kaapse Regering 'n minute opgetrek waarin skade in die Kolonie verdeel word in twee hoofklasse: (a) aangebring deur die Republikeine en opstandelinge; (b) deur die Imperiele troepe.

Die tweede van hierdie klasse het hulle gemeen moet deur die Imperiele Regering alleen gedra word, terwyl met betrekking tot die eerste klas 'n ooreenkoms kan getref word tussen die Regerings. Dan is ook aan die hand gegee dat Rhodesië ook sal bydra as die skade in Mafeking vergoed word aangesien die verdediging van Mafeking, Rhodesië van 'n inval gevrywaar het.

Chamberlain het egter nie weer van hom laat hoor in verband met die saak nie, en in Junie is die Schreiner Ministerie van die Kussings af.

Een van die eerste stappe van die Sprigg Ministerie was om 'n Kommissie aan te stel om ondersoek in te stel na die direkte verliese wat in die kolonie gely is as gevolg van

die oorlog en die rebellie.[1]

Die volgende lede is aangestel om op die Kommissie te dien: Majore Jackson en Panzera en mnre. W.M. Fleischer, E.A. Judge, J Ayliff en J.K. Stretton. Hierdie lede het eintlik twee aparte Kommissies gevorm wat onafhenkelik van mekaar gewerk het, een in die Westelike en die ander in die Oostelike distrikte.

Instruksies is van tyd tot tyd uitgevaardig wat die magte van die kommissies omskrywe het. Die kommissie moes slegs direkte skade ondersoek, ~~aangebring deur Imperiale troepe~~; eise vir toekomstige profyte of indirekte skade val buite die mag van die kommissie. Dieselfde geld van eise van persone wat skuldig bevind is aan hoogverraad, m.a.w. geen eis van 'n persoon wat skuldig bevind is aan opstand moes deur die kommissie ondersoek word nie en eise van persone wat nog wag vir verhoor moet solank in 'n aparte bylae geplaas word tot die verhoor afgeloop en die uitspraak bekend is. Later egter is hulle gelas om die eise van rebelle ook na te gaan, maar om dit in 'n aparte bylae te hou Eisers moes ook bewys dat hulle alles in hul vermoë gedoen het het om die verlies te voorkom en die Kommissie moes deeglik ondersoek of die eiendom werklik met geweld van die eiser geneem is dan of hy dit gewilliglik afgegee het.

Eise kon ondersoek word vir skade wat deur die administrasie van krygswet aangebring is of deur diefstal as gevolg van wetteloosheid in 'n kritieke tyd; ook eise vir opeising deur die militêre waarvoor een of ander rede geen kwitansie of betaling ~~is nie~~ gestuk het is.

Deur Wet No. 6 van 1900 is die magte van die kommissarisse of ander kommissarisse wat vir dieselfde doel sou aangestel word, uitgebrei. Hulle sou dieselfde mag hê as regters van die Hooggeregshof, om getuies op te roep , wat ver-

1. Kennisgewing No. 465 17 Julie, 1900

plig was om op te kom en verder om boeke en ander dokumente op te eis .

Na Wet No. 8 van 1903 in werking gekom het op 11 Okt. van daardie jaar is die twee seksies van die Kommissie verenig om een Sentrale Kommissie in Kaapstad te vorm, terwyl Sub-Kommissarisse aangestel is om die distrikte te besoek en die werk verder voort te sit. Hulle moes dan hulle bevindinge voor die Sentrale Kommissie lê vir revisie.

Voor die samesmelting geskied het, het elkeen van die twee seksies van die vorige Kommissie rapport uitgebring.

Die verslag van die Oostelike afdeling is dateer 22 Maart 1902[1], en behels net skade wat deur die eerste inval en omstandighede tot die datum van die tweede inval aangebring is.

Voor hierdie Kommissie het persone wat skuldig bevind is van hoogverraad twaalf duisend pond geëis wat deur die Kommissie waardeer is op £4500 ; ander wat nog gewag het om verhoor te word het iets meer as £80,000 geëis, wat waardeer is op minder as £34,000. Die eise van persone wat nie in die rebellie betrokke was nie het ongeveer £3000 beloop en daarvan is ongeveer die helfte toegestaan; dit was ook die enigste bedrag wat hulle aanbeveel het om uitbetaal te word.

Dat die Kommissie sekere eise behandel en die skade waardeer het, het nog nie beteken dat uitbetaling sou geskied nie.

Afgesien van die vraag of rebelle geregtig is op skadevergoeding[2] en ander onstandighede in aanmerking geneem , spreek die syfers vir hulle self; dat die Kommissie, uit £12000, geëis deur rebelle, die skade slegs op £4500 skat, toon ongetwyfeld vooroordeel; ook wat ander bedrae betref, is die geskatte waarde van skade deur rebelle gelyk slegs weinig

1. G 60,1900 bl 21
2. Die Koloniale wette het nie konfiskasie van eiendom as straf vir hoogverraad toegelaat nie.

meer as 'n derde van die eise, (soms nie een-derde nie) terwyl dit in ander gevalle meer as helfte uitmaak.

As die verslag van die Kommissie anders ontleed word, is die bevinding dat rebelle meer skade gedoen het gedurende die eerste inval as die Republikeine en ook meer as die Britse troepe.[1] Wat hierdie gegewens betref moet ons aanmerk dat enigeen wat met die omstandighede bekend is dadelik sal beswaar maak teen die verdeling - Republikeine en Rebelle - omdat dit uit die aard van die saak onmoontlik was om selfs enigsins by benadering vas te stel watter skade deur die Republikeine en watter deur die Rebelle aangebring is. Die verslag van die Westelike afdeling maak melding van hierdie feit, maar meen tog dat hulle syfers die verhouding taamlik korrek aangee(volgens hulle het die Rebelle egter nie soveel skade as die Republikeine gedoen nie). Laasgenoemde Kommissie verklaar self dat die Rebelle en die Republikeine nie afsonderlik opgetree het nie en dat die verliese in meeste gevalle aangebring is in afwesigheid van die eienaar; ook dat in plekke soos Kimberley en Mafeking belegrings-toestande geheers het wat die saak nog moeiliker maak. Hoe op aarde die Kommissie nogtans kan verklaar dat hulle syfers 'n taamlik juiste verhouding gee, is moeilik om in te sien.

Die verdeling was egter nodig omdat die Imperiale

1. Eise vir skade aangebring		Waardering van Komm.
Deur die Repe	£60,055	£ 36,359
" " Rebelle	95,924	55,213
" " Br. Troepe	80,029	32,382
In loop van militere Operasies	738	365
Werking van Krygswet	46,551	19,573
Wettelose dade	23,972	10,257
Ander oorsake	6,373	3,236

Regering nog kon verplig word om deel van die skade deur die Republikeine gedaan te betaal, maar niks sou wou te doen hê met die wat deur Rebelle aangebring is nie; daar moes dus 'n soort van verdeling gemaak word hoe moeilik dit ookal mag wees .

Die Oostelike afdeling van die Kommissie het hulle bevindinge op nog 'n ander manier ontleed: " There is a somewhat significant circumstance disclosed by this return to which it may be proper that we should draw attention " Hierdie verskynsel is dat byna geen skade aangerig is deur die vyand of die Rebelle aan die eiendom van persone wat skuldig bevind is van hoogverraad is nie; en dat die skade wat deur hulle aangebring is aan die eiendom van persone wat nog beskuldig gestaan het van hoogverraad, baie gering is . Hierdie verskynsel kan egter nie as 'n onthulling beskou word nie; dit is volkome in ooreenstemming met die proklamasies van die Republikeine dat eiendom gewaarborg is, behalwe die van persone wat die distrik verlaat of persone wat hul nie onderwerp aan die krygswet-regulasies van die invallers nie. Die gevolgtrekking van die Kommissie skyn te wees dat niemand onskuldig veroordeel is nie en dit volg glad nie vanself dat 'n persoon hom aan rebellie skuldig gemaak het, as hy hom onderwerp het aan die regulasies van die Republikeine omdat hy feitlik niks anders kon doen nie.

Die Westelike afdeling van die Kommissie het eers op 7 Nov. 1902 rapport uitgebring[1], en hulle het toe reeds 'n begin gemaak met die skade wat aangerig is gedurende die tweede inval. Wat reeds gesê is in verband met die bevindinge van die Oostelike afdeling , kan hier presies herhaal word met die uitsondering dat hierdie Kommissie nie soveel skade op die kerfstok van rebelle plaas as van die Republikeine nie.

1 G. 60 , 1900 bl. 28.

Vir skade gedurende die eerste inval gedaan het persone wat nie in die rebellie betrokke was nie £860,000 geëis en rebelle £120,000 terwyl die toekennings ongeveer in dieselfde verhouding was as die van die Oostelike Kommissie; hier is die skade van rebelle slegs op £35,000 geskat.

Die Kommissie merk aan dat die voornaamste eise wat val onder die administrasie van Krygswet, die is waar die militêre eiendom kommandeer en verkoop het meestal van rebelle, maar hulle verstaan dat die opbrengs by die Veldbetaalmeester inbetaal is en daar sal dus moet gesorg word dat sommige persone nie tweemaal vergoed word nie.

Na die vorming van die Sentrale Kommissie het 56 Sub-Kommissarisse die land rondgegaan om eise te ondersoek.

Toe die Sentrale Kommissie op 18 Maart 1904 verslag uitbring was daar nog slegs twee van die Kommissarisse wat oorspronklik aangestel was, wat die verslag kon onderteken nl. Mnre. Fleischer en Judge; in die tussentyd het egter van tyd tot tyd nie minder as nege mede-kommissarrisse hulle terugetrek en die meeste van hierdie persone was magistrate of eks-magistrate met ondervinding van die toestande in die Kolonie.

Die magte van die Kommissie is nog 'n keer uitgebrei deur Akte No. 17 van 1902. Tot dusverdie tyd het die Kommissie dit sy plig geag om die volgende persone van skadevergoeding uit te sluit:(1) Elke persoon wat skuldig bevind is van hoogverraad; (2) elke persoon wat enigeen van sy familielede of andere onder sy invloed en beheer, toegelaat het om by

NOOT:Westelike Kommissie - Eerste Inval	Eise	Waardering van Kom.
Deur Vyand aangebring	£634,313	£365,853
" Rebelle "	125,430	66,070
" Br Troepe "	156,956	63,132
" Militêre Operasies	340	709
" Adm van Krygswet	31,582	162,21
" Wettelose Dade	37,749	38,69

die vyand aan te sluit of die vyand te help, sonder dat hy alles in sy vermoë gedoen het om dit te verhinder; (3) Elke persoon wat direk of indirek die vyand gehelp of aangemoedig het;(4) elke persoon wat nie alles in sy vermoë gedoen het om homself en sy eiendom teen die vyand te beskerm nie.

Akte No. 17 van 1902 het die laaste drie ~~plekke~~ ook binne die kring gebring van diegene wat geregtig was op skade-vergoeding en selfs in geval van die eerste klas, kon die Kommissie skade waardeer wat aangebring is voor die gevangeneming of oorgawe van die veroordeeldes .

Ongetwyfeld is hierdie verandering 'n deel van die prys wat Sprigg moes betaal vir die steun van die Bond. Dat die skade moes ondersoek en waardeer word, het egter nog nie beteken dat die Regering verplig was om uit te betaal nie.

Toe die Kommissie sy verslag uitbring op 18 Maart,1904,[1] het die eise wat voor hulle aandag gebring is gedurende die vier jaar van ondersoek (van 19 Nov. 1900 tot 29 Feb. 1904) oor die £6,000,000 beloop. Meer as £5,000,000 daarvan was eise ingebring deur persone wat nie veroordeel was nie. Hierdie skade is deur die Kommissie op £2,000,000 geskat en die som is ook feitlik geheel uitbetaal, terwyl die drie kwart miljoen eise van veroordeelde persone geskat was op £175,000, maar hierdie laaste is nie uitbetaal nie.

Groot ontevredenheid het nog geheers oor die skrale uitbetalings in baie gevalle en totale verwerping van 'n menigte ander.[1a] Die Regering het derhalwe in 1904 nog 'n poging aangewend om bevrediging te gee op hierdie gebied en deur Akte No. 30 van daardie jaar word die Goewerneur gemagtig om weer vir die doel 'n Kommissie aan te stel wat moes bestaan uit vyf persone waarvan een 'n Regter van die Hooggeregshof moes wees. Die pligte van hierdie

1a Ook in Engelse senate het groot ontevredenheid bestaan oor die bevindinge van die Fleischer-Kommissie - Hansard 1903 bl. 65

1. G 60, 1904

Kommissie was; (1) om die werk van die vorige Kommissie in hersiening te neem met die oog op 'n verhoging van die toekennings; (2) om ondersoek in te stel na eise (a) wat deur die vorige Kommissarisse verwerp is; (b) wat voor die vorige Kommissarisse gelê was, maar nie behandel of afgehandel is nie omdat dit na die vasgestelde datum ingestuur was; (c) wat wel vroegtydig gestuur is maar nie die Kommissarisse bereik het nie of wat verlore geraak het na ontvangs;(d) Nuwe eise

'n Kennisgewing is geplaas in elke afdeling van die Kolonie en drie uitgawes van 'n huisblad wat in so'n distrik sirkuleer, om persone aan te sê wanneer hulle eise moes ingelewer wees Ook is 'n kennisgeweing aan elke betrokke Veldkornet gestuur. Elke persoon wat van voornemens was om 'n eis in te stel, moes daarvan kennisgee aan die magistraat.

Op 4 Junie,1904 is die nuwe Kommissie aangestel[1] en het bestaan uit die volgende lede; Regter Sir. E.J. Buchanan, Sir G.H. Stockenström, V.R., Sir P.H. Faure L.W.V., Mnr. F.J Centlivres en adv. S.J. B Upington. Laasgenoemde het egter bedank en Mnr. R W. Giddy is in sy plek aangestel.

Hierdie Kommissie het twee voorlopige verslae uitgebring[2] geteken deur al die lede en eindelik na drie jaar van ondersoek, 'n finale verslag op 6 Mei,1907.[3] Die finale verslag bestaan uit 'n meerderheids-en minderheids verslag; laasgenoemde is net deur Centlivres geteken.

Die Kommissie het byna 17,000 eise voor hulle gehad wat waarskynlik nie minder as 'n kwart miljoen aparte nommers behels het nie. Onder hierdie eise was ongeveer 5000 nuwes waarvan omtrent 2000 geslaag het. Baie van die eise wat deur die vorige Kommissarrise verwerp is het nou geslaag, terwyl

1. Kennisgewing No. 587 van 1904
2. G7, 1905 en G 35,1906.
3 G 25. 1907

aansienlike vermeerderings toegeken is in die geval van 'n groot aantal hersiene eise . Hierdie vermeerderings tesame met die nuwe toekennings het byna £180,000 bedra, en daarvan was ongeveer £16,000 die waardering op skade wat veroordeelde rebelle gely het .

Na die vredes-verklaring het die militêre owerheid stappe om eienaars te vergoed vir eiendom wat gekommandeer is gedurende die oorlog; die militêre kwitansies is ingekoop, en uitbetalings is gemaak sonder onderskeid of 'n persoon 'n veroordeelde rebel was of nie, solank as die eiendom gekommandeer was na die oorgawe van die eienaar . Hierdie stap het egter ook nie tevredenheid gegee nie. Vir eers was daar die prys-vraagstuk en in baie gevalle het persone die aangebode som onder protes aangeneem; maar dit was nie al nie; waar die militêre nie seker was of hulle die voordeel van sekere eiendom gehad het nie, het hulle geweier om die uitbetalings te maak selfs al kon die eiser 'n kwitansie toon en in sommige gevalle het die eiendom werklik op die rekwisisie notas voorgekom. Dan was daar die gevalle waar militêre persone nie formele kwitansies uitgereik het nie; uitbetalings hiervoor is ook geweier en eindelik was daar die ongelukkiges wat deur een of ander rede hoegenaamd geen kwitansie ontvang het vir eiendom wat die aan die militêre moes uitlewer, word nie.

Die Skadevergoeding-Kommissie het opdrag gehad om ook hierdie gevalle te ondersoek en aanbevelings te doen vir uitbetaling. Hierdie klas van eise moes egter apart gehou word en moes aan die Departement van die Eerste Minister gestuur word aangesien Sprigg 'n ooreenkoms getref het met die militêre owerheid waarby laasgenoemde ingestem het om fondse agter te laat vir bona-fide eise wat nie deur die Central Claims Board vergoed is nie. Hierdie sum was £29,000.

As hierdie toekennings op militêre verpligtings bygereken word, het die Kommissies uitbetalings aanbeveel wat ongeveer 37 % van die eise bedra.

Tot 1909 het die Koloniale Regering aan hierdie bedrae betaal sodat die totale bedrag xx in genoemde jaar op meer as tweemiljoen te staan gekom het.[1] Volgens sir Gordon Sprigg het die Imperiale Goewerment ingestem om £200,000 aan die skatkis van die Kolonie te vergoed, synde hulle deel van die las. Dit is behalwe die som van £29,000 wat soëwe genoem is.[2]

Die eerste vereiste vir 'n Skadevergoeding-Kommissie, is natuurlik om 'n tarief vas te stel waarvolgens toekennings kan geskied. Vooraf is in hierdie geval dan ook 'n tarief opgestel[3], en pryse is xxx bereken volgens die vooroorlogse peil. Ook het die Goewerment neergelê dat gesaaides moes bereken word teen markprys op die land en op die dag wat dit verniel is. Eisers het egter in die reël sulke skades geskat op wat dit werd sou wees na dit ingeoes is, sonder om vir arbeidskoste af te trek. Die Kommissie was egter nie genoodsaak om te hou aan hulle opgestelde tariewe nie, maar kon die wysig na omstandighede; die skaal moes slegs dien as handleiding.

Alvorens 'n oordeel gevel word oor die werk van die Kommissies en die optrede van die Regering in hierdie belangrike saak, is dit nodig om 'n duideliker begrip te hê van die wx werk en die moeilikhede in verband met so 'n ondersoek.

1900-01	1901-02	1902-03	1903-04	1904-05	1905-06
113263	165,224	815,442	316,666	197,600	61,395

1906-07	1907-08	1908-09	Totaal.
18,803	317,208	6,668	2,012,269.

3.

Perde(hingste en reuns)	£15	Verse	£7
Merries	£12	Kalwers	5
Vullens	5	Ramme	2-10-0
Muile	15	Hamels	1 -0 -0
Donkies	5	Ooie	-15-0
Trekosse	12	Lammers	-5 -0
Slagosse	15	Bastersk.	-12-6
Bulle	12	Varke	2 - 10-0
Koeie	10		

2. {C. Times 17/9/02
{Onsland 11/9/02
{Hansard 1902 bl. 240

Die Kommissie het sy ondersoek beskou eintlik as 'n judisiële. Hulle toekennings was in werklikheid 'n uitspraak teen die publieke fonds van die land en by die ondersoek was die verweerder nl. die skatkis nie verteenwoordig nie. Dit was dus die plig van die klaer om iets in die sin van 'n prima facie saak daar te stel. Die taak van die Kommissie was voorwaar nie 'n gemaklike nie. Aan die een kant moes hulle sorg dra dat reg aan die slagoffers van die oorlog sover as moontlik geskied, terwyl hulle aan die ander kant op hulle hoede moes wees teen bedrog en oordrewe eise. Dis algemeen bekend dat mense van alle klasse in die reël probeer om hulle kanse waar te neem as hulle eise kan instel teen die Goewernment van 'n land en tereg merk die Kommissie aan dat hierdie feit geen verwondering hoef te wek nie; hulle voeg daaraan toe dat sulke oordrewe eise nie beperk was tot een of ander klas in die samelewing nie, maar dat met menige uitsondering eisers van alle klasse en alle rasse, probeer het om profyt te maak uit die transaksie.

Daar moet egter nie vergeet word nie dat persone wat groot indirekte verliese gely het, waarvoor hulle nie geregtig was op skadevergoeding nie natuurlik gemeen het om enigsins daarvoor op te maak met die toelaatbare eise.

As die Kommissie verbeoordeel word vir die lae persentasie van toekennings in verhouding met die eise, moet ook in die oog gehou word dat daar baie mense was wat nie verstaan het dat dit buite die mag was van die Kommissie om indirekte skade te vergoed nie en dan word rente op geld geëis, of die waarskynlike afstammelinge van vee word in berekening gebring as die eise opgemaak word; of waar koopware onteien is, het die

Elke sak koring, Mielies, hawer, erte of bone gesaai... £ 10
" " gars gesaai £ 7-10-0
" " aartappels geplant £ 4- 0-0

Draad heinings wat geheel en al verniel was, het die Kommissie waardeer teen £25 per duisend treë. Skade aan heinings is bereken teen 5/- vir elke plek waar die heining deurgeknip is.

handelaar gewoonlik die verkoopprys geëis, nieteenstaande die Regering duidelik neergelê het dat slegs die kosprys sou uitbetaal word.

'n Groot moeilikheid vir die Kommissie was die vraagstuk van getuienis. Uit die aard van die saak sou dit 'n groot onreg wees as die Kommissaris altyd op goed gestaafde getuienis sou gestaan het, want die oorlogstoestande het dit in baie gevalle onmoontlik gemaak vir 'n persoon om te sorg dat hy voldoende getuienis het om sy verliese te bewys. Baie keer is die verliese aangebring terwyl die eienaar as 'n ongewenste ver van sy plaas gevange gehou is.

Die volgende brief[1] word nie slegs gegee terwille van die naïwiteit daarvan nie; dit gee ons 'n heldere blik in die oorlogstoestande en die manier waarop skade dikwels aangebring is. Ook laat dit duidelik blyk hoe onmoontlik dit was om met sekerheid te sê watter skade deur die Britse troepe aangebring is en watter deur die Republikeinse:" ~~That which the palmer-worm hath left~~ „Wat de rups heeft overgelaten, heeft de sprinkhaan afgegeten" ~~hath the locust eaten~~". Die brief is geskrywe deur 'n geletterde naturel aan sy baas; om te vertaal sou die hele kleur wegneem.

My dear ---,

Let me say to you very briefly - you have no place ~~xxx~~ here, the first thing the boers did when they came here, they ~~xx~~ made a great damage, they took a bag of barley, also sugar, meal coffee and clothing, they did not take much, they broke the door of the waggon house, after that they caught hold of Tom and thrashed him, they called me and said they want to take Tom a prisoner, saying why did he go and tell the English that we the boers are here,

Here it ends.

What the military did

When they arrived here they did what I can't make out, they made a greater damage than the boers, they took all the barley bags and loaded them on both carts, they took them away, except one barley bag which they returned, they also took your cart, all the clothing in the house were taken by them - you have no more clothing in your house, they broke your box, and took butter, knives, spoons, Ladies dress, Trousers, dishes, hatchet, saw pan, forks, lot of your things are taken, you suffered great damage through the military, they took away meat, meal, milk, spoon, scissors - also everything in the dress line, all your books are taken, oxriems, file, sjambok, Fieldglasses, - fowls, fowls that were left on the farm strayed and the seven which remained on the farm were taken by the military also candles, matches, and the thing on the table which stands the glasses,

1. In verslag van Kommissie opgeneem.

you have no home here - your place is lonely - if you do come back buy you some articles - if you intend coming back I would advise you not to do so at present - they say they will kill you - regarding movable property, they did not touch and of your sheep, all the sheep are alright, except 5 sheep that died - besides that the little lambs are dying of cold - eighteen died through the cold.

Yours,

J. ..N. ..

asie

Maar alhoewel die Kommissarisse onder die onstandighede nie kon vashou aan die getuieniswette nie, moes hulle, soos reeds gesê, op hulle hoede wees vir bedrog. 'n Magistraat in 'n Naturelle-distrik verklaar dat hy twyfel aan die egtheid van baie van die nuwe eise, omdat hy weet dat naturelle-klantelokkers rondgaan om die eise te kollekteer, waarvoor hulle 10/- stuk kry en die prokureur 20/- vir die optrek daarvan as ook 5% op die toegekende som. 'n Getuie verklaar: "Ek sal 'n £ betaal word vir my getuienis as die eis slaag; anders kry ek nie 'n pennie nie".

In alle gevalle, van nuwe eise wat voor die 1904 Kommissie gebring is, moes die eiser 'n deklarasie ~~xxxx~~ teken, dat nie een van die ~~items hierondergespesifiseer~~ gespesifiseerde nommers deur hom of deur enig ander persoon in enige vorige geval geëis is nie; ook is dit nie vir die militêre geëis nie. Niettemin hierdie voorsorg het nog baie gevalle voorgekom waar 'n eis wat reeds betaal was, weer ingestuur was. By nadere ondersoek het geblyk dat baie persone dit deur 'n misverstand gedoen het omdat hulle gemeen het dat die bedrag wat kort was op die reeds toegekende som, nou as 'n nuwe eis kon ingebring word. In enkele gevalle is kriminele vervolging ingestel en straf deur die hof opgelê waar moedswillige bedrog duidelik geblyk het.

Maar die moeilikhede van die Kommissie het nie hier opgehou nie. Dikwels het 'n klein rekeninkie 'n groot werk gekos alvorens die toekenning kon vasgestel word; inderdaad was die hoeveelheid werk in baie gevalle in omgekeerde verhouding tot die grootte van die rekening.

Soms weer het 'n persoon daarteen protesteer dat hy as 'n veroordeelde rebel beskou word en dan moet sy saak van die begin weer behandel word en in sommige gevalle het die Kommissie gevind dat die persoon nie onder die rebelle moes geklassifiseer word nie of dat hy op onvoldoende getuienis veroordeel was, of dat sy optrede nouliks onder die wetlike definisie van hoogverraad kon val. Daar is egter nie baie persone wat op hierdie manier groot vrywaring gekry het nie.

Met al hierdie feite voor ons sal dit onregverdig wees om te beweer dat van Goewermentswe nie 'n kragtige poging aangewend is om die skade gedurende die oorlog aangebring te vergoed nie. Oor 'n tydperk van sewe jaar was altesaam 70 Kommissarisse en sub-kommissarisse spesiaal besig om die ondersoek in te stel en byna 18,000 prowisionele en finale notule is gedurende hulle sittings aangeneem en onderteken. Dit lyk dus baie onregverdig om nog kritiek uit te oefen en al wat hieronder volg moet deur bostaande gekwalifiseer word.

Uit die aard van die saak is dit onmoontlik om onder sulke omstandighede aan almal reg te laat geskied en nog moeiliker om almal te bevredig. Op goeie grond kan egter gesê word dat die saak nie so rooskleurig was as wat die verslae van die Kommissies miskien laat dink nie. Hoor wat sê die minderheidsverslag, onderteken deur Centlivres[1] "Wetende dat die verslag van hierdie Kommissie deel sal vorm van die land se argief en dat dit ewentueel sal gebruik word as historiese dokumente, gevoel ek dit my plig om te probeer om die gevolgtrekkings wat die mogeslag verkeerdelik daarvan sal aflei te verminder of te verwyder, vermaanlik as opgemerk word dat so'n klein persentasie van die totale bedrag van eise aanbevoel word vir uitbetaling". Centlivres sê verder dat sy eer hom verplig om te konstateer dat in sy opinie baie eisers geregtig was op toekennings, terwyl hulle niks gekry het nie,

1. G 25, 1907, bl. 7

en ander was geregtig op heelwat meer as wat aan hulle toegeken is. In baie gevalle het eisers self die skuld, omdat hulle nie die nodige voorsorg geneem het om alle beskikbare getuienis in te bring nie. Daar is ook duidelike tekens dat al die lede van die Kommissie van die begin af nie die werk stelselmatig en deeglik gedoen het nie. Getuienis is dikwels op so'n slorderige wyse opgeneem dat die Sentrale Kommissie die papiere moes terugstuur en dis jammer dat hulle dit nie in al sulke gevalle gedoen het nie. Baie eisers het nooit gesien watter getuienis opgeteken word nie en dan het hulle ongelukkig daaronder gely omdat hulle ingeen stem het om op die oorspronkelike getuienis die saak verder te drywe.

Verder kla Centlivres dat die Kommissie te veel vasgehou het aan die opgestelde tarief. Slegs in enkele gevalle van perde of beeste waar oorvloedige getuienis wys dat die diere volbloed was, het die Kommissie van die tarief afgewyk. Dit was nie genoeg dat twee of drie bure getuig dat 'n sekere dier £20 tot £30 werd was nie.

In die geval van nuwe eise was die Kommissie gewoonlik bevooroordeel. Hulle wou weet waarom die eis nie voorheen ingebring is nie. Centlivres beweer dat baie eise voorheen nie ingestel is nie, enkel uit vrees. Eisers was bevrees omdat hulle om wat die vyand geneem het, op te eis omdat hulle gemeen het dat daar moeilikheid van sou kom, omdat hulle byvoorbeeld nie die teenwoordigheid van die vyand rapporteer het nie ens. Definitiewe gevalle van hierdie aard kan aangehaal word.

Verder is baie eise afgewys omdat die getuies bloedverwante van die eiser was, terwyl persone op verafgelee plase onder die werking van krygswet, nie maklik onpartydige persone kon bekom om van hulle skade te getuig nie.

Waar 'n persoon deur omstandighede waaroor hy geen beheer gehad het nie, afwesig was toe sy vee verlore geraak het, moes hy in baie gevalle sonder vergoeding bly, omdat daar niks is om aan te toon dat die vermiste nie gesteel is nie en dit sou die eis onder indirekte oorlogsverliese bring.

Groot verliese is ook gely omdat die militêre owerheid in so baie gevalle ver onder die waarde uitbetaal het vir eiendom wat hulle rekwireer het. Al het 'n persoon ook bewys dat sy eiendom £100 kos en die militêre het hom slegs £30 toegeken, wat hy onder protes aangeneem het, kon die Kommissie[1] niks daaraan doen nie want so'n saak was buite sy mag.

Die toestande waaronder feitlik al die skade gely is, wat deur Centlivres aangehaal word, is uitsluitend platteland se toestande en dis daarom ook die landelike bevolking wat vernaamlik gely het. Omstandighede het hierdie klas van die volk in 'n ernstige nadeel gestel want onder omstandighede was dit juis ook hulle wat onder ernstige verdenking was met betrekking tot hulle lojaliteit en geen redelike persoon sal ontken dat vooroordeel 'n groot rol gespeel het nie. Dit lyk wel veeleisend om te verlang dat rebelle selfs onder versagtende omstandighede geregtig sal wees op vergoeding vir oorlogsverliese. As versagtende omstandighede egter in aanmerking geneem word en ons bedink daarby dat die skuldiges, wat enigsins iets besit het, swaar boetes moes betaal en tronkstraf moes verduur, dan lyk dit onregvaardig om die persone nogeens te straf en dit nogal met wat feitlik neerkom op verbeurtverklaring van eiendom. Dit kom in werklikheid daarop neer dat 'n persoon op drie manier gestraf word: (a) deur verlies van persoonlike vryheid; (b) deur boetes en (c) deur verlies van roerende eiendom.

Op grond van voorgaande het die platteland se verteenwoordigers in die parlement daarvoor geyver dat selfs

1. Die leser word verwys na die bylae bl.336. waar sekere bepaalde eise voorkom wat deur die Kommissie verwerp is.

~~woordigers daarvoor geywer dat selfs~~ rebelle ook sou geregtig wees op skadevergoeding . In die begin was daarvoor min hoop maar deur die herverdeling van partye in 1902 kon die Afrikaner Party sy invloed laat geld en is soos reeds vermeld besluit om ook onder sekere beperkings skadevergoeding aan rebelle toe te ken. Nogtans moes hierdie klas eiser vir uitbetaling wag tot die ander uitbetalings reeds geskied het en hulle het baie min vergoeding gekry vir hulle verliese.

Afgesien van al die direkte verliese wat in geen geval vergoed is nie, is dit onmoontlik om selfs by benadering die indirekte oorlogskade te bereken. Hier was 'n wye veld vir ondersoek , maar 'n veld waaraan die regering nie gewaag het om te raak nie en daarvoor kan hulle nouliks blameer word. Dit mag moontlik wees om sekere klasse van indirekte verliese te ondersoek, maar die gevaar is in so'n geval dat jy nooit weet waar dit jou kan heen lei nie; Die moontlikhede is byna onbeperk.

So is daar dan, nieteenstaande die ernstige poging van die Goewerment om oorlogsverliese te vergoed, nog oneindig baie skade gely. 'n Oorlog onder moderne omstandighede is so vernielend dat niks anders kan verwag word nie.

Dat sommige van die bedrae eers in 1908-09 uitbetaal is, het natuurlik baie families in groot geldelike moeilikhede gedompel, want in baie gevalle was die ingestelde eis die beslissende faktor tussen onafhanklikheid of bywonerskap.

Aangesien die Kolonie finansieel, soos aanstonds sal aangetoon word so goed uit die oorlog gekom het as 'n land maar kon verwag, kon oorlogsverliese self met groter krag aangepak gewees het. Dit was in belang van die Kaapkolonie self om te verhoed dat 'n groot deel van die bevolking toegevoeg word tot die getal van armeblankes, wat altyd en orals 'n kanker vir 'n land is.

Hoe'n Goewerment hierdie gevaar beveg, moet nie net gesoek word by die bedrae wat vir oorlogsverliese uitbetaal word nie, maar ook by elke ander poging om normale toestande

so gou as moontlik te herstel en die uitgebreide spoorwegplan wat reeds gedurende die sessie I902 deur die parlement geloods is bewys dat die Regering van die dag die platteland nie vergeet het nie;dit kon ook nouliks gebeur wanneer die Regering noodwendig moes ondersteun word deur plattelandse verteenwoordigers.Die spoorwegprogram was as volg:

(I) Amabele na Butterworth;(2) Indwe na Ugie;(3)Klapmuts na Franschhoek;(4)verlenging van Hopefield smalspoor;(5)De Aar na Prieska;(6)Victoria-Wes na Carnarvon;(7)Aliwal-Noord na Barkly-Oos;(8)Ceres-weg na Ceres en verder is 'n toelaag van £2000 vir die Mosselbaai-lyn gestem.

Verder is voorsiening gemaak vir die uitbreiding van hawewerke en van besproeiingskemas.

so gou as moontlik te herstel en die uitgebreide spoorwegplan, wat reeds gedurende die sessie 1902 deur die Parlement gelooks is, is bewys dat die Regering van die dag die platteland nie vergeet het nie; dit kon ook moeiliks gebeur wanneer die Regering noodwendig moet ondersteun word deur plattelandse verteenwoordigers .

Dat die Kaapkolonie saam met die res van Suid-Afrika sou moes ly as gevolg van die oorlog, is herhaaldelik aangetoon deur die teenstanders van die oorlogs-party nog voor die uitbreek daarvan.

'n Belangrike saak wat nog moet bespreek word is die van produksie gedurende die vyandelikhede. Die vraag is tot watter mate produksie moontlik was in 1901 en 1902 toe die Boere-Kommando's die Kolonie heen en weer deurgetrek het.

Die Goewerneur het aan die hand gegee dat die Prokureur-Generaal 'n rondskrywe aan alle magistrate, soutis, om informasie aangaande die saak in te win. As gevolg hiervan is 'n omsendbrief in Nov. 1901 uitgeskrywe wat magistrate gelas om verslae op te stuur aangaande (1) die toestand van die distrik wat landbou betref; tot hoever produksie toegelaat word op die oomblik en die toestand van plase. (2) Toestand van lewende hawe; tot watter mate die op die plase gelaat is en hoe dit vergelyk met normale jare. Volstruise moes spesiaal behandel word. (3) Tot watter mate xxx families van die plase geneem is ~~van plase~~ na die dorpe. (4) Toestand van families wat aldus weggeneem is . (5) Toestand van families wat op plase gebly het. (6) Voorrade in dorpe en op plase respektiewelik .(7) Lys van verbrande plaas-woonings.[1]

Dis nodig om net weer in gedagte te bring dat die militêre owerheid verplig was om in die distrikte waar

1. Sien Cd. 903. 1902 No. 59.

die vyand byna 'n permanente verblyf hou, die Boere te belet om te ploeg en te saai, omdat die gesaaides tog weer deur die Boere-kommando's gebruik word. Ook moes lewende have in sommige distrikte van die plase geneem word na dele wat deur die Britse troepe beskerm word .

Verder is perde en muile in duisende oor die hele Kolonie ingesamel en in kampe geplaas . Van Des. 1900 tot die begin van Maart die volgende jaar is 25,000 perde gekommandeer en feitlik alle muile eweneens. Die gevolg was dat op die plase feitlik geen trekdiere oorgelaat is nie en daardeur is ploegery onmoontlik gemaak.

Dat boere onder die omstandighede moes verarm, spreek vanself, aangesien baie van hulle op hulle kapitaal moes teer.

Volgens die verslae van die Magistrate , was die toestand treurig in die weste en noordweste van die spoorweg Beaufort-Wes - De Aar en tot 'n mindere mate so in die noordooste van die Kolonie . Die 1901 seisoen was 'n baie gunstige indien omstandighede normaal sou gewees het, dog in genoemde dele het die oorlog hom so laat voel dat die toestande besonder ernstig was .

In die distrik van Vryburg was alle plase verlaat; in Kimberley was boerdery onmoontlik en so ook in Barkly-West, waar dit net toegelaat is binne dele, wat onder beskerming van die troepe was. Dieselfde kan gesê word van die distrikte Taungs, Mafeking, Herbert, Carnarvon , Britstown . In sommige dele is die gesaides vernield om nie in hande van die kommando's te val nie, terwyl die vegtende Boere in Ka kamas en Calvinia die gesaides ingeoes het.

In die noorde en noordweste van die Kaapkolonie, is feitlik alle perde en muile deur die Britse troepe en die Boere-kommando's gekommandeer.

Aan volstruise het die boere veral in Kimberley en Vryburg baie verloor, terwyl beeste ook baie minder gewo rd het met uitsondering van die onder die naturelle naby Taungs.

Op hierdie tydstip was in Barkly-Wes drie plaashuise verbrand, een in Kenhardt, twee in Mafeking en een-en-twintig in Vryburg.

Na die ooste kant was die toestand ook maar hagelik. In Aliwal Noord was saaiery beperk, in Herschel was niks; Graaff Reinet omtrent 'n kwart van die normale hoeveelheid, terwyl dit in Aberdeen hgeheel en al verbode was. In Colesberg was die gesaaides mooi, maar 'n Kommando Boere tussen Colesberg en Philippstown het hulle perde daaraan gevoer. In Tarkastad was saaiery ook verbode en volstruise sowel as vee het daar geloop sonder oppassers. So ook het Hanover groot verliese aan volstruise gely, terwyl Jansenville met sprinkhane geplaag was en Cradock en Middelburg met brandsiek onder die vee.

Drie plaashuise was verniel in Aberdeen, een verniel en nog drie baie beskadig in Graaff Reinet; verder is drie in Jansenville, twee in Middelburg en een in Murraysburg verniel.

Alhoewel Kommando's na die Suidwestelike distrikte deurgedring het, is daar nie veel skade veroorsaak nie. In George was egter vier huise verniel, twee in Riversdal en een naby Uniondale.

In ander distrikte langs die kus was die toestande normaal en in sommige eintlik bokant normaal. Onder laasgenoemde klas het geval, Albert, Alexandrië, Bedford, Cathcart, Cradock, Molteno, Humansdorp, Uitenhage, George, Oudtshoorn en Robertson. In sommige van hierdie distrikte het die Boere-Kommando's slegs vlugtige besoeke afgelê.

Oor die algemeen was die ekonomiese toestand op die platteland dus uiters hagelik. Die kusstreek, meer of min van oos tot

wes was in 'n goeie toestand, maar origens het die toekoms donker gelyk en dit het steeds donkerder geword. Die Kaapkolonie het wel gunstig afgesteek teen die Republieke, wat by hierdie tyd in puin was, maar dis moeilik om 'n mens die lot voor te stel van baie families in die Kolonie wat hulle plase moes verlaat en selfs nie eens geweet het wat hulle nog besit nie.

Maar die oorlog het nie net rampe gebring vir die Koloniale boere nie. Die groot aantal Britse soldate in die land, sowel as die beperkte produksie, het pryse abnormaal hoog gevoer . Die aanvraag vir landbou-produkte en lewende hawe was baie groot en 'n deel van die volk kon dus heerlik geld maak. Dit spreek van self dat boere in die distrikte waar toestande meer of min normaal gebly het, deur die oorlog profiteer het, as gevolg van verhoogde pryse.

Wat wyn en brandewyn betref was daar aanvanklik 'n daling in die prys, sodat die pryse van 1899 heelwat laer was as die van die vorige jare. Maar verder was die oorlogspryse abnormaal hoog, veral in die geval van brandewyn.[1]

Dit kan egter nie gesê word van koring pryse nie. In hierdie geval was die oorlogs pryse ietwat laer as voor die oorlog en eers in 1903 is weer die syfer van 1896 bereik. Daar kan net een uitleg wees vir hierdie verskynsel en dit is dat koring op groot skaal ingevoer is vir die troepe en dat die oorlog dus geen vermeerderde aanvraag in die Kolonie geskep het nie. In verskillende dele van die land het die pryse van koring egter grootliks varieer .

Mielie pryse aan die anderkant het 'n taamlike styging ondergaan na 1899 en dieselfde was die geval met gars, hawer en rog wat in groot hoeveelhede vir perde voer opgekoop is.

Pastorale produkte het nie oor die algemeen so'n groot prysstyging ondergaan nie.

1 Stat. Reg. 1903 bl. 249

one spasie

maar die prys van lewende hawe het abnormaal hoog gestyg gedurende die oorlog. Perde het die hoogwatermerk bereik in 1902 toe 'n gemiddelde prys van £30 in die Kolonie bereik is en trekperde het ongeveer dieselfde pryse behaal. So ook was Muile van £20 tot £25 terwyl donkies die aanlokkelike bedrag van ~~£7 tot~~ £9 en selfs tot £11 behaal het. Trekosse, skape, bokke en varke was ook pragtig op prys. [1]

Handel was in meeste vertakkinge lewendig, veral in dele naby die kus. In Kaapstad is nuwe geboue so vinnig as ooit opgerig in 1901 en 1902 en vaste eiendom in die stad sowel as in die voorstede was besonder opprys.

Onder toestande soos nou in die Kolonie geheers het floreer spekulateurs gewoonlik en veral die handelaars wat kontrakte met die militêre gesluit het, het besonder goeie sake gedoen.

'n Deel van die bevolking wat taamlik swaar gekry het onder die omstandighede was persone met 'n vaste ~~sie~~ salaris. Die lewenskoste was verhoog en as verbruikers moes hulle heelwat meer as voorheen betaal vir lewensmiddele, terwyl hulle inkomste nie na verhouding gestyg het nie.

Arbeiders was heelwat beter af; wel moes hulle meer aan huur, lewensmiddele ens. betaal, maar hulle daagliks loon het na verhouding gestyg. Gedurende die oorlog was daar 'n besondere aanvraag, veral in die hawestede, vir ambagslui. Die oorlog het 'n groot aanvraag geskep ook vir natuurlike arbeid, omdat soveel natuurlike nodig was by die transportafdeling, asook om die plek te neem van blankes wat op oorlogsdiens was.

Ekonomiese aangeleenthede, in soverre die bevolking van die Kolonie raak, is nou in alle vertakkinge besproek. Daar moet nou nog nagegaan word hoe die Kolonie as 'n staat uit die oorlog gekom het.

Die handelstelsel in Suid-Afrika is tot 'n groot mate afhanklik van die bestendigheid van die myne. Deur die

1. Stat. Reg. 1903 bl. 248

sluiting van die verkeer na die Republieke, en die tydelike afsondering van die Noordelike Kaapkolonie, Kimberley ingeslote moes die handel na die noorde natuurlik geheel en al ophou.

Die oorlog het eers in Okt. uitgebreek en tog het die uitgawes van die vorige maand die gevolge van die onsekere toestande reeds duidelik laat uitkom. Gedurende Sept. het die uitvoer na state buite die Tolverbond 'n vermindering van 42% ondergaan in verlyking met dieselfde maand van die vorige jaar en gevolglik was die som aan invoerregte in Sept. ontvang, 16% laer as in Sept. van 1889. Hierdie verskynsel was onrusbarend dog, na Lord Roberts se opmars na die Vrystaat, en die terugval van die Republikiense strydmagte uit die Kolonie vroeg in 1900, was die weg na die Noorde weer oop, en die jaarlikse invoer toon tussen 1896 en 1900 geen noemenswaardige skommelinge nie. In 1901 is daar 'n merkbare vermeerdering terwyl die invoer van 1902 feitlik 'n verdubbeling is van die van voor die oorlog[1] (dit is behalwe artikels wat die Imperiale Goewerment in die Kolonie ingevoer het).

Die uitvoerhandel tussen 1898 en 1902 toon groter skommelinge[2]. Die laagwatermerk is 1900 bereik toe die uitvoersyfer nie eens een derde van die van die vorige jaar was nie. Groot vermin derings tussen genoemde twee jare word aangetoon onder die hoof Boerdery-produkte, behalwe produkte van die wynplaas wat in teenstelling hiermee groot vermeerderings aantoon.

Dit sal egter 'n groot fout wees om te veronderstel dat die vermindering in die uitvoer van boerdery-produkte juis toe te skrywe was alleen aan verminderde produksie. 'n Groot rede vir die vermindering is dat die binnelandse

1. Uitvoerhandel (sien bylaag)

1898	1899	1900	1901	1902
15,264,949	14,561,373	16,106,984	19,745,304	29575171

2. Inwoerhandel

1898	1899	1900	1901	1902
24,112,485	2,831,386	7,042,358	10.173.161	15832992

AANVERAG SO ABNORMAAL VERHOOG IS.

Die spoorwe het selfs in die oorlogsjare soos gewoonlik 'n wins afgewerp en die was groter in 1900 en 1902 as wat dit sedert 1896 gewees het. Gedurende die oorlog was die algemene idee dat die militêre vervoer feitlik al die inkomste gelewer het, maar dit was tog nie so nie. Die verslag van die Algemene Bestuurder vir 1901 toon aan dat die siviele verkeer tog nog meer ingebring het as die militêre; die spoorwe het veel goed gemaak uit die vervoer van proviksie en alle ander benodighede vir die troepe, sowel as die vervoer van soldate, maar die militêre owerheid was ook baie verskuldig aan die spoorwe. Volgens ooreenkoms moes militêre sake voorkeur kry en die siviele verkeer is so binne perke gehou dat in alle behoeftes van die militêre, sonder uitsondering, onmiddellik kon voorsien word. Om doeltreffendheid te bewerkstellig het die militêre ook seggingskap ~~skap~~ gekry in die bestuur van die spoorwe en wel op die volgende wyse: 'n Militêre Staf van Beheer is aangestel as medewerkers van die Tegniese Staf. Majoor Murray is aangestel as Assistent-Direkteur van spoorwe in Kaapkolonie. Hy het 'n tweeledige pos beklee aangesien hy op die staf was van die "General Officer-Lines-of-Communication", sowel as op die staf van die Direkteur van Spoorwe, Suid Afrikaanse Veldmagte en hy moes saamwerk met die Algemene Verkeersbestuurder van die Goewerment-spoorwe. Verder is nog op verskillende plekke Onder-Assistent- Direkteurs geplaas en onder hulle weer het gedien die "Railway Staff Officers" wat geen spesiale tegniese kennis nodig gehad het nie, omdat hulle nie met die tegniese werking van die spoorwe iets te doen gehad het nie; hulle was onder die onmiddelike bevel van die Stasie-Kommandant en was geplaas op elke belangrike

stasie. Later is die stelsel nog verder gesentraliseer.

Met teenstaande die voorsorg wat geneem is om harmonie tussen die siviele en militêre amptenare op die spoorwee te bewerkstellig nie, het botsings in die begin veral, heel dikwels voorgekom. As 'n geheel egter, het die stelsel doeltreffend gewerk.

Die teenslag wat die Britse troepe in Des. 1899 op elke front te beurt geval het en die gevolglike front-verandering van Lord Roberts daarna, was 'n uitstekende toets wat die spoorwegstelsel moes deurstaan. Tussen 26 Jan en 12 Feb. 1900 is ongeveer 30,000 soldate met perde, muile, osse, grofgeskut en transport tussen Oranje- en Modder-rivier afgelaai.

Herstelling van lyne wat deur die Boere-kommando's op-gebreek is, was geheel onder die toesig van die militêre. Daarvoor het die Direkteur van Spoorwee, Suid-Afri-kaanse Veldhagte, onder hom gehad die "Royal Engineers" en die "Railway Pioneer Regiment", duisend sterk. Volgens ooreenkoms sou die Direkteur egter indien dit nodig mag wees, die siviele amptenare van die spoorwee kon vra om seker herstellings te onderneem.[1]

Soos reeds aangemerk het die Koloniale Tesourie gladnie sleg uit die oorlog gekom nie. Die Regering het gedurende die oorlog met oorleg te werk gegaan wat die uitgawes van die land betref. Die verhouding van die gewone inkomste tot die gewone uitgawes het reeds in die eerste oorlogsjaar gunstig vergelyk met die van die vorige jare. Die jaar daarop het nog heelwat gunstiger vergelyk, toe die gewone uitgawes, die inkomste slegs met 'n geringe bedrag oortref het, terwyl 1901-02 selfs 'n surplus van byna 'n half mil-joen afgewerp het, as slegs die gewone uitgawes in aan-

1. Vir beheer oor en organisasie van die Koloniale Spoorwee tydens die oorlog, sien Girouard: History of the Railways during the War in S.A.

merking geneem word. Die surplus was egter by ver nie genoeg om die buitegewone koste in verband met die oorlog en die builepes te bestry nie en die is uit leningsfondse gedek[1].

Wat die landsinkomste betref gedurende die oorlog, is dit interessant om te sien dat die gewone belastingsbronne meer ingebring het as gewoonlik; dit bewys hoe lewendig die handel gewees het gedurende die oorlog.

Die Publieke skuld van die Kolonie is tussen 31 Des 1898 en 31 Des. 1902 vermeerder met 8 ag en 'n half miljoen pond dog dit was glad nie onrusbarend nie, want die onproduktiewe deel daarvan het byna geen vermeerdering ondergaan nie.

Volgens Sir Gordon Sprigg[2] het die buitengewone oorlogskoste van die Kaapkolonie van Junie 1900 tot end Junie 1902 omtrent twee en 'n half miljoen pond beloop. Die 31,000 man wat aan Sprigg se oproep gehoor gegee het toe die Kolonie vir 'n tweede maal ingeval is moes gedeeltelik deur die Koloniale Regering onderhou word. Die koste in verband met die dorpswagte is geheel deur die Kaapkolonie betaal, terwyl die proporsie wat die Kaapse skatkis bygedra het vir die onderhoud van die Koloniale veldmagte, langsamerhand aan gegroei het, totdat die Kolonie feitlik die volle verantwoordelikheid op hom geneem het[3].

Wanneer die sterkte van die landsinkomste het van die twee en 'n half miljoen oorlogskoste en die half miljoen pond wat gedurende dieselfde tydperk aan bestryding van die builepes bestee is, slegs sowat £1,700,000 as 'n las vir die Kolonie agtergebly.

Sir Gordon vergelyk dit met die twee jaar wat met die Gaika-Galeka-Oorlog begin en met die Basoetoe-Oorlog geëindig het. Oorlogskoste het toe £5,000,000 beloop waarvan £4,000,000 as permanente landskuld gebly het[4].

1. Leningsfondse Opgeneem.

1899-1900	1900-01	1901-02	1902-03
128,276	438,500	2,073,500	2,397,600

2. Cape Times 3 Junie, 1902
3. Cape Times 2 Des 1901
4. Sluit

HOOFSTUK X.

DIE REBELLE IN ERE HERSTEL EN NABETRAGTING.

Aug.
In I902 was daar nog sowat sewehonderd Koloniale rebelle wie se vonnisse nog nie uitgedien was nie. Van die getal was 380 in Bermuda en dit was nodig om eers die Indemniteitswetsontwerp deur die Koloniale parlement te laat aanneem, alvorens die persone van Bermuda kon oorkom om hulle vonnisse verder in die Kolonie uit te dien, aangesien vonnisse van militêre howe verval as die parlement dit nie wettig nie. In die militêre gevangenis van Grahamstad was verder I08 prisoniers terwyl die res in verskillende gevangenisse in die Kolonie in bewaring gehou is.[1]

Dit spreek vanself dat die proses van rassenversoening nouliks kon voortgaan solank as die tronk vol politieke gevangenes was, en die ou wonde nog deardeur oopgehou word.[2] Toe Chamberlain den Suid-Afrika 'n besoek bring sowat seve maande na die vrede van Vereniging, was dit die geskikte geleentheid om met die daad te toon dat die saak van rassenversoening by al die leiers swaar weeg, deur die tronkdeure vir die politieke gevangenes oop te sit.[3] Dit is dan ook gedoen en op 21 Maart 1903 is byna al die gevangenes, 380 in getal, op vrye voet gestel; niemand is daarna nog vir hoogverraad in die gevangenis gehou nie en selfs in die geval van Visser, wat tot die dood veroordeel was vir die doodskiet van 'n kaffer, is die vonnis verseg.[4] Daar was egter nog 'n hele paar honderd[5] rebelle wat nog nooit wapen neergelê het nie en wat hulle buite Britse grense bevind het.

Merriman het in Julie 1903 'n voorstel ingedien om algemene amnestie toe te staan; hy het verduidelik dat hy nie verwag dat die rebelle onmiddellik op die stemlyste sou geplaas word, nog

1 Hansard 1902 bl. 24
2 "Ons Land" het by geleentheid van Koningsverjaarsdag 'n pleidooi gelewer vir die rebelle - "Ons Land 11 Nov. 1902
3 Deurdat Chamberlain die "Loyalists"-lings laat lê het en feitlik met oog en oor vir Hofmeyr gehad het, het interessante politieke verwikkelinge plaasgevind en al die partye het die voorstel om die gevangenes los te laat, ondersteun. Sien Colvin - Jameson II bl. 317; Walker - de Villiers bl. 410. 4. Hofmeyr-Hofmeyr bl, 342.
5 Jameson noem die getal 600; Molteno, 300 of 400: Hansard 1903 bl. 387

voor die algemene verkiesing nie,maar Sprigg wat onder normale omstandighede van Merriman se steun afhanklik was,kon in 'n geval soos hierdie reken op die steun van die Ultras. Dit lyk egter of Merriman werklik soos hy beweer het,'n meerderheid agter hom gehad het vir die mosie,maar hy het sy voorstel teruggetrek,omdat amnestie nie moet afgedwing word nie. Jameson en ander het volgehou dat die rebelle eers 'n proeftyd moes deurmaak,voordat hulle weer kon deel in volle burgerregte.

Die Sprigg Regering was egter onvas;die Bond het nog nie vergeet dat die Eerste Minister nie sy woord gehou het in verband met die ondersoek na die administrasie van krygswet nie en 'n maand na amnestie ter sprake was,het Burton 'n voorstel ingedien om weer in te gaan op die boetes wat so baie persone,wie hulle beweer onregverdiglik moes betaal en om 'n appelhof in te stel in verband met skadevergoeding. Die voorstel het natuurlik letterlik neergekom op 'n ondersoek na die gehate krygswet.[1] Sprigg het die voorstel bestry en is natuurlik gesteun deur Jameson se gevolg,maar die Regering het die onderspit gedelf. Binne 'n paar dae sou die dienstyd van die parlement in elle geval verstreke wees en so het Sprigg dit nie nodig gevind om te bedank nie.

Die rebelle het dus nog sonder politieke regte gebly en die land moes 'n ander parlement kies. Die gevolg was dat Jameson in 1904 'n Ministerie kon vorm met 'n werkende meerderheid agter hom in die wetgewende Vergadering,terwyl Merriman,Sprigg en Sauer eldrie ontsetel is.

In April 1904 is 'n regeringsmosie ingedien[2] om die Spesiale howe vir hoogverraad af te skaf en om elle gevalle van hoogverraad wat nog moes verhoor word onder die jurisdiksie van die magistrate te bring,behalwe diegene wat beskuldig gestaan het van wreedhede wat indruis teen die erkende oorlogsgebruike.[3]

1 Sprigg het nooit sy belofte omtrent die ondersoek vervul nie; die Koloniale Kantoor in Engeland was daarop tee - Laurence - Merriman bl. 209.

2 Hansard 1904 bl. 349.

3 In Sept. 1902 was daar nog meer as drieduisend sake wat moes verhoor word deur die Spesiale howe. In April 1904 was die ondersoek natuurlik nog nie afgeloop nie en vandaar die voorstel. Sien A 6 1902 bl. 3.

Maar die wetsontwerp het verder gegaan: die onderskeid tussen klas II en klas I rebelle het weggeval en die magistraat sou elkeen net met vyf jaar stemontneming straf. Ook die wat reeds vir lewenslank burgerregte ontneem was, sou weer in ere herstel wees na vyf jaar.[1] Verder sou die rebelle wat die land verlaat het nie vervolg word vir moord "onder bevel" gepleeg nie, en ook nie vir moord, gepleeg "under the malice of war" nie, behalwe in uiterste gevalle soos die van Visser.[2]

Burton, Malan en andere van die opposisie het weer aangedring op algehele amnestie maar die Regering het geweier om verder te gaan as bogenoemde wetsontwerp strek.

Jameson het van sy reg gebruikgemaak om redistribusie van setels deur te druk, sodat 12 nuwe setels geskep is, meestal in die stede, waar die sterkte van die Progressiewe gelê het. Daarna het hy sy oog op amnestie gesit en in die sessie van 1906 is die lei skoongevee deur alle vonnisse van stemontneming op te hef en algehele amnestie toe te staan.[3]

So is dan eindelik in 1906, sover as wetgewing dit kon doen, die donkerste bladsye in die geskiedenis van Suid-Afrika, uitgewis. Wat sou die toekoms baar? Dit is die vraag wat iedereen homself afgevra het toe die vrede van Vereniging geteken is. Die voormalige Republieke was in puin en moes van nuuts-af weer begin opgebou word onder 'n administrasie waarvoor die volk geen beheer gehad het nie. Die Kolonie was beter af en finansieel het hy heelhuids daarvan afgekom; alhoewel 'n groot deel van die bevolking deur die oorlog geruïneer was, het die deel wat nie direk in die oorlog betrokke was nie, welvarend geword as gevolg van abnormale pryse van produkte en 'n "boom" oor die algemeen in die handel.

Maar 'n oorlog soos die in Suid-Afrika moet noodwendig van

1 Daar was vir rebelle onder omstandighede nie soiets as onerse behandeling vir dieselfde oortreding nie. So bv. was diegene wat na ondertekening van die vrede eers oorgegee het, op vrye voet toe andere wat lank vantevore oorgegee het nog in die gevangenis gesit het (Hansard 1906 bl. 72) Gelukkig is hierdie wet van 1904 van terugwerkende krag gemaak.
2 Hansard 1904 bl. 349
3 Wet No. 29, 1906

groter betekenis wees as wat met tasbare mate kan gemeet word:

"Die Suid-Afrikaanse Oorlog was die grootste politieke gebeurtenis in die geskiedenis xxxx van die Britse Ryk sedert die einde van die Napoleontiese oorloë. Hierdie stelling is geregverdig deur die belangrikheid van die politieke beginsels wat op die spel was, deur die skaal en omvang van die krygsverrigtinge en deur die diepgaande indruk wat die oorlog teweeggebring het dwarsdeur die hele Britse Ryk."[1]

Was die oorlog in Suid-Afrika vir die Britse Ryk xxx so 'n ernstige gebeurtenis, vir Suid-Afrika in die besonder was dit van nog groter belang. Die oorlogsperiode is nie alleen 'n oorgangsperiode in die geskiedenis van Suid-Afrika nie, maar dit is in der daad 'n wordingsperiode.

As die oorlog geëindig het na die nominele anneksasie v n die Republieke in 1900, is dit baie twyfelagtig of die Afrikaanse deel van die volk hulleself ooit sou gevind het. 'n Gevoel van minderwaardigheid sou die begeerte geskep het om liewers opgelos te word in die meerdere. Maar die Boerestryders het volgehou en slegs 'n tydelike vloedgolf van jingoisme het die Britse Ryxk volk blind gemaak vir die hoedanighede wat hulle altyd in hulle eie volk geroem het:

"The Boers surrendering when they did and as they did, were a greater asset to the British Empire than they would have been, if they had surrendered two years earlier. They had gained not only in selfrespect, but also in respect xx for British and British power, in respect, too, for the principle of racial equality (purpose) which the war was fought to assert and which it has asserted. Whatever mistakes may have been committed since, the foundations of racial harmony, based on mutual respect, of progress and development towards a prosperous xxxxunited South Africa, xxxx the equal of her sister nations in the Empire, were laid by the war and laid more securely because the struggle was so long and so keenly sustained"[2]

Die oorlog het vergoed die grondslag gelê vir rassegelykheid in Suid-Afrika. Die twee rasse het mekaar dikwels oor en weer verwyt van pogings tot onderdrukking en van minagting vir die xxx buur van die ander ras; dieselfde beskuldiging wat die Brit die Hollandse Afrikaner na die hoof geslinger het, het laasgenoemde hom van beskuldig. Beide kante was ongetwyfeld hoogs idealisties. Kruger het gehoop dat die Brit uiteindelik gelukkig en tevrede

I Times History xx VI bl. I
2 Ibid. V General Editor's Preface bl. VIII

sou wees onder 'n ander vlag as die Britse,geheel gespeen van Engeland,en dat die twee rasse trots sal wees op 'n gemeenskaplike vaderland,net soos Rhodes gehoop het dat oor die gemeenskaplike vaderland die Britse vlag sou wapper,terwyl die Hollandse Afrikaner sal leer om gelukkig en tevrede daaronder en trots daarop te wees.Elke party het gehoop om die ander tot laasgenoemde se "seën"in te sluk.Maar beide kante was ook gruwelik agterdogtig en het mekaar nie ten volle respekteer nie, totdat hulle mekaar se vasberadenheid,uithouvermoë en ruggegraat tot die uiterste getoets het en na die stryd het een ding so helder soos daglig gewòrd:wat ook die toekoms van Suid-Afrika sou wees,die een ras sal die ander langs hom ,nie alleen moet duld nie,maar sal ook in liefde moet saamwerk vir die heil van Suid-Afrika; vòr die afsienbare tyd staan dit vas;of Suid-Afrika 'n deel van die Britse Ryk gaan bly dan of dit 'n Republiek gaan word,sal hieraan geen verskil maak nie;rassegelykheid is seker solank as hier twee rasse sal wees.Wat daarna sal gebeur kan niemand voorspel nie.Onder die omstandighede wat hier in Suid-Afrika heers waar die blanke gemeenskap moet lewe te midde van 'n veel groter naturelle-bevolking,is 'n mesmelting van die rasse 'n natuurwet,wat sal kom so seker as die dag en nag mekaar afwissel.By die tyd sal die meeste tradisies van beide volke wel deeglik ingewòrtel wees maar of die nageslag beide tale sal aanhou,moet nog gesien word.Engels as wêreldtaal het natuurlik niks te vrees nie en dit hang af hoe ver Afrikaans kan vorder in die tussentyd,solank as die beweegkrag wat die oorlog teweeggebring het,dit nog voortdu.Op hierdie beweegkrag kan Afrikaans nie vir ewig steun nie en sy permanente voortbestaan sal dan nie,hang af van die inherente krag wat die taal kan versamel solank in Suid-Afrika nog twee rasse bestaan.Die rykdom wat aldus kan opgebou word,sal die geestes-rykdom wat die verenigde volk uit die skatte van die Engelse taal sal put,soveel volle

maak.[1]

Gedurende die oorlog het dit gelyk of die Afrikanerdom geheel ten onder gaan.Trouens menigeen het die vrees gekoester voor die uitbreek van die oorlog dat die oorlog die einde sou wees van die Afrikaners as 'n volk.Die geweldige sterftesyfer van vrouens en kinders in die kampe sou hierdie vrees versterk het,maar by die tyd was dit reeds duidelik dat die gebeurtenisse van die oorlogsjare die Afrikaners van die Kolonie laat ontwaak het tot 'n voller nasionale bewussyn,in 'n erger mate as wat so 'n betreklik geringe voorval as die Jameson-inval kon bewerkstellig.Die volk was in 'n smeltkroes en in die benge stonde het skeidings van Oranje en Vaal verkwyn."Dat wy als een volk uitgedelgd sou worden, was toen(1902) niet meer mogelik;want de duizende krygsgevangenen en de duizenden vrouwen en kinderen in de kampen,om niet eens te sprekken van de grote Afrikanerbevolking in de Kaap-Kolonie,zouden gesorgd hebben voor het voortbestaan van het Afrikaanse volk al ware het ook dat al de burgers en de vrouwen die nog in het veld waren,zouden omkomen."[2]

Die Afrikaners het deur die oorlog eers uitgevind dat hulle werklik 'n volk was.[3]Daar was nasionale herlewing in 1881 en weer na die Jameson-inval,maar dit was nie in so 'n mate nie.Die nodige skok wat in die wêreldsgeskiedenis volkere tot nasionale bewussyn opgewek het,was in die geval van die Hollandse Afrikaanse volk besonder hard.

Weliswaar was daar onder die Afrikaners self weergalose voormalige verbittering,veral in die Republieke,waar dit moeilik was vir 'n "Uitlander"om saam te lewe met 'n "National Scout",en wel het die Vrystater die Transvaler verwyt omdat laasgenoemde nie dank genoeg volgehou het in die gemeenskaplike stryd nie,terwyl dit juis deur die Transvaalse twis met Brittanje was dat die onafhanklikheid verlore gegaan het;dog niteenstaande hierdie wrevel was die grond van Kaapstad tot die Soutpansberge gereed vir die kultuur-ploeg,en 'n soliditeit is in Afrikaner-

---

I Die verband met Nederlands wat ook 'n uitgebreide en ou kultuur-taal is,versterk die posisie van Afrikaans uit die aard van die saak ook grootlike.

2 vd.Merwe - Steyn II bl.89.

3 Walker - A Hist.of S.A. bl.515:"It taught the Afrikanders that they were a people.

geledere bereik wat die Ultra-Imperialis laat wanhoop het."De soliderïteit - de eenheid van gevoel - van allen die Zuid-Afrika als hun vaderland liefhebben,kan door geen kogels of bommen beschadigd worden.Integendeel dienen alle zulke pogingen om dat gevoel uit te roeien,slechts om het te versterken."[1]

So erg was dit dat sommige Britte,nadat die soliderïteit onder die Afrikaners duidelik geblyk het,getwyfel het of die Britse deel van die bevolking beter uit die oorlog gekom het as wat hulle daarin gegaan het,omdat die vrees vir Afrikaner-oorheersing feitlik groter was daarna,as vroeër.Toe die federasie van Afrikaanse state waarna die Brit so verlangend uitgesien het,en waarvoor die Republikeine voor die oorlog 'n sterk agterdog gekoester het,eindelik binne bereik was,toe was die rolle omgekeerd en was dit die Britse deel van die bevolking ,wat uit vrees vir Afrikaner-oorheersing,huiverig was om die stap te waag.[2]

Selfs in Holland het 'n ~~xxx~~ nasionale herlewing ontstaan as gevolg van die heldhaftige weerstand wat die Hollands-Afrikaanse Republieke in Suid-Afrika teen 'n oormag gebied het.Selfs voor die oorlog was die opkoms van die Republieke die oorsaak van groter kulturele bloei,oral waar Nederlanders hulle gevestig het:"Aan de opkomst ~~xxxxx~~ dier Republieken dankt ons land sinds de laaste 20 jaren,niet slechts binnen de grenzen van ons gebied een by alle lagen en standen der bevolking opgewekte herleving van nationalen zin,doch ook daarbuiten een algemeene erkenning en waardering van de levensvatbaarheid en veerkracht, welke het Nederlandsche volkseigen in den loop dezer eeuw nog gebleken was te behouden,onder de afstammelingen onzer Afrikaansche Kolonisten uit de 17de en 18de eeuw."

As dit kon gesê word in Aug.1899,hoeveel temeer nie in Augustus van 1902 nie!

Na die oorlog het die Afrikaner-leiers gou weer die hand aan die ploeg geslaan.Hofmeyr het uit die buiteland gekom,besiel met die begeerte om konsiliasie teweeg te bring.Die Bond het sy naam verander na die meer omvattende benaming,Suid-Afrikaanse Party,toeneinde Engelssprekendes aan te moedig om aan te sluit. Maar nieteenstaande hierdie toenadering,het Hofmeyr weer begin ywer vir die Hollandse taal.Die Taalbond is weer opgerig en die

1 "Ons Land"2 Jan.1900.
2 Leyds - Tw.Verz.I bl.5.

em die Hollandse skryftaal is vereenvoudig om om Hollands 'n beter kans te gee in die stryd teen Engels. Ook in die voormalige Republieke het die taalstryd begin, veral na aanleiding van die poging deur die owerheid in werking gestel, om algehele verengelsing teweeg te bring deur middel van die skole; die "Christelyke Nationale Onderwys" is daardeur ingevoer.

Die Tweede Afrikaanse Taalbeweging het ook nie lank op hom laat wag nie. "Die tweede Anglo-Boere-Oorlog het die Afrikaanse volksiel om meer redes geskok as net om sy voorwendsels en om sy metodes. Die Afrikaanse volk het dit ingesien as 'n bestudeerde veragting en vertrapping van die volksiel. En daaruit is die nasionalisme wat besig was om uit te sterf, tot 'n splinternuwe lewenskrag gebore. En daaruit is die besieling tot die laaste en beslissende Afrikaanse beweging voortgevloei."[2]

En inderdaad is daar nie 'n beter bewys van die geweldige indruk wat die oorlog op die gemoed van die Afrikaanse volk afgedruk het nie, as die feit dat die eerste Afrikaanse digters en skrywers van die Tweede Taalbeweging byna uitsluitlik in die begin, oorlogslektuur voortgebring het, en hulle daarop toegelê het om die oorlogswee te vertolk. "Die moderne Afrikaanse poësie is grotendeels 'n kind der smarte'. En dis ook so vanselfsprekend dat gebeurtenisse wat 'n volk tot in die afgrond van weedom en vertwyfeling gevoer het, wat op die volksiel 'n merk vir die eeue gebrand het', in die eerste plek weerklank moet vind en tot uiting kom by die digters van die volk - temeer nog waar hulle die oorlogswee uit die aanskouing geken, die vryheidstryd self meegestry het!"[3]

Selfs gedurende die oorlog het Staatsekretaris Reitz geleentheid gevind sy snydende hekelgediggies, en soms ook wel gedigtjies wat 'n innige gevoelsuitxing was, op papier te stel,[4] en op Bermuda het Joubert Reitz die verlies van sy vryheid selfs in die taal van die oorwinnaar geuit -

> .....
> "And only then I realise
> How much my freedom meant,
> When the searchlight from the gunboat
> Throws its rays upon my tent".

In die digter-siele het die indrukke van die oorlog gebroei en gespook en enkele jare na die oorlog, "toe ek nog half flou was met die skok van die oorlog, en toe die donder van die Engelse kanonne nog altyd in my ore was",[5] vind dit uiting in poëtiese

---

1 Malherbe - Educ. in S.A. bl. 305 ens.
2 Langenhoven - Die Huisgenoot 27 Febr. 1931 bl. 27.
3 Pienaar - Taal en Poesie
4 Reitz - Oorlogs- en andere Gedichten
5 Leipoldt

ontboesemings,waarin die oorlogswee uit die diepte te voorskyn gekom het,meestal rein,sonder die onsuiwerheid van rassehaat,~~naas~~ ~~in onmiddellijke konsentrasiekampe~~. Sag-wenend verhaal die digter v n die dood in die konsentrasiekampe,eenvoudig en realis-ties - "Suster Anna ek voel dis die doodxwat kom:

Slaat ope die tentdoek,na buitekant om
dat my oë vry oor die hulte gaan -
Suster Anna,ek hoor 'n kerkklok slaan."[1]

Van die verbranding van plaaswonings klink dit ewe smartvol:

"Die ou huis se murasie staat swart en ontbloot,
waar almal so saam was om moeder haar skoot;xxxx
maar ver v n die huis en verstrooid deur die land,
rus almal tog saam in die Here se hand."[2]

Verder is die voltrekking van 'n doodvonnis oor twee Kaapse rebelle - "'n Lang geskiedenis....!Treurig ook,
Want daar gaan snikke deur,ou neef!
Wil jy dit aanhoor?Goed!....."[3]

Maar terselfdertyd spreek Afrik ner-boer ~~tot~~ Afrikaner-Brit

"Hier's my hart en hier my hand,
neef Brit.
Die hand wil ek in joue lê,
maar daarby nt 'n woordjie sê -
die dit:
Baas nog knegis jy of ek,
ou maat;
en,sal ons handgee soos xxx 't behoort,
dan moet dit blyk uit elke woord
en daad."[4]

'n Paar
xxxx ander gevolge van die oorlog dien nog vermeld te word

Die boycott-dreigement van die Hollandssprekendes was nie heeltemal 'n ydele nie,want die Hollandse Afrikaner het hom xxx nou ook op die handel begin toelê;talle "Boere-Winkels"is opge-rig en hierdie keer was dit nie weer net 'n tydelike ver-skynsel soos in die tyd van die Eerste Transvaalse oorlog nie. Baie v n die besighede staan vandag nog en meer het in die x

1 Celliers -"Die Kampsuster"
2 Ibid.
3Leipoldt -"Om Gert vertel"
4 Celliers - "Afrikaner-Boer aan Afrikaner-Brit".

tussentyd ontstaan, alhoewel nie meer doelbewus vir boycott-doeleindes opgerig nie.

Ook die Engelssprekendes het besluit om nie die platteland geheel aan die Hollandssprekendes oor te laat nie en hulle is aangemoedig deur die Engelse pers om grond te koop en hulle op boerdery toe te lê.

Tot 'n baie groot mate is die toestand egter vandag nog: Hollands op die platteland; Engels in die stede.

Die oorlog het die oë van die wêreld op Suid-Afrika getrek, van Japan tot die Nuwe Wêreld en toeriste uit Suid-Afrika vind vandag nog dat feitlik alles wat die gewone persoon in die buiteland van ons land weet, rondom die tweede vryheidstryd groepeer is.

VERWYSINGS.

VERKORTING.	BRON.
	(A) Van Staatswe̊.
	(1) Die Kaapkolonie.
A.(met verwysingsnommer.)	Parlementêre Papiere, gedruk op las van die Wetgewende Vergadering.(Assembly).
G.(met verwysingsnommer.)	Gedruk op las van die Goewerneur.
	Magistraatsverslae.(Duplikate is nog in die argiewe van die verskillende magistraatskantore, dog ook vervat in A.(Parlementêre Papiere).
Stat.Reg.	Statistieke Register.
(Slegs nommer en jaartal.)	Proklamasies en kennisgewings.
Ibid.	Wette.
	Supreme Court Reports(Cases).
Hansard.	Koloniale Hansard.
	Reports of Select Committees: (a) Wetgewende Vergadering. (b) Wetgewende Raad.
	(2) Groot Brittanje.
C.of Cd.	Imperiale Blouboeke.
Imp. Hansard.	Imperiale Hansard.
Royal Comm.on the war.	Report of the Royal Commission on the war in South Africa.
	(3) Die Republieke
	Groenboeke.(Wat onderhandelinge betref,dieselfde as Imperiale Blouboeke.)
	Proklamasies.
	(B) Publieke Liggeme.
Bloemfonteinse Telegramme.	Telegramme van Republikeinse aanvoerders, versamel deur "De Oranje-Vrystaat Informatie Commissie".(Eerste stadium van die oorlog).
	"Ambtelike Verslagen"; uitgegee deur Het Algemeen Nederlandsch Verbond.(1899-1902).
	(C) Privaat.
	Ongepubliseerde stof in Mendelssohn Biblioteek omtrent Kimberley en ook omtrent Opskortingsbeweging

Verwysings (vervolg).

Verkorting. — Koerante en Tydskrifte.

	Albert Times
Argus.	Cape Argus.
	Cape Times.
	Daily Chronicle.(Slegs terloops)
E.P.Herald	Eastern Province Herald
	Die Huisgenoot.(Slegs terloops)
	London Times .(Slegs terloops).
	Midland News
Ons Land.	De Zuid-Afrikaan verenigd met Ons Land.
S.A.News.	South African News.
	Westminster Review.(Slegs terloops).
	„Die Burger" (terloops)

Boeke[1] gepubliseer voor en gedurende die oorlog.

	Edisie gebruik
Aitken,W.F.- Baden-Powell,The Hero of Mafeking; (London,1900.)	Ibid.
Amery,L.S.(Algemene Redakteur)- The Times History of the War in South Africa,1899-1902. (Eerste twee dele,London 1900,'02)	Ibid.
Ashe,E.D.- Besieged by the Boers.(London 1900)	Ibid.
Baillie,Maj.F.D.- Mafeking;A Diary of the Siege. (London 1900)	Ibid.
Bryce,James,- Impressions of South Africa. (Londen 1897)	1899.
Bunker, The Boer War.	
Cook,E.T. - Rights and Wrongs of the Transvaal War.(London 1901)	Ibid.
De La Warr,Graaf - Some Reminiscences of the War in South Africa. (London 1900)	Ibid.
De Wet,Genl.C.R.- De Stryd tussen Boer en Brit. (Amsterdam,Pretoria 1902.)	Ibid.
Doyle,Sir Conan.- The great Boer War. (London 1900)	1902.
Hamilton,J.A. - The Siege of Kimberley. (London 1900)	Ibid.
Klepper, - De Zuid-Afrikaanse Oorlog	
Mackarness,Fred.- Lifting the Veil in Cape Colony. (London 1901).	Ibid.
Mackarness,Fred.- Martial Law in Cape Colony. (London 1902)	Ibid.
Notcutt,H.C.- How Kimberley was held for England. (Kapstad 1900).	Ibid.
O'Meara,Maj.M.A.J.- Defence of Kimberley. MS 1901.	Manuskrip.
Schowalter, (Die getuienis van De Wet,Andries; van Doornik en du Plessis)- Im Kampf um Süd-Afrika. (München,circa 1902)	Ibid.
Tempelhof,Dr.W.G. - With the Boers round Kimberley. (Kimberley 1900)	Ibid.

1. Hier word slegs die boeke gegee waarna definitief verwys is. Dieselfde geld van die pamflette. Van laasgenoemde klas alleen het die skrywer 220 deurgegaan.(Sien Mendelssohn Biblioteek).

Verwysings (vervolg).

Pamflette[1], gedurende die oorlog versprei.

Aked - Our cowardly War.

Edmondson, J. - The Judge, the Policeman and the soldier. (Londen 1902).

Farren, G. - An Address on the Transvaal War. (Carnarvon 1900).

Gooch, G.P. - The War and its Causes. (London 1900).

Hobhouse, Emily - Onthullingen uit de Vrouwen-kampen in Zuid-Afrika (

Kuyper, Prof. A. - The South African Crisis. (Londen 1900).

Macdonald, J.M. - Briton vs. Boer. (Bombay 1900).

Marke, Alfred. - Bullets, Expansive, Explosive and Poisoned. (Oorgedruk uit "Westminster Review," 1902.

Mommsen, Prof. Theo.) - The question of Right between England and
Muller, M.) the Transvaal; letters by Muller with rejoinders by Mommsen. (Londen 1900).

Rompel, Frederik- Een studie in Proklamaties. (Dordrecht 1901).

Rose, E.B. - The Truth about the Transvaal War. (Londen 1902).

Schiell, A.G. - Dum-Dums in the Transvaal. (Brighton 1899).

Schreiner, T.L. - The Afrikaner Bond and other Causes of the War. (Londen 1901).

Statham, F.R. - South Africa and the Transvaal. (Londen 1900).

Stead, W.T. - Methods of Barbarism. (Londen ~~1900~~).

Stead, W.T. - The Truth about the War, told in plain answers to straight questions. (Londen 1900).

(Naamloos) - The new Boer Delegates. Who are they? Why are they here?

(Naamloos) - De Rebellie en Hare gevolgen.

Boeke[2] gepubliseer sedert 1902.

(a) Offisieel.

	Edisie gebruik
Du Cane, Kol. Hubert (vertaler) - The German official Account of the War in South Africa. (Londen 1906).	Ibid.
Dugdale, E.T.S. - German Diplomatic Documents 1871-1914. (Verkorte vertaling van Grosse Politik der Europäischen Kabinette. (Londen 1928-1931)	Ibid.
Gooch, G.P. en Temperley, H. - British Documents on the origins of the War 1898-1914. (Londen 1926-1932)	Ibid.
Waters, Kol. W.H.H. (vertaler) - The German official account of the War. (Londen 1904).	Ibid.

1 en 2: Sien voetnoot vorige bladsy.

Verwysings (vervolg).

Boeke gepubliseer, sedert 1902.

(b) Onoffisieel.	Edisie gebruik.
Amery, L.S. (Algemene redakteur) - The 'Times' History of the War in South Africa. (Dele III - VII, Londen 1905-'09)	Ibid.
Amphlett, G.T. - The History of the Standard Bank of South Africa Ltd. 1862-1913. (1914.)	Ibid.
Arthur, Sir George K.A. - Life of Lord Kitchener (drie dele; Londen 1920.	Ibid.
Badenhorst, C.C.J. - Uit den Boeren-Oorlog 1899-1902. (Pretoria 1903)	Ibid.
Boshoff, S.P.E. - Volk en Taal van Suid-Afrika. (Pretoria, Kaapstad 1921)	Ibid.
Bosman, F.C.L. - Hollandse Joernalistiek in Suid-Afrika gedurende die 19de eeu. (Kaapstad 1931)	Ibid.
Botha, P.R. - Die Staatkundige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Kruger en Leyds. Transvaal 1844-1899. (Amsterdam 1926)	Ibid.
Brandt, Johanna - Het Concentratie-kamp van Irene. (Amsterdam, Kaapstad 1903)	1905.
Butler, Sir William - An Autobiography (Londen 1911)	
Colvin, Ian. D. - The Life of Jameson, Londen 1922.	
Cronwright-Schreiner, S.C. - The Letters of Olive Schreiner. ( )	1924.
Cronwright-Schreiner, S.C. - The Land of free Speech (Londen 1906)	
De Kock, M.H. - Economic History of South Africa. (Cape Town, Joh/burg 1924	Ibid.
Headlam, Cecil - The Milner Papers. South Africa 1897-1899. (Londen 1931)	Ibid.
Hofmeyr, J.H. - Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr. (Kaapstad 1913)	Ibid.
Hofmeyr, J.H. - South Africa. (Londen 1931)	Ibid.
Jordaan, G. - Hoe Zy Stierven. (Burgersdorp 1904)	Kaapstad 1917
Kipping, R. - The old Cape House. (Cape Town 1918)	Ibid.
Laurence, Sir Perceval. - The Life of John Xavier Merriman. (Londen 1930)	Ibid.
Leyds, W.J. - Het insluiten van de Boeren-Republieken. (Amsterdam 1914).	
Leyds, W.J. - De Eerste Annexatie van Transvaal. (Amsterdam 1906).	
Leyds, W.J. - Eenige Correspondentie uit 1899. (S'Gravenhage)	
Leyds W.J. - Tweede Verzameling Correspondentie 1899-1900; drie dele. (S'Gravenhage 1930).	Ibid.
Macdonald J.G. - Rhodes - A Life. (Londen 1927).	Ibid.
Malherbe, E.G. - Education in South Africa 1652-1922. (Cape Town 1925).	Ibid.

Verwysings (vervolg).

		Bdisie gebruik.
Holteno, Sir James T.	- The Dominion of Afrikanderdom. (Londen, 1923).	Ibid.
Newton, Lord Thomas W.L.	- Lord Lansdowne. (Londen 1929)	Ibid.
Pienaar, E.C.	- Taal en Poësie van die Twede Afrikaanse Taalbeweging. (Kaapstad 1920)	1931.
Reitz, Denys.	- Commando. (Londen 1929)	Jan.1930.
Schoonees, P.C.	De Taal- en Tweede Afrikaanse Taalbeweging (Pretoria)	1927
Schreiner, Olive.	- Thoughts on South Africa. (Londen 1923).	Ibid.
Stirling, John.	- The Colonials in South Africa 1899-1902. (Londen, Edinburgh 1907)	Ibid.
Van der Merwe, N.J.	- Marthinus Theunis Steyn. (Kaapstad 1921). Twee dele.	Ibid.
Van Niekerk, Lydia.	- De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en Letterkundige Voortbrengselen. (Kaapstad 19[illegible])	1920.
Walker, Prof. Eric A.	- A History of South Africa. (Londen 1928)	Ibid.
Walker, Prof. Eric A.	- Lord De Villiers and his Times. South Africa 1842-1914. (Londen 1925).	Ibid.
Williams, Basil.	- Cecil Rhodes. (Londen 1921.)	Ibid.

Historiese Kaarte.

Walker, Prof. Eric A.	- Historical Atlas of South Africa. (Oxford 1922)	Ibid.

Ongepubliseerde Tesis.

Strydom, C.J.S.	- Verdediging van die Noordwestelike Grens van die Kolonie. 1929.	

Letterkundige Werke.

Celliers, Jan F.E.	- Martjie. (Kampen 1912)	1916.
Celliers, Jan, F.E.	- Die Vlakte en ander Gedigte. (Pretoria 1908.)	
Leipoldt, Louis.	- Oom Gert vertel en ander Gedigte.	
Malherbe, D.F.	- Vergeet Nie. (Bloemfontein)	
Totius (Du Toit, D.J.)	- Trekkerswee.	

Persoonlike Getuienis.

J.A. Smith, Adjudant van kdt. van Heerden ; tans van die Redaksie "Die Burger".

Joubert, Adjudant van genl. Maritz; tans kapt. Joubert, Upington.

Meyer van die Smuts-kommando ; tans kol. Meyer, Potchefstroom

Wild J.A. Die Rolle der Buren Republiken in der Aussenpolitik und Kolonialpolitik des Deutschen Reiches 1883-1914 (Nürnberg 1927)

ENIGE VAN DIE BRONNE, KRITIES BESKOU.

Dit is nodig om 'n paar woorde te sê omtrent sommige van die bogenoemde bronne.

Die Parlementêre Papiere, A. en G. bestaan uit soveel verskillende dokumente, dat dit onmoontlik is om dit in die algemeen te bespreek. Dit vul 'n menigte boekdele en is vir statistiese doeleindes van baie groot waarde; daarsonder sou hierdie werk sekerlik nie moontlik gewees het nie voor oor tien jaar wanneer alle staatsdokumente omtrent die periode 1899-1902 sal beskikbaar wees.

Die magistraatsverslae wat ook in hierdie dokumente opgeneem is (in A.), is tot nogtoe die vernaamste bron van informasie wat betref die houding van die Kolonialers tydens die Eerste Inval. In baie gevalle word besonder nuttige statistieke verstrek en belangrike gebeurtenisse word in besonderhede behandel. Ek wil graag op drie punte in hierdie verband wys.

(1) Die opstellers van die verslae was nie in alles ooggetuies nie. Die magistraat kon in die reël noukeurig verslagdoen van die inname van sy dorp en distrik omdat hy toe nog op sy pos was, maar daarna moes hy plekmaak vir die landdros en eers na die herokkupasie, maande later, kon hy terugkeer. Vir die laaste gedeelte van sy verslag was hy derhalwe afhanklik van die getuienis van andere.

(2) 'n Tweede punt in verband hiermee is die feit, dat by enige magistrate vooroordeel teen diegene wat met die stroom meegegaan het, alte dikwels duidelik aan die lig kom en dit blyk dat sommige op losse praatjies gesteun het by die behandeling van die algemene karakter van die opstand.

(3) Bostaande moet egter gekwalifiseer word. Nie alleen het sommige magistrate werklik meegevoel met die ongelukkiges en 'n heldere insig in hulle toestand gehad nie, maar die opstellers van die verslae was persone met regsopleiding en ondervinding van regspleging en die afneem van getuienis.

Wat betreef die onderhandelings voor die uitbreek van die oorlog, daarvoor bestaan tans genoeg getuienis van weerskante om 'n oordeel te regverdig, alhoewel dit kan verwag word dat nog af en toe, nuwe lig sal gegooi word op sekere onderdele, deur dokumente wat sover nog nie beskikbaar is nie. Die Blou- en Groenboeke word hier aangevul, nie alleen deur lewensbeskrywings nie, maar ook deur die "Milner Papers" wat onlangs verskyn het; jammer dat hierdie publikasie nie die korrespondensie van lord Milner volledige aangee met minder van die redakteur se eensydige en uiters swak-ingeligte "voorligting" nie.

Wanneer die Groenboeke reeds van die toneel verdwyn het, bly die Imperiale Blouboeke 'n waardevolle bron van informasie deur die verskillende klasse van dokumente wat daarin opgeneem is. Dis egter informasie wat in sommige gevalle baie eensydig is en onder die omstandighede nie kan kontroleer word deur veel inligting van Republikeinse sy nie.

Vir die militêre aangeleenthede tydens die tweede stadium van die oorlog, is ons tot nogtoe verplig om byna uitsluitlik op Britse getuienis te gaan, sover dit die Kaapkolonie betref. 'n Baie waardevolle versameling van Boere-getuienis skyn vervat te wees in Schowalter se " Im Kampf um Süd-Afrika ", waarvan een deel oor Kaapland handel maar die moeilikheid is tans nog om daardie gegewens te kontroleer. Totdat dit gedaan is, is ons verplig om die inhoud met versigtigheid te behandel.

Die Mendelssohn-versameling bevat meer as tweehonderd pamflette, wat tydens die oorlog versprei is deur beide partye hier en in Europa. Baie daarvan is egter net van waarde in soverre dit die gees van die tyd weerspieël. Op die inhoud kan nie veel gesteun word nie.

Van baie meer waarde is die Hansard- en Koerantverslae. Dis wel waar dat politici nie altyd opreg meen wat hulle sê nie, en dat koerante soms drogredenasies en afskuwelike onwaarhede verkondig in oorlogstyd, maar met dit alles bly genoemde bronne van informasie onmisbaar.

Voorbeelde van Onsuksesvolle Eise vir Skadevergoeding.

1. Nuwe Eis (Klassifikasie A)

(a) Een nuwe Kapkar - £40

Britse kolonne het in die nag aangekom en die volgende more was die kar weg. Eiser was seker dat die kolonne die kar geneem het. Dit het £45 gekos, en hy het dit omtrent 'n jaar lank in sy besit gehad. Die vader van eiser verseker dat die spore duidelik getoon het dat die kolonne die kar saamgeneem het.

(b) Een Muil, 7 jaar oud - £16
Een Merrie, 8 jaar oud - £10 } £ 26

Eiser en sy vader verklaar beide dat die vermiste diere ingelewer is by die "Remount Officer". Die kwitansie is belowe maar nooit ontvang nie. Die nuwe eienaar van die muil, verklaar dat hy die dier van die oorlog gekoop het vir £29 en hy herinner hom dat eiser 'n paar jaar gelede aan hom gese het dat dit sy muil was. Die "Remount Officer" verklaar, dis moontlik dat die diere ingelewer gewees het, maar hy kan niks met sekerheid daaromtrent se nie. Die boeke is deur die militere verwyder en Kommissie kan nie daarna refereer nie .

2. Ou Eis (Klassifikasie A)

30 perde - £188

Eiser beweer dat die perde deur kol, Gorringe doodgeskiet is, Hy het 30 dooies getel. Gewese "Intelligence Officer" verklaar dat eiser die saak aan hom rapporteer het en hy het persoonlik die dooie liggame gaan nasien.

3. Nuwe Eis (Klassifikasie A)

Sewe maal is lewende hawe ens. van eiser geneem deur Boere en Britse troepe, maar hy stuur net een eis in. Eiser beweer dat hy nie voorheen probeer het om skadevergoeding te kry nie, omdat een van sy getuies weg was en omdat die algemene gedagte was dat die eise tevergeefs ingestuur word; daar sou uitog niks uitbetaal word nie. Hy noem die verliese in elk van die sewe gevalle aan en verklaar dat hy persoonlik teenwoordig was, toe die verliese aan gebring was, behalwe in een geval. Die verklearings van eiser word gestaaf deur 'n getuie wat nie 'n familiebetrekking is nie en ook deur 'n bediende en die oom van eiser. In sommige gevalle was kwitansies uitgereik, maar die het saam met sy sakboek verlore geraak. Eiser is nie deur Kommissie ondervra omtrent vegraak van kwitansies nie. Die Magistraat wat eis voorlopig nagegaan het, het verklaar dat hy geen opmerkings het om te maak nie.

Hulle eis van £400 afgewys.

Die proklamasie wat Pres. Steyn by die eerste inval in die Kaap-kolonie uitgevaardig het.

Proklamasie.

Daar Groot Brittanje tans in staat van oorlog verkeert met het volk van de Oranje-Vrystaat en het grondgebied van de Kaap-Kolonie door hem wordt gebezigd als 'n basis voor krygsoperaties tegen deze Staat, zonder dat de wil van de vreedzame inwoners dier Kolonie daarin is gekend, zo is het dat ik myn krygsofficieren heb bevolen de grenzen van de Kaapkolonie te overschryden, met geen ander doel dan ter verdediging van myn land en volk en tot het instandhouden onzer onafhanklikheid.

Daar deze Staat geen ander vyand heeft dan de troepen van Groot Brittanje en wy oorlog voeren tegen de soldaten van Haar Britse Majesteit, en niet tegen de burgers van de Kaap-Kolonie, zo zullen dezen volkomen vryheid van persoon en goederen blyven genieten, zolang zy niet, door vyandelikheden te plegen tegen de Burgermacht van de Oranje-Vrystaat, dezelve verbeuren. De kommandanten of hoofdaanvoerders der verschillende legerkorpsen zullen biezondere bepalingen vaststellen en ter kennis van het publiek doen publiceren, betreffende de maatregelen welke tegen de gemeenten of de personen zullen genomen worden die in stryd met de gebruiken van de oorlog handelen.

Vertrouende op de vriendschappelike gezindheid ener medelydende broeder-bevolking en lettende op de rampen en onheilen welke 'n onrechtvaardige oorlog reeds noodwendig met zich slepen moet over de onschuldigen hoofden van hen tegen wier zin en wil dezelve ons door de Regering van Haar Britse Majesteit is opgedrongen, heb ik myn krygsofficieren bevolen geen gebruik te maken van het recht des oorlogs, volgens hetwelk van de boerenbevolking van het bezette gebied rekwisities ter voorziening in de behoeften der krygslieden mogen worden geëist; maar zal het opeisen van de nodige mondbehoeften, enz., alleen geschieden onder kontante betaling of onder aflevering van officiële kwitanties.

Aldus gedaan en gegeven onder myn hand en het Grootzegel van de Oranje-Vrystaat, te Bloemfontein, deze 14de dag van Oktober 1899.

M.T. Steyn,
Staatspresident,
en
P.J. Blignaut,
Staatssekretaris.

Aangesien die leser van die blaaie uit die oorlogsperiode oorval word deur 'n menigte beskuldigings wat die vegtende partye mekaar oor en weer na die hoof geslinger het, xxx aangaande die gebruik van patrone met sagte punte, word hier 'n paar feite gegee daaromtrent.

Voordat die geweer met nou boor in gebruik gekom het, het alle nasies 'n lood patroon gebruik. Die gedraaide riwwe van die nuwe geweer het die gebruik van 'n suiwere lood patroon egter onmoontlik gemaak omdat die groewe al dadelik met lood gevul het waardeur die patroon dan eenvoudig deur die geweer gegly het, sonder om die groewe te raak. Die gevolg was dat die lood noodwendig in 'n staal omhulsel moes geplaas word. Hierdie patroon boor deur been sonder om die been te splinter en in die Chitral veldtog van 1895 het die Britse soldate gekla dat die patroon nie genoeg "stopping power" het nie, omdat die wond te klig is, wat deur die patroon veroorsaak word. Gevolglik het die Britse Goewerment laat eksperimenteer om die moeilikheid op te los en die arsenaal van xxx Dum Dum het tevoorskyn gekom met 'n patroon wat 'n staal omhulsel sal h^, behalwe op die punt. Dit is die sogenaamde Dum-Dum; xx die patroon veroorsaak 'n geweldige wond as dit been tref omdat die lood platslaan.

Onder nasies het xxx onrustig geword oor hierdie effektiewe wapen van die Britse soldaat en op die vredeskonferensie in 1898 in Den Haag gehou, xx xxx het warme besprekings daaroor plaasgevind. 'n Ooreenkoms is getref wat die gebruik van sodanige patroon in die oorlog onwettig gemaak het, maar Engeland, gesteun deur die Verenigde State was teen so 'n ooreenkoms en het dit nie mede onderteken nie. Engeland was dus vry om Dum Dums te gebruik teen enige nasie. In die begin van die oorlog was in Suid-Afrika dan ook heelwat Dum Dums, maar die patrone was van 'n swak gehalte en moes vir skietoefeninge gebruik word terwyl die leër voorsien is met 'n staalpunt. Dis egter welbekend dat die Republikeine heelwat van die sagte ammunisie buitgemaak het in die begin van die oorlog Toe Roberts by Bloyn gekla het dat hy sagte patrone in Cronje se leer gevind het, was die antwoord van die President dat sy Goewerment nie die klas patrone voorsien of toelaat nie, maar hy het geen rede om die woord van die Britse Opperbevelhebber in twyfel te trek nie, want hy weet dat hy die soort patrone van die Britse sold te buitgemaak is. X Dieselfde korrespondensie het tussen genl. Paget en genl. de Wet gevoer in Julie 1900, volgens die "Nieuwe Rotterdamsche Courant."

Bostaande is geneem uit 'n artiekel onderteken "Marks", wat in die Westminster Review van Junie 1900 verskyn het en wat in pamflet-vorm uitgegee is.

~~Laaste artikel.~~

J. 27 April 1901.

Die volgende Tabel gee die Sensus-syfers soos dit gelyktydig gedoen is in al die verskillende Kolonies op die 17de April, 1904[1]. Dis die naaste beskikbare syfers vir die periode 1899 - 1902.

Kol, of Adm.	Blankes	% van Totaal	Nie-Blank	% van Totaal	Totaal
K/kol	579,741	24.06	1,830,063	75.94	2,409,804
Natal	97,109	8.76	1,011,645	91.24	1,108,754
Tvl.	300,225	22.17	1,053,975	77.83	1,354,200
Or.Kol.	143,419	37.25	241,626	62.75	385,045
Suid.Rhod	12,623	2.08	593,141	97.92	605,764
Bech.Prot.	1,004	0.83	119,772	99.17	120,776
Basoetoeland	895	0.26	347,953	99.74	348,848
Totaal, behalwe K/kol.	555,275	14.15	3,368,112	85.85	3,923,387
Groot Totaal	1,135,016	17.92	5,198,175	82.08	6,333,191

ONDERWYS[2]

Jaar	Getal Skole	Kinders Ingeskrywe	Onder Std.1	Std VII	Bo StdVII	Onge kl:s
1899	2688	138,750	58,876	866	484	1,888
1900	2866	141,361	58,363	906	758	2,108
1901	2387	135,945	57,398	787	777	1,910
1902	2199	131,722	57,223	731	618	1,721

	1898-99	1899-00	1900-01	1901-02	1902-03
Getal Kolleges	7	6	7	7	7
Getal studente	658	650	530	634	548

1 .G 19. 1905 bl.[illegible]
2. Stat. Reg. 1903 bl. 328
3. ibid bl. 328 Dit sluit Matrikulasie Studente in.

Census List.	Blank			Nie-blank		
	Mans oor 21 jr. Totaal	Mans oor 21 jr. Geletterd	Kiesers	Mans oor 21 jr. Totaal	Mans oor 21 jr. Geletterd	Kiesers
K/kol.	167018	158124	109,451	351529	39,563	18,855
Griekwaland oos	1782	1721	1,275	36419	3,194	463
Tembuland	2180	2105	1,393	40298	2,077	767
Transkei	510	498	363	27836	2,967	178
Walvisbaai	102	102	---	260	28	---
Pondoland	454	432	291	36346	706	48
Bechuanaland	2774	2745	1,677	13231	2,047	416

1

Jaar	Stedelike Bevolking			Plattelandse Bevolking			
	% Geletterd			% Geletterd			
	Alle rasse	Blank	Nie-blank	Alle rasse	Blank	Nie-blank	
1904	59.56	89.73	29.38	19.46	81.36	8.29	2

Kinders 5 tot 14 jaar - 1904.

	Alle Rasse		Blank		Nie-Blank		
Ongeletterd	479,732	75.94%	45,740	33.88%	433,992	87.37%	3

1. Sedert 1892 was die bekwaamheid om te lees en skrywe 'n noodsakelike kwalifikasie vir 'n kieser.
2. G 19, 1905 bl. LXXXVIII
3. ibid bl. LXXXIX

Industriële Tabel[1]

Die Sensus van 1904 is geneem aan die vooraand van 'n ernstige depressie, wat gevolg het op 'n lang periode van abnormale uitbreiding.

	Waarde van Artiekels gelewer.	Getal Werke	Getal Werkers Mans	Vroue	Waarde van Materiaal gebruik	Waarde van gebuue en verbeterings	Waarde Masjienerie
Myne, Delwerye, en Steengroewe	£ 5,371,193	90	21970	442	215,917	317,934	993,303
Alle andere	9,040,579	2527	27732	2586	5,843593	3,927,709	2,180,336
Totaal	14,411,772	2617	49702	3028	6,059510	4,245,643	3,173,639

Landsinkomste, Geklassifiseerd.[2]

	1898-99	1899-00	1900-01	1901-02	1902-03
Belastings	£2,358,674	£2,495,925	£2942566	3387353	4398846
Vir Diens	3,469,019	3,466,002	4411700	5062248	6625704
Inkomste van Staatseiendom	321,074	236,011	316,336	398,952	350,340
Boetes, verbeurings ens.	168,807	128,336	226,897	201,817	326,260
Totaal	£6,317,574	6,326,274	7957499	9050371	11701150

1. G 19, 1905 bl 590
2. Stat. Reg. 1903, bl. 61.

Landsinkomste - Sommige Hoofde 1

	1898-99	1899-00	1900-01	1901-02	1902-03
Doeane	1,856,685	1,879,408	2,376,341	2,710,118	3,503,479
Rutbelasting	80,720	79,401	85,458	94,396	96,605
Oordraggelde	114,947	144,724	128,645	195,141	302,136
Suksessieregte	2 5634	30,271	40,484	31,105	37,166
Seelregte	190,805	177,456	208,042	247,795	321,010
Lisensies	154,708	181,333	165,479	175,422	212,922
Poswese	303,640	302,091	440,086	484,915	506,392
Aksyns	---	---	3,725	3,561	---
Verkoop van Kroongronde	70,550	82,576	78,748	141,987	82,492
Lyne	28,550	18,766	29,777	29,504	32,028
Spoorwee	2,907,739	2,864,880	3,668,023	4,106,998	5,617,867
Telegraafwese	137,923	164,001	233,679	323,941	207,662

1. Stat. Reg. 1903 bl 58

Landsuitgawes - Sommige Hoofde[1]

	1898-99	1899-00	1900-1901	1901-02	1902-03
Siviele Adm.	182,388	191,246	210,395	242,541	274,360
Volksgesondheid	204,677	224,743	421,157	450,054	340,270
Wetenskap en Onderwys	272,213	378,071	297,189	289,821	303,420
Mediens	5,941	5,471	5,358	5,254	5,393
Justiesie	188,420	171,801	207,874	218,144	279,166
Polisie en Gevangenisse	538,438	564,395	676,525	630,871	1024818
Kroongronde, Landbou, Boswese, Besproeiings en Hawes)	296,953	244,554	233,697	213,673	326,427
Spoorweë	2,036,944	2017,483	2577,443	3227,181	4365,242
Telegraaf(instandhouding)	159,737	187,440	215,700	251,145	278,318
Poswese	299,441	308,057	366,943	418,102	478,374
Publieke Werke	305,775	201,558	211,433	199,697	337,354
Naturellesake	290,437	285,330	288,521	317,597	367,452
Verdediging(gewone uitgawe)	307,714	223,429	534,224	302,134	637,560
Immigrasie	658	595	288	25	88
Pensioene	94,761	95,167	105,784	109,387	132,880

Publieke Skuld

Jaar	1899	1900	1901	1902
Onproduktief	5,478,760	5,238,630	5,215,229	5,539,023
Totaal	31,391,955	31,032,525	31,387,334	36,962,428

1. Stat. Reg 1903 bl. 73

Gewone Inkomste en Uitgawes.[1]

Jaar	Gewone Inkomste	Gewone Uitgawes	Gewone Surplus	Gewone Tekort	Finale Balans-Netto Tekort
1898-99	6,317,573	6,803,040		485,467	396,638
1899-00	6,326,274	6,677,650		351,376	696,007
1900-01	7,957,499	7,990,161		32,662	509,369
1901-02	9,050,371	8,617,625	432,745	---	372,478
1902-03	11,701,149	11,197,970	503,179	---	---

Uitvoer - Koloniale Produkte.[2]

	1898	1899	1900	1901	1902
Minerale en Produkte uit Steengroewe	20,230,393	18,410,584	4,273,487	6,730,305	11,617,541
Klein en Grootvee en Volsyruisboer-dery	3,731,391	4,225,684	3,569,501	3,287,694	4,086,501
Graan	27,239	40,969	30,285	3,539	5,232
Wynbou Produkte	23,598	30,056	44,577	40,173	30,896

1. Stat. Reg.1903 bl. 75
2. Stat. Reg.1903 bl. 231

Invoerhandel.

	1898	1899	1900	1901	1902
Wapens en Ammunitie	286,019	304,878	112,965	99,502	113,654
Gewewe artiekels	4,367,027	3,942,554	4,302,699	5,067,345	7,897,095
Voedsel en Drank	3,791,849	3,709,340	5,624,049	7,281,034	9,574,743
	~~744,766~~	~~800,365~~	~~892,435~~	~~1,040,211~~	~~1,367,999~~
Boumateriaal	1881,214	1,832,936	1,631,015	1,857,495	3,052,408
Lewende Hawe	65,430	51,747	68,071	56,453	782,876
Totale Waarde van Handel artiekels behalwe Kol. Goew artiekels en specie	15,284,949	14,561,373	13,106,984	19,745,304	29,575,171
Groot totaal	16,682,438	19,207,549	19,678,336	23,992,031	34,220,500

1, Stat. Reg. 1903 bl. 209

Die Kaapkolonie 1899-1902;

Skadevergoeding

en

Die Rebelle in ere herstel.

Signed by candidate

Index. -(Provisioneel)

Aberdeen 236,240,243,318.

Ackerman 273,
Addo bos 222
Adams 180
Adye 99
Afrikaner Bond(Party) 19,20,21,22,23,25,26,38,38a;oorwinning 40;
40a;Bloemfontein Konferensie- aandeel - 42-45
46,46a,48;dienste in verband met vrede -
Milner daaromtrent 49a-49b;51,52;druk op
Tvl.om Gesamentlike Kommissie aan te neem
53-53a;wanhopige pogings tot vrede 58;petisie
sie aan H.M.Goewerment 60;118,141,142,171,
172,173,174,185,186,190,266,267,268,278,282,
285,288,299,293,296,305.
Albert 78,101,109,121,296,318
Albrechts(Maj) 81.
Alexander (Kol.) 217,224
Alexandria 318
Aliwal-Noord 77,78,101,103,105,109,133,134,194,203,215,
226,295,318
Allemansdrift 75
Altham(Maj.) 32a
Amabele 295
Amerika 150,157,164
Ardagh(Sir John) 32a
Arundel 95
Atherton 224
Australië 186,188,210
Avontuur 217
Ayliff J. 300
Baden-Powell 68,72
Balmforth(Eerw.) 170
Balmoral 203
Bankview 222
Bamboesberge 209,215,221
Baptiste 6
Barkly(Goewerneur) 58a
Barkly-Oos 50,78,101,103,108,130,133,134,295,296
Barkly-Wes 3,10,73,74,99,101,109,317,318
Barrydale 217
Barton 87
Basoetoland 2,67,78,194,200
Basoeto-oorlog 324
Baviaansrivierberge 222
Beaconsfield 50
Beatson(Genl.) 223
Beaufort-Wes 23,216,250,261,317
Beck(Dr.) 170
Beck(Mev) 170
Bedford 214,222,244,318
Beira 143
Belmont 80-82,85
Bermuda 332
Bethulie 61,194,203,226,
Bethulie-brug 77,99
Bethune 201
Betsjoeanaland(Brits) 68,70,71,73,75,94,99
Betsjoeanaland Prot. 72
Betsjoeanaland Rifles 72
Birmingham 187

Black Week 90,91
Bloedrivier Stasie 227
Bloemfontein(ers) 41,46a,80,82,89,93,96,99,100,103,143
Bloemfontein Konfer. 42-46,49,54
Blokhuislyn 220,226,235,236,239,240
Blomerus 117
Boerebeskermingsver. 19,21
Boesmanshoek 94
Boesmanland 213,230,243
Bokkeveld 213,240
Boonzaier 231
Booysen 120,121
Border Scouts 100,212,230
Boshof 61
Botha(Genl) 90,219
Botha L.W.V. 293
Botha(Veldk(216,217
Botha P.R 178
Bothaspas 61
Bouwer Kdt 220,228,239,240
Bowers Lt. 267
Brabant Genl. 108,281
Brakrivier 207
Brand Kdt 199,200,208
Brand Pres. 22,58a
Brandlorters 80
Brandvlei 200
Britstown 99,118,130,199,206,250,295,317,
Breedt 215,218
Breadhurst Dr. 118
Brooks Mev 264,265
Bruce-Hamilton 203
Brugspruit 203
Buchanan Regter 113,114,306
Builepes 324
Bulawayo 174
Buller Sir Redvers 61,63,78,89,90,92,95,297
Burger Genl.Schalk 42
Burgersdorp 69,78,98,103,133,195,229
Burton Adv. 112,113,115,326,327
Burton Mev. 170
Bushmanland Borderers 230,231
Butler Sir Wm. 40;ageer as Hoë Komm. 41
Butterworth 295
Buxton 173
Cala 108
Caledonrivier 194,263
Calitzdorp 217
Calvinia 200,201,214,229,231,232,233,236,238,239,241
250,317
Cambridge S.A. 50
Cameron-Glen 216
Campbell 193
Campbell-Bannerman 52
Cape Mounted Rifles 198,228
Capper 224,237
Carnarvon Lord 18,35
Carnarvon 99,199,200,236,240,250,295,317
Cartwright 167,176,171,262,263
Cathcart 50,109,127,128,133,136,137,154,216,318
Centlivres F.J. 170,316,312,313,314
Central Claims Board 307
Ceres 3,199,224,229,250,265,273,295
Ceres-Weg 295
Chamberlain 29,33,35;en susereiniteit 36-37;beleid ten opsigte van Tvl,38,40b,42;verduidelik aan Schreiner 46a-47;"Crisis at an end"49,49b, 50;die Gesamentlike Komm.52;Highbury toespraak 54;antwoord op vyf jaar voorstelle 55; antwoord van 8 Sept.56,58;60,63,64,121,124; behandeling van rebelle 143-149;158,169,172 175,187,191,225,247,278,281;~~teenoor opskorting van grondwet 283-284~~;285,286,287,288,298 299

Christelike Nasionale Onderwys 332
Christiana 99
Claassens 268, 269
Clanwilliam 3, 200, 240, 250
Clements 96
Clery 69
Coetzeesberg 209
Colenbrander Kol. 199, 210
Colenso 90
Colesberg 69, 71, 74; inname 75-77; 78, 86, 95, 98, 101, 103, 133 195, 203, 296, 318
Colville Genl. 84, 85
Colyn 240
Commadagga 244,
Concordia 242, 243
"Congregationaliste" 67
Connaught Rangers 216,
Conroy Kdt. 199, 213, 232, 241
Conway 214
Cooper Kol. 242
Crabbe Kol. 205, 206, 208, 215, 216, 217, 223, 224, 236, 237
Cradock 127, 128, 208, 214, 216, 217, 244, 250, 256, 257, 318
Crewe Kol. 206, 208 215.
Cronje Genl. 72, 83, 8587, 89, 91, 97, 98, 99177
Cronje Kdt. 61, 68, 99
Cronwright-Schreiner 186-188, 296
Daggaboersnek 209
Dalmanutha 193
Danielskuil 233
Daniell 263
Darling 231
Davey (Regter) 53
Davis Merw 184
De Aar 57a, 61, 94, 109, 116, 119, 126, 204, 206, 212, 226, 235 276, 298, 317
De Beer Mev. 184
De Beers 118
De Jongh 262
De Kerseson [illegible] 213
Delagoabasi 35, 36, 40a, 40 b
De la Rey 70, 71, 80, 81, 82, 83, 85, 94, 95, 100, 219, 230, 245
De Louter Prof. 37
De Lisle 201, 208
Den Haag Vredeskonfer. 82183
Derby Lord 27, 28
Desjardenes 37
Despagnet 37
De Vos Prof. 178, 186
De Villiers Lord 40; na Pretoria 42; omtrent Gesamentlike Komm. 53-53a; onderhoud met Milner 53; probeer Milner weer 60-60a; aan Steyn 60a; 272, 275, 284, 285
De Villiers Melius 60a
De Villiers Genl. 100, 193, 192
De Villiers Jacob 166, 186
De Villiers C.C. 170
De Villiers Mev. C.C. 170
De Villiers A.B. 184
De Villiers Ds. 189
De Waal N.F. 268
De Wet Genl. 194, 195, 201-208; 237
De Wet Andries 99
De Wet L.W.V. 293
De Wet D.J. 178
De Wetsdorp 194
District Mounted Troops 197, 198, 209, 236
Deran 215, 238, 239
Derdrecht 94, 210, 220, 229
Deringkop 30
Deringrivier 240
Douglas 113, 193
Downingstraat 18, 23, 35,
Drakensberge 78

Drennon Stasie 216
Dreyer Kdt 220, 231
Drifkwessie 29, 31, 64
Duitsland 38a, 40a, 40b, 74, 181, 233
Duits-COs-Afrika 32a
Duk 201
Duncan 177
Du Plessis M. 178
Du Plessis L.W.V. 293
Du Plooy 77
Du Preez 112
Durban 174, 189
Durham Lord 146
Du Toit S.J. 19, 20, 21, 28
Du Toit Genl. 99
Eerste Vryheidsoorlog 27, 333
Elandsrivierpas 221
Elandsvlei 200, 213
Elgin Lord 295
Elliot Sir Henry 108
Eloff 100
Engcobo 10, 108
Erasmus 215, 216
Esau 200-201
Fabersput 100
Farelley Dr. 37
Farre Sir P.H. 176, 306
Fauresmitters 80, 85
Ferrar 106
Ferreira Genl. 86
Fingoes 108
Fischer 43, 45; na Kaapstad 46; na Pretoria 46-47; 49, 53 58, 58a
Fleischer 308, 304
Fort Jackson 50
Follet Maj. 244
Fouche Kdt 203, 208, 209, 215, 216, 224, 229, 231, 240, 243, 244, 245, 246
Fourie Genl. 203, 204, 205, 208
Fourie 112
Franklin 180
Frankryk 17, 38a, 74, 181, 213
Franshoek 295
Fransmanskop 233
Fraser Veldkor. 235
Fraser 265
Fraserburg 229, 236, 237, 250
French Genl. 92, 94, 95, 96, 98, 127, 214, 216, 221, 230, 239, 243, 244, 294
Frere 35
Froneman Genl. 204
Frost John 176
Froude 18
Fuller T,E. 162
Gaika-Gcaleka-oorlog 324
Garies 241, 242
Gatacre 69, 89, 92, 94, 95, 98, 127
George III 180
George 217, 296, 318.
Geheime Raad 53, 217, 272
Geldenhuys 238
Genootskap van Regte Afrikaners 19
Gericke 273
Getjarterde Maatskappy 32
Giddy 306
Gladstone 27, 179
Glenelg 146
Glen Grey 109, 133, 136, 154
Gorringe Kol. 206,
Goschen 34
Gosen Sien Stellaland en Gosen
Gordonia 3, 71, 93, 97, 99, 102, 130, 140; sien verder Upington
Graaff Reinet 38a, 166, 169, 172, 208, 209, 214, 227, 228, 267, 268,

Graaff Reinet (vervolg) 269, 279, 318
Graham T,L. 176
Grahamstad 61, 155, 222, 296, 325.
Graspan 81-83
Greene 49a, 54
Grenadier Guards 235
Grenfell 208
Grevenstein 154
Greys-Pas 234
Griekeland 180
Griekwaland Wes 70, 71, 73, 75, 94, 99, 103, 193, 233
Griqualand East Field Forces 108
Grobler Kdt 76, 86, 103
Grobler P. 47
Grotius 154
Guild of Loyal Ladies 164, 173
Haaroff 118
Haig 209
Hall 106
Hanover 126, 128, 235, 236, 250, 276, 318
Hargreve 164, 168, 169
Harris J.C. 177
Harrismith(se) 61, 194
Hay 73 101, 109, 233
Hay Wm. 170
Heidelberg Tvl. 262
Hely-Hutchinson(Sir W. 233, 283, 284
Henniker 198, 199, 201, 208, 209
Herbert 73, 101, 109, 140, 233, 317
Herchel 224, 318
Herholdt 26, 40, na Pretoria 46a-47; 58
Hertzog(Regter) 192, 194, 195, sy inval 199-202; 203, 206, 207, 208, 213, 231, 277
Hexrivier(berge) 217, 232
Highbury 54
Hildebrand 231
Hime 286
Hobhouse(Regter) 53
Hoedjiesbaai 231
Hofmeyr J.H. 18, 19, 21, 22, 25, 31, 40-42; en Bloemfontein Konf. 42, 42a, 44; 46; na Pretoria 46a-47; onpopuler in Tvl. 48; 51-52; oor vyfjaar veerstelle van Tvl. 55; verdere druk op Tvl. 58-58a, 192, 331.
Hofmeyer Ds.J.H, 50
Hondeclafrivier 204
Hoeglanders 86-89
Hook Maj. 106
Hopefield 213, 295
Hopetown 120, 126, 127, 128, 133, 194, 203, 204, 205, 206, 207
Houtkraal 119, 204, 205
Houwater 199
Hugo Regter 215, 232233, 240
Humansdorp 318
Hunter 100, 231
Hussars 96
Ierland 150
Indemniteit 139, 151, 156, 291, 295, 325
Indië(ers) 38a, 150
Indwe 50, 108, 295
Jabavu Tengo 167, 187
Jackson 300
Jakobsdal(ers) 80, 118, 200, 226
Jagger J W. 177, 296
Jamaica 110, 133, 281
Jameson 326, 327
Jameson-Inval 25, 30, 31, 32a, 36, 38, 48
Jamestown 210, 215
Jansenville 243, 318
Jode 15
Johannesburg 30, 36, 40, 72, 193, 270. Sien verder Witwatersrand
Jooste J.P. 99
Judge 300, 304

Kaapstad 3,10,25,;opelug vergadering 50;51,58;weer opelug vergadering 60;78,95,96,114,166,172,174, 192,203,242,253,261,270,280,282,296,330.
Kakamas 212,213,217,233
Kamdeboo 208,209,215,228,229,238
Kanada 145,150
Kavanagh 224
Keeton 265
Kei 127
Keiser Duitsland 32a;sieneek Duitsland
Kekewich Maj. 73
Kendrew 209
Kenhardt 3,71,93,97,99,100,102,140,201,211,212,318
Kimberley 3,10,50;verdediging 57a,60,69;beleëring 72-73;78,82,86,89,91,96,98,101,109,118,119, 120,189,193,226,232,270,297,301,317,318 321.
Kimberley Lord 191
King's Drageons 203
Kingwilliamstown 10,61,128
Kirsten Kdt. 220,228
Kitchener Lord 40a,92,99,194,198,199,203,206,208,210,214, 220,225,234,236,243,246,248,249,252,253,263 269,290,294
Kitchener's Fighting Scouts 199
Klapmuts 295
Klerksdorp 243
Kleurlinge 41,190;sien ook Border Scouts, Namaqualand Border Scouts en Bushmanland Borderers.
Klipdrif 217,224
Knox Genl. 194,195,203,206,207,263
Knysna 50
Kolbe Dr. 170,188
Kolbe Adv. 76
Kongha 50
Koninklike Kommissie 270,275,291
Konsentrasiekampe 182,333
Koonapsdrif 222
Koopmans-de Wet Mev. 170,183
Koppieskraal 227
Kotze Dr.J.J. 50
Kraankuxx
Kotze Regter 38.
Kraaipan 69
Kriel Ds. 232
Krige 222
Kritzinger Genl. 192,194,195,199,200,202,203,206,207,208,209 210,211,214,215,216,217,219,220,224,234,235 236,238277.
Krokodilrivier 61
Kroonstadters 194
Kruger Pres. 30,36,;eleksie 1898 37xxxx 38;Bloemf.Konf. 42-45;46,48;aan de Villiers 53a;61,64,65, 176,328.
Kruger Veldk. 218
Krygswet 109-140;196,250,276;283,304
Kuhn L.W.V. 189,190
Kuruman 71,93,94,101,233,234
Ladybrand 194,226
Lady Grey 77,106
Ladysmith Natal 35
Ladismith Kaap 217,224,229.
Laingsburg 223
Lambertsdaai 202,236,239
Lange(Regter) 140
Langberg 233
Lansdowne Lord 64,249.
Lansiers 82
Lategan Genl. 194,216,224,232
Laurier Sir Wilfred 285,287
Lawrence 281
Leeward Eilande 281

Lehmkuhlt 227
Leliefontein 241
Lemoensdrif 207
Leyds Dr. 37, 58a
Liberale 155, 163a, 177
Liebenberg Genl. 97, 99
Liga Imperiale 25, 184
Limpopo 67
Liverpool 3
LLewellyn 266, 268
Londen 164, 167, 177, 181
Londense Verdrag 27, 28, 31, 32, 37, 53a
Londt 243
Lotter Kdt. 209, 216, 217, 218, 219
Lotter Dr. 218
Lotter L.W.V. 293
Louw Tobias 183, 260
Louw J. 213
Levat Lord 244
Levat's Scouts 224
Lowe 208
Lexton J. 201
Lubbe 80
Lukin 216, 228
Lund 237
Lutherane 6
Luttig L.W.V. 23
Luyt 227
Lyttleton 208
Maasdorp(Regter) 113, 140
Macintosch Sir J. 154
Maclear 215
Magersfontein 79, 82, 86, 87, 89, 90, 91, 93, 98
Mafeking 3, 50, 61, 68, 71, 72, 99, 100, 101, 109, 142, 297, 299, 301, 317, 318
Mahon 99 100
Majuba 23, 27
Malan F.S. 141, 185, 262, 263, 293, 327
Malan Genl. 204, 208, 215, 219, 222, 223, 232, 236, 237, 239, 240, 243, 244
Malmesbury 3, 185, 250,
Mancazana 222
Marais D.F. 260-262, 271, 272
Marais F.A 259
Marais C. 117
Marais P.J. 189
Maraisburg 209, 221, 264
Marchand Ds.B.J. 170
Maritz Genl. 213, 231, 232, 240, 241, 242
Maritzani 68
Martial Law Board 260, 269, 275
Matjiesfontein 199, 217, 242, 265, 273
Mc.Donald 194, 203
Mc.Kinley Pres. 61
Meintjies 267, 268
Merriman 26, 40; sy konferensie 41, 42; 25, 40, 41, 42, 121 129, 139, 141, 148; oor behandeling van rebelle 149-150; 153, 155, 159, 171, 173, 192, 267, 291, 293 295, 325, 326,
Methuen Genl. 69, 78-82, 84-89, 91, 92, 93, 95, 100, 127, 245
Metodiste 6, 7
Michau J.J. 118, 120, 123
Michau P.W. 189, 226, 267
Middelburg Kaap 127, 128, 202 208, 214, 216, 218, 244, 259, 268, 318
Midland Rifles 214
Middelpos 238
Mill John Stuart 154
Miller 223
Milner Lord Opsomming van beleid 33-34; afskeid Engeland 34; aankoms Kaap 35; 36, 37, 38; Of course you are loyal 38a-40, 40a; besoek Engeland 40b; 41, hekke helote 42; Bloemfontein Konf. 42-45; 46, 48, 49, 49a, 51, 55; oor Schreiner se neutraliteit 57;

verolg Milner volg. Hadow.

Milner Lord (Vervelg van vorige bladsy) Oor breuk met Kaapse Ministerie 49a,57a,58;stel finale eise voor 58b;59,60,62,63,64,77,92,96,98,102 121;verdedig krygswet 137-138;141,142,152, 155,169,173,175,187,188,190,191,186,198,247 248,282,283,284,288,290,295,296,297
Mitchell 296
Modderrivier 82-84,88,96,118,119,127
Moffat J.S. 177
Molola 69
Moltene J. 121,159,171,293
Moltene Mej, 170,184
Moltene 10,90,94,109,133,136,209,250,318
Monroe 215,231
Moorrees Prof 50,178
MOorreesburg 231
Morgan Eerw.C. 170
Mosselbaai 50,295
Mount Fletcher 78,108
Mount Prospect 222
Mowbray 163
Muir Dr. 300
Muller Ds. 50
Murray Ds.A. 170
Murray Mev. 170
Murray Lt.Kol. 224
Murraysburg 185,214,216,250,318
Myourghkdt 209,215,224,229,231,240
Naauwpoort 57a,61,69,71,75,77,89,92,94,120,202,203,226 235
Namakwaland 3,10,213,230,241
Namaqualand Border Scouts 330
Natal 35,51,52,61,67,71,78,89,90,95,98,157,163,219 225,247,262,282,283
National Scouts 330
Naturelle reserwes 215
Naude Kdt. 238,240
Neethling Mev 183
Neser Kdt. 236,238,240,241,246
Nie-olankes in oorlog 72,108,197,198,212,215,230,241
Nienaber Broers 276
Nieuwoudt Kdt 199
Nieuwoudt J. 276
Nieuwoudtville 20,213
Norvalspont 75,194,203
Nu-Bethesda 228
Nu-Seeland 240
Odendalsdrif 192,195
O'Dowd 170
Olifantsrivier 240
Olifantsfontein 74
Olivier Hoofkdt 73
O'Okiep 212,241,242
Omdurman 40a
Oos-Londen 3,50,128,240,253
Oostenryk 180
Oranjerivier 77,78,86,93,96,98,100,109,128,140,192,194,19 199,202,203,207,208,211,216,219,220,229,232 234,263,277,330
Oranjerivier Stasie 99,183
Oudtshoorn 224,229,260,318
Paardeberg 98
Paarl 3,10,171,183,250,256,261,262
Palingkloof 222,
Panzera 300
Paris 206
Parsons 119,208
Peatston 209,216,218
Peddie 50
Penhoek 94
Petrusville 204,205
Pietermaritzburg 41,270
Philipstown 126,127,128,199,204,318

Pilcher 206
Piquetberg 199, 212, 213, 231, 250
Plumer 100, 203, 206
Pole 180
Poliesie Kaapse 69, 70, 72, 75, 97, 238, 240
Poliesie British South African 72
Pondoland 8
Port Alfred 50, 265, 266, 268
Port Elizabeth 3, 10, 189, 222, 226, 229, 253
Porterville 213
Port Molloth 174, 241, 242
Presbiteriane 6, 7
Pretoria 41, 42, 46a, 48, 55, 184, 270
Pretoria Verdrag van 27
Pretorius L.W.R. 167, 189, 258-260
Prieska 71, 93, 97, 99, 102, 207, 211, 212, 295, 296
Prins Albert 199, 250
Prinsloo Oorgawe van 193
Prinsloo Genl.M. 80, 81, 83, 86
Prince of Wales Light Horse ~~20~~ xxx 203
Progressiewe 25, 26, 40, 40a, 60, 141, 278, 288, 327
Putterskraal 90
Pypers Kdt 216, 223, 227, 228, 229, 232, 233, 239
Quaggafontein 224
Queenstown 50, ~~xxx~~ 9, 127, 128, 133, 136, 137, 154
Ramdam 81
Ramsbottom Dr. 199
Raynier Stasie 215
Rebelle 90, 101, 107, 113, 130, 136, 140; behandeling van 143-153, 161, 196, 211, 212, 233, 246, 247, 248, 301 302, 303, ~~xxx~~ 312, 314, 325-327
Reitz Staatssekr. 42, 332
Reitz Joubert 332
Rensburg 92, 95
Retiefsnek 193
Reynecke Dr. 265
Rhodes C.J. 25, 26, 30, 31, 36, 40, 40a, 48, 72, 142, 179, 184, 229, 280, 281. 288, 290. 329
Rhodesia 2, 30, 51, 67, 229
Richmond 209, 215, 250 ~~xxxxxxxxxx~~
Rietfontein 212
Rietfontein 236
Rietrivier 83
Riversdal ~~xxx~~ 296, 318
Roberts Lord 92, 95, 96, 97, 98, 99, 107, 108, 121, 123, 143, 150, 162, 177, 191, 193, 198, 321
Robertson 318,
Roggeveld(berge) 199, 213
Roodam 100
Roome Ds. 170
Roos Mev. 183
Rose-Innes 59, 156, 157, 161, 290
Rosmead 226, 242
Ross Kpt. 119
Roux Melt 170
Rouxville 105, 194
Royal Engineers 323
Royal Pionier Regiment 323
Rudolph Veldk. 240
Saldanha 213
Salisbury Lord 64, 191
Sambesi 2
Sampson Adv. 281
Sanddrif 192, 199, 203, 207, 231
Sauer Minister 26, 40, 141, 148, 171, 173, 176, 293, 326
Sauer Mev. 170, 184
Scheepers Kdt. 194, 195, 202, 203, 208, 209 214, 215, 216, 217, 223, 224, 227, 228, 229, 232
Scheeman Genl. ~~xxx~~ 76, 86, 91, 92, 95
Scheeman L.W.V. 260, 295
Scheeman Veldk. 218
Scholtz Veldk. 200

Schreiner W.P. 26, 40, 40a, 42, en Bleemf.Konf. 42, 42a; onderhou met Milner 46; kla oor Chamberlain by Milner 46a-47; weer na pers 48-49, 49b, 53a; neutraliteitstoespraak 56-57; ammuniesie na Vrystaat 58-59; 60, 68, 107, 108, 111, 112, 116, 130, 132-134 137, 141-143, 146, 150, 152, 157, 158, 171, 176, 188 192, 298, 299

Schreiner T.L. 175, 177

Schreiner Olive 168, 170, 178-181, 185

Scobell Kol. 201, 208, 215, 216, 217,

Schultz C.P. 170

Schultz Maj. 267

Scott Maj. 70

Seddon 285, 286

Selborne Lord 34, 38a, 49a

Settle Genl. 99, 206

Shelden Stasie 222, 244

Shelton 242

Simonsbaai 34, 191

Simonstad 50, 163 253

Skandinawiers 89

Skotland 177

Slabbertsnek 193

Slagtersnek 179, 244

Smartt Dr 176, 284 176, 284, 285, 288, 296

Smit Kdt. 209, 215, 217

Smuts Genl. 42, 47, 52; samesprekings met Greene 54; 219, 220-222, 228, 230, 231, 232, 238, 240, 247

Smuts Prok. 134

Sneeuberge 208

Snyman Genl. 72

Sedan 38a, 40b

Solomon Richard 25, 26, 40, 40a, 111, 115, 120, 132-135, 136, 146, 148, 151, 152, 153, 290

Solomon Regter 113, 140

Somerset-Oos 128, 171, 178, 183, 214, 228, 243, 244, 265, 268.

Soutpansberg 336

Spesiale Tribune Wet 252, 274

Springbok 242

Springbokvlakte 213

Sprinkaanenek 194

Sprigg Sir Gerdon 25, 40, 137, 152, -156, 175, 176, 197, 198, 277, 280, 282 284-285, 287, 288, 290, 291, 295, 299

Stadswagte 197, 198

Standerton 219, 222, 232

Stander H T. 170

Steenberg 267-268

Steenkamp Kdt. 97, 99

Steinkopf 242

Stellaland-Gosen 28, 32

Stellenbosch 3, 61, 175, 185, 250

Sterkstroom 92, 94

Steyn Pres, n Bleemf.Konf. 42-45; gevoel teenoor Kolonia le Afrikaners 45; 46a, 51, 52, 53a, 54, 56, 58b, 60a, 62, 64, 68, 74, 86, 193, 194, 202, 230, 248, 294

Steynsburg 109, 133, 136, 202, 209, 214, 216, 240, 250,

Steytlerville 216

St.Leger 209

~~Strxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxx~~

Stockenstrom Adv 221 77

Stormberge 2221

Stormberg 57a, 61, 69, 71, 77, 89, 90, 98, 226, 239

Stretton 300

Strydenburg 205

Stutterheim 50, 128

Susereiniteit 27, 28, 54, 63,

Suurberge 208, 222, 228

Swanepoel 77

Swasieland 48

Swellendam 182, 224, 229

Syfergat 209

Taalbond 331

Taba Nchu 194

Tarkastad 50, 128, 209, 214, 216, 244, 250, 318
Taungs 69, 101, 109, 140, 317, 318
T'Boop 213
Tebus 309
Tenboeland 108, 296
Tembuland Field Forces 108
Te Water Dr 26, 40, 141, 148, 149, 171, 173, 267, 293, 294
Theron L.W.V. 116-118, 172, 173, 291
Theron Kdt, 194, 217, 240, 241
Theronskoppe 194
Therons Verkenners Korps 223
Thorneycroft 201
Tontelbosenkolk 200, 231, 232, 238
Touwsrivier 224
Transkei 5
Transvalers, Transvaal Hoofstuk II: Tvlse Krisis 27-65; 70, 76, 80, 83, 89, 99, 100, 103, 106, 162, 163, 165, 167, 175, 177 179, 180, 181, 182, 183, 187, 191, 193, 194, 214, 219, 220, 224, 249, 282, 290, 330, 22
Triangle 224
Tuloagh 3, 10, 250
Twede Inval 193-249
Tweeriviere 82; sien ook Modderrivier.
Ugie 295
Uitenhage 40a, 189, 318
Uitlanders 29, 34; petiesies 41, 42; Bloemf. Konf. 42-45; 46, 49, 49a, 50, 51, 52, 54, 55, 61, 63, 108
Uitspanfontein 236, 237, 238
Ultimatum 57a, 58, 67, 73.
Uniondale 202, 217, 318
Upington 99, 100, 211, 212; sien ook Gordonia
Upington Adv. 306
Uys 112, 113
Vaalrivier 29a, 61, 99, 207, 330
Van Dam 95
Van der Byl A. 170
Van der Byl Vincent 170
Van der Merwe Veldk. 200, 223, 224, 229
Van der Vlugt Prof 37
Van Deventer Kdt 200, 228, 236, 239, 240, 242,
Van der Walt 120, 121
Van Doornik 218
Van Heerden Kdt 227, 240, 243
Van Reenen Kdt 208, 209 215
Van Reenen A.J. Kdt 170
Van Rynsdorp 200, 201, 213, 229, 240
Van Zyl 133,
Veertienstrome 99
Venterstad 77, 202
Vereniging Verseenings 243, 327
Komitee 163a, 170
Victoria-Wes 199, 203, 229, 236, 239, 240, 250, 295
Victoria-Oos 296
Vier-en-twintigriviere 213
Visrivier 127, 222
Visser 325, 327
Visser Kdt 94
Volkskongres - Graaff Reinet 166-170
Volkskongres - Worcester 186-190, 191, 192, 277
Volkspetiesie 165, 169, 177
Volunteers 108, 197
Voortman Dr. 81
Vorster Broers 218
Vosloo 262
Vryburg 3, 70, 71, 74, 102, 109, 140, 193, 233 317, 318
Vrystaat (ers) 28, 31, 32, 41; Volksraad oor Kruger-voorstelle 49, 55; 58, 58a, 59, 61, 68, 70, 72, 73, 74, 76, 77, 80 83, 85, 86, 90, 95, 96, 97, 98, 99, 103, 106, 107, 131 142, 148, 162, 163, 165, 178, 179, 180, 181, 182, 183, 187, 194, 208, 216, 226, 234, 249, 250, 321 330
Waaksaamheidskomitee 164, 165, 174, 177, 280
Wallis 177

Warren 25, 29, 100
Warrenton 100
Watson Kol. 95
Wauchope Genl. 86, 88,
Weil Broers 134, 135
Wessels Hoofdt 73, 74
Wessels Louis 216, 217, 228, 229
Westlake Pref 37
Whitely 37
Williston 201, 236, 240,
Willowmore 216, 217, 228, 229,
Wilmot 177
Windhoek Kaap 240, 241
Winterberge 222
Witfontein 117
Witkopslaagte 84
Witteberge 222
Witwatersrand 29, 49, Sien ook Johannesburg
Wodehouse 10, 78, 101, 108, 109, 133
Wolfaardt Lt, 218
Wood J E 290
Worcester 3, 186-190, 191, 192, 199, 229, 250, 277
Wrench 76
Wylde Regter 113
Wynberg 250, 255, 296
Wyndham 215, 224
Wynne 214, 261
Yoemanry 199, 210, 211, 214, 238,
Zietsman 177
Zuid Afrikaanse Party 296, 331
Zuid Afrikaanse Republiek - Sien Transvaal